UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE BELYDENIS VAN JESUS CHRISTUS IN DIE PREDIKING OM EIETYDSE HOORDERS TOT GELOOF TE BEGELEI

DEUR

PAUL JOUBERT

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

PHD (PRAKTIESE TEOLOGIE)

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROFESSOR CJA VOS

MEDE-STUDIELEIER: PROFESSOR HJC PIETERSE

AUGUSTUS 2008

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Erkenning en dankbetuiging

*Marindi*, my vrou - dankie vir jou volgehoue ondersteuning, liefde deur dik en dun en verstaan.

*René,* ons dogtertjie, dankie!

*Renier* - dankie vir jou rekenaarkennis, en dat dit nooit vir jou te veel was om my te help nie.

*Professor Pieterse en mevrou Pieterse* - baie dankie vir alles. Ek voel so tuis in julle huis, amper soos 'n kind. Julle gasvryheid is onbegryplik lekker!

*Professor Vos* – dankie vir die voorreg om by die Universiteit van Pretoria se fakulteit teologie te kon studeer met u as dekaan.

*Elke predikant* wat vir my 'n preek gestuur het, en my daarmee vertrou het, baie dankie.

*Die NG Gemeente Selectionpark* en *kerkraad*, dankie dat julle verstaan het as ek moes werk aan my proefskrif.

*Dankie aan Jesus Christus*. Ek bely u as Verlosser!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY


**The confession of Jesus Christ in preaching for directing contemporary listeners in their faith development.**

The problem researched in this thesis is as follows:

> Too much emphasis is placed on the experience of salvation in today's preaching, sound exegesis and preaching of the Scriptures is neglected.

The problem is thus that faith as knowledge and faith as experience are not handled in an integrated way in preaching, but that currently too much emphasis is placed on faith as experience, while faith as knowledge is neglected.

Practical theology is approached as an action science. In this thesis the following approached is followed: Firstly a literature study of sources was done, after which an empirical study was conducted by way of the analysis of sermons, and finally a model was suggested for preaching that helps us in the light of this problem.

The steps followed in the thesis were as follows: Firstly a literature study was done to discuss the balance between knowledge and experience of the salvation in Jesus Christ and how preaching can end in a confession of Jesus Christ. Secondly the empirical phase followed, where sermons from preachers from the 10 synods of the Dutch Reformed Church were analysed.

The finding of the empirical investigation was the following: faith as experience is currently being emphasised much more in preaching than faith as knowledge, and furthermore it was found that there is currently a low occurrence of confessing Jesus Christ in preaching of the Dutch Reformed Church.

A model for preaching as confessing of Jesus Christ is proposed in which the concepts faith as knowledge and faith as experience are seen as functioning in a dialectic tension to each other,  and therefore not separated.

| **Sleutelwoorde** | **Key words** |
|---|---|
| Belydenisgerigte prediking | Confessional preaching |
| Geloof as ervaring | Faith as experience |
| Geloof as kennis | Faith as knowledge |
| Herlewing | Revival |
| Hermeneutiek | Hermeneutics |
| Homiletiek | Hermeneutics |
| Jesus Christus | Jesus Christ |
| Meer evangelies gereformeerd | More evangelically reformed |
| Meer ortodoks gereformeerd | More orthodox reformed |
| Ortodoksie | Orthodoxy |
| Piëtisme | Pietism |
| Prediking | Preaching |
| Spiritualiteit | Spirituality |
| Wêreldbeeld | Worldview |

# INHOUDSOPGAWE

DIE BELYDENIS VAN JESUS CHRISTUS IN DIE ....... I

PREDIKING OM EIETYDSTE HOORDERS TOT GELOOF ....... I

TE BEGELEI. ....... I

ERKENNING EN DANKBETUIGING ....... II

SUMMARY ....... III

SLEUTELWOORDE KEY WORDS ....... V

INHOUDSOPGAWE ....... VI

HOOFSTUK 1 ....... 1

INLEIDING ....... 1

1. INLEIDEND ....... 1
1.1. VERANDERDE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE ....... 1
1.2. KORRUPSIE, GEWELD, VERKRAGTINGS, MOORD, VIGS EN REGSTELLENDE AKSIE ....... 2
1.3. POSTMODERNISME ....... 2
2. PROBLEEMSTELLING ....... 4
3. NAVORSINGSVRAAG ....... 4
4. DOEL VAN DIE STUDIE ....... 5
5. METODE VAN ONDERSOEK ....... 5
6. STAPPE IN DIE PROEFSKRIF ....... 8
6.1. TEORETIESE FASE ....... 8
6.2. EMPIRIESE FASE ....... 8
7. INDELING VAN PROEFSKRIF ....... 9

HOOFSTUK TWEE ........ 10

DIE IDENTITEITSKRISIS IN DIE NG KERK EN DIE GEVOLGE VIR DIE KERK EN HAAR PREDIKING ........ 10

1. INLEIDING ........ 10
2. FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE IDENTITEITSKRISIS WAT ONS TANS BELEEF IN DIE NG KERK. ........ 11
2.1. PROSESSE IN ONS SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING VANDAG ........ 12
2.2. GEBEURE BINNE DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK WAT BYDRA TOT DIE IDENTITEITSKRISIS ........ 19
2.2.1. Uiteenlopende tydsgeeste en die invloed daarvan op die relevansie van die kerk ........ 19
2.2.2. Die Nuwe Hervorming ........ 23
2.2.3. Die Homoseksualiteitsdebat ........ 25
2.2.4. Kerkherenigingsdebat en die Belydenis van Belhar ........ 30
2.2.5. Die stigting van die Evangeliese Inisiatief ........ 38
3. GEVOLGE VAN DIE IDENTITEISKRISIS VIR DIE NG KERK ........ 41
3.1. GODSBEGRIP WAT VRAE LAAT ONSTAAN ........ 41
3.2. DIE BYBEL IN DIE SPERVUUR ........ 43
3.3. DIE BELYDENISSKRIFTE ........ 44
3.4. LIDMATE VAN DIE KERK ........ 47
4. SAMEVATTING ........ 49

HOOFSTUKSTUK DRIE ........ 51

DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT IN DIE NEDERDUITSE-GEREFORMEERDE KERK ........ 51

1. INLEIDING ........ 51
2. DEFINISIE VAN DIE WOOORD SPIRITUALITEIT ........ 52
2.1. TIPES SPIRITUALITEIT ........ 52
3. AGTERGROND VAN DIE ONSTAAN VAN DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT EN DIE TWEE STROME IN DIE NG KERK ........ 54
3.1. DIE NADERE REFORMASIE IN NEDERLAND ........ 54
3.2. DIE ORTODOKSIE ........ 55
3.3. Piëtisme ........ 56
3.3.1. Beoordeling van die Nadere Reformasie in Nederland ........ 58

3.4. DIE INSLAG VAN DIE NADERE REFORMASIE OP DIE KERK IN SUID-AFRIKA ..... 58
3.5. DIE INSLAG VAN DIE NADERE REFORMASIE OP DIE KERK IN SUID-AFRIKA EN DIE INVLOEDE WAT DAARTOE GELEI HET DAT DIE MEER EVANGELIESE TRADISIE IN DIE PREDIKING EN TRADISIE VAN DIE NG KERK GEVESTIG GERAAK HET . 60
3.5.1. Metodistiese invloede in die NG Kerk (Strewersvereniging) ..... 60
3.5.2. Die Réveil ..... 61
3.5.3. Die herlewings van 1860 tot 1862 ..... 63
3.5.4. Andrew Murray ..... 68
3.5.5. Skotse- evangeliese en teologiese invloede deur Skotse leraars in die NG Kerk ..... 70
3.6. KENMERKE VAN DIE MEER ORTODOKS GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT ..... 78
3.6.1. Dit gaan om God ..... 78
3.6.2. Gods Woord en beloftes ..... 78
3.6.3. 'n Lewe uit genade ..... 78
3.6.4. Die lewe van geloof ..... 80
3.6.5. 'n Lewe van heiligmaking ..... 80
3.6.6. Wet en evangelie ..... 81
3.7. KENMERKE VAN DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT ..... 82
3.7.1. Klem op die emosionele ..... 82
3.7.2. Individualisme ..... 83
3.7.3. Bekering ..... 83
3.7.4. Getuienis ..... 84
3.7.5. Revivalisme ..... 85
3.7.6. Heiligheid ..... 85
3.7.7. SENDINGWERK ..... 86
4. HOE HET DIT GEBEUR DAT DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE TRADISIE DEUR DIE MEER ORTODOKS GEREFORMEERDE TRADISIE OORHEERS IS? ..... 86
4.1. DIE TEOLOGIES- AKADEMIESE TONEEL ..... 86
4.1.1. Johannes du Plessis ..... 87
4.2. DIE KONSERWATIEWE RIGTING IN DIE NG KERK (1900-1935) ..... 89
4.3. DIE WENDING TYDENS DIE PERIODE 1950- 1957. 'n OU TRADISIE (EVANGELIES GEREFORMEERD) BESIG OM WEER KOP UIT TE STEEK ..... 90
4.4. GISTING EN VERANDERING (1958-1990) ..... 91
4.4.1. Veranderde wetenskaplike wêreldbeeld ..... 91
4.4.2. Woelinge in gereformeerde kringe oor Skrifbeskouing en wending in die hermeneutiek ..... 95
5. GEVOLGTREKKING ..... 106

HOOFSTUK VIER ..... 108

DIE VERHOUDING TUSSEN GELOOF AS KENNIS EN GELOOF AS ERVARING MET 'N ANALISE VAN PREKE IN DIE NG KERK ..... 108

1. INLEIDING ..... 108
2. GELOOF AS KENNIS EN GELOOF AS ERVARING ..... 109
2.1. DIE BRON VAN DIE VERSTAAN VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF IS DIE SKRIF WAARIN ONS DIE VERHOUDING TUSSEN GELOOF AS KENNIS EN GELOOF AS ERVARING VIND ..... 111
3. GELOOF AS KENNIS ..... 113
4. GELOOF AS ERVARING ..... 117
4.1. WAT IS ERVARING? ..... 118
4.2. WAT IS DIE OORSPRONG VAN ERVARING? ..... 119
4.3. WAT ERVAAR DIE GELOWIGE? ..... 120
4.4. 'n VOORBEELD VAN HOE ERVARING NA VORE KOM IN DIE LEWE VAN DIE EMMAUSGANGERS (LUKAS 24:13-35) ..... 122
4.5. Samevatting ..... 124
5. 'EMPIRIESE ANALISE VAN PREKE ..... 125
5.1. TEORETIESE STRUKTUUR VAN DIE METODE ..... 125
5.1.1. EMPIRIESE HOMILETIEK ..... 125
5.1.2. TEORIE VAN DIE PRAKTYK ..... 126
5.1.3. DIE PRAKTYK ..... 126
5.2. Navorsingsarea ..... 127
5.2.1. PRAKTYK VAN PREDIKING ..... 127
5.2.2. FORMULERING VAN 'n TEORIE VIR DIE PRAKTYK ..... 127
5.3. Empiriese Navorsing ..... 127
5.3.1. VERSAMELING VAN PREKE *(SAMPLING AND CODING)* ..... 127
5.3.2. SEGMENTVERDELING ..... 128
5.3.3. KODERING VAN SEGMENTE ..... 128
5.3.4. FORMULERING VAN GEDAGTE-EENHEDE ..... 128
5.3.5. SPESIFIEKE KATEGORIEË ..... 128
5.4. Inhoudsanalise van preke in die NG Kerk ..... 129
5.4.1. ONTLEDING VAN PREKE ..... 129
5.5. KATEGORIEË ..... 223
5.6. VERBANDE ..... 223

5.7. GEVOLGTREKKING ..... 224
6. SAMEVATTING ..... 226

HOOFSTUK VYF ..... 227

'N PRAKTYKTEORIE VIR 'N VERBETERDE PREEKPRAKTYK ..... 227

1. INLEIDING ..... 227
2. TEORIE NA PRAKTYK ..... 227
2.1. INDIVIDUALISME ..... 227
2.2. GEBREK AAN LERING IN DIE PREKE ..... 228
2.3. GEBREK AAN PREDIKING AS BELYDENIS VAN JESUS CHRISTUS ..... 230
3. INSIGTE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK WAT KRITIES TEENOOR DIE TEORIE IS ..... 231
3.1. ERVARING ..... 231
3.2. PREEKINLEIDING ..... 232
3.3. TOE-EINDE VAN PREEKAFSLUITING ..... 232
4. PREEKMODEL ..... 233
4.1. KRITIEK OP DIE MODEL VAN LOSE SE BELYDENISGERIGTE PREDIKING ..... 233
4.2. VOORSTELLING VAN DIE PREEKMODEL VAN LOSE VIR BELYDENISGERIGTE PREDIKING EN SOOS DIT IN FASES VERLOOP ..... 234
5. DIE VOORDEEL VAN BELYDENISGERIGTE PREDIKING ..... 238
6. SAMEVATTING ..... 239

BIBLIOGRAFIE ..... 241

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. INLEIDEND

Die proefskrif handel oor die prediking van Jesus Christus in die Christelike kerk by name, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ŉ postmoderne tyd. Daar word baie gepraat, en geskryf oor die prediking. Dit is goed so, want die prediking is ŉ belangrike deel van ŉ lewende gemeente. Daarom moet ons aanhoudend worstel oor die aktualiteit en kommunikasiekrag van die prediking, want na inhoud en belewenis daarvan, moet dit telkens weer God se boodskap in die Skrif in ons huidige lewenskonteks in Suid-Afrika verklank.

Wat is die lewenskonteks wat die Christelike prediking vandag beïnvloed en selfs veroorsaak het dat dit moeilik geword het om oor God in die prediking te praat?

### 1.1. Veranderde politieke omstandighede

In 1994 het die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind en daarmee saam het daar ‘n radikale verandering in die land se politieke samelewingsbestel plaasgevind. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wie se lidmate Afrikaans is, het sedert die dertigerjare van die vorige eeu, die beleid van afsonderlike bestaan vir die verskillende rasse en later apartheid ondersteun. Die NG Kerk het dit selfs gefundeer (regverdig) op die Skrif (vgl. Du Preez 1959:100-142; Landman 1968:19-38 en Hofmeyr 2002:54-55). Na die Algemene Sinode van 1986 het die NG Kerk apartheid volgens nuwe insig in die Skrif verwerp, veroordeel, en meegewerk aan die verandering in die land, en die nuwe politieke bestel. Vir baie lidmate van die NG Kerk was die verandering egter ŉ groot skok. Wat die NG Kerk vir soveel jare oor apartheid

as waar verkondig het (So spreek die Here, Here), was nou ewe skielik vals en verkeerd gewees. Hoe kon die kerk een ding sê vir soveel jare vir sy lidmate, en dan omdraai dat dit eintlik (jammer julle) verkeerd was? Baie lidmate twyfel in 2006 of hulle so 'n kerk nog ernstig kan opneem wat oor geloof, waarheidsaansprake vanuit die Skrif maak. Hoe weet ons dat dit wat die NG Kerk tans verkondig nie maar ook 'n spul leuns is nie?

Daar het dus 'n anti-tradisionele houding onstaan ten opsigte van die kerk. Baie mense het die persepsie dat alles (ook die leer van die kerk van die verlede) verkeerd is.

### 1.2. Korrupsie, geweld, verkragtings, moord, vigs en regstellende aksie

Korrupsie, geweld, verkragtings, moord, vigs en regstellende aksie maak ons bang en bekommerd, want die vraag is nie meer: wanneer gaan dit met iemand anders gebeur nie, maar wanneer gebeur dit met my? Dit gaan dus hier oor mense. Lidmate van ons NG Kerk met gesigte, name, gevoelens, en gesinne. Dit is juis hier waar die NG Kerk geroep is om onder leiding van die Heilige Gees, en die boodskap van die Skrif in hierdie land met sy geweld en misdaad die goeie nuus van Jesus Christus te verkondig, van geloof, en van gehoorsaamheid aan Hom wat vir ons gesterf en opgestaan het (vgl. Barnard 1981:427- 434; Barnard 1994:454 480; Cilliers 2000: 46-56; Müller 1988: 73; Pieterse 1991:62-92; Vos 1995: 111- 128, en Vos 1996: 104-121).

### 1.3. Postmodernisme

Postmodernisme gaan in ons land saam met die verslaenheid oor die verlede wat met al die radikale veranderings ingetree het. Die anti-gesags, anti- kerklike, anti- historiese en anti- *commitment* houding het in die postmodernisme 'n gepaste tydsgees gevind. Elkeen het 'n eie weg, waarheid, en lewe begin soek wat vir my pas, en vir my werk (pragmatisme), sonder enige toewyding aan 'n

saak of kerk (vgl. Ward 1997:xv). Dit is belangrik om te beklemtoon dat postmodernisme ŉ verskuiwing vanuit modernisme is. Postmodernisme is nie ant-modernisme nie. Daar is dus nie ŉ absolute grens tussen die twee strominge nie. Dit is eerder ŉ geval van ŉ stroming (tradisie) wat krities ondersoek en vernuwe word. Daar is dus sprake van kontinuïteit en diskontinuïteit (Niemandt 2007:24). Niemandt (2007:21-23) wys dan ook op die verskille tussen modernisme en postmodernisme (vgl. ook Johnston 2001: 27-28).

Die invloed van kapitalisme wat hand aan hand saamgaan met globalisering as vennoot van ŉ postmoderne tydsgees, het mense laat streef na geld en materiële gewin (vgl. Jameson 1991). Daarom is daar ook vandag so ŉ sterk materialistiese gees werksaam. Die tydsgees het verder ŉ vermaaklikheidskultuur na vore gebring van genot en emosionele belewing, en dit het ook oorgewaai na die kerk. Selfs in die NG Kerk word kansels afgebreek om plek te maak vir 'n groter *"stage"*, sodat die orkes ŉ belangrike plek kry, en mense groter emosionele belewing kan hê. Die styl laat ŉ mens dink aan IL de Villiers se bekende gedig: Opwekkingsdiens

Mikrofone, mense, pensklaviere en plakkate
in die groot tent op die kaal perseel
waar Ackermans gesloop is
Jesus saves

Die spreker uit Amerika
vee sweet af, drink 'n slukkie water
sê: God praat met Afrika!
Amen! Halleluja

ŉ Ou verkreukelde biljet
lê tusen stukke baksteen en sement:

Seeppoeier, broekie-kouse, goue stroop-
Alles word hier teen laer pryse
Uitverkoop (De Villiers 1988:293).

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die **vermoede** wat geïdentifiseer word in die lig van die kort beskrywing van die verstaan van die konteks, is dat Suid-Afrika met sy misdaadsituasie, onsekerheid oor die toekoms, en die identiteitskrisis waarin die NG Kerk haar tans bevind, asook die invloed van die postmoderne tydsgees op NG lidmate die volgende effek op die prediking het:

- Te veel klem word in die prediking gelê op belewing, en ervaring van die heil.
- Terwyl die goeie eksegese en Skrifprediking, asook die dankbaarheid (uitlewing van die wet in etiese sin) verwaarloos of afgeskeep word.

Die **probleem** wat ondersoek word, is dus dat geloof as kennis en geloof as ervaring nie geïntegreerd in die prediking hanteer word nie, maar dat daar tans te veel klem op geloof as ervaring gelê word en geloof as kennis afgeskeep word.

## 3. NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan ons Jesus Christus as Heer en Verlosser bely in ŉ prediking as belydenis van Jesus Christus sodat die verweefdheid van Skrifprediking en gevolglike Skrifkennis (geloof as kennis), verstand en die ervaring van die heil in die geloof (geloof as ervaring), emosies, hart en die opwekking van die wil tot dankbaarheid effektueer word?

## 4. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die proefskrif is om vas te stel: Hoe kan die preek as belydenis van Jesus Christus reg laat geskied aan die verkondiging van God se Woord as geloofskennis, die eksistensiële ervaring van daardie kennis, die gehoorsame antwoord van die mens as waar vir my situasie waarin ek lewe, en 'n uitlewing van daardie geloof?

Die doel is verder om vas te stel of Lose (2003) se voorstel oor prediking as belydenis van Jesus Christus in 'n postmoderne tydsgees in die prediking van die NG kerk voorkom of nie? Weens die beperkte fokus van die studie word prediking uit Ou Testamentiese tekste nie hanteer nie, maar slegs uit die Nuwe Testamentiese tekste.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

Die benadering tot die praktiese teologie waarvoor gekies word, is die praktiese teologie as teologiese handelingswetenskap (Heitink 1993:105). Die rede hoekom praktiese teologie 'n handelingswetenskap is, is omdat dit die handelinge van die praktyk, byvoorbeeld die erediens, bestudeer.

Heitink (1993: 105) definieer praktiese teologie: *" als de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samenleving."*

Die vraag is nou: Hoe kan die praktiese teologie as teologiese handelingswetenskap aan hierdie definisie uitvoering gee? Dit doen Heitink deur 'n hermeneutiese benadering te volg (Heitink 1993:114). Heitink (1993:115) verduidelik die hermeneutiese benadering as 'n hermeneutiese sirkel. Dit gaan om die verstaan van die Woord, die verstaanbaarmaak van die Woord in ons konteks langs die weg van interpretasie, gerig op die verstaan van die hoorder binne sy ervaringswêreld. Vos (1996:12) verduidelik die hermeneutiese sirkel soos volg naamlik, dat op die eerste vlak (die verstaan) word daar deur die hermeneutiek erns gemaak om die historiese betekenis van tekste in hul konteks

te ontsyfer. Tydens die eerste vlak beteken die hermeneutiese proses nog nie dat die teks met mense hier en nou kommunikeer nie. Vos (1996:12) sê: *"daarvoor skep die tyd en kultuurafstand tussen die hier en nou en die verlede 'n te groot hermeneutiese spanning. Die oorbrugging van die tydsafstand en spanning word bewerk deur die hermeneutiese proses op die tweede vlak."* Op hierdie vlak word die teks verstaanbaar gemaak binne die eie kultuur. Tydens hierdie vlak moet aandag gegee word aan die *"social location"* (Vos 1996:12). Die belangrikheid van *"social location"* is dat dit fokus op die sentrale plek van geslags-rasse en klasse-aangeleenthede in alle teologiese interpretasies en hermeneutiek (Vos 1996:12). Wanneer die proses voltooi is, kan daar na die derde hermeneutiese vlak beweeg word. Dit is dan die gebeure waar die mens vir wie die heil bedoel is tot verstaan kom. Die proses vind op hierdie wyse plaas deurdat daar daar na die betekenis van die teks vir die verlede gevra word, maar ook en veral na die betekenis daarvan vir die hede (Vos 1996:12). Vos (1996:12) sê dan: *"op hierdie wyse word die eie bestaan in die spieël van die Skrif voltrek."*

Dit is belangrik om te besef dat die handelinge van die praktiese teologie kommunikatief is (Heitink 1993:153, vgl. ook Pieterse 1993). Die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit. Kommunikatiewe handelinge wat in diens van die evangelie staan beteken dat gelowiges hulle lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei. Dit is nie 'n dorre manier van omgang met Skrifbeginsels nie, maar 'n dinamiese lewendige ontmoeting met God in die ontmoetingsgestaltes van gebed, die lees van die Bybel, in die erediens, die pastoraat, die kategese, en oral waar kommunikatiewe handelinge deur en tussen mense plaasvind (Pieterse 1993:7). Die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, of hoe die boodskap van die Skrif gebring word, is dus die objek van die praktiese teologie (Heitink

1993:127). So is die homiletiek ook objek van die praktiese teologie, omdat die evangelie in die preek gekommunikeer word (Heitink 1993:153).

Die handelingswetenskap vir die praktiese teologie werk met die kritiese verhouding tussen teorie en praxis waaruit 'n praktykteorie kan voortvloei (Heitink 1993:148). Van der Ven (1988:11) noem die praxis wat die praktiese teologie bestudeer: *"The contempory pluriform, heterogeneous, chaotic religious field."* Onder praxis word hier verstaan: die handelinge van individue en groepe in die samelewing, asook binne in die kerk (Heitink 1993:148). Onder teorie word verstaan: 'n samehangende hermeneuties- teologiese konseptuele raamwerk wat die Christelike tradisie verbind met die ervaring, lewe en handelinge van die moderne mens (Heitink 1993:149). Pieterse (1993:172-173) verduidelik teorie in die verhouding teorie-praxis in die praktiese teologie as die teologiese teorie wat die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie in kerk en samelewing dien. Praxis noem Pieterse 'n *"gereflekteerde praktyk"* (Pieterse 1993:173). Pieterse (1993:173) sê dan verder: *"Praxis beteken dat dit 'n praktyk is wat gerig is op die transformasie van die huidige situasie in kerk en samelewing aan die hand van die eskatologiese werklikheid van die waardes van die koninkryk van God."*

In hierdie proefskrif word gewerk met 'n praxis (1), d.w.s. die huidige literatuur en preekanalises, waaruit vanweë die teorie-praxis interaksie, 'n praxis (2) moet voortvloei. Eers sal 'n literatuurstudie van bronne gedoen word en dan 'n empiriese ondersoek by wyse van inhoudsanalises van 'n steekproef van preke, en riglyne vir 'n prediking wat in hierdie konteks ons vooruit kan help.

# 6. STAPPE IN DIE PROEFSKRIF

## 6.1. Teoretiese fase

ʼn Deeglike literatuurstudie word gedoen om die balans tussen kennis en ervaring van die heil in Jesus Christus te bespreek, en hoe die woordverkondiging by die belydenis van Jesus Christus kan uitkom, sodat hoorders hulle daaraan kan verbind. Voorlopig is die werk hier van Miroslav Volf 1998: *"After our Likeness: The Church as the Image of the Trinity"*, en Douglas John Hall 1996: *"Confessing the Faith"* baie belangrik.

## 6.2. Empiriese fase

Die empiriese fase word gedoen deur predikante se preke in 10 sinodale gebiede van die NG Kerk te ontleed. Die metode van preekanalise wat gebruik word om preke te ontleed staan bekend as die *"grounded theory"* metode, en is ʼn kwalitatiewe benadering soos toegepas in die homiletiek (vgl. Immink & Verweij 2007). Hierdie metode stel ʼn mens in staat om die sleutelwoorde en temas van die prediker vanuit die boodskap (preek) self na die oppervlak te bring.

Vanuit die interaksie tussen die literatuurstudie en die ontleding van preke, word daar gepoog om ʼn praktykteorie te ontwikkel, sodat die preek in die NG Kerk as belydenis van Jesus Christus, reg sal laat geskied aan die balans van die verkondiging van God se Woord as geloofskennis, die eksistensiële ervaring van daardie kennis, en die gehoorsame antwoord van die mens as waar vir my huidige situasie, en ʼn uitlewing van daardie geloof.

# 7. INDELING VAN PROEFSKRIF

Hoofstuk 1: Inleiding, konteks vandag, probleemstelling, vraagstelling, doel van studie, metode van ondersoek, en stappe in proefskrif.

Hoofstuk twee tot drie is ‘n praktykbeskrywing in die sin van die faktore wat in die konteks funksioneer.

Hoofstuk 2: Hier word daar ʼn beskrywing gegee van die situasie tans in die NG Kerk. Daar word gekyk na faktore buite en binne die NG Kerk wat aanleiding gegee het tot haar identiteiskrisis, en wat dus aanleiding gegee het dat daar tans te veel klem val op ervaring en belewing in die NG Kerk erediens.

Hoofstuk 3: Hier word daar ʼn beskrywing gegee van die twee strome in die NG Kerk, soms die groot klem op geloof as ervaring in die prediking en soms weer op geloof as kennis, en hoe dit deel is van die NG Kerk se Gereformeerde erfenis.

Hoofstuk 4: Hierdie hoofstuk is ʼn beskrywing van geloof as kennis en geloof as ervaring, en dit word opgevolg deur die verslag van die empiriese ondersoek van preekanalises van prediking in die NG Kerk.

Hoofstuk 5: In hierdie hoofstuk word die interaksie tussen teorie en praktyk beskryf en word ʼn model wat die dialektiese spanning tussen geloof as kennis en geloof as ervaring in ʼn prediking van ʼn belydenis van Jesus Christus waarin hierdie spanning hanteer kan word, voorgestel.

# HOOFSTUK TWEE

# DIE IDENTITEITSKRISIS IN DIE NG KERK EN DIE GEVOLGE VIR DIE KERK EN HAAR PREDIKING

## 1. INLEIDING

Die wit Afrikaanssprekende lidmate van die NG Kerk was voor 1990 in 'n situasie van isolasie – isolosaie van hul mede gekleurde Suid-Afrikaners en van die wêreldkerk. Die teologiese vrae wat in die westerse kerke aan die orde was en al deurgedink was, was hier nooit ter sprake nie. Met die politieke verandering na 1994 waarin die swart mense die mag gekry het en die wit mense polities nie meer mag gehad het nie, het as 'n groot skok vir die NG lidmate gekom. Verder het die wêreld vir ons oopgegaan en skielik was die teologiese diskussie wat in die wêreldkerk geheers het op ons tafel. Die lidmate was hiervoor totaal onvoorbereid. Daarom het verwarring en twyfel begin heers.

Niemand sal dit betwyfel dat veral die Afrikaanse kerke oor hulle plek en roeping onseker is nie. Hiervan getuig die briewekolomme in die koerante, en vrae of die Nederduitse Gereformeerde kerk nog relevant is. Dat dit nie vreeslik goed gaan met die NG kerk nie, is so. Baie lidmate is verward in die NG kerk, want orals ook in die kerk, het daar grootskaalse veranderinge, en allerlei vernuwings gebeur. Op bykans elke terrein word ons NG lidmate gekonfronteer met veranderings. Ons leef onder 'n nuwe politieke bedeling wat ingrypende verandering teweeg gebring het; 'n nuwe sosiale orde waar wit en swart spontaan of selfs gedwonge moet meng op televisie en in skole; 'n nuwe ekonomiese fase waar die ongelykhede van die *verlede* reggestel moet word met definitiewe gevolge vir blankes, en op kerklike godsdienstige terrein vra kerkleiers en ook

ons lidmate vrae wat vat aan die hart van die Christelike boodskap van verlossing uit genade. Sulke verandering lok allerlei reaksie uit: sommige is in opstand en sien alles deur 'n negatiewe bril; ander onttrek hulle aan die samelewing en kerk sonder om net aan niks meer deel te neem nie. Sonder om te veralgemeen is dit dus opvallend dat onsekerheid en skeptisisme by ons lidmate aan die orde van die dag is. Die NG kerk en hulle lidmate beleef 'n identiteitskrisis, en vir die prediking het dit verreikende gevolge.

Nel (2003:9) sê tereg: "*Die kerk is nie meer vir almal soos 'n ma nie. Baie lidmate voel nie meer veilig by haar nie. Baie mense wil niks meer van haar weet nie en ontken dat sy enige invloed in hulle lewe gehad het. Hulle kan 'n lang lys van persoonlike teleurstellings in hierdie kerk opnoem. En dis nie lekker nie. Dis nie soos dit moet wees nie.*"

In hierdie hoofstuk word probeer om die situasie te skets soos dit tans buite en binne die NG kerk plaasvind, wat aanleiding gee tot die identiteitskrisis wat ons tans beleef. Daar word verder probeer om die gevolge van die identiteitskrisis uit te lig vir die kerk en prediking.

## 2. FAKTORE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE IDENTITEITSKRISIS WAT ONS TANS BELEEF IN DIE NG KERK.

Die volgende faktore het beslis 'n rol gespeel in die identiteitskrisis wat ons tans beleef in die NG kerk.

## 2.1. Prosesse in ons Suid-Afrikaanse samelewing vandag

**Globalisering**

ʼn Baie belangrike proses wat tans in die moderne samelewing aanwesig is, is die proses van globalisering. Globalisering verwys na die groter beweeglikheid van kapitaal, tegnologie, inligting en vaardighede. Die hele wêreld het een groot gemeenskap geword. Dit gee aanleiding daartoe dat skynbaar onverwante gebeure mense uit die bloute kan tref en dit die ganse gemeenskapslewe kan beïnvloed sonder dat die mens enigsins ʼn verskil daaraan kan maak (Niemandt 2007:10).

Volgens (Vos 2000:8) is globalisering waarskynlik die mees oorheersende internasionale tendens vandag en ons het geen beheer daaroor nie.

Die proses van globalisering raak al hoe meer ook die Afrikaanse gelowige. Daar word nou nie net kennis geneem van wat oor die wêreld heen gebeur nie, maar ons word ook beïnvloed om te gaan kyk wat oorsee gebeur, en so iets van ons eie identiteit op die agtergrond te skuif. Die gevolg hiervan is dat die blootstelling aan die internet en oorsese televisie ʼn nuwe gemeenskaplike kultuur daar stel, en jongmense gebruik en benut veral hierdie proses van globalisering deur oorsee te gaan werk of selfs te emigreer. Verder, hoe meer blootstelling aan die wêreld hoe meer word ons uitgedaag om ons te vergewis van ons eie waardestelsel, en ons etiese optrede in die lig van die Bybelse maatstawwe te toets (Van der Watt, Joubert, du Rand, Naudé 2002:145-146).

**Differensiasie**

Nog ʼn belangrike proses werksaam in die samelewing vandag is die proses van differensiasie (Vos 2000:8). Volgens (Vos 2000:8) gaan differensiasie daaroor dat die eenheid van die lewe plek maak vir verdeling en fragmentasie. Vos (2000:8) het die saak van differensiasie na my mening reg wanneer hy argumenteer, dat alhoewel die drie wêrelde (private; sosiale en publieke) aan

mekaar vat - en ook van mekaar afhanklik is- dit tog uitmekaar gegroei het. Daarom is daar ook vandag diep klowe tussen die private en die publieke wêrelde en die individu en die gemeenskap wat waargeneem kan word (Vos 2000:8).
ŉ Direkte gevolg van die proses van differensiasie is dat die kerk haar greep op die private en openbare aspekte van die lewe, asook op individuele godsdienstigheid en morele verantwoordelikheid al hoe meer verloor het (Vos 2000:8). Die proses van differensiasie veroorsaak dus dat die kerk in die samelewing ŉ baie meer beskeie en beperkte plek kry, en dat die invloed van die kerk op mense se lewens nie meer so sterk is nie (Vos 2000:8).

Hoewel die proses van differensiasie positiewe aspekte het in terme van die bevryding van die oorskatting van die rol van die kerk in die private en openbare aspekte van die lewe, is een van die negatiewe gevolge van differensiasie dat die mens nou meer op homself aangewese is. Sosiale verbande word dus aan bande gelê deur die proses van differensiasie (Vos 2000:8).

**Sekularisasie**

ŉ Derde proses wat die samelewing en lewe vandag kenmerk is die proses van sekularisasie (Vos 2000:8). Sekularisasie moet egter onderskei word van sekularisme. By sekularisme het jy te doen met ŉ selfstandige outonome mens. God word al hoe meer eenkant toe geskuif uit die lewe van die mens. Sekularisme is dus ŉ ontkenning daarvan dat God aanspraak het op die mens, en dat geloof ŉ historiese geldigheid het. ŉ Ander aspek van sekularisme is dat dit destruktief inwerk op Christelike waardes (Van der Walt 1985:147). Van der Walt sê dan verder: *"Sekularisme is van groot (negatiewe) betekenis by evangelisering, omdat dit die wêreld bring in die hart van die mens en die mens vauit sy hart van God vervreem."*

Vos (2000:8) verbind sekularisasie met die ondergang en agteruitgang van die kerk, en dan beskryf Vos (2000:8-9) 'n drieërlei ontwikkeling ten opsigte van sekularisasie, naamlik:

- *vermindering van godsdienstigheid;*
- *beperking van die reikwydte van die godsdiens*
- *en die aanpassing van die godsdiens aan die ontwikkeling van die samelewing.*

Wanneer 'n mens na die ontwikkeling van sekularisasie kyk, dan is dit duidelik dat die proses die samelewing vandag negatief beïnvloed. Vos (2000:9) sluit na my mening hierby aan hy sekularisasie so beskryf: " *'n geestelike proses waarin die mens se sin vir transendensie, sy bewussyn van die ewige en sy besef van die misterie afgestomp word en selfs totaal kan verdwyn"*,

Vos (2000:9) wys tereg daarop dat sekularisasie ook positiewe aspekte het. Dit bring Vos (2000:9) in verband met die kerk se evangelisasie taak, naamlik: hoe kan Christus gebring/verkondig word aan mense wat nie godsdienstig is? En verder veroorsaak sekularisasie dat ons weer sal moet gaan besin oor die betekenis van kerk, prediking, en liturgie in 'n samelewing waar godsdiens al hoe meer verminder (Vos 2000:8).

Vir my kom die vraag wat sekularisasie bring daarop neer of ons prediking, liturgie en kerkwees in die NG Kerk vandag enigsins die nie-godsdienstige geskulariseerde mens kan aanspreek en sodanig beïnvloed om Jesus Christus as Verlosser te bely?

**Postmodernisme**

Postmodernisme is ŉ kragtige filosofiese proses wat vandag werksaam is in die Suid-Afrikaanse samelewing. Postmodernisme bestaan uit drie pilare:

Die eerste pilaar is **dekonstruksionisme.** Volgens die dekonstruksionisme bestaan daar nie iets soos absolute waarheid nie, en omdat daar nie iets soos ŉ absolute waarheid is nie, kan daar ook nie iets soos die leun wees nie, want alles gaan oor interpretasie (Joubert 2005:8).

Jaques Derrida (15 Julie 1930 – 8 Oktober 2004) se dekonstruksionisme is ter sake. In sy *Signature Event Context* beskryf Derrida (1982:329) dekonstruksionisme soos volg: "*Deconstruction does not consist in passing from one concept to another but in overtuning and displacing a conceptual order, as well as a nonconceptual order, with which the conceptual order is articulated.*" Dekonstruksionisme wil dus die ongelykheid, dubbelsinnigheid en teenstrydighede van ons wêreld verwoord. Hierdie metode van interpretasie wil dus die (geloof) gemeenskap aanmoedig om die relatiwiteit van elke vorm van interpretasie te besef (Joubert 2005:9). Dekonstruksionisme gooi op die ou einde alle gesag en orde, en ook alles waarvoor gesag staan omver. Hierdie proses wat besig is om homself te voltrek in die samelewing stroop die Bybel, Kerk en haar prediking van gesag.

ŉ Tweede pilaar van postmodernisme is **relativisme**. Dit gaan hier oor die vraag wat is reg en wat is verkeerd? ŉ Belangrike kenmerk van mense tans as gevolg van die proses van postmodernisme is verwerping van gesag en outoriteit (waarin mag en die moontlike misbruik daarvan so ŉ groot rol speel) en die oorskatting van die eie subjektiewe ervaringe en sieninge (Sweet 2000:27). Die persoonlike subjektiewe wêreld met sy ervaringe as die *"klein verhale"* van elke mens se belewenis, word die oorheersende waarheid van wat reg en verkeerd vir

ŉ individu is. Ervaring is feite. Dis waarheid vir my. Die kriterium is: wat *"voel"* die beste?, en dit word rigtinggewend vir mense in die postmoderne geestesklimaat (vgl. Lutzer 1994).

ŉ Derde pilaar van postmodernisme is **pluralisme.** Pluralisme word later as proses in meer besonderhede bespreek. Pluralisme het te make met die waarheidsvraag. Pluralisme sê dat absolute waarheid nie kenbaar is nie, en dat twyfel normaal is. Oor een saak kan daar talle sieninge wees, en elkeen het ŉ reg op die waarheid. Daarom is godsdienstige waardes ŉ kwessie van eie keuse. Persoonlike keuse is dus alles. Ons leef in die era van doen-dit-self-godsdiens. Elkeen maak sy eie god op soos dit hom pas, en die maatstaf wat saak maak is die van opwinding. Postmodernisme is in die eerste instansie ŉ kultuur wat op soek is na belewing, eerder as na waarheid (waarin dit in elk nie glo nie) (Joubert 2005:10).

Johnston (2001:26) gee agt kenmerke van postmodernisme soos dit vandag plaasvind in die samelewing:

- Postmodernisme is skepties en suspisieus teenoor enige vorm van gesag.
- Postmodernisme is ŉ reaksie teen alle vorme objektiewe rasionele waarheid.
- Postmodernistiese mense is soos verlore mense in hulle soektog na identiteit, en na die sin van die lewe.
- Postmodernisme is aanhoudend opsoek na die transedente God.
- Postmodernisme neem deel aan die vraag na kennis, maar interpreteer dit vir hulleself.
- Postmodernisme is op soek na gemeenskap met mense met wie hulle kan deel en beleef.
- Postmodernisme word gekenmerk deur ŉ materiële wêreld.

- Postmodernisme het nie ŉ stel reëls van reg en verkeerd nie, en is aangewese op pragmatisme. As dit vir my reg voel dan doen ek dit, en as dit nie reg voel nie, dan doen ek dit nie.

**Individualisering**

ŉ Vyfde proses in die samelewing is die proses van individualisering (Vos 2000:9). Vos (2000:9) wys tereg dat daar ŉ einde gekom het aan die groot verhale (meesterverhale), dit wil sê verhale wat as ŉ omvattende verklaring gedien het vir mense hoe om te lewe en om keuses te maak. Die rede hoekom die groot verhale besig is om te verswyn, blyk uit die ineenstorting van alle ideologieë, met ander woorde ŉ omvattende verhale wat voorgee om alles te kan verklaar en alle moeilike probleme kan oplos. Die groot meesterverhale het dus hul trefkrag en geloofwaardigheid verloor (Vos 2000:9).

In die plek van die groot meesterverhale wys Vos (2000:10) daarop dat dit vervang is met kleiner/ plaaslike verhale wat met die individu gebeur in sy/haar omgewing.

Die negatiewe aspek van individualisering spreek vanself dat dit die enkeling al hoe meer aanmoedig tot eiebelang en ontrekking. Hierdie proses voltrek homself in eensaamheid en uitsluiting van ŉ gemeenskap. Ten opsigte van die kerk lei invidualisering daartoe dat egte gemeenskap al hoe meer verlore raak (Vos 2000:10).

Die positiewe aspekte van invidualisering kan nie ontken word nie. Teenoor die chaos van die wêreld daarbuite, soek baie mense ŉ veilige binnewêreld waar hulle rus en vrede kan vind (Vos 2000:10). Na my mening behoort die kerk so ŉ veilige hawe (binnewêreld) vir mense te wees. Nie om mense blind te maak vir die gevare van die wêreld daarbuite, of om dit te ontken nie, maar ŉ plek

waar mense verborge en gerus kan voel in die heilige teenwoordigheid van ŉ almagtige God.

**Pluraliteit**

Die sesde proses tans werksaam in die samelewing is die proses van pluralisme (Vos 2000:10; vgl Van der Walt 1985:152-153). Onder pluralisme word die filosofiese en lewensbeskoulike (kulturele) stelsel wat verskillende standpunte en beginsels erken en aanvaar sonder dat die een die ander hoef uit te sluit, verstaan (vgl. Vos 2000:10). Vos (1996:237) sê: *"in ŉ gepluraliseerde samelewing is mense daagliks onder die indruk van die heterogeniteit – soms selfs onversoenbaarheid – van lewensvorme waaraan hulle blootgestel word. Mense ervaar die gepaardgaande versplintering en fragmentasie van persoonlike identiteit en die verlies van selfoutonomie, die verstrooing van betekenis, die eindelose repetisie van fantome (deur die media) waardeur die nabootsing van die werklikheid toenemend die werklikheid verdring of plooi tot tweederangse "nabootsings" wat as die eintlike werklikheid beleef word."*
Volgens my is dit ŉ akkurate beskrywing wat Vos (1996) hier gee oor die proses van pluralisme vandag in die samelewing.

Wanneer ŉ mens na die proses van pluralisme op kerklike gebied kyk, dan bring dit die saak na vore van mense wat gedurig rondtrek totdat hulle ŉ gemeente vind wat hul religieuse behoeftes bevredig en waar hulle tuisvoel (Vos 2000:11). Die groeiende saak van pluraliteit het daartoe aanleiding gegee dat verskillende tipes gemeentes ontwikkel het om aan hierdie behoeftes te voldoen, soos byvoorbeeld: sommige gemeentes het ŉ sterk sending-gerigtheid; ander gemeentes het weer ŉ meer charismatiese ingesteltheid, en nog ander lê weer baie klem op ŉ sterk liturgiese ingesteltheid (Vos 2000:11).

Die negatiewe ten opsigte van die groeiende pluraliteit wat vandag bestaan, is dat mense maklik van een kerk na ŉ ander een vlug om byvoorbeeld tug vry te spring, of as hulle wil wegkom van hul verantwoordelikheid ten opsigte van betrokkenheid en meelewing by ŉ spesifieke gemeente (Van der Walt 1985:153).

Die positiewe kant van pluralisme is dat religieuse verskille tussen kerke al hoe meer verklein, en minder opsigtelik is (Van der Walt 1985:153). Die proses van pluralisme bied ook aan die kerk die geleentheid/uitdaging om in haar prediking; pastoraat en liturgie aansluiting en aanklank te vind by die religieuse ervaringe van die individu (Vos 2000:11). Die proses van pluralisme bied dus onder andere aan die NG Kerk die uitdaging om te vra: hoe relevant en aktueel is die prediking vandag?

## 2.2. Gebeure binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat bydra tot die identiteitskrisis

### 2.2.1. Uiteenlopende tydsgeeste en die invloed daarvan op die relevansie van die kerk

Vir die NG Kerk is dit nie nuut om oor die tydgees en relevansie na te dink nie, en vyf boeke oor ŉ tydspan van meer as dertig jaar weerspieël iets hiervan. Hierdie vyf boeke verteenwoordig dus uiteenlopende ideologieë wat die kerk en kerklike beskouinge beïnvloed (Lategan 2005:234).

Heyns se *Sterwende Christendom* (1969) handel daaroor dat al die invloede in omloop die stem van die evangelie verskraal. As die kerk daarna luister dan loop die kerk die gevaar om haar relevansie te verloor of in te boet. Die verklaringsbeginsel vir die Woord kan nie die mens en sy omgewing/ kultuur

wees nie. Die kerk mag onder geen omstandighede hierby aanpas of daardeur beïnvloed word nie. Die kerk moet dus nie na die tydsgees luister nie. Die ruimte wat wel gelaat word, is dat die kerk van die tydsgees moet kennis neem, maar nie daardeur opgeneem word nie. Die gevaar is egter as die kerk hierdie tydsgees nie verstaan nie dat die kerk sal sukkel om haar boodskap by die hoorders te kan tuisbring (Lategan 2005:234). Lategan (2005:234) som dit so op: *"Neem kennis van die tydsgees maar word nie een met die tydsgees nie."*
Die vraag hier het dus gegaan daaroor: hoe die kerk haar moes posisioneer ten opsigte van die tydsgees sonder om daardeur beïnvloed te word (Lategan 2005:234).

Van Huysteen se boek, *Teologie as kritiese geloofsverantwoording* (1986) was ŉ eerste in sy soort wat begin het om binne die Suid-Afrikaanse konteks krities met die teologie en teologiese uitsprake om te gaan. ŉ Rasionaiteitsbenadering tot die teologie word hier gevolg, waarin antwoorde nie meer net voor die handliggend kan wees nie. Antwoorde moet gekontroleer/getoets word en mag nie die konteks ignoreer nie. Van Huysteen het dus wetenskaplik gesien ŉ vernuwing binne die teologiese denkraamwerk geïnisieer (Lategan 2005:234).

Hierdie verandering wat Van Huysteen te weeg gebring het, het ook bepaalde betekenisse gehad vir die kerk en die belydenisskrifte. Van Huysteen se model het nie ruimte gelaat vir die verabsolutering van teologiese modelle nie, en waar dit gebeur kom ons by wat van Huysteen *"geïsoleerde ghetto-teologie"* noem (Lategan 2005:235). Wanneer ŉ mens hierdie model, waar daar geen ruimte is vir verabsolutering nie toepas op die belydenisskrifte, dan is die belydenisskrifte vir Van Huysteen nie eindpunte nie, maar vertekpunte (Lategan 2005:235).

In Jonker se *Selfs die kerk kan verander* (1998) word die worsteling van die NG Kerk met haar politieke verlede weerspieël. Jonker se boek is vanuit ŉ

outobiografiese perspektief geskryf is, maar dit bied 'n ongelooflike waardevolle geskiedkundige verhaal oor die NG Kerk se dwaling oor rasseverhoudings en dat ras en nie geloof nie die rede was waarom 'n lidmaat aan 'n kerk kan behoort. Die belangrikheid vir die proefskrif is dat die kerk eers toe was en nou is dit oop vir almal. Dit is een van vele veranderinge wat baie lidmate verward gelaat het (Lategan 2005:235).

Du Toit se *God? Geloof in 'n postmoderne wêreld* (2000) pleit hy dat die kerk en geloof in 'n postmoderne raamwerk vertaal moet word. Daar word geargumenteer in die boek dat die mens se premoderne teologiese denke en kerkbeskouing in 'n postmoderne beskouing geïntegreer moet word omdat dit die norm van die tydsgees is. Sou die kerk en gelowiges nie daarin slaag om hierdie postmoderne konteks te verstaan nie, dan verloor die kerk haar relevansie en veroorsaak dit verder dat die lidmaat se geloofsbelewenisse in 'n postmoderne wêreld nie begelei kan word nie (Lategan 2005:235).

In nog 'n werk, *Sprakeloos oor God,* (Du Toit 2005), word die vraag voortgesit oor hoe daar in God in 'n vreemde wêreld geglo moet word. Daar word gewys daarop dat die rasionaliteit van die modernisme (alles moet rasioneel verklaar word) God en godsdiens oorbodig gemaak het. Postmodernisme het wel die gevaar van nihilisme (verwerper van bestaande godsdienstige en sedelikheidsopvattings) maar dit het weer die waarheid kom onderstreep dat dit 'n onvervreembare reg van 'n mens is. Postmodernisme het dit kom bevestig dat geloof sin aan die lewe gee en dat dit die lewenskwaliteit kan verhoog (Du Toit 2005:199-206).

Twee kritiese vrae wat Du Toit (2005:215-217) laastens probeer antwoord is eerstens of die NG Kerk dit gaan maak?, en tweedens of die klassieke

Christelike geloof gaan oorleef? Du Toit (2005:215) argumenteer dat die NG Kerk dit gaan maak, hang ten minste van twee kritieke sake af, naamlik:

- Gaan die NG Kerk dit regkry om 'n boodskap van sekerheid en integriteit na die wêreld uit te stuur? Saam met dit: gaan die profete van die NG Kerk dit regkry om die lied van die Here te sing in 'n vreemde wêreld? Du Toit (2005:215) noem die lied *"die allesinsluitende, genadige evangelie van Jesus Christus."*
- Gaan die NG Kerkfamilie daarin slaag om 'n betekenisvolle eenheid in terme van plaaslike en sinodale strukture daar te stel? Daarmee bedoel Du Toit 'n eenheid wat die pyn van die verlede kan omswaai, maar dan ook 'n teken van hoop sal wees in ons samelewing vandag waar mense die lied van die allesinsluitende genade van God se evangelie kan saamsing.

Volgens Du Toit (2005:215) argumenteer hy dat as die NG Kerk dit kan regkry hoef die kerk nie te wonder oor sy eie toekoms nie.

Die tweede vraag wat Du Toit (2005) ten slotte probeer beantwoord is of die klassieke Christelike geloof sal oorleef? Du Toit (2005:216) is oortuig daarvan dat die klassieke Christelike geloof die tyd waarin ons leef sal oorleef. Die belangrikste rede wat Du Toit (2005:218) daarvoor aanvoer is omdat ons in die klassieke Christelike geloof te doen het met God wat getrou is aan sy beloftes, en nooit die werk van sy hande sal laat vaar nie.

Vernuwingprosesse wat tans in gemeentes aan die gang is as gevolg van 'n afname in lidmaatgetalle, en mense dryf tot die aanvaarding van 'n soort spiritualiteit waaraan hulle nie gewoond is nie, en mense dalk nog meer onseker maak, hoef ons nie bang te maak dat die klassieke Christelike geloof dit nie gaan maak nie (Du Toit 2005:216). Du Toit (2005:217) wys dan tereg daarop dat met die onstaan van die gereformeerde tradisie, het die kerkvaders nie besluit om 'n gereformeerde tradisie te stig nie. Du Toit (2005:217) sê dan: *"Die*

*gereformeerdes wou niks anders as Christelik wees nie, dáárom is die belydenisskrifte gesien as uitdrukking van die Christelike geloof (nie die gereformeerde geloof nie).”*

**2.2.2. Die Nuwe Hervorming**

Die debat tans oor die Nuwe Hervorming soos dit in die pers, in kerke en rondom braaivleisvure gevoer word raak nog net aan die oppervlak. Vir baie lidmate is die kern van die debat Jesus se geboorte uit ŉ maagd en sy opstanding uit die dood, maar wesenlik gaan die Nuwe Hervorming egter daaroor om God op eietydse maniere te herontdek. Hoe ŉ mens aan God moet dink, en oor Hom moet praat? (Muller 2002:63).

In hierdie debat wat aan die gang is, is dit veral die wyse waarop die Bybel in die debat funksioneer wat mense onseker laat. Fundamentaliste beweer die Bybel is woord vir woord deur God geïnspireer, maar as ons dit aanvaar moet ons ook aanvaar God sê die aarde is plat en dat die hemel op pilare staan (Muller 2002:63). Vanuit die modernistiese wetenskapsbeskouing sê die meeste tradisionele teoloë die Bybel is God se Woord in mensetaal (vgl. Van Zyl 1975). Ons moet net die dinge in die Bybel wat tydgebonde is afstroop (soos die plat aarde), dan kom ons by God se Woord uit. Maar ook hierdie siening is nie sonder probleme nie. Al glo ons die Bybel moet die laaste woord hê, is dit ŉ geldige vraag: Watter woord dan? ŉ Mens kan dan tereg vra: Wie was Jesus se oupa nou gewees? Was dit Jakob gewees (Matt. 1:16)? of was dit Eli (Luk. 3:23)? (Muller 2002:63-64). Wat sou mens dan nou vir lidmate in die verband antwoord wat die Bybel fundamentalisties verstaan?

Die ontdekking van die Nag Hammadi-geskrifte neem die herontdekte Evangelie van Thomas al hoe meer belangstelling op. Dit is volgens berekening ongeveer in die jaar 50 na Jesus geskryf, d.w.s. ruim 20 jaar voor die oudste

evangelie (Markus) wat in die Nuwe Testament opgeneem is. In die Evangelie van Thomas word ŉ Koninkryk van God verkondig wat al in hierdie lewe bereik kan word (Muller 2006:2). Waar daar in die Protestantse Hervorming gedebatteer is oor die gesag van die Bybel, word daar binne die Nuwe Hervorming vrae gevra oor hoekom die Bybel saamgestel is soos wat dit tans daar uitsien? Om watter redes is sekere geskrifte ingevoeg en ander oor die hoof gesien? Hierdie vrae is byna koorsagtig deur die Protestantse Hervorming vermy. Trouens, Michael Servitus, die Spaanse hervormer wat hierdie onderwerp aan wou aanraak, is in Calvyn se tuisstad, Genève, tot die brandstapel veroordeel (Muller 2006:2).

Die vrae hou geensins hier op nie. Nuwe navorsing oor die beginjare van die Christendom wys duidelik daarop dat dit ŉ tyd was waarin baie belangrike persone volgens oorlewering uit ŉ maagd gebore is. Voorbeelde hiervan is die bekende wiskundige Pithagoras, die filosoof Plato, en selfs keiser Augustus (Muller 2002:64). Muller (2002:64) wys ook daarop dat die kruisdood as soenoffer en die opstanding tipiese gebeure was in die eerste eeu n.C. *" In al die misteriekultusse was die sentrale tema juis een waarin ŉ held soos Dionisius, Orfeus of Mithras sterf, net om te herleef. Hierdie "offers" het mense se skuld weggeneem"* (Muller 2002:64).

Die vrae en reaksie wat die Nuwe Hervorming teweeg gebring het wissel. Maar veral by sommige lidmate het daar ŉ gestadige proses van innerlike leegheid, verwarring en verset teen die Kerk aangebreek. Dit word soos volg in die gedig *"Dogma"* saamgevat:

> Toe ek ŉ kind was, het ek gedog
> die dinge is maar so
> maar noudat ek ŉ man geword het

weet ek
dit is dogmadinge
wat mens doodmaak
binne (Jordaan 2002).

**2.2.3. Die Homoseksualiteitsdebat**

Peet Botha, administrateur van die *Cedar College of Education* en buitengewone seniorlektor verbonde aan die Noordwes-universiteit som die kwessie vanuit ŉ meer fundamentalistiese standpunt soos volg op: *"Die debat oor homoseksualiteit in die NG Kerk het baie verwarring gebring onder die lidmate van die kerk. Dit is my oortuiging dat hierdie verwarring die gevolg is van ŉ onskriftuurlike benadering tot die hele probleem van homoseksualiteit. Die verwarring is verder aangehelp deur die teenstrydige interpretasie van die Sinodes van 2002 en 2004 se besluite, persverklarings waarin regstelling van feite gedoen en verskoning aangebied is, asook artikels in dagblaaie waarin die Sinodebesluite deur hoëprofielteoloë bevraagteken is. Ek argumenteer dat die Sinodes van 2002 en 2004 grondliggende foute gemaak het in hul besluite oor homoseksualiteit en dat die sinodes deur AKLAS se pro-homoseksuele benadering beïnvloed is om ongeldige besluite te neem"* (Botha 2005:2).

Direk na die Algemene Sinode van 2004 het die Sondagpers ŉ berig gehad met die strekking dat homoseksuele dominees ook tot die bediening toegelaat sal word. Die berig het tot verwarring gelei. As gevolg van die homoseksuele debat wat in die pers verwarring en ongelukkigheid bly veroorsaak het, het die Modaramen in Mei 2005 die volgende besluite geneem oor die interpretasie van die besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit (Agenda Deel I 2007:128).

Volgens die (Agenda Deel I 2007:128) het die Moderamen volstaan met die Algemene Sinode se besluit in 2004 en is daar gewys op die volgende:

- *Daar moet gewaak word teen standpunte en/of interpretasies wat meer wil maak van die besluite van die Algemene Sinode in 2002 en 2004 as wat die Sinode self besluit het. Daar word gewys op die besluit waar onderneem is om die gesprek en studie met groot erns voort te sit, want die NG Kerk wil in alles net getrou wees aan wat die Bybel sê.*
- *Daarom moet gewaak word teen gevolgtrekkings wat polarisasie in die hand werk, onrealistiese verwagtings skep en gesprek strem. Die Algemene Sinode se standpunt is juis dat 'n liefdevolle hantering van mekaar nodig is.*
- *Om nou al reeds interpretasies aan die besluite te heg, kan juis gesprek strem en besluite vooruitloop. Dit skep ook die indruk dat konteksloos oor spesifieke probleme gepraat kan word.*
- *Die Moderamen wys daarop dat die betrokke kerkvergadering (soos kerkrade, ringe en sinodes) in die lig van die Skrif en belydenisskrifte moet handel in die beoordeling van spesifieke gevalle en dit op 'n kerklike wyse en in liefde hanteer moet word. In gevalle waar die besluite van die Algemene Sinode kerkregtelike advies noodsaak, moet dit van die Aktuarius van die Algemene Sinode aangevra word met verwysing na die spesifieke omstandighede (Agenda Deel I 2007:128).*

By die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2007 het die Sinode soos volg besluit oor homoseksualiteit:

- *Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
- *Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*

- *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
- *Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.*
- *Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.*
- *Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
- *Die verlenging van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.*
- *Die AS erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

**Hierdie voorstelle is deur die sinode aanvaar, 299 vir en 66 teen. Dit vervang die voorstelle van die taakspan vir homoseksualiteit en is die amptelike standpunt van die NG Kerk (2007)** (Besluite van die 2007 Algemene Sinode).

Maar die kritiek agterna teen die hantering van die kwessie is dat die saak oorheers is deur emosie. En dit is waarteen sommige teoloë dit het. Dat oortuiging deur emosie vervang word. Dat 'n draadsittery oor allerlei sake onstaan wanneer moontlike konflikbesluite geneem moet word. Boonop is die stelsel van debatvoering voor die neem van besluite ook uit die sinode geweer. Baie predikante beweer nou hulle het geen geleentheid gekry om gestruktureerd

hul mening oor hierdie en talle ander kwessies te gee nie. Besluite gegrond op ernstige beredenering is nou daarmee heen, met die nuwe *"tafelmodel"* van bespreking (tafels teoloë wat onder mekaar koukus) (Opstand in die NG Kerk 2005:2).

Steyn (2007:172-201) gee na my mening ŉ uitstekende verduideliking van Nuwe Testamentiese tekste oor homoseksualiteit. Steyn se verduideliking kan soos volg kortliks opgesom word, naamlik eerstens: hoe lyk die huidige toneel? Steyn (2007:174) gee dan in die homoseksualiteitsdebat twee basiese standpunte, naamlik dat homoseksuele gedrag vir sommige sosiaal-onaanvaarbare gedrag is, terwyl dit vir ander weer sosiaal-aanvaarbare gedrag, of ten minste toelaatbare gedrag is. In die debat is daar dan ŉ Bybelse toutrekkery waar persone na Bybelgedeeltes soek om hulle standpunte/argumente te staaf (Steyn 2007:174).

Steyn (2007:182) wys dan tweedens daarop dat ŉ groot oorsaak van die verwarring wat heers in die homoseksualiteitsdebat teruggevoer kan word na die gebruik van terminologie. Daarmee word bedoel dat verskillende woorde in die antieke wêreld gebruik is om verskeie aspekte van homoseksuele gedrag te beskryf (Steyn 2007:182). Steyn (2007:183) wys dan daarop dat daar veral drie terme in die Nuwe Testament is wat na homoseksuele gedrag kan verwys en dit is eerstens *pathos*. Die woord kom voor in tekste soos Romeine 1:26 (skandelike drifte); Kolossense 3:5 (wellus); en 1 Tessalonisense 4:5 (passie). Die woord *pathos* word dus gebruik om na seksuele drange (passie) te verwys (Steyn 2007:183). Die tweede woord is *malakos*. Die woord kom vier keer voor in die Nuwe Testament, naamlik in Matteus 11:8 (twee keer); Lukas 7:25, en dan in 1 Korintiërs 6:9 (Steyn 2007:183). Steyn (2007:183-184) wys dan daarop dat die woord *malakos* in die eerste drie gevalle wys op verfyndheid en meer spesifiek op sagte fyn klere wat sag is om aan te raak. In 1 Korintiërs 6:9

dui *malakos* waarskynlik op passiewe seksuele genot in 'n homoseksuele verhouding (Steyn 2007:184). Die derde woord is *arsenokoites*. Die woord word dan ook gebruik in tekste soos 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10. Die woord verwys moontlik in hierdie kontekste na 'n manlike homoseksuele persoon wat 'n aktiewe rol speel gedurende homoseksuele geslagsverkeer (Steyn 2007:184).

Steyn (2007:200) kom dan derdens tot die gevolgtrekking dat daar verskillende woorde gebruik word, soos in 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10 wat almal met die Afrikaanse vertaling as homoseksualiteit vertaal word. Steyn (2007:200) gaan dan verder dat daar vandag tussen drie homoseksuele persone onderskei moet word, naamlik die wat so gebore is vanweë biologiese oorsake; die wat so is as gevolg van psiologiese en ander omstandighede en dan hulle wat so gekies het as gevolg van perversiteit, immoraliteit of as 'n soort modegier. Volgens Steyn (2007:200) lyk dit of die Nuwe Testamentiese tekste betrekking het op die laaste groep, en dat pedofilie, pederastie, prostitusie, verkragting binne 'n homoseksuele, biseksuele of heteroseksuele konteks afgewys word in die Nuwe Testament. Steyn (2007:200) sê dan: *"Daar sal egter met groot omsigtigheid met die eerste twee groepe omgegaan moet word. Die oorsake in hierdie gevalle lê buite die persoon se eie keuse."* Steyn (2007:200) gaan dan verder deur te sê: " *Persone wat deur psigologiese of ander omstandigheidsfaktore homoseksueel georiënteer is en diegene wat deur biologiese omstandighede so gebore is, behoort allereers met deernis en liefde in geloofsgemeenskappe tussen gebrokenes en sondaars aanvaar te word na die voorbeeld wat Christus kom stel het."*

Steyn (2007:201) se slotsom waartoe hy kom, is dat daar nie ongekwalifiseerde antwoorde oor homoseksualiteit gegee kan word nie.

Na my mening sluit Dreyer (2008:17) aan by Steyn (2007:200) wat verduidelik het dat ons homoseksuele persone met deernis en liefde in geloofsgemeenskappe aanvaar behoort te word na die voorbeeld wat Christus kom stel het. Dreyer (2008:15) verduidelik dat die verskillende Christelike geloofsgemeenskappe gegrond is in sy mistieke verhouding waarin dit staan met Christus. Christelike geloofsgemeenskappe wat egter sy mistieke eenheid met Christus verloor het, het sy identiteit verloor, asook die reg om met ander te praat oor Christus. Dreyer (2008:15) argumenteer dan verder dat 'n dogmatiese en letterlike interpretasie van Bybeltekste mense kan verander in slagoffers van rigiede fundamentalistiese Bybelse voorskrifte. Volgens (Dreyer 2008:17) behoort verwronge idees wat heers oor seksualiteit in die kerk eerste genees te word voordat die kerk mense wat in hul seksuele humaniteit gewond is, kan genees. Om dit te kan doen moet die kerk ontslae raak van die greep van mag en kontrole, sodat die kerk herstel kan word in haar outentieke outoriteit. Volgens Dreyer (2008:17) is dit 'n gesag wat nie beheer wil uitoefen om mense te misbruik of te verneder nie, maar 'n gesag wat mense toe laat om te groei tot hul volle menslike potensiaal en gesonde mense te wees soos hulle geskep is om te wees. Die vervreemding wat daar bestaan tussen Christene wat mense in hul seksuele verwondenheid seergemaak het, kan heel gemaak word indien die kerk pastoraal is in sy benadering tot gebroke mense om daardie wond van verbittering wat veroorsaak is te genees (Dreyer 2008:17).

### 2.2.4. Kerkherenigingsdebat en die Belydenis van Belhar

By talle NG Kerk lidmate is daar 'n suspisie (reg of verkeerd) teen-oor die Belhar Belydenis dat dit binne die "politieke" sfeer van die bevrydingsteologie gebore is soos Allan Boesak dit verstaan waarin die idee van swart mag ook funksioneer (vgl. Boesak 1977:57-71). Dit is waarskynlik hierdie persepsie onder NG Kerk lidmate wat tydens die toetsing van hul menings oor

kerkhereniging in 2008 die sterk verwerping van Belhar veroorsaak het. Dit het weer gelei tot die terminasie van die kerkherenigingsgesprek deur die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Oktober 2008 vanweë hulle suspisie dat die NG Kerk nog nie apartheid afgesweer het nie. Die proses het tot dan redelik goed verloop. Die volgende ooreenkomste is gesluit:

**Verbondsverbintenis tot hereniging van die Familie van NG Kerke** (Esselenpark). Die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk (die uitgebreide uitvoerende komitees) het by Esselenpark gepraat oor die herenigingsproses van die Familie van NG Kerke. Dit was ŉ historiese byeenkoms- die eerste keer dat so ŉ groot groep uit die leierskap van die twee kerke saam vergader het.

Ons het by die vergadering gou bewus geraak van ŉ nuwe gees van versoening, samehorigheid en ŉ bereidheid om uit te reik na mekaar. Ons het ervaar dat ons almal nederiger is, meer bereid is om na mekaar te luister en gretig is om mekaar te help op die pad van hereniging. Ons het ook ŉ nuwe dringendheid bespeur dat ons nie langer met die saak van hereniging kan sloer nie.

Tydens die eerste sessie van die byeenkoms het die leierskap van die NG Kerk weereens om verskoning gevra vir die pyn en hartseer wat hulle die VGKSA en sy lidmate in die verlede aangedoen het. Hierdie belydenis is met groot ontroering deur die VGK leierskap aanvaar - ŉ daad wat die toon vir die verdere verloop van die vergadering aangegee het. Op die laaste dag het die VGK leierskap op hulle beurt om verskoning gevra vir die pyn wat hulle die NG Kerk aangedoen het. Die NG leierskap was hierdeur diepgeraak en het die verskoning in nederigheid aanvaar. Hierdie gees van versoening en openheid teenoor mekaar is bevestig in ŉ viering van die Nagmaal aan die einde van die vergadering. Ons is die Here diep dankbaar vir hierdie nuwe gees onder ons.

Ons weet dit kom van Hom. Ons het aan die einde van die vergadering onsself as leiersgroep eenparig verbind om – in lyn met die wens wat ons onderskeie kerke by verskillende geleenthede uitgspreek het – ons kerke daadwerklik te begelei in 'n proses van eenwording. Ons beoog om die proses binne drie jaar te voltooi.

Ons gebruik die woord verbondsverbintenis met huiwering – wetende dat verbond 'n groot woord in die Skrif is. Ons doen dit omdat ons onsself en die proses van eenwording, onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onsself nie en ook nie onder die druk van politieke en sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Homself in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Ons stel in die vooruitsig 'n nuwe, organies-verenigde, gereformeerde kerk, georganiseer volgens sinodaal-presbiterale beginsels, wat missionêr leef en verbind is aan die Bybelse opdragte van liefde, versoening, geregtigheid en vrede. Ons is tegelykertyd verbind aan nie-rassigheid en inklusiwiteit en aan die aanvaarding en viering van ons multikulturele samestelling. Die verskillende tale wat in ons kerke gepraat word, sal gekoester word.

Vanuit ons gesamentlike geloof in die Drie-enige God van die Bybel wil onsself opnuut verbind aan die kontinent waar die Here ons geplaas het – Afrika, en in besonder Suider-Afrika. Ons wil ons roeping hier saam opneem en 'n verskil probeer maak aan die lewensbedreigende probleme wat ons lande in die gesig staar. Ons verbind onsself om as deel van ons verkondiging van die evangelie ook saam te werk aan

- die bestryding van armoede
- bystand en steun aan weerloses en siekes (soos MIV en Vigslyers),
- die vestiging en uitbouing van die morele waardes van die Woord,

- die bevordering van geregtigheid teenoor alle mense
- versoening wat meer is as blote toleransie van mekaar
- en aan die beëindiging van alle soorte geweld in ons samelewing.

In die gees van versoening en ondersteuning van mekaar op die weg na hereniging het die ASK van die VGKSA die oortuiging uitgespreek dat die hantering van die Belharbelydenis nie 'n struikelblok in weg van hereniging moet wees nie. Hulle volledige besluit lui as volg: *Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belhar Belydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds vir ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide die kerke sal die Belydenis van Belhar 'n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot 'n volledige aanvaarding van die belydenis. Ons sal die besluit vir volledige goedkeuring na ons volgende sinode neem.*

In hulle reaksie op die verklaring van die VGKSA het die leierskap van die NG Kerk hulle diepe waardering en dankbaarheid vir die dapper besluit uitgespreek en die VGK verseker van hulle vaste verbintenis aan die Bybelse opdragte van eenheid, geregtigheid en versoening, die drie groot temas van die Belydenis van Belhar. Die NGK se leierskap is van mening dat hierdie verklaring van die ASK van die VGK die standpunte van die twee kerke oor die Belhar Belydenis feitlik in lyn met mekaar bring.

In die proses van eenwording verbind ons onsself om daadwerklik aan die volgende sake aandag en uitvoering te gee:

- die daarstelling van eenheidsbedienings op grondvlak waar gemeentes die begeerte het en gereed is daarvoor

- dit moontlik maak vir gemeentes, ringe en sinodes wat gereed is daarvoor om te verenig
- die aanpak van gesamentlike projekte waardeur ons uitvoering gee aan ons roeping soos bo geformuleer
- die skep van geleenthede vir ons lidmate om mekaar beter te leer ken, mekaar se vrese en drome te hoor, mekaar se geloof en hoop te deel en ook oor ons verskille te praat en ons vooroordele te oorkom
- dringend aandag te gee aan die hofsake in die Vrystaat, Phororo en eldes en alles moontlik te doen om die groepe tot versoening te bring buite die hof deur middel van 'n gestruktureerde versoeningsproses
- te werk aan aanvaarbare wyses waarop sake wat te doen het met die Belydenisbasis, kerkorde en administrasie van die nuwe kerk hanteer kan word.
- 'n behoorlike proses uit te werk waardeur gemeentes en lidmate ingelig kan word oor die eenheidsproses en al sy implikasies en die geleentheid kry om daarop te reageer

Die leierskap verbind hulself om gereeld saam te vergader, sover moontlik saam besluite te neem en saam op te tree - as 'n konkrete uitdrukking en simbool van ons verbintenis aan mekaar en aan die eenwordingsproses.

Hierdie verbondsverbintenis het gegroei uit bilaterale ontmoetings van die leierskap van die VGKSA en die NGK. Ons begeer en bid dat die twee ander kerke van die familie van NG Kerke so gou as moontlik deel sal word van die proses. Die familie sal nie heel wees sonder hulle nie. Ons sal sou gou moontlik met hulle in verbinding tree hieroor.

Ons wil ook die hoop uitspreek dat ons eenwording 'n tree kan wees in die rigting van 'n die vorming van 'n groter verenigde gereformeerd- presbiteriaanse kerk in Suider-Afrika.

**Namens die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die VGKSA en NGKSA**

Thias Kgatla, Coenie Burger, Allan Boesak, Kobus Gerber, Collin Goeiman en Nelus Niemandt

## VERKLARING DEUR DIE MODERATURE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA, DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, DIE REFORMED CHURCH IN AFRICA EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (Bloemfontein)

Die Moderature van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa en die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 16 Augustus 2006 in Bloemfontein ontmoet om te praat oor kerkhereniging en die vier kerke se pad vorentoe. In ons gesprekke het ons reguit en openlik gepraat oor ons pad saam met mekaar tot hiertoe, en ook oor die weg vorentoe.

In 'n gees van Christelike liefde het die partye mekaar om verskoning gevra vir die baie onregte wat hulle mekaar in die verlede aangedoen het. Al die partye het hierdie verskonings onvoorwaardelik aanvaar.

Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerk-familie. Versoening sal 'n onontbeerlike faset van die proses van hereniging tussen ons wees. Ons gebruik die woord "verbondsverbintenis" omdat ons onsself en die proses van eenwording onder die gesag van die woord van God en die wil van Christus wil bring. Ons maak die verbintenis nie uit onsself nie en ook nie onder die druk van politieke en

sosiale prosesse nie, maar doen dit omdat ons glo dat die Here wat Hom in genade aan ons verbind het dit van ons vra.

Met betrekking tot die sake op die tafel het ons onsself verbind om nederig en geduldig met mekaar te wees, en die band wat die Here in ons familie geskep het, te koester. 'n Deel van hierdie proses is dat ons gemeentes en alle ander kerklike strukture oproep om aan te hou om versoening, onderlinge gemeenskap, onderlinge ondersteuning en samewerking te soek.

'n Eerste tree in die proses is 'n vergadering van ons uitgebreide leierskappe op 6-8 November 2006. Die Moderamens / Algemene Sinodale Kommissies van die vier kerke asook die Moderature van die verskillende streeksinodes sal dan vergader. 'n Interimkomitee is gevorm wat bestaan uit die vier Moderators en die vier Skribas van die kerke. Die Interimkomitee sal al die voorbereidings doen vir die historiese vergadering in November.

Die Moderature het ook besluit om 'n Trustfonds vir Kerkhereniging te stig. 'n Oproep sal gedoen word na al ons strukture en lidmate asook ons vriende in Suider-Afrika en oorsee om tot hierdie fonds by te dra en om ons so te help om ons droom te realiseer.

Ons verbly ons in die Here! Ons gee Hom al die eer! Weereens het Hy ons verras met sy liefde en genade vir hierdie familie van Kerke.

<u>NGKA:</u> Ds M Lebone, ds J Ramolahlehi, dr S Corrie en dr A Hoffman
<u>VGKSA:</u> Prof T Kgatla, dr A Boesak, ds P Makoko, ds C Goeiman, ds D Malete en ds P Moloi
<u>RCA:</u> Ds V Pillay, ds B Shunmugam en ds M Sukdaven

NGK: Dr C Burger, prof P Strauss, dr N Niemandt, ds E Büchner, dr K Gerber en dr H Koornhof

Bloemfontein: 16 Augustus 2006

## Achterbergh-Verklaring

Van 6-8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die Reformed Church in Africa, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die NG Kerk in Afrika en die NG Kerk by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG Kerke en hoe dit gestalte kan kry.

In opvolging van die vier kerke se moderature (dagbesture) se vergadering by Bloemfontein op 16 Augustus vanjaar het ’n breër verteenwoordiging van die kerke hulle opnuut plegtig verbind tot die hereniging van die NG Kerkfamilie.

Die vergadering het opnuut besef hoe belangrik eie identiteit, wat taal- en stylverskille insluit, vir elke kerk is. Die vergadering is oortuig daarvan dat die rykdom van hierdie diversiteit, in die herenigde kerkverband gekoester moet word – en konstruktief gebruik kan word tot voordeel van die kerk en gemeenskap in die Suider-Afrikaanse konteks.

Die vergadering het bepaalde kernwaardes vir die eenheidsproses geïdentifiseer. Tien taakspanne is aangewys om in die lig hiervan verskillende aspekte van die eenheids-proses uit te werk. ’n Opvolg-vergadering word vir Maart 2007 beplan.

Die vergadering is daarvan oortuig dat kerkhereniging slegs op grond van gemeenskaplike geloofsoortuigings en onderlinge vertroue en respek vir mekaar gebou kan word. Lidmate op kerkraads- rings en sinodale vlak word aangemoedig om mekaar te leer ken en gemeenskaplike uitdagings saam aan te pak, want die sleutel tot 'n herenigde kerkverband lê by gemeentes en hulle aanvaarding van eienaarskap van die uitdaging. Die vergadering neem ook met dank kennis van baie plekke waar dit reeds gebeur. Die viering van Pinkster volgende jaar bied 'n uitstekende geleentheid om verhoudings te versterk.

Die vergadering weet ook dat daar bepaalde vereistes en prosedures in die verskillende kerke bestaan waarvolgens hierdie eenheidsproses moet plaasvind. Die vergadering wil deel wees van 'n proses waarin die verskillende kerke en hulle gemeentes betrokke behoort te wees.

Die vergadering is daarvan oortuig dat die hereniging-proses die pad van die Here is en dat Hy self die deurslag sal gee waar mense geen uitweg sien nie. Die onderlinge gees van eenheid en entoesiasme van die vergadering was bemoedigend en het hoop gebring.

Die vergadering erken die gesamentlike roeping van die NG Kerkfamilie in Suider Afrika en is daaraan verbind.

Hierdie saak van kerkhereniging het die verdeeldheid en krisis in die NG Kerk verdiep.

### 2.2.5. Die stigting van die Evangeliese Inisiatief

Die Evangeliese Inisiatief is 'n beweging wat op 20 Julie 2007 in Pretoria as 'n informele gesprek onstaan het. Tydens hierdie geleentheid het 'n groep van meer as 30 teoloë, predikante en lidmate van die NG Kerk inisiatief geneem om

die hart van die evangelie van Jesus in die bediening van die NG Kerk te behou en uit te bou. Vandaar die benaming Evangeliese Inisiatief. Op 20 September is daar amptelik oorgegaan tot die stigting van ŉ organisasie met ŉ volledige struktuur en administratiewe kantoor (Evangeliese Inisiatief 2008:1).

Die Evangeliese Inisiatief bely die volgende ses punte as hulle grondslag, naamlik:

- dat die Bybel die Woord van God is;
- dat Jesus Christus bonatuurlik gebore is;
- dat die wonderwerke van Jesus Christus ŉ wesenlike deel van die evangelie is;
- dat die kruis die offer vir ons sonde is;
- dat Jesus Christus liggaamlik uit die dood opgestaan het, en
- dat die Heilige Gees ons inspireer om hierdie unieke evangelie met die hele wêreld te deel (Evangeliese Inisiatief 2008:4).

De Villiers (2008:1-4) se artikel getiteld *"fundamentalisme"* kan mens uit haar argumentering oor fundamentalisme sien dat die Evangeliese Inisiatief fundamentalisties is. Sy begin haar argument deur aan te toon dat Amerika, vroeg in die twintigste eeu aan die voorpunt was van ŉ moderne sekulêre wêreld. Gelowiges binne die konserwatiewe protestantse kringe het hierin ŉ bedreiging vir die tradisionele en morele Christelike waardes gesien. Onder die konserwatiewe akademici in die Princeton Theological Seminary het daar ŉ fundamentalistiese beweging onstaan wat tydens die 1910 Algemene Vergadering van die Presbiteriaanse Kerk, die vyf fundamentele beginsels van die geloof uitgespel het. Dit is dan die volgende:

- inspirasie van die Bybel deur die Heilige Gees as onfeilbare Skrif;
- die maagdelike geboorte van Jesus Christus;
- Jesus Christus se dood as versoening vir sondes;

- Jesus Christus se liggaamlike opstanding, en
- Die historiese werklikheid van Jesus se wonderwerke (De Villiers 2008:1).

De Villiers (2008:1) skryf dan: *"die doel van die beweging was om ortodokse Protestanse Christendom te bevestig en te verdedig teen die aanslag van die liberale teologie, historiese kritiek van Duitsland, Darwinisme en ander soortgelyke denke."* Die kenmerk van hierdie beweging was 'n verlange terug na die rotsvaste sekerhede van die verlede (De Villiers 2008:1).

Die gevaarligte vir De Villiers flikker op Bybelse gebied en in die manier hoe die Skrif hanteer word, soos byvoorbeeld dat aborsie, homoseksualiteit en feminisme veroordeel is. Aborsie is dan moord; homoseksualiteit is sonde en die man is die hoof van die huis en sy vrou moet aan hom onderdanig wees (De Villiers 2008:2).

De Villiers (2008:2) wys dan tereg dat om die Bybel op hierdie manier te gebruik gryp net weer terug na 'n patriagale bedeling wat vroue- en kinderregte ondermyn. De Villiers (2008:2) skryf dan verder: *"Om vir 'n vrou wat 'n aborsie laat doen prontuit te vertel sy pleeg moord, is om haar psiologies te vermoor. Om homoseksualiteit as sonde uit te lig, is blind vir ander werklike seksuele sondes, selfs binne 'n heteroseksuele huwelik, soos dié van vernedering, manipulasie, afpersing....."*

'n Verdere wesenlike probleem wat De Villiers tereg uitlig is dat moeilike vrae van die lewe met maklike oplossings uit die Bybel beantwoord word. Dit geld dan veral ten opsigte van die teodisee-vraag, soos byvoorbeeld wanneer 'n geliefde ontydig deur die dood weggeneem is, en dit dan te verklaar dat Jesus hom/haar kom haal het om in sy huis te speel of as sy mooiste blommetjie vir sy tuin gepluk het. Hierdie antwoorde is nie altyd reg nie, en maak dikwels seer in plaas van om te troos (De Villiers 2008:2-3).

Wanneer ons kyk na die ooreenkomste tussen hierdie konserwatiewe Presbeteriaanse akademici en die Evangeliese Inisiatief, dan kan ons let op die volgende:

- By altwee bewegings sien ŉ mens dat hulle ŉ bedreiging sien in die moderne sekulêre wêreld.
- By altwee bewegings sien ŉ mens die formulering van die fundamentele waarhede van die Christelike geloof.
- By altwee bewegings sien ŉ mens ŉ hunkering terug na totsvaste sekerhede van die verlede.
- By altwee bewegings sien ŉ mens in hul Skrifhantering dat hulle fundamentalisties is, omdat die Evangeliese Inisiatief ook werk met ŉ verstarde Skrifhantering en verstaan van die Evangelie in die manier hoe hulle Skrifuitsprake maak.

Die Evangeliese Inisiatief verhoog egter die identiteitskrisis in die NG Kerk deurdat hulle ander teoloë aanval wat nie presies die evangeliese waarhede soos hulle formuleer nie. Dit bring verdere skeiding en spanning in die NG Kerk.

Dit is verstandiger om hermeneuties-krities met die Bybel om te gaan en so die hart van die evangelie te verstaan.

## 3. GEVOLGE VAN DIE IDENTITEISKRISIS VIR DIE NG KERK

### 3.1. Godsbegrip wat vrae laat onstaan

Die beeld van God wat oorheersend by Afrikaanse lidmate teenwoordig was, is dat Hy liefdevol, almagtig en alomteenwoordig is. Dit is wat die Kerk

verkondig het, ook die NG Kerk (Nel 2003:137). Dit is juis die beeld van God wat vandag vrae laat onstaan oor 'n goeie, liefdevolle God, en daarom is daar ook so baie aandag gegee om die situasie van armoede, misdaad en regstellende aksie te beskryf waarmee lidmate vandag moet saamlewe. Die bekende lied van Bette Midler is een van die pogings van mense om te sê hoe mense God vandag ervaar: *From a distance God is watching us.* Daar is baie mense wat vandag voel dat God ver is, en dat Hy nie betrokke by mense se nood en lyding is nie (Nel 2003: 137). Hierdie gevoelservaring word verder vererger deurdat die wêreld 'n *global village* geword het. Dit wat in die wêreld gebeur is feitlik binne sekondes aan ons bekend. Die lyding wat in die wêreld plaasvind oorstroom dus ons TV-kamers, en dit het beslis 'n uitwerking op mense. Mense kan dan begin vrae vra oor God se betrokkenheid in die wêreld, en Hoe is Hy betrokke? Dit is dan wanneer mense onder ander 'n behoefte het dat die kerk betekenisvol oor hierdie sake moet praat (Nel 2003: 138). Maar doen die NG Kerk dit in haar prediking?

Jonker (1976) skryf al só ver terug dat die prediking voorspelbaar geraak het naamlik, dieselfde gedagtes, dieselfde woorde, dieselfde algemene dinge wat gepreek word wat oor mense heengaan sonder dat dit ons bestaan raak. Dit is dalk so dat sommige lidmate verborge gevoel het in hierdie erediensatmosfeer, maar ander het uit respek nie veel gesê nie, al het die prediking weinig sin aan hulle lewe gegee. Koornof (1996:11) noem 'n bewys hiervan as hy vertel van die jong paartjie wat in die gemeente ingetrek het. Toe die dominee hulle gaan besoek het, moes hy hoor dat net die vrou lidmaat is. Haar man was eers op 'n tyd lidmaat gewees, maar is nou nie meer nie. Inteendeel hy was selfs voorsitter van die KJA gewees op 'n tyd, maar van daardie betrokkenheid en meelewing is niks meer oor nie.

Die prediking het vandag dus 'n ongekende roeping om sin te gee aan lidmate se vrae oor God. Die modernistiese, wettiese- God is so- uitsprake in die NG Kerk

sal nie hiermee help nie. Die NG Kerk het ŉ dringende behoefte aan aktuele prediking oor mense se vrae oor God, met ŉ bereidwilligheid om in gesprek te tree, juis oor die dinge waaroor mense vandag onseker is, en bloei in die kerk.

## 3.2. Die Bybel in die spervuur

Die vraag is: Watter rol kan die Bybel nog in ons huidige situasie speel? Dit is so dat ons die Bybel lees deur die bril van ons huidige bestaan as Afrikaanse gelowiges. Die situasie veroorsaak dat ons die Bybel eietyds verstaan (Van der Watt, Joubert, du Rand en Naudé 2002:144). Van der Watt (2005:251) vra dan tereg die vraag: hoe kan ŉ boek wat meer as 2000 jaar gelede in vreemde sosio-kulturele omstandighede as ons s'n geskryf is nog oorspronklik en betroubaar met die hedendaagse mens kommunikeer? Van der Watt (2005:251) vra dan verder: *" Is dit hermeneuties moontlik om dit wat die Bybel bied so te verwoord dat dit relevant en outoritatief vir die hedendaagse leser is? Daar is verskillende hermeneutiese modelle om die brug tussen die Bybel en vandag oor te steek. Hermeneutiese voorveronderstellings is egter baie belangrik. As die afstand tussen die Bybel en die hede hermeneuties byvoorbeeld te wyd gesien word, vervaag die outoriteit, of ten minste die funksionele outoritêre rol van die Bybel natuurlik daarmee saam."*

Van der Watt (2005:251) se argument is uiters belangrik vir die prediking vandag, en hoe om dit wat in die Skrif staan sinvol, betekenisvol en aktueel in die konteks te verwoord. Die kritiese punt is dus: In die eksegetiese benadering tot die Skrif en om die boodskap eietyds te verwoord moet daar veral gewaak word aan die eenkant tussen ŉ relativering van die Bybelse bydra, en dat die Bybel nie meer as gesagsvol gesien word nie, en aan die anderkant ŉ rigiede fundamentalisme wat ook negatief inwerk om die Bybelse boodskap eietyds te verwoord (Van der Watt 2005:251).

In die lig hiervan is dit duidelik, as daar verander word aan die wyse waarop die Bybel hanteer en as gesaghebbend gesien word, het dit impak op die gesag en selfs aard van die betrokke kerk (NG Kerk) wat die veranderinge onderskryf. As die gesag van die Skrif verwerp word, gerelativeer word, uitgedaag word, sal die gesag van die kerk dienooreenkomstig afplat. Skrif en Kerk, en Skrif en prediking se aard en belange is verweef, en wat met die een gebeur het direkte gevolge vir die ander een.

### 3.3. Die Belydenisskrifte

ŉ Mens hoor dikwels vandag dat Christene sê: *"Ek wil net die Bybel lees en eenvoudig daarby hou. Dis kerklike dogmas en teologie wat ons verdeel en kerke skeur. Hoe minder teologie, hoe beter dus vir my geloof."* Die karakter van ons belydenisskrifte wat hul formulering gekry het kort na die Middeleeue teen die dwaallere van destys, veroorsaak dat hierdie dokumente al hoe meer vreemd as geldend beskou word deur baie NG lidmate (Steyn 2005:556). Steyn (2005:556) het na my mening dit reg as hy sê: *"Die drie Formuliere van Eenheid kry hoogstens nog ŉ plek in kategeseklasse. Of, by die hoogste uitsondering, in die vorm van die Heidelbergse Kategismus wat in beperkte mate nog vanaf kansels en kateders funksioneer. Die gebruik van die drie belydenisse (Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Athanasius en die Belydenis van Nicea) in eredienste, is gereduseer tot ŉ formalistiese hardop sê van eersgenoemde in die erediens deur NG lidmate. Dit het gewoon ontaard in ŉ rituele handeling op ŉ gegewe punt in die liturgie sonder dat die inhoud van die belydenis altyd tot sy reg kom."*

Theron (2005:577) bring ŉ mens na my mening tot nugterheid as hy argumenteer dat ons moet onthou dat dogma ŉ menslike poging is om in afhanklikheid van God se Gees aan die Goddelike waarheid van die Woord kernagtig uitdrukking te gee. Theron (2005:577) gebruik die beeld van ŉ voël om hierdie opsomming van die waarhede in God se woord te beskryf. Wanneer

ŉ voël in vlug geskets word, weet ŉ mens dat die beeld nie kan vlieg nie. Die beeld is slegs ŉ uitbeelding van die voël se vliegvermoë.

Die noodsaak en waarde van dogmas (geloofsbeslissings) tref ons reeds in die Bybel aan. Die waarde van dogmas lê juis daarin om ons in onsekere tye ŉ fokus aan die geloof te gee (Van der Watt, Joubert, Durand, en Naudé 2002:196). In die Ou Testament kry ons dan teenoor die bedreiging van Israel se godsdiens tot afgodsdiens die woorde: *"Hoor Israel, die Here ons God is ŉ enige Here"* (vgl. Deut. 6). In die Nuwe Testament getuig die vroegste kerk hul paasgeloof teenoor die keiseraanbidding: *"Jesus is die Here!"* Dis die saadjie in die Bybel van wat later belydenisse en leerstukke (dogmas) ter wille van die duidelike waarheid sou word (Van der Watt, Joubert, du Rand en Naudé).

B.A. Gerrish se boek *"Saving and Secular Faith"* bespreek hy onder andere die twee groot gevare vir die voortbestaan van die kerk, naamlik vergeetagtigheid en verval (Gerrish 1999:55-56). Kan ek hier sê, ook vir die prediking. Verval en vergeetagtigheid is twee dinge wat intiem verbind is. Verval het te make met die verloor van ŉ kern, en dit is die gevolg van vergeetagtigheid, want ons weet nie meer wat is die kern van ons belydenis nie. Soos Gerrish dan sê*: "The Christian creeds rehearse the saving events on which the church is founded, the memory which sustains the church's identity"* (Gerrish 1999:57).
Ongelukkig as gevolg van die postmodernistiese tydsgees waar godsdiens al hoe minder op die rasionele gefokus is en meer op die emosionele, speel die belydenisskrifte van die NG Kerk al hoe minder ŉ rol. Die emosionele belewing en ervaring spreek mense tans aan, nie net vanweë die bewuswording van emosionele intelligensie (sien Goleman 1996) nie, maar dan ook lidmate se reaksie vandag teen die styfheid van die dogmatiek en koue rasionaliteit van die verlede (Lategan 2005:239). Wanneer ŉ mens na die Heidelbergs Kategismus

se vraag en antwoord styl kyk, moet ŉ mens erken dat dit uiters rasionalisties ingestel is. Dit is dus duidelik dat die rede op so ŉ wyse die ervaring/belewing in die verlede oorheers het, en ŉ sprekende voorbeeld hiervan is die openbare belydenis van geloof aflegging wat aan ouderdom gekoppel is. Die benadering het bygedra tot die gebrek daaraan om die mens se kop (rede) en hart (belewing) in die erediens te betrek (Lategan 2005:240).

Tans as gevolg van die weerstand teen die rasionele beklemtoning van die geloof, veroorsaak dit eerstens dat die belydenisskrifte al hoe meer as oorbodig beskou word, en tweedens dat die balans van geloof as kennis (rede) en vertroue (emosie) al hoe meer oorkantel na die emosionele.

*"Die kerklike leer in die Reformatoriese sin van die woord laat sy gesag langs die hermeneutiese weg van die uitleg geld. Die belydenisskrif as die historiese en normatiewe gestalte van die aangekomenheid van die Woord van God, is self weer gerig daarop dat die Woord van die Here aankom. Die gesag van ŉ derglike belydenis is nie alleen die van ŉ auctoritas normativa nie, maar ook die van ŉ auctoritas causativa. Dit funksioneer sodanig dat dit self die geloof tot stand bring en sodoende ook die vryheid waarbinne egte gesag pas tot gelding kom. Die opvatting van die belydenis as auctoritas causativa is nie in stryd daarmee dat die gesag van die belydenis verteenwoordig word deur kerklike ampsdraers nie. Immers die Woord Gods geskied in die huidige bedeling nie anders as in menslike ontmoeting waarin die een die ander die Woord van God toesê nie. ŉ Derglike amptelike gesagsuitoefening moet egter steeds weer teruggevoer word op Grond daarvan naamlik die Woord Gods. En as sodanig bly ŉ derglike funksionering van die kerklike leer steeds ŉ dimensie van die geskied van die Woord van God" (Wethmar 1977:261).*

## 3.4. Lidmate van die kerk

Die NG Kerk was die kerk wat gepraat het in ons land, maar dit het alles verander met die Nuwe Suid-Afrika en ons liberale demokratiese grondwet. Vandag is die NG Kerk maar net een van vele stemme, en hoekom moet daar nou juis na die kerk geluister word? Durand (2002:52) beskryf dit tereg dat die NG Kerk vir die eerste keer haarself bevind in 'n staat wat nie 'n Christelike staat is nie, maar 'n sekulêre staat wat ook daarvoor beywer dat die openbare terrein sekulêr sal wees. Dus leeg van enige godsdiens en gebaseer op 'n handves van menseregte. Die gevolg daarvan dat die staat sekulêr is, is dat dit geen voorkeur aan enige godsdiens of kerk kan gee nie. Alle godsdienste is dus gelyk in Suid-Afrika.

Die NG Kerk het nog altyd 'n bevoorregte posisie gehad in Suid-Afrika ten opsigte van die regering. Hierdie verlies van die kerk se bevoorregte posisie het 'n besliste invloed op NG lidmate gehad. Durand (2002:53) bevestig hierdie gedagte as hy sê: *"Die hele ineenstorting van die teokratiese tradisie waaruit hulle gekom het, het die gewone Afrikanerlidmaat koud gelaat."*
Hierdie gevoel onder lidmate van die NG Kerk word verder bevestig deur die verslag wat die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1998 ontvang het wat sê dat baie lidmate uiters negatief voel teenoor die nuwe bedeling in Suid-Afrika. Dinge wat veral tot hierdie negatiewe gevoel bygedra het is dinge soos misdaad en regstellende aksie (Durand 2002:54).

In 2000 het die Boetman-debat in al sy felheid losgebars. Die debat het al die woede en ontnugtering van 'n geslag middeljarige Afrikaanse lidmate vervat wat voel dat hulle deur die *"ooms"* en die leiers van die Kerk en Staat mislei en verneuk is. Dat hierdie geslag dom gehou is met 'n teologie van vrees en bewing. Baie van hierdie lidmate het die NG Kerk geen aantrekkingskrag of bekoring meer nie, want die kerk dra te veel bagasie saam met haar, en die boodskap van

die kerk is niksseggend. Baie ouer lidmate se reaksie hierteenoor is dat hulle onseker en halfverdwaas voel oor al die dinge (Muller 2002:47).

Dit is egter veral die uiters kompeterende prosesse in ons samelewing soos postmodernisme, sekularisasie en pluralisme waaraan lidmate daagliks blootgestel word wat maak dat Kerk en wêreld al hoe meer van mekaar verwyder is (Durand 2002:67). Durand (2002:67) se argument is volgens my mening reg as hy argumenteer dat die erediens vir baie van hierdie lidmate ŉ oomblik van ontsnapping bied waar hulle weg kan kom van die gesekulariseerde wêreld waarin hulle leef en werk. Dit is dan ook duidelik dat sommige eredienste uiterste klem lê op ervaring en belewing om aan hierdie lidmate se behoefte aan ervaring/belewing uiting te gee (Durand 2002:67).

Ons sien dan ook vandag dat verskeie NG gemeentes, ook onder druk van postmodernisme wat ŉ ervaringskultuur na vore gebring het, allerlei nuwe pogings in hul liturgie en prediking ingebring het om lidmate se emosies te bevredig. Die gevaar is natuurlik, as daar net aan lidmate se emosionele behoeftes aandag gegee word tydens eredienste, is lidmate nogsteeds in die duister hoe om die wêreld daarbuite aan te durf met al die misdaad, armoede en regstellende aksie in ons land (Durand 2002:67).

Daar sal dus ŉ balans in die prediking gevind moet word sodat die kop (rede) en emosies (hart) in balans sal wees.

ŉ Ondersoek wat gedoen is deur die Departement Sosiologie aan die Hugenote Kollege op Wellington het bevind dat dit nie die behoefte aan grootdoop of ander teologiese kwessies was wat vir die uittog van NG lidmate na die Apostoliese Geloofsending verantwoordelik was nie. Dit was lidmate se behoefte aan *"direkte godsdienstige belewing"* (Du Toit, Hofmeyr, Strauss, en Van der Merwe 2002:26). Veldsman (2008:2) formuleer dit soos volg: "*Om vanuit ŉ geloofsperspektief met ons menslike historisiteit as ŉ lewe coram Deo*

*(in die teenwoordigheid van God) erns te maak, skep ŉ natuurlike ruimte vir ŉ ervaringsteologie. Die wyse egter waarop hierdie ervaringsteologie behoort te ontvou, is as kritiese geloofsverantwoording."* Veldsman (2008:5) beskryf dan so ŉ ervaringsteologie dat dit van die posisie uitgaan die konkrete ervaring van mense in hulle spesifieke lewenskontekste en hulle verwoording vanuit hulle geloofsverbintenisse aan God, van hulle Godservaringe as vertekpunt neem. Veldsman (2008:5) sê dan verder: *"In ŉ ervaringsteologie sal ons dus fokus op die verwoording van eietydse ervaringe van verwondering, vreugde, lof, aanbidding, belydenis, maar ook op moedeloosheid, ontnugtering, twyfel, ontworteling, vrees."*

Geloof as ervaring wat in hierdie studie in die prediking ondersoek word, lê egter op ŉ ander vlak as Veldsman se lofwaardige teologiese benadering. Dit gaan in hierdie ondersoek op oormatige emosionele belewing wat predikers probeer opwek. Dit is dus nie meer langer die geloof nie maar die ervaring wat ŉ verhouding met en tot God waarmerk.

Daar word geoordeel dat die nuwe tendens van lidmate om te wil beleef en te ervaar nie ŉ charismatiese tendens is in die NG Kerk nie, maar ŉ evangeliese spiritualiteit (hart, emosie- spiritualiteit) wat nog altyd deel was van die NG spiritualiteit, en omdat dit onderdruk was vir jare deur die Gereformeerde spiritualiteit (kop- spiritualiteit) is dit nou weer op die voorgrond. Die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit word in diepte bespreek in hoofstuk drie van die proefskrif.

## 4. SAMEVATTING

Twee dinge staan uit wat tot dusver bespreek is:

- Eerstens is dit duidelik dat die NG Kerk en sy lidmate in ŉ ernstige identiteitskrisis is, en ŉ identiteitskrisis lei gewoonlik tot ŉ verlies aan selfvertroue, en onsekerheid oor die weg wat gevolg moet word. Dit is presies wat besig is om met die NG Kerk te gebeur. ŉ Kerk wat onseker raak oor wie hy is, is ŉ kerk wat ook onseker raak oor wat sy roeping in die samelewing is. Identiteit is dus belangrik, omdat die geloofwaardigheid van die NG Kerk ten nouste daarmee saamhang.
- Tweedens is dit duidelik, onder die invloed van sekularisasie en postmodernisme het daar ŉ kultuur van belewing/ervaring posgevat in die NG Kerk se prediking, terwyl die rasionele (kop/denke) al hoe meer onderbeklemtoon word. Ek oordeel dat hierdie spiritualiteit wat tans soveel klem lê op die belewing/ervaring van God, nie ŉ nuwe tendens is nie, maar ŉ evangeliese spiritualiteit is, wat altyd deel was van die NG Kerk se spiritualiteitserfenis.

Die vraag is dus tweeledig: Hoe kan ons ŉ balans vind in die prediking dat die verweefdheid van Skrifkennis (verstand), die ervaring/belewing van die heil in die geloof (emosies/hart), en die opwekking van die wil tot dankbaarheid effektueer word, maar ook op so ŉ wyse dat die kerk weer sy identiteit sal herontdek?

# HOOFSTUK DRIE

# DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT IN DIE NEDERDUITSE-GEREFORMEERDE KERK

## 1. INLEIDING

In hoofstuk een is gestel dat die NG Kerk tans in ŉ ernstige identiteitskrisis is as gevolg van die veranderde politieke situasie na 1994, en ook gebeure binne die NG Kerk wat bygedra het tot haar huidige identiteitskrisis. Daar is verder aangedui dat lidmate uiters negatief is teenoor die Nuwe Suid-Afrika. Dinge wat hiertoe meegewerk het is: maatskaplike behoeftes; verlies aan politieke mag; regstellende aksie; en misdaad, maar ook prosesse in die samelewing, soos sekularisasie en postmodernisme wat ŉ kultuur van belewing/ervaring laat posvat het in die NG Kerk se prediking, terwyl die rasionele (kop/denke) al hoe meer verwaarloos is (vgl. ook Durand 2005). Daar is verder aangedui dat hierdie ervaring/belewing spiritualiteit nie ŉ nuwe tendens is nie, maar ŉ evangelies gereformeerde spiritualiteit is wat nog altyd deel was van die NG Kerk se spiritualiteitserfenis, wat egter lank onderdruk was deur ŉ meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit (kop/denke) in die prediking.

Daarom word daar in hierdie hoofstuk agtergrond gegee oor hoe die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit (bevindelike) deel van die NG Kerk se spiritualiteitserfenis geword het tesame met die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit en hoe dit gebeur het in die NG Kerk dat die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit vir lank onderdruk is deur ŉ meer ortodokse gereformeerde spiritualiteit (kop/denke), sodat die evangelies gereformeerde spiritualiteit tans soveel klem kry. Voordat dit gedoen word, word daar eers ŉ definisie gee van die woord spiritualiteit.

# 2. DEFINISIE VAN DIE WOOORD SPIRITUALITEIT

Die begrip *"spiritualiteit"* is vandag 'n saak wat baie bespreek word, en die betekenis wat daaraan geheg word is nie altyd sonder meer duidelik nie omdat dit nie altyd in dieselfde sin gebruik word nie. Daar kan in die algemeen gesê word dat spiritualiteit na die geestelike lewe van die mens in die verhouding tot God verwys (Jonker 1989:288). Jonker (1989:288) wys daarop dat die woord in die Franse en Engelse literatuur (eers in Rooms-Katolieke kringe maar later onder Protestante) in gebruik gekom het as 'n omvattende aanduiding van die beoefening van die omgang met God in gebed, meditasie, geestelike dissipline en 'n geheiligde lewenswandel. Jonker (1989:288) wys dan tereg daarop dat spiritualiteit eintlik net 'n nuwe woord is vir 'n ou en bekende saak wat ons vroom, vroomheid, godvresenheid of godsvrug genoem het, en wat in die NAV meestal met toewyding of diens aan God weergegee word. Dit kan gesien word as weergawe van die Griekse woord *eusebia* wat in die Nuwe Testament gebruik word in die sin van godvresenheid, eerbied vir God en die aanduiding is van 'n spesifieke manier van lewe wat uit die gebed voortvloei en in die daaglikse lewe tot uiting kom (Jonker 1989:288). Die Latynse ekwivalent *piëtas* verwys na innerlike ingesteltheid van die godvresende mens in sy eerbied en liefde vir God, sy belewing van gemeenskap en diens aan God (Jonker 1989:288). As ons dan 'n definisie van spiritualiteit moet gee, dan beskryf Ruhbach (1977:115) dit as die vormgewing van die geloof in die alledaagse lewe. In die woorde van Luther sou 'n mens kon sê, spiritualiteit is die lewe *coram Deo* voor die aangesig van die lewende God in die wêreld (vgl. Bakker 1956). Ons kan spiritualiteit ook weergee as: geloofsbelewing, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk (Jonker 1989:288).

## 2.1. Tipes Spiritualiteit

Spiritualiteit is egter nie net iets wat bestaan tussen die individu en sy verhouding tot God nie. Hierdie persoonlike omgang van die individu met God

is altyd ingewortel in die vroomheid van die gemeenskap van die gelowiges waartoe die enkeling behoort. Binne die geloofsgemeenskap met andere word die persoonlike vroomheid dan juis gevorm, gevoed en gestempel, omdat die enkeling met sy vroomheid binne 'n bepaalde geloofs-en ervaringstradisie lewe. Daar is dus 'n innige verband tussen spiritualiteit (geloofsbelewing) en belydenis (geloofsverstaan) binne 'n geloofsgemeenskap (Jonker 1989:289; vgl. ook Dingemans 1986:171).

Daarom is dit te verstane dat daar binne die Christendom groot verskille in die tipes spiritualiteit voorkom soos dit binne die verskillende kerklike, konfessionele en geestelike tradisies bestaan (Jonker 1989:289). 'n Ander belangrike aspek van spiritualiteit, is dat dit soos alles wat menslik is ook blootgestel word aan kulturele, maatskaplike en teologiese faktore wat dit beïnvloed (Jonker 1989:289). Daarom sê Jonker (1989:289) tereg: *"Die persoonlike vroomheid van die enkeling word noodwendig gestempel deur die tradisie en geestelike klimaat waarbinne hy adem, asook deur allerlei ander invloede wat met die historiese situasie en die uitdaging van 'n spesifieke tyd te make het."*

Spiritualiteit is dus nie 'n konstante onveranderlike saak nie, maar verander soos dit blootgstel word aan veranderinge in kulturele, maatskaplike en teologiese faktore wat spiritualiteit beïnvloed.

In hierdie studie gaan dit oor die twee basiese spiritualiteitstroming in die NG Kerk, naamlik 'n meer evangelies gereformeerde en 'n meer ortodoks gereformeerde inslag.

# 3. AGTERGROND VAN DIE ONSTAAN VAN DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT EN DIE TWEE STROME IN DIE NG KERK

## 3.1. Die Nadere Reformasie in Nederland

Om die onstaan en ontwikkeling van die meer evangelies gereformeerde tradisie te verstaan, soos dit ook ŉ plek in die NG Kerk se spiritualiteit gekry het, is dit belangrik om te besef dat die Nadere Reformasie nie maar net vanuit die lug op die Nederlandse Kerk en volk neergedaal het nie.

Van der Watt (1979:44) toon aan dat die kerklike godsdienstige toestand van Nederland gedurende die tydperk 1750-1850 deurgaans ŉ negatiewe tendensie vertoon ten opsigte van teologie, kerk en geloofslewe deurdat eers die rasionalisme en daarna die liberalisme sterker die botoon gevoer het. Van der Watt (1979:44) wys verder daarop dat daar in hierdie tydperk (1750-1850) ŉ vrysinnige klimaat is geskep is en menige kansel is gevul met manne wat vir ŉ groot deel die evangeliese leer verwerp het; die kenmerkende leerstukke van die kerk is nie meer geglo nie of is afgewater; en ŉ rasionalistiese gees het voortgekom uit die prediking van die tyd. Van der Watt (1979:44) wys dan ook op die gevolge van hierdie toedrag van sake, naamlik dat die godsdienstige lewe in die gemeentes lou was; godsdiens was vir baie slegs ŉ saak van Sondag; bekering het ŉ verouderde woord geword en verder is die geloof gesien as die verstandelike instemming met ŉ paar godsdienstige waarhede.

As reaksie teen hierdie rasionalistiese en liberale tydsgees het die Réveil op Nederlandse bodem onstaan, wat ŉ kragtige herlewing van die geestelike lewe teweeggebring het (Van der Watt 1979:45 vgl. ook Du Toit 1977:217). Die Réveil het die klem laat val op die innerlike geloofslewe en daarby op ŉ ware Christelike lewe of praktiese Christendom, soos hulle dit genoem het. Dit is dan

ook opmerklik dat tydens die Réveil het dogmatiese en kerkregtelike sake minder belangstelling gewek, want die opset was om die **ortodokse leer** aan te vul met die regte lewe. In die jare 1845-1854 hetdie Réveil vorm gekry in die vergadering van *Christelijke Vrienden* wie se samekomste in Amsterdam en elders baie bygedra het om die vlam van godsdienstige ywer brandend te hou in 'n tyd van koue rasionalisme (Van der Watt 1979:46 vgl. ook Du Toit 1977:225). Aktiwiteite wat die Réveil veral beklemtoon het was intensiewe Bybelstudie en 'n innige gebedslewe, die oprigting van Sondagskole, evangelisasiearbeid en Christelike barmhartigheidsdienste (Van der Watt 1979:45-46).

## 3.2. Die Ortodoksie

'n Belangrike agtergrondsaspek waarteen die Nadere Reformasie bekyk moet word, is die van die Ortodoksie. Die tydperk tussen die Reformasie en die 18de eeuse *Aufkläring* ( Hofmeyr 1989:17, vgl. ook Viljoen 1985:130) of Verligting word gewoonlik aangedui as die sogenaamde konfessionele tyd. Die aksent het in hierdie tyd grotendeels geval op die suiwerheid van die leer, en vandaar dan ook die algemene term waarmee dit beskryf word, naamlik die Ortodoksie (Hofmeyr 1989:17). Histories gesien lê die begin van hierdie stroming ongeveer teen die tweede helfte van die 16de eeu. Die aanvaarding van die *Formula Concordiae* in 1577 het die ontwikkeling van die reformatoriese leer binne die Lutherse kerke tot afsluiting gekom (Hofmeyr 1989:18, vgl. ook Viljoen 1985:118). Dieselfde kan ook gesê word van die Dordtse Sinode (1618-1619) ten opsigte van die leerontwikkeling binne die Gereformeerde kerke (Hofmeyr 1989: 18 vgl. ook Viljoen 1985:118). Die periode wat hierna gevolg het, vind daar in albei van hierdie kerklike groeperinge 'n meer verstandelike besinning oor en redevoerende uitbouing van die leer van die reformasie aangetref (Hofmeyr 1989:18). Schulze (1978:233) merk dan ook op dat daar nou 'n nuwe tipe Skolastiek sy verskyning maak, naamlik 'n Skolastiek wat in sy streng sistematiek en logiese redenering vergelyk kan word met die van die laat

Middeleeue. Volgens (Schulze 1978:233 kom daar nou ŉ tipe verstarring, ŉ soort vaslê van die leer na vore. In elke kerk gaan dit nou om die suiwerheid van die eie leer en die handhawing van die eie belydenisse (Schulze 1978:233).

Wanneer mens oordeel oor die Ortodoksie en die vaslegging van die leer en verstandelike besinning oor die geloof was hierdie ontwikkeling in die geloof ook nodig gewees, en moet dit veral gesien word teen die agtergrond waartydens dit plaasgevind het.

### 3.3. Piëtisme

In die aard en ontwikkeling van die Nadere Reformasie moet ons ook kyk na die Piëtisme. Die tydperk na die Dordtse Sinode (1618/19) word in die kerkgeskiedenis deurgaans as ŉ periode van kerklike verval beskou (Meijer 1995:1). Uit verskeie oorde en op verskillende maniere het verset teen hierdie verval begin groei. Die Nadere Reformasie of Piëtisme was ŉ beweging wat hom in besonder op voortgaande hervorming toegelê het (Meijer 1995:1). Die invloed van die Piëtisme was geweldig gewees. Vanaf die middel van die 18de eeu is daar reeds aanduidings van hoe literatuur uit die dampkring van die Nadere Reformasie in die NG Kerk gebruik is, byvoorbeeld die katkisasieboek van Hellenbroek asook die bediening van Ds. JF Bode (1750), Ds. Helperus Ritzema van Lier (1790), en Ds. MC Vos wat ŉ uitgesproke piëtis was (Saayman 2006:1, vgl. ook Schoeman 1995:169). Die Nederlandse Piëtisme was onder die gelowiges in Suid-Afrika werksaam gewees tot diep in die negentiende eeu. H.D.A. du Toit dui in sy proefskrif die periode 1750-1800 aan as prediking aan die Kaap onder invloed van die piëtisme (vgl. du Toit 1947). Hierdie invloed het natuurlik onstaan as ŉ reaksie op die formaliteit, rasionalisme en verwêreldliking wat ingetree het in die NG Kerk, en het die klem laat val op die gevoel, die innerlike geestestoestand van die gelowige en ŉ mistieke belewing van die geloof. Dit is veral ook gekenmerk deur privaat

byeenkomste of 'konventikels' (Schoeman 1995:168-169). Die piëtistiese Louis van Dijk, wat op Roodezand (Tulbagh) as sieketrooster en onderwyser gewerk het, kon in 1743 reeds aan die Kaap 'n klankbodem vir sy prediking vind. Sy kollega H.H. van der Veen het in 1751 selfs 'konventikels' gehou buite die kerkdienste om, tot groot onsteltenis van die kerkraad (Schoeman 1995:169). Hierdie tipiese kerksiening van die piëtisme het die wese van die gemeente as gemeenskap van gelowiges binne die gereformeerde verbondsteologie aangetas en versplinter.

Die negatiewe invloed van die piëtisme en hierdie soort evangelistiese godsdiens in 'n gelowige, intelligente en verbeeldingryke mens se lewe in Suid-Afrika, merk 'n mens in die tekste van die dagboek van Susanna Smit (vgl. Schoeman 1995; Landman 1994:60-76). As meisie van dertien moes sy onder druk van haar ma met Erasmus Smit trou wat een-en-twintig jaar ouer as sy was (vgl. Schoeman 1995:44-53). Dit was vir haar 'n diep ongelukkige huwelik (Landman 1994:65). 'n Ingrypende gebeure in haar lewe was die dood van haar seun Salomon tydens die trek na die noorde (Schoeman 1995:99). Sy het diepe religieuse worstelinge hieroor gehad. Haar godsdienstige bronne waaruit sy haar geloof moes vorm, was slegs piëtistiese literatuur (Schoeman 1995:169, 174-175; Landman 1994:66). Hierdie soort godsdiens het die middelpunt van haar lewe gevorm. Haar worsteling was met vrae of haar seun gered is en of hy verlos is. Sy het drome en visioene gehad en visioene soos dat haar seun in die hel afsak met verwronge pyne op sy gesig (Landman 1994:69). Sy het 'n vrees vir die hel gehad, het God as kwaai gesien en het skuldig gevoel. Sy het 'n slegte selfbeeld gehad en haarself as 'n ellendige wurm en 'n ellendige hondjie gesien. Haar beeld van God was deur die soort godsdiens verwronge (Landman 1994:69-74).

### 3.3.1. Beoordeling van die Nadere Reformasie in Nederland

**Eerstens** is dit duidelik dat die Nadere Reformasie ŉ gereformeerde beweging was, maar in samehang daarmee lê die Nadere Reformasie ook klem op ŉ opwekkingsvroomheid (ervaringvroomheid) binne die kerk. Die beklemtoning van hierdie "ervaring van die geloof" word dus gekry uit die Nadere Reformasie (Runia 1992:88).

**Tweedens** is dit duidelik dat die Nadere Reformasie dus vasgevang was in ŉ verdeeldheid tussen ŉ besliste Calvinistiese (Gereformeerde) kerklike instelling en ŉ teleurgestelde opwekkingsvroomheid of ervaringsvroomheid.

**Laastens** sou hierdie twee rigtings van die Nadere Reformasie in Nederland, naamlik ŉ gereformeerde spiritualiteit en ŉ ervaringspiritualiteit of evangeliese gereformeerde spiritualiteit, ook ŉ gevolg wees van die Nadere Reformasie se inslag op die godsdienstige ontwikkeling van die Kerk in Suid-Afrika. Vervolgens kyk ons na die inslag van die Nadere Reformasie op die Kerk in Suid-Afrika.

## 3.4. Die inslag van die Nadere Reformasie op die Kerk in Suid-Afrika

Dit is belangrik om daarop te let dat met die volksplanting van die blankes aan die Kaap het die vroeë Nederlandse nedersetters wat hulle kerklike opdragte en voorskrifte direk van die klassis van Amsterdam ontvang het, die patroon van die Gereformeerde Kerk van Nederland feitlik net so oorgeplaas het op die nuwe Kerk ( Hofmeyr 1989:48, vgl. ook Marais & Hofmeyr 1985:269). Die Nederlandse Statebybel het ook kort vantevore finaal die lig gesien en in die veertigerjare van die 17de eeu is die Heidelbergse Kategismus reeds redelik algemeen in Nederland gebruik. Uit van die vroeëre berigte oor godsdiensbeoefening aan die Kaap het dit geblyk dat die Statevertaling tesame met leerboeke vir kategetiese onderrig ook by die nuwe verversingspos gebruik

is (Hofmeyr 1989:48). Die Kaapse Kerk het die moederkerk in Nederland sterk nagevolg, en die rede daarvoor was dat die Kaapse Kerk vir al sy besluite verantwoording moes doen aan die klassis van Amsterdam (Hofmeyr 1989:49, vgl ook. Marais & Hofmeyr 1985:269). Dit is ook belangrik om daarop te wys dat die Kaapse Kerk met doelgerigtheid opgetree het om die positiewe piëtistiese verskynsels wat teen die helfte van die 18de eeu aan die Kaap voorgekom het te stop. Siekebesoekers soos Willem Raassel en Louis van Dijk wat die konventikelgees en gedagte voorgestaan het (Schoeman 1995:169), het buite hulle regte opgetree en moes daarom ook voor die kerkraad daaroor verantwoording doen. Hulle is dan ook deur die plaaslike leraars, te wete di. Le Seuer en Meiring by die klassis van Amsterdam daaroor aangekla, en daarna het hulle nie langer as siekebesoekers aan die Kaap opgetree nie (Hofmeyr 1989:49, Marais & Hofmeyr 1985:271).

Die Kaapse Kerk het vanweë sy besondere verhouding ook nie losgestaan van wat in Nederland gebeur het nie, en gevolglik is die kerklik-godsdienstige lewe aan die Kaap daardeur beïnvloed. Dit het dan ook gebeur dat die dorre intellektualisme van die Verligting oorgedra is op kerklike terrein en prediking. As gevolg van die rasionalisme en intellektualisme is die prediking verskraal tot lang uitgerekte en dorre intellektualistiese leerredes (Hofmeyr 1989:52). Hofmeyr (1989:53) wys dan ook daarop dat die analitiese preekvorm sou vir 'n periode van meer as twee eeue die mees algemene patroon in die Gereformeerde Kerk aan die Kaap wees. Die metode lê groot klem op die teksgebondenheid van die preek en die verklaring en ontleding van die teks met uiteindelik heel beperkte toepassing daarby (Hofmeyr 1989:53). Hofmeyr (1989:52) is dan absoluut reg in sy opmerking oor die prediking in hierdie tyd as hy sê: *"Die prediking het klaarblyklik meer tot die rede as tot die gevoel gespreek, meer tot die hoof as tot die hart."*

Dat daar ŉ behoefte aan ŉ warmer, gevoelsmatige en meer lewendige geloofslewe was, is duidelik (vgl. Kritzinger 2005:77). Dit is teen hierdie agtergrond dat die Gereformeerde Piëtisme van Nederland veld gewen het in Suid-Afrika, wat gelei het tot die vestiging van die meer evangelies gereformeerde tradisie in die spiritualiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vgl. Conway 1981:2).

## 3.5. Die inslag van die Nadere Reformasie op die Kerk in Suid-Afrika en die invloede wat daartoe gelei het dat die meer evangeliese tradisie in die prediking en tradisie van die NG Kerk gevestig geraak het

### 3.5.1. Metodistiese invloede in die NG Kerk (Strewersvereniging)

John Wesley(1703-1791), die vader van die Metodisme was saam met Charles Wesley (1707-1788) en George Whitfield (1714-1770) pioniers van die Metodisme (Du Toit 1977:142-147, vgl. ook Viljoen 1985:140). Na John Wesley se bekering was hy ontevrede met die geestelike doodsheid van die staatskerk en ander kerke in Engeland. Wesley het daarom ywerig begin werk om die geestelike lewe aan te wakker, en dit het hy gedoen deur verenigings buite die kerk te stig. Die doel van sulke verenigings is deur Wesley so omskrywe: *"Geselskappe van mense wat die gedaante het en die krag soek van die godsaligheid, verbonde om saam te bid, die woord van vermaning te ontvang en oor mekaar in liefde te waak, sodat hulle mekaar mag help om hulle saligheid uit te werk"* (Du Toit 1977:244).

Hierdie tipe Metodistiese invloede het in die NG Kerk ingekom deur die totstandkoming van die eerste Christelike Strewerstak (CSV) in Suid-Afrika wat deur Anna Bliss in 1887 gestig is (NG Kerk *350* 2002:132).

Die CSV was een van die belangrikste kerkverenigings in die bediening van studente, terwyl die Kerkjeugvereniging veral werkende jongmense as

teikengroep gehad het, met skoliere en studente wat by die CSV ingeskakel het. Die doel van die verenigings was die bevordering van ŉ ernstige Christelike lewe, om kinders vir Christus te wen, wat ŉ duidelike evangeliese karakter ingedra het in die NG Kerk, en daarom was dit ŉ hartseerdag toe die CSV in Januarie 1965 ontbind het (NG Kerk 350 2002:133).
Ongelukkig moet ŉ mens ook krities sê dat die CSV geen belydenis gehad het nie, en die rede was waarskynlik dat jongmense van alle evangeliese kerkgenootskappe vrylik as lede kon toetree. Dit is hier waar die Metodisme gevaarlik was as ŉ vereniging om die NG Kerk te help tot die opbloei van nuwe warmer lewe- Hulle wou dit doen sonder ŉ bepaalde belydenis- terwyl die kerk van alle eeue dit sonder ŉ belydenis nie kon regkry nie (Du Toit 1977:261).
ŉ Laaste punt van kritiek is onder invloed van die Metodisme was daar ook ŉ sterk Arminiaanse neiging. Na bekering het die bekeerling nodig gehad om deur Christelike werksaamhede daardie warm gevoel van die bekering nog "warmer" te laat word. Dit is tipies Arminiaans (Du Toit 1977:269).
ŉ Mens moet egter positief oordeel oor die belangrike bydrae wat die Metodisme in die vorm van die Christelike Strewersvereniging bygedra het tot die meer evangelies gereformeerde karakter in die NG Kerk.

### 3.5.2. Die Réveil

Tussen 1830 en 1855 het ŉ geestelike beweging plaasgevind in Nederland, bekend as die Réveil en oral oor ŉ kragtige oplewing van die geestelike lewe teweeggebring het (Van der Watt 1988:250; Van der Watt 1979:45 en Du Toit 1977:218). Die Réveil het veral klem gelê op die innerlike geloofslewe. Die Réveil was ŉ reaksie teen die toenemende ongodsdienstigheid in die kerke, en baie opmerklik was dit dat dogmatiese en kerkregtelike sake minder belangstelling gewek het, want die oogmerk was om die ortodokse leer aan te vul met die regte manier van lewe (Van der Watt 1988:250 vgl. ook Van der Watt 1979: 45).

In Nederland was dit manne soos Willem Bilderdijk, Isac da Costa (Du Toit 1977:219), Abraham Capadose (Van der Watt 1988:250) en Groen van Prinsteren wat hierdie groot klem op die geloof, die bekering en die lewensheiliging beklemtoon het. Dit is dan ook onder hierdie manne se invloed dat die studente aan die Universiteit van Utrecht in 1844 'n vereniging gestig het met die naam *Secor Dabar*, waarvan die hoofdoel was om geheel in die gees van die Réveil die persoonlike bekering en die persoonlike ervaring van God se genade in Christus op die voorgrond te stel wat dan met 'n ongekende ywer in die vrome praktiese lewe gerealiseer het. Kenmerkend sterk was die ervaring, of gevoelsaspek in die godsdienstige lewe wat uitgekom het in die hou van godsdienstige byeenkomste (Van der Watt 1979:46 en Van der Watt 1988:250). Dit was in hierdie tydperk toe die Réveil hom so sterk laat geld het, dat 'n aantal jong Afrikaners, wat hulle vir die beroep van predikant wou bekwaam, aan die Universiteit van Utrecht gaan studeer het, en daar het hulle ook lede van *Secor Dabar* geword het. Die invloed van die Réveil op hierdie Afrikaanse studente moet nie onderskat word nie, en heelparty manne soos John en Andrew Murray, Servaas en N.J. Hofmeyr, J.H. Neethling en ander wat in die jare 1845-1854 aan Utrecht studeer het, het later geestelike leiers in die NG Kerk geword en die positiewe gees van herlewing op die NG Kerk oorgedra (Van der Watt 1979:53 en Van der Watt 1988:250).

Van der Watt (1988:251) is reg as hy argumenteer, dat alhoewel die studente nie baie in getal was nie, het hulle beslis daartoe bygedra om die NG Kerk onder invloed van die Réveil eienskappe op 'n bepaalde positiewe koers te lei. Veral het twee besondere Réveil eienskappe in die tweede helfte van die negentiende eeu in die NG Kerk na vore getree:

- Eerstens was daar by hierdie Réveil-predikante 'n voortdurende soeke na 'n vernuwing van die geestelike lewe. Dit is gedoen langs die weg van opwekkingsdienste. Tydens hierdie dienste het die oorbeklemtoning van

die gevoel of ervaring dan ook plaasgevind (Van der Watt 1988:251, vgl. ook Du Toit, Hofmeyr, Strauss, Van der Merwe 2002:11).

- Tweedens is 'n innige gebedslewe beklemtoon. Gebed en dan veral die openbare gebed is veral beklemtoon in die godsdienstige lewe. Gedurende die herlewingsjare (1860-1862) het die bidure 'n stroomversnelling ondervind en was dit nie alleen 'n belangrike faktor in die geestelike herlewing wat plaasgevind het nie, maar die herlewing wat plaasgevind het, het daartoe bygedra dat gebed 'n vaste plek gekry het in die weeklikse biduur, asook in die jaarlikse Pinksterbidure in die NG Kerk (Van der Watt 1988:252, vgl. ook Du Toit, Hofmeyr, Strauss, Van der Merwe 2002:10).

### 3.5.3. Die herlewings van 1860 tot 1862

Die Hervorming van die sestiende eeu, wat daarvoor verantwoordelik was vir die onstaan van die Protestantse kerke met 'n nuwe aard en karakter, was kenmerkend van 'n herlewingsgolf in 'n gebroke wêreld waar die kerk voortdurend blootgestel word aan verstarring, dwaling en ageruitgang van die geestelike lewe (NG Kerk 350 2002:120).
'n Soortgelyke golf van vernuwing het vanaf 1860 tot 1862 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk beweeg en 'n blywende verandering (positief) in sy aard veroorsaak. Hierdeur het die NG Kerk 'n definitiewe evangelies gereformeerde stempel bygekry, wat dit onderskei van die ander twee gereformeerde susterkerke, wat in 1853 en 1859 gestig is (NG Kerk 350 2002:120).

**Pinksterbidure begin**. In 1861, op Pinkstersondag, het daar 'n ingrypende gebeurtenis in die gemeente Paarl plaasgevind wat as die hoogtepunt van die herlewings beskou kan word, en wat 'n blywende invloed op die NG Kerk sou hê. Gedurende die tien dae na Hemelvaartdag, van 9 tot 19 Mei, het verskeie gebedsgroepe wat in die gemeente van Paarl bestaan het, gebid om 'n herlewing

en die werking van die Heilige Gees, soos met die oorspronklike Pinkster gebeure. By die oggenddiens van 19 Mei 1861 het die plaaslike leraar, Ds. GWA Van der Lingen gepreek oor die gawes van die Gees na aanleiding van die belofte van Lukas 24:49. Ds. Van der Lingen het dan ook ernstig gebid vir die vervulling van die belofte (vgl. ook Van der Watt 1988:244). Gedurende die middag byeenkoms het Ds. Van der Lingen ŉ visioen van Christus gesien wat hy as ŉ openbaring van God ervaar het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat daar in die gemeente ŉ groot oplewing in toewyding tot die Here was en daar is besluit om jaarliks Pinkster op dieselfde wyse te vier. Die gebruik het na ander gemeentes versprei en was daarvoor verantwoordelik dat Pinksterbidure vandag in die NG Kerk aanvaar word (NG Kerk 350 2002:120 en vgl. ook Van der Watt 1988:245).

Wanneer ŉ mens die gebeure van 19 Mei 1861 beoordeel, dan kan dit beslis nie in isolasie gesien word nie (NG Kerk 350 2002:120). Dit was deel van ŉ golf van herlewing in Suid-Afrika wat vanaf 1860 oorgespoel het van Amerika, Kanada, Ierland, Wallis, Engeland en Skotland (Meiring 1977:64). Die verlange na herlewing was by talle prominente predikante van die NG Kerk aanwesig gewees. Daar is in kerkblaaie en by byeenkomste ernstig gevra vir herlewing dwarsoor Suid-Afrika. Reeds in 1842 het verskeie interkerklike bidure en konferensies gelei tot die stigting van *Het Zuid- Afrikaansch Evangelisch Verbond* (die latere Evangeliese Alliansie). Die interkerklike alliansie wou ŉ geestelike herlewing hê en het met die doel hiervoor ŉ konferensie vir 18 en 19 April 1860 in Worcester beplan. Tydens die konferensie het Dr. William Robertson ŉ referaat gelewer oor *"Herlevingen"* en daar is inligting verstrek oor *"Revivals"* in die VSA ( NG Kerk 350 2002:120, vgl. ook Meiring 1977:64). Op die konferensie is daar geweldig baie vir herlewing gebid. Net na na die konferensie in Worcester het herlewings op verskillende plekke gebeur en tot buite die grense van die Kaapkolonie uitgekring (NG Kerk 350 2002:120). Daar

moet vermeld word dat die herlewings oor die algemeen 'n emosionele inslag gehad het. Die emosionele kenmerke van die herlewing het gepaard gegaan met gebed, skuldbelydenisse met trane, asook kreune en uitroepe, en selfs mense wat in floute neergeval het. Die algemene gevoel onder kerkleiers was dat dit die werk van die Heilige Gees was. Die Kaapse sinode van 1862 het die gebeure indringend bespreek, en tot die gevolgtrekking gekom dat die herlewings *"een heerlijk werk des Heiligen Geestes, tot redding van Zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus"* was (NG Kerk 350 2002:120).

Die jare 1860-1862 was die hoogtepunt van die herlewing, en daarna het die belangstelling en ywer geleidelik begin afneem (Van der Watt 1988:246). In 1874 was daar egter 'n merkwaardige geestelike herlewing in Amerika en Engeland waar manne soos D.L. Moody en I.D. Sankey as die voorgangers opgetree het. Die nuus van hierdie herlewing het in Suid-Afrika opnuut die verlange na 'n herlewing gestimuleer. Mettertyd is daar dan ook berigte en verslae van helewing in Swellendam, Montagu, Kaapstad, Stellenbosch en tot so ver as Soutpansberg (Van der Watt 1988:246).

'n Verskynsel wat hom kom tuismaak het in die kerklike lewe van die NG Kerk, soos dit ook gebeur het in die buiteland was die gebruik van **herlewingsliedere.** Die geestelike liedere, bekend as *De Kinderharp* het ongeveer 1863 in druk verskyn. Dit is 'n versameling liedere wat afkomstig is uit verskillende liedere bundels, onder andere ook die van Sankey en is deur ds. Charles Murray (Graaff-Reinet) versamel en vertaal. Die vertaling van hierdie geestelike liedere is gedoen sonder dat die kerk dit beveel het, maar mettertyd is die bundel geestelike liedere deur meer en meer gemeentes gebruik en veral tydens kinderdienste, in Sondagskole en by Pinksterbidure (Van der Watt 1988:246-247).

ŉ Laaste verskynsel was die besluit van die Kaapse Sinode in 1876 om ŉ Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking te benoem, wat baie daartoe bygedra het om die gedagte van herlewing in die NG Kerk brandend te hou (Van der Watt 1988:247). Die kommissie het van die dienste van ds. Andrew Murray (Wellington) en dr. Servaas Hofmeyr van Montagu gebruik gemaak. Dit was nie net Murray en Hofmeyr nie, maar ook ander predikante het mettertyd hierdie spesiale dienste gehou. Volgens verslae wat voor kerkvergaderinge gelees is, het daar groot seën op hierdie spesiale evangelieprediking gerus. In die laaste jare van die vorige eeu (18de tot 19de eeu) is daar dan ook sporadies berigte van geestelike herlewings in baie gemeentes as gevolg van hierdie dienste. Ook selfs na die Anglo-Boereoorlog word van soortgelyke godsdienstige gebeure verneem in gemeentes soos Potchefstroom, Langlaagte, Klerksdorp en Bethal (Van der Watt 1988:247).

**ŉ Evangeliese stempel**. Die herlewings wat plaasgevind het van 1860 tot 1862 en die wat vanaf 1874 gevolg het, het ŉ blywende invloed op die NG Kerk gehad en het ŉ groot bydrae gelewer tot die meer evangelies gereformeerde karakter van die kerk (NG Kerk 350 2002:120). Dit het die volgende positiewe gevolge gehad:

- Dit het ŉ aktiewe gebedslewe beklemtoon. Gebedsgroepe en gereelde bidure en sendingbidure het ŉ instelling geword. Bybelstudie en huisgodsdiens is aangemoedig (NG Kerk 350 2002: 120).
- Die Pinksterbidure wat plaasgevind het tien dae voor Pinkstersondag, het ŉ algemene gebruik in die NG Kerk geword (NG Kerk 350 2002:120).
- Die herlewings het gedien as ŉ verskansing/teenvoeter teen die invloed van rasionalisme en liberalisme. Die herlewings het verder ŉ kragtige geloofslewe, persoonlike vroomheid, en die aanvaarding van die sentrale geloofswaarhede van die Skrif beklemtoon (NG Kerk 350 2002:120).

- Die herlewings het bygedra tot die sendingbetrokkenheid van die NG Kerk, selfs tot buite die grense van die Kaapkolonie. Die herlewings het die sendingbetrokkenheid gestimuleer en bevorder. (NG Kerk 350 2002:121).
- Die herlewings het die prediking van die NG Kerk positief beïnvloed. Onder invloed van die herlewing is meer klem gelê op bekering, verlossing, en heiligmaking. Die besluit van die Kaapse Sinode in 1876 om 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking te benoem, het tot verdere geestelike herlewings gelei het (NG Kerk 350 2002:121). Van der Watt (1988:247) argumenteer dat NG Kerk het in hierdie jare in meer as een opsig gestaan het in die teken van spesiale evangelieprediking en konferensies tot die verdieping van die geestelike lewe. Van der Watt (1988:247) sê dan verder: *"Die herlewing het beslis vir die kansel veel goeds meegebring. Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu het die prediking in gebreke gebly om die hoorders tot sekerheid van hul geloof te voer. Nou was daar 'n nuwe klank: nie alleen is veel nadruk gelê op geloofsekerheid nie, maar die leerstuk van heiligmaking geniet groter aandag."* Die gevolge hiervan was beslis dat daar 'n innige warme vroomheid in die godsdienstige lewe gekom het, 'n meer evangelies gereformeerde inslag, wat 'n karaktertrek van die NG Kerk se prediking geword het (Van der Watt 1988:247). Die prediking in die NG Kerk het hierna 'n sterk evangelies gereformeerde karakter vertoon.
- Die herlewings het ook die kerksang beïnvloed deur evangeliese liedere te bevorder en die kerk voor te berei vir die sing van evangeliese gesange, wat aan die NG Kerk 'n eiesoortige liturgiese karakter gegee het (NG Kerk 350 2002:121).

### 3.5.4. Andrew Murray

Andrew Murray was so ŉ belangrike persoon wat bygedra het tot die vestiging van ŉ meer evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk, dat ek hom afsonderlik hier bespreek. Andrew Murray se bydrae tot die vestiging van die meer evangelies gereformeerde tradisie kan soos volg opgesom word: gebed, heiligheid en evangelisasie. Dit was die sake wat soos ŉ brandende vuur vir meer as sestig jaar in hom gebrand het, en daarom sal dit ons pas om na te gaan wat Andrew Murray in die verband wou geleer het (vgl. Basson 1990).

**Voorbidding.**

Vir Andrew Murray was gebed die overvangbare voorwaarde vir alles wat God op aarde tot stand wil bring. Dit was Andrew Murray se *Credo.* Gebed was die goue draad wat deur sy eie lewe geloop het. In biddende houding is Andrew Murray dan ook oorlede (Conradie 1951:143).

Du Plessis (1920:371) vermeld dan verder dat Andrew Murray elke onderneming of planne wat die kerk wou doen, ondergeskik gestel het aan gebed. Daarom kon Murray ook prakties voorskrifte in verband met gebed kon gee. In 1883 stig Andrew Murray dan ook *de Bijbel en Bidvereniging* (Du Plessis 1920:371). Die belangrikste doel van die vereniging was om die lede van die kerk aan te moedig tot gereelde, daaglikse Bybellees en gebed. Vir Murray was biddeloosheid ŉ sonde. Vir Murray was dit ŉ verontagsaming van die bevel om te bid en dit verag die bron van genade wat van ons besit wil neem. Gebed was die passie van Andrew Murray se lewe, en terwyl hy die diepte van gebed probeer peil het, het hy geen voorwaardes daarvoor gestel nie. Slegs dat mense sal aanhou met gebed (Conradie 1951:143-144, vgl. ook Du Plessis 1920:372-373).

**Heiligheid**.

In die 1906 tydens die besoek van dr. John R. Mott aan Suid-Afrika, is dr. Andrew Murray gevra om by 'n vergadering in Kaapstad die seën uit te spreek. Nadat die seën uitgespreek was, het dr. Mott sy hande saamgeslaan en aan dr. Gerdener gesê dat sy reis na Afrika nie verniet was nie, al was dit maar net om hom die geleentheid te gebied het om daardie seën so te hoor uitspreek (Conradie 1951:145).

By 'n geleentheid het Andrew Murray ds. P.H. du Plessis op die Wellingtonse stasie raakgeloop. Ds. Du Plessis het vir Murray vertel dat hy na die gemeente Benoni gaan, en dat hy graag in sy bediening evangelies wil preek en werk. *"Ja, maar dan moet jy evangelies lewe"* het Andrew Murray gesê, voordat hy die jonge broer seënend aan die Here opgedra het (Conradie 1951:145).

Andrew Murray het die heiligmaking nagejaag met sy hele hart. Dit is ook die rede dat Murray gereken kan word as waarskynlik die grootste Christelike skrywer oor heiligmaking. Dat Andrew Murray hierdie heiligheid in 'n hoë mate deelagtig geword het, is sonder twyfel. Waarskynlik is die beste bewys daarvoor dat hy sy eie sondigheid voor God erken het, en daar nooit in enige opsig 'n gees van selfverheffing by hom te bespeur was nie (Conradie 1951: 146).

**Noodsaaklikheid dat evangelie verkondig sal word**.

Andrew Murray kon heel gemaklik oor verskeie onderwerpe gesels het, maar nooit het hy afgewyk van die een sentrale gedagte, naamlik dat die evangelie van Jesus Christus verkondig moet word nie. Daarom het hy in alles 'n middel gevind om die goeie nuus te verkondig of van alles het hy 'n draer van die evangelie gemaak (Conradie 1951:147, vgl. ook Du Plessis 1920:393).

Gedurende die jare 1879 tot 1891 het Andrew Murray sy kragtige invloed met die vestiging van die meer evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk ook laat geld in die sewe evangelisasietoere wat hy in hierdie tyd onderneem

het. Andrew Murray het verder groot waarde daaraan geheg in die voorbereiding vir die byeenkomste. Predikante van gemeentes wat hy sou besoek, gee hy opdrag om volgens plan 'n verwagting by hulle gemeentes te kweek sodat hulle geestelik en sielkundig voorbereid sal wees om die boodskappe te ontvang (Conradie 1951:109).

Andrew Murray het met alle mense wat die evangelie in opregtheid en waarheid verkondig het, saamgewerk. Hy het baie bewegings wat die blye boodskap voor die mense van sy tyd gestel het, verwelkom, en daarom sy groot belangstelling vir die Vrywilliger-Beweging en die Christen-Studentevereniging (Conradie 1951:148 en vgl. ook Van der Watt 1987:271).

Dit is daarom gepas dat een van sy standbeelde hom aantoon as sittende op 'n stoel, want Murray het dan ook op 'n tydstip in sy lewe toe hy siek was, sittende gepreek. As Christus 'n werklikheid is en in Hom redding te vinde is, dan is dit die grootste boodskap wat enige mens geroepe is om te dra. Dan kan daar nie uitgestel word met die boodskap nie, want sonder Christus is daar geen redding nie. Daarom moet daar meer bekering wees en die mens moet homself die tyd gun, die behoefte-gevoel ondervind om aan te hou vra totdat God die hart verander (Conradie 1951:148-149).

Gebed, heiligheid en evangelisasie, hierdie drie kenmerke in die lewe van Andrew Murray was so verweef gewees met mekaar dat dit moeilik is om vas te stel waar die een begin en die ander ophou.

### 3.5.5. Skotse- evangeliese en teologiese invloede deur Skotse leraars in die NG Kerk

Die Skotse leraars het die volgende meer evangelies gereformeerde teologiese aksente gelê en bygedra tot die vestiging van die meer evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk. Vir die invloed van die Skotse leraars word hier veral verwys na die proefskrif van Claasen (1990) wat die invloed uitstekend uiteensit:

**Ernstige oproep tot bekering**. Die aandrang van die bekeringsbeslissing kom verskeie kere voor in die Skotte se prediking. Andrew Murray se woorde in die verband was: *"I would ask such, when is the fittest time for this matter, Now when Christ is standing and knocking for admission, or at a future period, you are sure of no future period to devote to the purpose, surely this is a concern of to great moment to be left…. When it might be now secured with certainty."* (Claasen 1990:370).

Die preke van Andrew Murray en William Robertson het gespreek van baie erns en gevoel. Claasen (1990:371) interpreteer dit reg dat Ds. Murray partykeer wanneer hy die erns van 'n situasie en die noodsaak vir inkeer wou onderstreep, dalk na die sentimentele geneig het (Claasen 1990:371).

**Solus Christus**. Claasen (1990:371) wys daarop dat William Robertson in sy prediking klem gelê het op die versoeningswerk van Jesus Christus. Christus as die gekruisigde was die middelpunt van sy prediking gewees. William Robertson se besorgdheid oor mense se ewige bestemming het hy by geleentheid so Christologies verwoord: *"I can truly profess so much affection for your souls… and so much interest in your spiritual welfare….that Christ may be formed within you, and that you thus may be Christians indeed"* (Claasen 1990:371).

Claasen (1990:372) wys dat by Robert Shand se prediking het dit weer na vore gekom dat Jesus Christus absoluut sentraal staan met betrekking tot sondevergifnis en bekering, en Jesus Christus se sterwe het hierdie weldade moontlik gemaak.

In George Thom se prediking kom dit na vore dat Christus se offerande vanuit die perspektief van die wese van sonde gesien moet word (Claasen 1990:372). Dit is dus duidelik dat die versoeningsleer wat die Skotse predikante gepredik het, die van die Westminster Confession is, naamlik die heilige God wat met die

mens deur die voldoening (satisfaksie) van Jesus Christus versoen is (Claasen 1990:373; vgl. NG Kerk 350 2002:78).

**Indringende selfondersoek en intense sondebesef**. Claasen (1990:373) wys daarop dat heelwat van William Robertson se preke ŉ sterk boete-element gehad het, hy het ook nie geskroom om die volle konsekwensies van die Goddelike oordeel oor die onverskilliges aan te dui nie. Hoe skuldiger ŉ sondaar in sy eie oë is, soveel meer rede het hy om sy toevlug tot God te neem. In een van Robertson se preke kry mens dan ook die volgende woorde: *"I pray you…to examine the state of your souls, and the value of your religious profession"* (Claasen 1990:373). Robertson het verder daarop gewys dat deur die werking van die Heilige Gees ervaar die sondaar ŉ diepgaande sondebesef. Dit lei weer tot droefheid en *"dissatisfaction with ourselves"* (Claasen 1990:374).

Volgens Andrew Murray is die aanneemlikste offer wat ŉ gelowige God kan bring, ŉ gebroke gees en verslae hart. Die Heilige Gees se verligtende werk veroorsaak hierdie gevoel in die sondaarshart van die mens (Claasen 1990:374).

Gedurende die begeleiding van sterwendes het George Thom nie geskroom om pasiënte tot ŉ beslissende selfondersoek op te roep nie. Die volgende gesprek wat Thom met ŉ pasiënt gehad het is ŉ voorbeeld hiervan: *"My dear sir, unless the wound is deeply made, you cannot value the blessed remedy: you must now look upon your sins, and number them if you can, in order that you may have accurate views of yourself; without this, Christ cannot be precious to you"* (Claasen 1990:374).

Die Skotse predikante het ŉ invloed van die Wesleyaanse denke gehad en ŉ moralistiese vorm van Metodisme in hul teologiese beskouinge gehad (NG Kerk 350 2002:78).

**Die Heilige Gees en Sy vernuwende invloed**. Claasen (1990:374) wys daarop dat William Robertson herhaaldelik in sy preke na die noodsaak van die

verligtende werk van die Heilige Gees verwys het, want alleen daardeur kom daar ware vrede in die hart van ŉ mens. Robertson het dit op die hart van sy hoorders gedruk om tot God te bid dat Hy die hardheid van hulle harte mag wegneem, hulle verstand verlig en hulle gemoed verander, want die sondaar kan nooit uit eie krag tot God kom nie. Slegs God kan deur Sy Gees die blinde oë van die sondaar oopmaak (Claasen 1990: 374).

Daar was ook ŉ sterk versugting (verlange) by die Skotse leraars dat God **Sy Gees sou uitstort** (vgl. Van der Watt 1979:151). Claasen (1990:376) toon hierdie verlange dan ook aan as hy wys wat gebeur het gedurende die Pinksterfees van 1827. Daar het Ds. Andrew Murray as teks vir die prediking Handelinge 2:1-6 geneem, en in sy preek gewys op die onverskilligheid en verflouing wat op godsdienstige terrein ingetree het. Hy het verder gewys na gebeure in die kerkgeskiedenis waartydens die kerk geestelik gefloreer het. Die rede wat Murray daarvoor gegee het was dat God Sy Gees as antwoord op die volhardende gebed van gelowiges uitgestort het. In die lig hiervan het Ds. Murray ŉ ernstige beroep op sy gemeente gedoen om vir die uitstorting van die Heilige Gees te bid ( vgl. ook Van der Watt 1979:152).
In 1836 het Robertson die ring van Swellendam ingelig dat sy gemeente gaan hulleself een aand per maand afsonder om God te smeek om seën oor die gemeente uit te stort. Gedurende die samekoms van die ring van Graaff-Reinet in 1838 het Andrew Murray voorgestel dat daar ernstig in die gemeentes om die uitstorting van die Heilige Gees gebid moet word *"ten einde er een herleving in de Godsdienst onder ons moge plaats hebben"* (Claasen 1990:376).

Die golf van herlewings, as gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees in NG gemeentes wat bygedra het tot ŉ unieke evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk, is bespreek by 3.5.3.- (Die herlewings van 1860-1862).

**Goeie werke**. George Thom het beklemtoon dat die Christelike godsdiens nie voorgestel kan word sonder goeie werke nie, omdat goeie werke die logiese gevolg van geloof in Jesus Christus is. Andrew Murray het dit gereeld beklemtoon by sy gemeentelede dat goeie werke en ware geloof onafskeidbaar is. Goeie werke is nou wel nie die grond vir die gelowige se regverdigmaking nie, maar *"they are the only infallible evidence any can have of his being in a state of reconciliation with God, and they are the only means where by one can evidence to the world that he possess true Faith"* (Claasen 1990:385-386).

**Die wet van God**. Die Skotse leraars het ook groot klem gelê op die wet van God. Veral Andrew Murray het groot klem gelê op die nakoming van God se wet. In die gelowige se stryd met die sonde moet God se wet aanvaar word *"in all its extent and spirituality and everything which it declares to be sin must not only be avoided but hold as offensive to God, and hurtful to the soul"* (Claasen 1990:386). Die plig om God se gebooie te gehoorsaam, is nie die gevolg van 'n slaafse vrees nie, maar as gevolg van 'n liefde en blymoedige dankbaarheid teenoor God. Ds. Murray se preke het soms daarvan blyke gedra dat hy die mens se gehoorsaamheid aan God se wet ten koste van God se genadige vergifnis beklemtoon het (Claasen 1990:386).

**Die Sabbat**. Die Sabbat was vir die Skotse leraars van allergrootste belang gewees. By Ds. Shand kry 'n mens dat hy geleer het dat die ontheiliging van die Here se dag die middel is om goddeloosheid, sedeloosheid en ander kwaad in die huisgesin, gemeente, stede en dorpe 'n houvas te laat kry. Die Skotse leraars wat hierdie soms oordadige klem op die Sabbat geplaas het, is beïnvloed deur die puritanisme wat die leer en lewe van die Skotse predikante beïnvloed het (Claasen 1990:103; vgl. ook Van der Watt 1979:13).
Claasen (1990:387) wys dan verder daarop dat Ds. Shand nie geskroom het om die mens wat die Sabbat ontheilig het, te veroordeel as 'n vyand van bekering

nie, iemand wat gebed verhinder en wat vroeër of later sal agterkom dat sy ontheiliging van die Sabbat die oorsaak is van die ellende en ondergang van mense. Claasen (1990:387) wys verder daarop dat Ds. Shand selfs sover gegaan het om te weier om die kinders van lidmate te doop wat hulle skuldig gemaak het aan sabbatsontheiliging.

Claasen (1990:388) wys daarop dat by William Robertson se preke het hy die geestelike karakter van die Sondag beklemtoon het, en ook praktiese wenke gegee het vir die sinvolle deurbring van die Sabbat. Dit was die volgende:

- Die lees en oordenking van die Bybel
- Christelike omgang met medegelowiges
- Die lees van godsdienstige literatuur, en
- Huisgodsdiens (Claasen 1990:388).

Ds. Robertson het selfs so ver gegaan deur beswaar by die koloniale owerheid aan te meld oor die vervoer van pos op 'n Sondae. Volgens hom het die pos net na die oggend erediens gearriveer en het dit veroorsaak dat mense die briewe op Sondae beantwoord het. Ds. John Taylor het ook baie sterk oor die heiliging van die Sabbat gevoel, en tydens die sinode van 1826 opgemerk dat die rampe en teenspoed wat Suid-Afrika toe getref het, die gevolg van sabbatsontheiliging was (Claasen 1990:389).

**Lewende gebedslewe en 'n bevindelike godsdiens.**

Ds. Robert Shand het tydens die Christelike konferensie, gehou op 18 April 1860 te Worcester die belangrikheid van bidure onderstreep. Hy beklemtoon Christus se middelaarsrol in die gebed en sê verder dat gebed sonder gehoorsaamheid aan God se gebooie, nie klop nie. Hy het ook smeking van gebed onderskei. Volgens Ds. Shand is smeking veel meer as net eenvoudige woorde (gebed) wat tot God gespreek word. Smeking

beteken om by God te pleit en by hom aan te dring om sy beloftes te laat realiseer. Bidure is volgens Shand baie belangrik, omdat dit bydra tot die

onderlinge opbou in liefde en geloof, asook die welstand en groei van die gemeente (Claasen 1990:390).

Die Skotse leraars, en dan in die besonder Di. Andrew Murray en Robertson, het ook die belangrikheid van ʼn **bevindelike** (ervaring) godsdiens benadruk, wat so ʼn unieke deel is van die evangeliese spiritualiteit. Ds. Robertson het op die absolute noodsaak vir ʼn innerlike belewing van die verhouding met Jesus Christus gewys, en gesê dat dit spesifiek ʼn intieme verhouding van ʼn veranderde en vernuwe sondaar met sy Here is. Elke persoon wat die naam van Christus dra, word geroep om *"afstand te doen van alle ongerechtigheid, en te striven naar gelijvormigheid aan het heilig beeld van Christus"* (Claasen 1990: 391-392; vgl. ook Van der Watt 1979:151).

Ds. Andrew Murray het in ʼn brief aan sy seuns in Aberdeen hulle sterk aangeraai om na aan Christus te lewe - *"The nearer you seek to live to Christ the more you may expect, through free grace, to enjoy of his protection and presence and the more you are favoured to feel of his grace in your own souls, the better you will be able to recommend that grace to others"* (Claasen 1990:392).

**Houding ten opsigte van die wêreld**

Claasen (1990:394-395) wys daarop dat die Skotse leraars ook hul stem dik gemaak het teenoor die euwels van die wêreld. Daar is byvoorbeeld gewerk teen die vermindering van kantiene in ʼn spesifieke omgewing deur Ds. Taylor en sy kerkraad, terwyl Ds. Fraser in Beaufort (Wes) oorlog teen die drankduiwel verklaar het. Op 9 Januarie 1856 het dr. William Robertson in ʼn brief aan die sekretaris van die Swellendamse *Turf Club* beswaar gemaak teen die datums van bepaalde perdewedrenne, aangesien dit naby Paasfees sou plaasvind en die fees daardeur ontheilig kon word. Robertson het ook ʼn paar jare vroeër namens sy kerkraad by die plaaslike magistraat beswaar aangeteen teen kantiene wat besigheid doen op die voorbereidingsdag vir nagmaal en

versoek dat dit gesluit bly van die Saterdagmiddag tot die Sondagmiddag na danksegging. Robertson het dit verder beklemtoon dat die ware Christelike lewe ŉ afsondering van die wêreld is. Die gelowige is nie meer deel van die wêreld nie en doen vrywillig afstand van die leë vermaak wat hy vroeër geniet het. Die gelowige keer ook nie weer daarheen terug nie (Claasen 1990:394-395, vgl. ook Du Plessis 1920:373).
Ds. George Morgan het dit as ŉ belangrike plig van ŉ leraar beskou *"to condemn vice, and recommend virtue in a serious and affectionate manner, without respect of persons and without regard to consequences"* (Claasen 1990:395). Dit is dus reg om te oordeel oor die Skotse leraars se houding teenoor die wêreldse dinge dat hulle oor die algemeen ŉ puriteinse houding ten opsigte van wêreldse plesier gehad het, en dat hulle dikwels negatief teenoor die dinge van die wêreld gestaan het. Meer as dikwels het hulle ook wêreldsvreemd teenoor ontspanning en plesier in hulle prediking gestaan (Claasen 1990:420).

Ten spyte van die onderwaardering deur die Britse regering van die koloniste, en pogings om die Nederlandse taal te verdring, het die invloei van Skotse predikante in die geheel bygedra tot die vestiging van die meer evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk. *"The moral sincerity and spiritual depth of many of these men gave impetus to the movement which had been iniated by Van Lier and Vos"* (Van der Merwe 1936:92-93).

Wanneer ŉ mens kyk na die bydrae van die Skotse leraars ten opsigte van die evangeliese tradisie in die NG Kerk, dan het die Skotse leraars voortgebou op die evangelies gereformeerdee tradisie wat alreeds voor hulle gelê is. Die rede hoekom die afleiding gemaak word, is omdat die Skotse leraars in hulle prediking voortgebou het op temas soos die soteriologie en ware bekering, ŉ beklemtoning van die bekeringservaring en die gebruik van onrustige temas soos verdoemenis en oordeel om die sondaar tot ŉ beslissing te bring. Hulle het ook

ŉ spesifieke bydrae tot die evangeliese stroming in die NG Kerk gemaak wat talle prominente teoloë tot in die twintigste eeu beïnvloed het (NG Kerk 350 2002:79).

## 3.6. Kenmerke van die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit

In die loop van die eerste deel van die twintigste eeu het hierdie stroming sterker begin vloei.

### 3.6.1. Dit gaan om God

Wesenlik vir die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit is dat dit om God gaan, en nie oor onsself nie (Jonker 1989:293). Die eer van God, die verheerliking van God, en die aanbidding en lofprysing van God staan voorop. Vandaar ook die sterk klem wat gelê word, dat die mens se hele lewe geleef word voor die aangesig van God (*Coram Deo*) (Jonker 1989:294 en vgl. ook Ferguson, Wright & Packer 1988:569).

### 3.6.2. Gods Woord en beloftes

In die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit staan die Woord sentraal tussen God en die mens, en deur die Woord praat God met die mens. Geloof onstaan en word opgebou wanneer ŉ mens God se beloftes in sy Woord hoor en daarop vertrou vir jou eie lewe. Die vertroue op sy beloftes kan gedoen word omdat God betroubaar is (Immink 2003:37-42). Die Woord wat hier ter sprake is, is God se geopenbaarde Woord (Immink 2003:81-84, 209, vgl. ook Engelbrecht 1979:3). Die begrip Woord van God kry sy sin deurdat dit die openbaring in Jesus Christus as Woord van God is (Immink 2003:106-108).

### 3.6.3. ’n Lewe uit genade

ŉ Lewe uit genade is in die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit heeltemal gerig op die objektiewe heilsdade van God in Christus. Dit beteken dat die

verlossing verstaan word as iets wat van buite onsself kom en wat alleen uit genade, enkel en alleen vanweë Gods vrye guns ontvang word. Dit beteken dat die verlossing vir die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit nie iets is wat in die eerste plek in homself subjektief aanwesig is nie, maar iets is wat in Christus veilig, vas en seker lê (Jonker 1989:295). Die ontvangs van die genade van God in Christus skep 'n persoonlike verhouding met God. Die heilsekerheid en die volharding van die gelowiges lê nie in onsself nie, maar in God se genade (Jonker 1989a: 27-29).

Jonker (1989:295) sit dit ongelooflik verder uiteen dat ons geloof, ons bekering, en ons voortdurende strewe na 'n geheiligde lewenswandel is wel belangrik, maar dit is nie die grond van ons verlossing nie. Dit is die weg (pad) waarlangs ons begin lewe in die verlossing wat eens en vir altyd volmaak in Christus aan ons geskenk is en vir ons bewaar word.
Jonker (1989:295) verduidelik dat hierdie kern van die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit is vir misverstand vatbaar, veral vir die misverstand dat dit 'n evangelie van goedkoop genade sou wees. Vir die meer ortodoks gereformeerde verstaan van die heil is dit egter geensins die geval nie, omdat besef word dat die verlossing wat van buite deur Gods genadewerk ons deel word, nie ons bestaan net so onaangeraak laat nie. Dit verander ons lewe, en lei tot die aflê (haat) van sonde en 'n gehoorsame toewyding aan die Here. Jonker (1989:295) verduidelik dan tereg dat dit alles die vrugte van die verlossing is, en nie die voorwaardes vir die verlossing in Jesus Christus is nie. Daarom is die fokuspunt van die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit nie die eie geloof of bekering nie, maar die vrye genade van God (Jonker 1989:295; vgl Jonker 1989a).

### 3.6.4. Die lewe van geloof

Jonker (1989:296) verduidelik dat in die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit val die klem nie op eie ervaring nie, maar op wat God gedoen het en nog doen. Die lewe van geloof in die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit kan in ŉ negatiewe sin verstaan word as die volkome leegheid van die mens vir God se genade, en in ŉ positiewe sin kan dit verstaan word as die menslike omhelsing van Christus en al sy weldade Die Bybel roep ons tot geloof in albei hierdie betekenisse van geloof op. Die geloof is dus tegelykertyd ŉ geheimenisvolle vereniging van passiwiteit en aktiwiteit, van rus in God se genade en die opstanding en gehoorsaamheid op God se bevel (Jonker 1989:296, vgl. ook Engelbrecht 1979:6). Daarom is dit ŉ groot misverstand om te dink dat die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit tot passiwiteit lei, of dat daar geen ruimte vir die appèl in die gereformeerde prediking is nie, want die lewe uit die genade hef nie die verantwoordelikheid en dade van die mens op nie (Jonker 1989:296; Jonker 1989a:198-200 en Immink 2003:48-51). Die genade bevry juis eers tot die regte verantwoordelikheid, naamlik tot die gehoorsaamheid van die geloof wat beteken dat die mens met sy totale lewe gaan lewe uit die verlossing wat in Christus geskenk is (Jonker 1989:296 vgl. ook Ferguson, Wright & Packer 1988:570).

### 3.6.5. ’n Lewe van heiligmaking

Die hele proses van heiligmaking en volharding is ŉ saak van geloof, en daardie geloof is vir die meer ortodoks gereformeerdes die vrug van die Heilige Gees (Ferguson, Wright & Packer 1988:570).
Jonker (1989:296) verduidelik tereg dat vir Calvyn is die heiligmaking die saak waarop alles afstuur of op neerkom. Uitverkiesing, en die regverdiging deur geloof vind plaas dat die gemeente van Christus juis heilig en onberispelik voor die Here in liefde moet lewe (Efesiërs 1:3-4). Jonker (1989:296) kom dan verder tot die slotsom dat die verlossing deur die geloof nie maar net ŉ passiewe

rus in die genade van die Here is nie, maar ŉ aktiewe bewandeling is op die pad van bekering en heiliging. Jonker (1989:297) kan daarom ook tereg verklaar dat die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit nie sonder vreugde is nie. Ook wanneer ŉ mens lees wat die Heidelbergse Kategismus in verband sê waarin die opstanding van die nuwe lewe bestaan, dan beskryf die Heidelbergse Kategismus dit as: *"Dit is ŉ hartlike vreugde in God deur Christus en ŉ lus om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe"* (Handboek vir die erediens 1988:210). Jonker (1989:297) argumenteer dat dit tereg van die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit gesê kan word, dat hierdie vreugde in God nie die kenmerke van oorentoesiasme vertoon nie, omdat ŉ kind van God maar altyd bewus bly van sy eie sonde en gebrokenheid. By die meer ortodoks gereformeerde Christen is daar dan ŉ sekere huiwering om nie te veel van homself en sy eie geestelike ervaringe te getuig nie. Die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit het egter nie altyd versigtig genoeg omgegaan met die gevoel of ervaringselement van die spiritualiteit nie, en daarom vul die meer evangelies gereformeerde tradisie die meer ortodoks gereformeerde tradisie so goed aan (Jonker 1989:297).

### 3.6.6. Wet en evangelie

Jonker (1989:297) wys daarop dat by Luther het die wet hoofsaaklik twee funksies vervul, naamlik die burgerlike funksie en die funksie as tugmeester na Christus toe. Vir Calvyn het die wet ook nog ŉ derde funksie vervul, naamlik as reël vir die dankbaarheid van die Christen. Onder die bedeling van die wet word God se genade met die oog op Christus duidelik, en in Christus word die wet tot reël vir die Christen se lewe uit dankbaarheid vir die verlossing in Jesus Christus (Engelbrecht 1979:6). Jonker (1989:297-298) wys daarop dat hierdie kenmerk maklik die gevaar kon loop dat daar by die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit ŉ soort wettiese gestrengheid kon onstaan, maar die goeie kant daarvan was die liefde vir die wet van God. Die liefde vir die Ou Testament

kom daarin dat die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit gekenmerk word dat die wet van God op alle terreine van die lewe gehoorsaam moet word. Daar is geen area van die lewe wat nie onder die tug van die Woord van God gebring moet word nie. Volgens Jonker (1989:298) beteken dit dat die skeiding tussen ŉ heilige en ŉ profane (spot met die kerklike) in die lewe opgehef word. Alles, alles val onder die diens aan God (Jonker 1989:298). Buitendien is die volgorde evangelie en wet ŉ omkering in die gereformeerde teologie wat tot ŉ lewende en dinamiese geloof lei (Jonker 1989a:188-190).

## 3.7. Kenmerke van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit

### 3.7.1. Klem op die emosionele

Nicol (2000:91) wys daarop dat die tipe godsdienstige ervaring wat vir die meer evangelies gereformeerde mense die kosbaarste lyk, is ervaring met ŉ sterk emosionele kleur. Dit is ŉ goeie teken as mens die groot en diep emosie wat met ons geloof gepaard gaan, kan beleef en ervaar. As ŉ gelowige daaroor praat dat hy/sy God ontmoet het, maar dit nie emosioneel beleef het nie, is dit ŉ vraag of die gebrek aan ervaring van die ontmoeting nie ŉ streep deur sy/haar woorde trek nie. Dit is so dat die nuweling in die geloof - wat net tot bekering gekom het - mag kortstondige emosionele belewenisse geniet, maar dit hou nie lank nie. Daarom is Nicol (2000:91) reg as hy sê dat: *"Die soort godsdienstige ervaring wat op die duur die meeste beteken, ŉ sterk, maar bestendige emosie."* ŉ Mens kan nie jou lewe bou op net die emosie nie. Dit is te wisselvallig (Nicol 2000:91). Maar aan die anderkant het ons wel emosie nodig om geloof te beleef en te kan ervaar. Dit is waarom elemente uit die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit goed met ŉ meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit kan kombineer, want emosie kán sterk en bestendig wees as die emosie gaan oor stewige inhoud. En as die meer ortodoks gereformeerde basis die inhoud verskaf, en die meer evangelies gereformeerde tradisie steek die emosie aan, is

dit ŉ kosbare kombinasie. En al is daar diep emosionele ervarings, sal dit my nie verlei om op my ervarings te begin bou nie, want die meer ortodoks gereformeerde inhoud verskaf die sekerheid dat ek gered is deur Jesus Christus (Nicol 2000:92).

### 3.7.2. Individualisme

Nicol (2000:92) verduidelik dat nog ŉ kenmerk van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit, is **individualisme**. ŉ Mens neem dan ook hierdie tipiese evangeliese invloed waar in die derde vraag waarop ŉ mens ja moet antwoord as jy in die NG Kerk belydenis van geloof wil aflê, naamlik dat jy nie net moet bely dat Jesus jou Verlosser is nie, maar dat Hy jou persoonlike Verlosser is (Nicol 2000:92). Vanuit die gelowige se persoonlike gemeenskap met Christus kry sy geloof in Christus betekenis. So word dit gevorm, en so groei dit (Immink 2003:111).

Die gevare van so ŉ individualisme is natuurlik duidelik, maar daar is groot voordele ook. Die mens kom alleen die wêreld in, en alleen verlaat jy die wêreld. Daarom is die geloof waardeur ŉ mens geregverdig word in Christus nooit ŉ groep se geloof nie. By baie Christene is daar dan ook te min van ŉ eie, individuele erns met God in die lewe, wat die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit natuurlik goed kom aanvul (Nicol 2000:92).

### 3.7.3. Bekering

**Bekering** speel ŉ belangrike rol, en is ŉ kenmerk van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit, want dis immers ŉ emosie en die individu doen dit. Bekering speel daarom ŉ goeie rol in ŉ mens se godsdienstige ontwikkeling, want God vra immers dat dit ŉ mens se bewuste wil moet wees om jou lewe volledig aan Hom oor te gee. As Predikante werklik ernstig is oor God, behoort hulle mense van tyd tot tyd in die erediens uit te nooi tot ŉ lewenskeuse, en

behoort daar mense te wees wat die reuse stap neem om ook ander later daarvan te vertel (Nicol 2000:93).

Immink (2003:126) beskryf hierdie betrekkinge wat plaasvind tussen prediker en gemeente as ŉ *"communicatie"* wat plaasvind. Dit is ŉ kommunikasie tussen God en mens waar die mens uitgenooi word om met God in ŉ verhouding te tree. In die Bybel word God geopenbaar as die *"sprekende God"* (Immink 2003:126). Die God wat uitnooi. Die God wat iets van mense vrae. Indien predikers gehoorsaam is hieraan, behoort hulle mense uit te nooi, aan te spreek om hulle harte/lewe vir die Here te gee.

### 3.7.4. Getuienis

In aansluiting by die vorige punt (3.7.3. Bekering) is dit verstaanbaar dat **getuienis** ŉ belangrike rol speel in die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit (Nicol 2000:93). Nicol (2000:93) argumenteer dat daar baie gevare verbind kan word aan getuienislewering, soos dat mense met hulle dramatiese getuienis dalk te veel aandag op hulleself en hulle persoonlike lewe kan vestig, en dat dit mense leer om eerder na hulle ervaring as na God te kyk. Getuienis kan ook iets positief wees. Paulus getuig (vertel) heelwat van sy persoonlike godsdienstige ervaring, byvoorbeeld van sy bekering (Handelinge 22 en 26) en van sy lyding (2 Kor. 11), en dit is duidelik dat dit vir gelowiges opbouend kan wees om te hoor hoe God in die lewe van ŉ ander een werk (Nicol 2000:93). Getuienis vloei voort uit die ervaring van vergiffenis deur geloof in Christus as ŉ eksistensiële belewenis (McGrath 1994:349-359).

Omdat ervaring in die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit so ŉ belangrike rol speel, neig die tradisie dikwels in die rigting van die leer van die *"second blessing"* wat ons by ŉ evangeliese persoon soos Andrew Murray kry (Nicol 2000:93). Die leer kom daarop neer dat daar twee vlakke *van die* geloofslewe is, sodat iemand wat reeds gered is, in ŉ stadium ŉ tweede seëning

kan ontvang waardeur hy/sy ŉ hoër trap van geestelike lewe kan bereik (Coppedge 1991:284). Nicol (2000:93) wys daarop dat die positiewe element hierin is dat daar by baie van hierdie Christene ŉ lewendige verwagting leef dat die Here hulle meer wil gee. Daarom is hulle nie net tevrede met die gewone, gemiddelde geloofslewe nie, maar verlang na meer beheer deur sy Gees, meer oorwinning oor sonde, groter geestelike rykdom, en meer daaglikse bewustheid van sy wonderlike teenwoordigheid. Hierdie kenmerk van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit verteenwoordig dus mense met warm harte, ŉ brandende hoop op wat God nog alles in deur hulle gaan doen, en entoesiasme om soos ŉ kind van die Here te lewe (Nicol 2000:93).

### 3.7.5. Revivalisme

In samehang daarmee dat die meer evangelies gereformeerde tradisie gekenmerk word deur warm harte vir die Here, en ŉ entoesiasme om soos ŉ kind van die Here te lewe, word die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit ook gekenmerk deur **revivalisme/herlewing** (Nicol 2000:93). Dit beteken ŉ begeerte om die diepe grootsheid van God se genade te beleef waar daar doodsheid en louheid in die kerk ingetree het. Die revivalisme kan natuurlik ook maklik skeef loop of misbruik word, en daarom moet die leiers van sulke herlewingsaksies vas staan, en daarvoor verleen die meer gereformeerde spiritualiteit ŉ gesonde basis (Nicol 2000:93-94: vgl. Habermas 2006:2 oor die Amerikaanse fundamentalisme wat sy energie uit die revivalisme kry).

### 3.7.6. Heiligheid

ŉ Volgende kenmerk van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit is ŉ neiging om *heiligheid* baie sterk te beklemtoon (vgl. Carson 1996:238-244). Die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit se beklemtoning van God se vrye genade kan daartoe lei dat mense ontspan en hulle nie voluit op die heiligmaking toelê nie. Daarenteen lei die meer evangelies gereformeerde tradisie se geloof

dat die Here ons nog meer van sy rykdom wil gee, meer oorwinning oor sonde, meer heiligheid, daartoe dat heiligmaking in die meer evangeliese spiritualiteit 'n ernstige saak is (Nicol 2000:94).

### 3.7.7. Sendingwerk

'n Laaste kenmerk van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit is hulle **sendingywer.** Dit het veroorsaak dat die evangelie vanuit die Afrikanerdom versprei is tot aan die uithoeke van ons land en na baie ander lande in Afrika, tot in Malawi en Nigerië. Die sendingwerk was nie net geestelik van aard nie, want daar is ook hospitale en skole gebou (Nicol 2000: 94).

Daar word positief in hierdie proefskrif geoordeel oor die kenmerke van die meer evangelies gereformeerde spiritualiteit. Die kenmerke tesame met die kenmerke van die meer ortodoks gereformeerde spiritualiteit verleen aan die NG Kerk haar eie unieke karakter.

## 4. HOE HET DIT GEBEUR DAT DIE MEER EVANGELIES GEREFORMEERDE TRADISIE DEUR DIE MEER ORTODOKS GEREFORMEERDE TRADISIE OORHEERS IS?

### 4.1. Die teologies- akademiese toneel

Die Vrije Universiteit van Amsterdam (V.U.) is in 1880 opgerig en vanaf 1905 is doktorsgrade wat aan die universiteit behaal is statutêr erken. Die aanvanklike professore in die teologiese fakulteit van die V.U. was A. Kuyper; F.L. Rutgers en P.J. Hoedemaker (Deist 1994:43). Omdat

- die situasie in Nederland so verander het dat die Rijksuniversiteite nie meer teologie (in die sin van Gereformeerde leer) nie, maar godsdienswetenskap aangebied het, en predikante daarom êrens anders

heen moes gaan om gereformeerde teologie te studeer, asook die feit dat die Vrije Universiteit - naas Kampen - prakties die enigste sodanige inrigting in Nederland vir nagraadse studie in gereformeerde teologie was, asook

- die goeie verhouding tussen die NG Kerk en die GKN - uit wie se geledere die Vrije Universiteit onstaan het -

is dit begryplik dat talle Afrikaanssprekende teologiestudente aan die V.U. sou gaan studeer. Dit blyk dan ook dat die V.U. heel spoedig die plek van Utrecht (Reformatoriese tradisie met ŉ evangeliese inslag) ingeneem het as die universiteit in Nederland waar die meeste NG teologiese studente verder gaan studeer het (Deist 1994:43). Ten op sigte wat oorsese opleiding betref, het geen Afrikaanse Kerk ŉ nouer verband met die V.U. as die NG Kerk gehad nie. In die twintigste eeu (1907- 1952) het al die teologiese professore van die NG Kerk, wat na Nederland gegaan het aan die V.U. gestudeer, met die uitsondering van D. Lategan, en D.G. Malan (Deist 1994:44).

Die NG Kerk het dus in die keuse van haar teologiese professore voorkeur gegee aan die meer gereformeerde V.U. as aan die meer evangeliese Utrechtse universiteit, wat gelei het tot ŉ sterker meer gereformeerde stroom.

### 4.1.1. Johannes du Plessis

Johannes du Plessis (1868-1935), die bekende Stellenbosse professor, was ŉ buitengewone begenadigde/geseënde mens wat met besondere gawes van hoof en hart op verskillende lewensterreine gepresteer het (Van der Watt 1987:163). Van der Watt (1987:163) oordeel dat dit veral Du Plessis se aansporende sendingywer en sy kennis van die sending - aangevul en verdiep met talle besoeke aan binne - en buitelandse sendingstasies - wat hom ŉ aanstelling as Algemene Sendingsekretaris in 1903 besorg het. Vir die volgende sewe jaar het Du Plessis in Nederlands sowel as Engels die sendingwerk van sy kerk onder

duisende se aandag gebring en ook sy bekendste werk publiseer, *History of the Christian Missions in South Africa* (Van der Watt 1987:163).

Deist (1994:323) wys daarop dat Du Plessis die eerste een was wat gewaarsku het teen die koersverandering wat in die NG Kerk gebeur het, en dat die NG Kerk besig was om die Utrechtse teologiese paradigma te verruil vir ŉ Amsterdamse konserwatiewe gereformeerde teologie (Deist 1994:323). Johannes du Plessis het skerp gereageer toe die belangrike proefskrif van WA Joubert in 1910 verskyn het. Joubert was ŉ student van Herman Bavinck van die Vrije Universiteit van Amsterdam. Sy tema het gehandel oor: *Geloof en rede in die Nederlandse teologie in die negentiende eeu*. Volgens die proefskrif was die grootste kritiek/probleem dat geloof en rede so van mekaar geskei is dat godsdienstige waarheid geheel of gedeeltelik van die rede afhanklik is (Olivier 1990:6). Du Plessis se kritiek was: *"dat hij ons wil ooverhalen... om plaats te maken voor de nieuwe eng en streng confessionele richting van dr. Kuyper en prof. Bavinck"* (Olivier 1990:6). Die kritieke punt is dat Du Plessis en Joubert, en diegene wat hierdie pad wou bewandel as "Gereformeerd" afgemaak is in onderskeiding van "Nederduits Gereformeerd." Dit het Du Plessis in ŉ stryd met die Kerkblad laat kom - die blad wat die werk van Joubert met voldoening ontvang het. Du Plessis gee ŉ beslissende verklaring hiervoor hoe in Nederland tussen die Réveil en konfessionele rigting gekies moes word. En die rede wat hy gee, is dat die Réveil- rigting soek na nuwe geestelike lewe. Du Plessis was oortuig gewees dat die gees wat eers op die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch geheers het, die van réveil en Utrechtse (evangeliese) was (Olivier 1990:7), maar dit was besig om te swaai na die meer ortodoks gereformeerde tradisie toe. Benewens die kritiese rigting in die NG Kerk vanaf 1900-1935 was daar ook die konserwatiewe rigting.

## 4.2. Die konserwatiewe rigting in die NG Kerk (1900-1935)

Onder invloed van die meer ortodoks gereformeerde benadering van Abraham Kuyper het daar ook in die NG Kerk ŉ swaai in hierdie rigting plaasgevind.

Hierdie benadering het volgens my geloofservaring op die agtergrond geskuif en die geloof met klem objektief veranker.

ŉ Belangrike punt ten opsigte van hierdie tydperk waar die meer ortodoks gereformeerde tradisie die meer evangelies gereformeerde tradisie oorwoeker het, is die gereformeerde afwysing van enige subjektiwiteit en ŉ hoë waardering vir objektiwiteit (Deist 1994:191). Objektiwiteit moes ook toegepas word om die Bybel so te lees en dat die Bybel nie misverstaan word nie. Deist (1994:196) haal Pienaar soos volg aan in die verband: *"Ons glo dat die letterlike betekenis van die teks hoofsaak is. Om aan ŉ teks ŉ ander betekenis te gee as wat deur die geïnspireerde skrywer bedoel is en wat die Here self dus daarin gelê het, is tog seker ŉ baie ernstige saak."* Vir Deist (1994:196) is dit dan duidelik dat as die Bybel dus in ŉ objektiewe sin, die Woord van God is, en volgens die uitgangspunt selfverklarend vir die geloof is, spreek dit vanself dat enige opvatting wat aan die realistiese basis van die teologie wegdoen, van subjektiwiteit (en ongeloof) verdink of beskuldig sou word. Deist (1994:197) oordeel hieroor na my mening reg, dat as die Bybel in realistiese sin Woord van God is, kan daar geen ruimte wees vir die menslike ontvangskant van die Godsopenbaring nie, veral nie vir ŉ ontwikkeling in die Godskonsep by die Bybelskrywers nie. Dan is daar verder ook geen ruimte vir literatuurvorme wat verskillende soorte Godskennis kan huisves nie, want sodanige beskouing bring ŉ subjektiewe/menslike element in die Godsopenbaring in en tas daarmee die objektiewe opvatting oor die openbaring aan.

Vir die objektiewe verklaring van die Skrif, het dit ook suiwer eksegese behels. Hierdie suiwere eksegese het gewoonlik verskeie stappe behels. In die eerste stap word ŉ volledige histories-grammatiese analise van die teks gemaak, sodat die letterlike betekenis van die woorde ernstig geneem kan word (Deist

1994:200; vgl Verhoef 1973:28 en Helberg 1983:110). Die tweede stap het behels, of 'n baie sterk dogmatiese gekleurde interpretasie van die letterlike betekenis, of 'n direkte en letterlike toepassing daarvan op 'n hedendaagse situasie (Deist 1994:200). Deist (1994:200) oordeel oor hierdie suiwer eksegese dat die gereformeerde eksegese homself vrywilliglik al die bostaande beperkings oplê, omdat die kerk die gereformeerde leer voorstaan soos wat die kerk haar goedkeuring daarop gesit het in die aanvaarding van die belydenisskrifte. Deist (1994:201) wys daarop dat die beroep op die belydenisskrifte ten opsigte van Skrifverklaring was nie die einde van kontrole en beheer oor Skrifuitleg nie. In die praktyk van Skrifuitleg en die prediking het dit oor meer as net die belydenisskrifte gegaan en wel oor:

* die gereformeerde interpretasie van die belydenisskrifte plus
*die hermeneutiese raamwerk van die gereformeerde dogmatiek (Deist 1994:201). Die *Gereformeerde Vaandel*, 'n blad wat in hierdie tyd opgerig is, is dan juis opgerig met die doel om die leer van die NG Kerk, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid, suiwer te bewaar (Deist 1994:201).

## 4.3. Die wending tydens die periode 1950- 1957. 'n Ou tradisie (evangelies gereformeerd) besig om weer kop uit te steek

Die benadering (tradisie) wat sedert 1950 meer op die voorgrond gekom het, het al die tyd in die NG Kerk bestaan. Die tradisie was egter tydens die gereformeerde hoogbloei (sedert die twintiger- en dertigerjare tot 1950) baie minder prominent, maar nie afwesig nie (Deist 1994:424). Duidelike tekens wat daarop gewys het dat die meer evangelies gereformeerde tradisie weer besig was om sy kop uit te steek kry mens by J.C.G. Woordverkondiging vir hom gaan dan nie in die eerste plek oor leer en dogma nie, maar in 'n *mutual exhange of experience and spiritual gifts* (Kotzé 1951:308). Ook by E.P. Groenewald kry ons dat hy die veronderstelling van die Gereformeerde teologie aangaande die Bybel aan die kring van die absolute objektiewe onttrek, en dit ook plaas in die

subjektiewe ervaring (evangelies gereformeerd) - iets waarin die gereformeerdes Du Plessis in die twintiger - en dertigerjare nooit wou gelyk gee nie (Deist 1994:218). 'n Ander belangrike punt by Groenewald is dat wat die Skrif aangaande Christus verkondig beskou hy as die hermeneutiese sentrum van Skrifuitleg (Deist 1994:218). Skrifuitleg moet dus uitkom by 'n belydenis van Jesus Christus. Die gevaar waarop Verhoef (1973:75) wys is om Jesus Christus teen wil en dank op elke Ou Testamentiese teks te wil afdruk, en daarom sê Verhoef (1973:75) dan ook tereg: *"Ons mag die Ou-Testamentiese tekste nie laat sê wat hulle nie in die eerste plek nie bedoel om te sê nie"* (vgl. ook Bright 1967:163). Waar Christus dus teen wil en dank in elke teks gevind moes word, kom Verhoef se standpunt hieroor neer dat hy die Christologiese interpretasie aan kontroleerbare uitlegstrategieë verbind wil sien (vgl. Verhoef 2002).

Deist (1994:221) wys dan ook op die verandering tydens hierdie tydperk wat ingetree het ten opsigte van eksegese waar daar 'n nuwe metodebewustheid opmerkbaar was. Verhoef het dit veral oor tipologie, Fensham oor metode in geskiedskrywing en oor metodes en verklaring van apokaliptiese materiaal, en Joubert oor metodes in die veklaring van gelykenisse (Deist 1994:221).

## 4.4. Gisting en verandering (1958-1990)

Die rede waarom die tydperk bekend staan as 'n tydperk van gisting en verandering lê in die volgende redes.

### 4.4.1. Veranderde wetenskaplike wêreldbeeld

Müller (2007:1) gee 'n definisie van wat 'n wêreldbeeld is as hy sê: *" 'n Wêreldbeeld is iets wat mens gemeenskaplik met ander mense het. Elke mens het nie 'n eie individuele wêreldbeeld wat los van die res van jou groep funksioneer nie. Dit is tyd-, plek- en veral kultuurgebonde."*

Müller (2007:1-3) gaan dan verder deur ŉ beskrywing te gee van die verskillende wêreldbeelde wat mense gehad het deur die loop van die eeue naamlik:

- **Die antieke wêreldbeeld**. Dit is die wêreldbeeld wat in die Bybel gevind word. Volgens hierdie wêreldbeeld het elke ding op aarde ŉ hemelse ekwivalent en andersom. As daar ŉ stryd op aarde is, moet daar op een of ander manier ŉ soortgelyke stryd in die hemel wees tussen die magte van goed en kwaad. Hierdie wêreldbeeld was ŉ drielaag- wêreldbeeld (vgl. ook Craffert 2002:71) . Die beeld van die aarde was die van ŉ plat (vgl. ook Du Toit 2000:15) skyf wat op die chaotiese waters dryf, maar tog op pilare gevestig is. Onder die aarde is die waters waar die magte van die chaos en duisternis heers. Bokant die aarde is die plek waar die gode woon en waar daar ook waters dreig. Die wêreldbeeld is nie spesifiek Bybels nie. Dit is die antieke wêreldbeeld wat heersend was en die beeld voorsien het waaruit die Bybelskrywers hulle weergawe van die werklikheid geskryf het.
- **Die geestelike wêreldbeeld**. Die wêreldbeeld het in die tweede eeu na Christus onstaan en dit het die Judeo-Christelike wêreldbeeld verander van een waarin die skepping basies goed is, na een waarin die gebrokenheid van die materiële wêreld voorop staan. Volgens hierdie wêreldbeeld het daar ŉ sterk skeiding gekom tussen die materiële en die geestelike. Die spirituele is goed en die materiële is sleg. Die wêreld is ŉ gevangenis waarin dit wat goed is in die hemel, op die aarde vervalle geraak het. Die geestelike het verander binne die materiële en die liggaamlike. Die gevolge van die verandering of vervorming was onder meer dat seks, die liggaam en die aardse lewe in die algemeen as boos gesien is en dat dit die mens se spirituele taak is om sy gees uit hierdie gevangenis bevry te kry. Dit was op die grondslag van hierdie wêreldbeeld dat die kloosterbeweging en die selibaat gebou is. Die

hoogste inspanning in so ŉ siening van die wêreld is om jouself teen te gaan en so min as moontlik punte aan die aardse, materiële en natuurlike behoeftes toe te gee.

- **Die wetenskaplike wêreldbeeld**. Na die beroering wat Copernicus gebring het, naamlik dat dit die son is wat stilstaan met die aarde en planete wat om dit beweeg (vgl. Du Toit 2000:25) en met die ontwikkeling van die natuurwetenskaplike insigte oor die fisiese wêreld en die heelal, kon die antieke siening van die heelal net nie meer standhou nie. Die een wetenskaplike ontdekking na die ander, met waarskynlik die formulering van Darwin se evolusieteorie as die ingrypendste, het gevolg (vgl. ook Du Toit 2000:27). Die wetenskap het die wêreld gereinig van magiese magte en die indruk by die mens gelaat dat alles ontleed, geken en beheer kan word. Muller (2002:73) argumenteer dat die negatiewe kant van hierdie wêreldbeeld is dat dit verabsoluteer, normatief gemaak is vir alle ander mense – dit kan beskryf word as modernisme. Die werklikheid is beperk tot wat vir die wetenskap waarneembaar is (vgl. ook Durand 2005:30). Die rasionaliteit van modernisme maak aanspraak op universele geldigheid van hierdie rasionaliteit, en gevolglik word dit aangebied in die vorm van ŉ eenheidsverhaal van hoe die wêreld werk en dit is geldig en waar vir alle mense.
- **Die teologiese wêreldbeeld**. Die wêreldbeeld het ontwikkel as ŉ reaksie op die materialistiese wêreldbeeld. Dit behels enersyds ŉ erkenning dat die "hoër werklikheid" nie geken kan word deur menslike sintuie nie, en andersyds probeer dit om daardie werklikheid eenkant te hou vir die godsdiens en teologie. Die geestelike werklikheid word deur hierdie manier van optrede onvatbaar verklaar teenoor die eise en teeneise van die wetenskap. So ontwikkel ŉ tipe teologie wat die aardse en die hemelse uitmekaar hou. ŉ Kerk en teologie wat die ontdekkings en teorieë van wetenskaplikes met opgewondenheid aanhoor maar terselfdertyd

doodgewoon voortgaan om op Sondae en by jeugbyeenkomste die teendeel te verkondig. Die wetenskaplikes het byvoorbeeld allerhande teorieë oor evolusie (vgl. ook Pelser 2005:37-50), maar Sondae word die regte waarheid van Genesis 1 en 2 gepreek, en daar word geen behoorlike poging aangewend om die uiteenlopende gevolgtrekkings te integreer nie.

- **Die integrale wêreldbeeld.** Die tyd waarin ons vandag lewe (21 ste eeu) is kompleks en interessant. Meer as ooit het ons ŉ oorsig oor hierdie wêreldbeelde en die vryheid om uit ŉ verskeidenheid van idees en konsepte oor die wêreld te kies. So ontwikkel die integrale wêreldbeeld. Hierdie wêreldbeeld word uit verskillende oorde gestimuleer, naamlik die nuwe fisika; nuwere ontwikkeling in die teologie; die proses-filosowe en Oosterse en Afrika-wêreldbeelde, om maar net ŉ paar te noem. Volgens hierdie wêreldbeeld word hemel en aarde gesien as aspekte van dieselfde werklikheid. Die spirituele word nie ontken nie, maar gesien as ŉ integrale deel van die totale werklikheid. In die beskouing van die wêreld word ontdek dat die taal van die antieke wêreldbeeld gebruik gemaak het van ŉ *"spatial imagery"*. Begrippe soos bo om na die goddelike en hemelse te verwys, en onder om te verwys na die ruimtes van die bose. Die gebruik van die *"spatial imagery"* om na hierdie ruimtes te verwys moet egter metafories verstaan word. Hierdie nuwe wêreldbeeld maak dit uiters nodig om godsdienstige kategorieë te herdink en herformuleer. Dit is nie ŉ maklike taak nie, omdat al die konsepte van werklikheid en waarheid in die Christelike godsdiens verwoord is op die grondslag van die teologiese wêreldbeeld, en deur die antieke wêreldbeeld gevorm is.

Müller (2007:3) is ook reg as hy argumenteer dat die hedendaagse Christene toenemend besig is om te dink, besluit en doen volgens die beeld van die integrale wêreldbeeld. Die nuwe wêreldbeeld maak nie meer voorsiening vir ŉ hiërargiese, van- bo-na-onder hantering van waarheid (soos in die meer ortodoks

gereformeerde hantering van waarheid) nie. Die klem verskuif weg van ŉ eenmalige klaar geformuleerde waarheid, na ŉ voortdurende soeke en ontdekking van waarheid. Die postmoderne mens voel en beleef nou hoedat die kettings van hom/haar afval. Die verslawing van konsepte wat van bo (deduktief) afgekondig word (ook in die meer ortodoks gereformeerde prediking) volgens die teologiese wêreldbeeld, word nou verbreek. Die ervaringe van mense kry meer klem en mense het dan ook meer vrymoedigheid om daaroor te praat (Müller 2007:3).

### 4.4.2. Woelinge in gereformeerde kringe oor Skrifbeskouing en wending in die hermeneutiek

Die woelinge wat daar in die tyd in Nederland (1958-1990), en spesifiek in gereformeerde kringe rondom Skrifbeskouing aan die gang was, moes noodwendig die een of ander tyd in die Suid-Afrikaanse gesprek bespreek word. Onder studente van die middel sestigerjare was die diskussie oor onderwerpe soos Skrifbeskouing; die historisiteit van Bybelse verhale; geskiedenis en kerugma dan ook aan die orde van die dag gewees (Deist 1994:262; Britz 2002:354-367).

Die jonger geslag teoloë (dit is teoloë wat in die laat sestiger en vroeë sewentigerjare gepromoveer en begin doseer het) het al hoe meer van die historiese-kritiese metodes begin gebruik maak namate die ouer paradigma (gereformeerde Skrifbeskouing; eksegetiese metodiek, hermeneutiek; naïewe realisme) homself as onvoldoende uitgewys het. Onder hulle tel byvoorbeeld Bernard Lategan; F.E. Deist; J.H. le Roux en W.S. Prinsloo (Deist 1994:284).

ŉ Interessante ontwikkeling is egter dat ook ŉ sistematiese teoloog Wethmar (1977) en praktiese teoloë soos Pieterse (1978; 1979) en Vos (1996) erns begin maak het met die hermeneutiese raamwerk waarbinne teologie opereer, en die groeiende erkenning van die menslike bydrae tot die totstandkoming van die

Bybel. Hermeneutiek beteken dan volgens (Heitink 1993:175) ‘interpretasieleer’.
Dit is belangrik om hier te kyk na die hermeneutiek van H.G. Gadamer en Paul Ricoeur.

Hans-Georg Gadamer (1900-2002) is daarvoor verantwoordelik vir die hedendaagse verstaan van hermeneutiek. Hy brei Heidegger se analise van verstaan verder uit in sy monumentale werk *Truth and Method* met ŉ filosofiese hermeneutiek (Gadamer 1979). Gadamer ontwikkel ŉ fenomenologiese (wetenskap van die groei van kennis) en filosofiese hermeneutiek wat krities staan teenoor die positivistiese natuurwetenskaplike metodologie en erns maak met die tradisie én geskiedenis (Gadamer 1994:25-26). In Gadamer se ontwikkeling van ŉ fenomenologiese hermeneutiek, reageer hy krities op die wetenskaplike (positivistiese) metodiek se universele aanspraak. Tog verwerp Gadamer nie die bydraes van die natuurwetenskap nie, maar sluit lojaal-krities daarby aan, terwyl hy steeds verbonde bly aan die filosofiese tradisie (Derksen 1983:265).

Verder kom Gadamer tot die konklusie dat die geesteswetenskappe morele wetenskappe is (Pieterse 1993:84-85) en plaas hy rasionaliteit binne ŉ dialogiese model waar ons ‘in-die-wêreld-wees’ sowel as ons ‘verstaan’ dialogies van aard is. Wanneer daar vervolgens na Gadamer se filosofiese hermeneutiek gekyk word, identifiseer (Schmidt 2006:114) vyf kerngedagtes wat Gadamer se hermeneutiek uiteensit.
Eerstens, die dialogiese struktuur van vraag en antwoord. Volgens Gadamer (1979:333) vra ŉ historiese teks ŉ vraag aan die persoon wat dit probeer interpreteer. Om hierdie teks dan te verstaan vra dat die persoon hierdie vraag sal verstaan en dit wat agter die teks lê as die antwoord op die vraag sal interpreteer. Dit beteken dat die interpreteerder die teks sal bevraagteken en

dalk met meer as een moontlike antwoord gekonfronteer sal word. Die antwoord (interpretasie) is egter altyd in relasie met die vraag wat gevra word. Dit beteken dat die aspek van luister in hermeneutiek van kardinale belang is, en hoewel daar nooit ŉ einde is aan die vraag-en-antwoord proses nie, bly die fokus daarvan die ontdekking van die waarheid (Derksen 1983:264). Gadamer se hermeneutiek word dus gekenmerk deur hierdie voortdurende wisselwerking tussen vraag en antwoord.

Tweedens, die identifisering van vooroordele is die taak van die hermeneutiek. Volgens Gadamer (1979:238-239) vra hermeneutiek nie dat ŉ mens neutraal staan of jouself ontken nie, maar eerder die bewustelike assimilasie en erkenning van jou vooroordele en vooropgestelde idees. Dit is volgens Gadamer (1979:239) nie vooroordeel wat verstaan strem nie, maar wel verskuilde (ontkende en onbekende) vooroordele wat verstaan en begrip belemmer. Vooroordele is ŉ absolute voorwaarde vir verstaan in Gadamer se filosofiese hermeneutiek. Hierdie vooroordele is nie noodwendig negatief nie, maar kan ook positief wees en is afkomstig uit ons tradisie. Die epistemologiese (kennisleer) taak is juis om hierdie positiewe vooroordele te identifiseer (Schmidt 2006:8).

Derdens, tradisie is gesaghebbend. Teenoor die Verligting se absolute geloof in mens se eie oordeel, sien Gadamer (1979:247) tradisionele gesag as ŉ potensiële bron van waarheid of vooroordeel. Gadamer (1994:29) handhaaf en verdedig dus die plek en rol van tradisie en geskiedenis in sy filosofiese hermeneutiek. Sonder tradisie is geen verstaan en geen waarheidsbegrip moontlik nie.

Vierdens, verstaan vra toepassing. Volgens Gadamer (1979:274) is toepassing net so ŉ belangrike deel van hermeneutiek as verstaan en verklaar. Gadamer (1979:274) verwys in die verband na vroeë verstaan van hermeneutiek in die

onderskeiding tussen "*subtilitas intelligendi* (verstaan), *subtilitas explicandi* (interpretasie)" en ook later "*subtilitas applicandi* (toepassing." Gadamer se verstaan van *applicatio* gryp terug tot in die antieke tye. Gadamer verstaan toepassing amper soos die toepassing van die Aristoteliaanse praktiese wysheid wat slegs bereik kon word deur daarvolgens te lewe (Misgeld & Nicholson 1992:vii). Wanneer ŉ mens dit toepas op die praktiese teologie, dan is prediking ŉ goeie voorbeeld van *applicatio.* Toepassing is dus die onderliggende beginsel van ŉ hermeneutiese homiletiek. Vir Gadamer gaan toepassing dus oor ŉ konstruktiewe betrokkenheid by die eise van die tyd waarin ons lewe, en daarom sou sy filosofiese hermeneutiek ook as ŉ praktiese hermeneutiek beskryf kon word (Misgeld & Nicholson 1992:viii). Die implikasie van hierdie uitgangspunt van Gadamer, is dat hermeneutiek altyd ook toepaslik op die hede (uitgangspunte en metodologie) is en moet wees. Die implikasie verder van hierdie verstaan van toepassing is dat verstaan en interpretasie oop is en dat ŉ mens nooit honderd persent seker kan wees van die pad of die eindbestemming nie. Gadamer se hermeneutiek help ons om doelgerig hierin betrokke te raak, al het ons nie al die antwoorde of sekerhede nie.

Vyfdens, die versmelting van horisonne. Volgens Gadamer vind verstaan slegs plaas wanneer die hermeneut en die teks se horisonne versmelt (Gadamer 1979:273; vgl. Schmidt 2006:114). Hierdie horisonne bestaan egter nie selfstandig en eksklusief nie. Verstaan is altyd ŉ produk van die samesmelting van die huidige horison en die horison van die verlede. In die versmelting van horisonne speel taal volgens Gadamer (1979:358) ŉ belangrike rol. Die horisonne van die hede en die verlede moet met mekaar 'praat'. Dit vra dan vir voortdurend nuwe assimilasie en interpretasie (Gadamer 1979:358). Wanneer ŉ mens die versmelting van horisonne toepas op die erediensgebeure sou ons die versmelting van horisonne in Pieterse (2007) se woorde so kan verduidelik: "*In die verstaansproses kom daar gewoonlik ŉ moment waar die teks met sy*

*boodskap die biddende prediker aanspreek. Daar vind 'n omkeer plaas waarin die teks ons sieninge en verstaan oopbreek en met sy wêreld in ons wêreld inkom."*

Pieterse (2001:83) wys daarop dat Paul Ricoeur by Gadamer aansluit, maar wys daarop dat Ricoeur Gadamer se opvattinge verder uitbou en met nuwe insigte kom. Pieterse (2001:83) wys verder daarop dat Ricoeur se belangstelling in die hermeneutiek geprikkel word deur sy filosofiese soeke na die menslike vryheid en die aard van menswees. Om 'n vrye en egte mens te kan wees in 'n wêreld waar die mens blootgestel is aan die eindigheid en die kwaad, moet ons gaan leer by die filosofiese insigte van menslike ervaring van die oertyd af. Dit lê opgesluit in die volgende dinge, naamlik simbole; mites; verhale en metafore wat handel oor die kwaad en die stryd daarteen (Pieterse 2001:83). Ricoeur probeer dan vasstel hoe die elementêre insigte in hierdie verhale teks geword het. Om dit te doen moet 'n mens by taal en taalteorie begin (Pieterse 2001:83). Ricoeur maak 'n verskil tussen gesproke en geskrewe taal (Pieterse 2001:83). Pieterse (2001:83-84) verduidelik Ricoeur se onderskeiding van gesproke en geskrewe taal uitstekend as hy daarop wys dat taalgebruik 'n gebeure is wat in die hede geskied. Wanneer 'n persoon praat word daar in sy/haar taalkommunikasie verwys na die werklikheid rondom hom/haar, en hierdie werklikheid word opgebou deur ervaringe van die verlede; tradisie; geloof; kultuur; werklikheidsverstaan; politieke en ekonomiese omstandighede, ensovoort. Die werklikheid soos dit nou beleef en ervaar word beïnvloed die inhoud en wyse van die taal wat gebruik word.

Wanneer 'n spreker praat, is dit 'n verbale uitdrukking van 'n bedoeling. Skrif is daarom 'n fiksasie van gesproke taal (Pieterse 2001:84). As gevolg daarvan is dit duidelik dat taaluitinge veranderinge ondergaan. Pieterse (2001:84) in sy verduideliking van Ricoeur, wys daarop dat daar in die eerste plek 'n oorgang

plaasvind van die aanvanklike bedoeling van die spreker wat hierdie bedoeling aan die hand van die werklikheid, en die taalsisteem in gesproke taal uitdruk.

Aan die hand van die taalsisteem word die inhoud (die lokusionêre) van die spreker se woorde gekodeer in byvoorbeeld ŉ bevel, ŉ versoek, of iets van die aard. Die ontvanger van die boodskap rekonstrueer nie die bedoeling van die spreker nie, maar probeer om die verbale betekenis te verstaan. Pieterse (2001:84) sê dan: *"Daar is dus ŉ verskil tussen die bedoeling van die spreker en die betekenis."*

Pieterse (2001:84) verduidelik Ricoeur se nuwe insigte verder deur daarop te wys dat die neerskryf van gesproke taal ŉ volgende verandering, en ŉ tweede fase van taaluiting is. Wanneer die gesproke taal neergeskrywe word en in ŉ teks geplaas word, word die taaluiting van sy konteks losgemaak. Slegs die inhoud (lokusionêre) bly van die taaluiting die beste bewaar. Daar kom dus ŉ afstand tussen die gesproke taaluiting en die teks daarvan in skrif. Hierdie afstand is veral nodig om betekenis aan die teks te kan heg deur ŉ leser in ŉ nuwe konteks. Die teks raak los van die bedoeling van die skrywer en die konteks waarin dit onstaan het (Pieterse 2001:84).

Pieterse (2001:84) wys daarop dat Ricoeur ŉ deeglike analise maak van die verandering of oorgang van gesproke taal na geskrewe taal en die oorgang na die interpretasie van die teks. Vir Ricoeur vertoon die menslike werklikheid narratiewe/verhalende trekke. Die werklikheid word deur handelinge/aksie gekenmerk wat weer narratiewe stof bied en wat oorvertel word.

Wanneer ŉ mens met ŉ verhaal in ŉ teks te doen kry, is die onstaan daarvan te danke aan die werklikheid waarin handelinge geskied wat vertelstof bied. Hierdie werklikheid wat vertelstof bied het ŉ vertelstruktuur met

simboolwaarde. Hierdie omringende wêreld/werklikheid bied die materiaal vir die narratief. Dit vorm die prefigurasie (voorafskaduwing) van die verhaal (Pieterse 2001:85). Pieterse (2001:84) verduidelik Ricoeur se insigste dat: *"Elke teks word vooraf gegaan deur prefigurasie."*

Ricoeur se insigte oor die wêreld wat geskied in handelinge skep dus gevolglik die materiaal vir die vorming van 'n teks wat hy konfigurasie noem (Pieterse 2001:85). 'n Teks word dus geskep deur konfigurasie (uiterlike vorm wat dit aanneem) wat deur 'n outeur gepleeg word. Dit is 'n verhaal met 'n plot waarin gebeutenisse mekaar opvolg, maar ook vanweë die plot 'n eie manier het waarmee met tyd omgegaan word (Pieterse 2001:85).

Wanneer 'n leser die verhaal lees vind daar daar refigurasie plaas. Dit beteken dat die leser wat die verhaal lees sy eie verhaal vorm deur die lees van die teks (Pieterse 2001:85).

Pieterse (2001:85) verduidelik Ricoeur se insigte dat vir Ricoeur lees gerig is op toepassing, toe-eiening, *applicatio.* Interpretasie beteken veral dat die leser die teks lees met die moontlikheid om dit op sy eie situasie toe te pas. In der waarheid is die toe-eiening van die teks die voorwaarde vir die vind van betekenis in die teks. Pieterse (2001:85) verduidelik in die verband dat as toepassing op die eie situasie nie gebeur of plaasvind nie, het die teks vir hierdie spesifieke leser nog geen betekenis nie. Om die teks in jou omstandighede toe te pas beteken nie dat dit aangepas word by jou nie. Toepassing beteken dat die leser hom/haar moet oopstel vir die wêreld wat die teks aanbied. Ricoeur (1981:182) wys in hierdie verband dat verstaan daaroor gaan om 'n begripsvermoë vir die wêreld wat deur die teks voorgestel word te kry: *"to understand is not to project oneself into the text; it is to receive an enlarged self*

*from the apprehension of proposed worlds which are the genuine object of interpretation."*

Pieterse (2001:84) wys daarop dat in die proses word twee wêrelde met mekaar gekonfronteer, die van die teks en die van die leser. Tekste is natuurlik bronne van baie betekenisse. Verstaan vind plaas wanneer die leser die ander, vreemde, "self" van die teks ontvang uit die wêreld van die teks wat tot hom/haar gebring word (Pieterse 2001:85). Toepassing is die toe-eiening en ontvang van hierdie nuwe "self" van die teks, wat jou ʼn ander siening van jou situasie en omstandighede gee, wat jou tot aksie beweeg, of jou beweeg om ʼn nuwe verhaal in jou konteks vanuit die verhaal van die konteks van die teks laat maak (Pieterse 2001:85). Ricoeur sê in die verband: *"to make one's own what was initially alien."* Hierdie toepassing in jou eie lewe van die teks se aanraking en uitreiking geskied nie omdat jou gees en die gees van die teks op dieselfde golflengte is nie, maar is die gevolg van konfronterende dialoog (Pieterse 2001:86). Toe-eiening van die teks se boodskap is op die ou einde ʼn eksistensiële daad. Soos Pieterse (2001:85) dit saamvat: *"Dit is die aktualisering, deur ʼn konfrontasie met die teks heen, van die teks se betekenis in jou eie omstandighede en konteks."*

Vos (2008:113) se uitstekende uiteensetting van Paul Ricoeur se hermeneutiek onderskei twee vorme van hermeneutiek by Ricoeur, naamlik:

- Die hermeneutiek van geloof/rekolleksie/herwinning ensovoort, wat geloof veronderstel en oop staan vir die stem van die teks.
- Die hermeneutiek van suspisie – wat bedekte en verskuilde betekenisse en motiewe by beide skrywer en leser wil ontmasker .

Die volgende beskrywing is deur Vos (2008:114-117) ontwikkel. Wanneer ʼn mens kyk na die hermeneutiek van suspisie by Ricoeur soos in sy werk oor

Freud, dan fokus Ricoeur op drie sleutelfigure (Marx, Nietzche en Freud) van die twintigste eeu wat elkeen op sy eie manier gepoog het om die waarheid en die skyn te ontmasker en te demistifiseer. Ricoeur het aangetoon hoe hierdie drie meesters van suspisie die betekenis van godsdiens probeer ontdek het deur valse en skynbetekenisse aan bekend te stel (Vos 2008:114).

Marx se analise van godsdiens het hom gelei tot die gevolgtrekking dat alhoewel religieë skynbaar besorg oor belangrike sake soos die transendente en persoonlike verlossing is, is hulle weinig meer as ŉ vlug uit die werklikheid (Vos 2008:114).

Nietzsche se verstaan van die godsdiens as die opheffing van swakheid tot ŉ sterker posisie ontmasker die skynbare doel daarvan, naamlik om deur middel van ŉ slawe mentaliteit die lewe van swakkelinge meer uithoudbaar te maak deur eienskappe soos besorgdheid, hardwerkendheid, nederigheid en vriendelikheid op te hemel. Op hierdie wyse ontbloot Nietzsche godsdiens as die toevlug van swakkelinge (Vos 2008:116; vgl. Ricoeur 1976:92).

Freud gaan op ŉ soortgelyke wyse te werk in sy analise van godsdiens. Waar godsdiens gesien is as ŉ wettige bron van troos en hoop in situasies wanneer die ondraaglike van die lewe mense konfronteer, is die eintlike waarheid dat godsdiens ŉ droombeeld is wat op niks meer dui as die mens se onvolwasse behoefte na ŉ kosmiese vader-figuur nie (Vos 2008:115; vgl. Ricoeur 1976:105).

Vos (2008;115) wys daarop dat elkeen van die meesters het op sy eie manier ŉ valse bewussyn ontmasker. ŉ Valse verstaan van die teks (gemeenskap), deur ŉ sistematiese kritiek van suspisie toe te pas. Die gevolg was dat die werklike

stand van sake ontmasker en ontbloot is. Op hierdie wyse verteenwoordig al drie vir Ricoeur die prosedures van demistifikasie (Vos 2008:115).

Vos (2008:115) wys daarop dat vanuit die perspektief van Christelike spiritualiteit waarin die Bybel ŉ onmisbare rol speel, moet daar erken word dat Ricoeur se idees van waarde is. Vos (2008:115) verklaar: *"Dit is net te maklik om, wanneer die Bybel gelees word, veral ŉ teks wat baie bekend is, dit te doen met ŉ rigiditeit van voorveronderstellings wat as't ware die betekenis soos veronderstel in die volksmond vanselfsprekend daarin inlees."*

Suspisie moet daarom ook op die self gerig word sodat daar indringend gevra word in hoe ŉ mate ons bloot ons eie vooropgestelde idees in die teks terugploeg en nie meer kan sien wat werklik daar staan en voor ons oë lê nie (Vos 2008:116). Die vraag wat deur die hermeneutiek van suspisie aan die orde gestel word, is of ons die eie eks tot die nodige mate tersyde kan stel om die Skrif werklik te kan hoor eerder as om deur die skemas van dogmas oor die aard, inhoud en gesag van die Skrif deur ons ideologieë en kulturele tradisies vooraf gereed gemaak te word om bloot ons ideologie op die teks af te druk (Vos 2008:116).

Vos (2008:116) wys daarop dat ons na die teks kom met ons eie voorveronderstellings. Op ŉ sekere manier hoor ons die oproep om te lees, maar ons kan nie goed luister nie omdat ons die soort vrae vergeet het wat in die eerste plek aanleiding gegee het tot die skep van die Bybelse teks. Vos (2008:116) sê dan: "*Hierdie illusie dat ons eie 'stem' en die van die Skrif identies is, is niks anders nie as die geleefde gestalte van die eerste naïwiteit."* In ons hermeneutiese besigwees met die teks moet ons steeds die krag van die mitologiese as verstaanshorison verreken (vgl. Vos 2007:19-21). Teenoor die mitiologie as verstaanshorison is daar die werklikheid van ons alledaagse

voorveronderstellings en kulturele ingesteltheid (Vos 2008:116). Vos (2008: 116-117) wys daarop dat Ricoeur die idee ontwikkel van die belang van die kritiese verstaan van die teks. Die doel daarmee is nie, soos dit kan lyk, om geloof te vernietig nie, maar juis om die weg daartoe te onsluit. As 'n mens die motiewe van die 19de eeuse historiese kritiek beskou as 'n poging om die Bybel te bevry van dogmaties-kerklik eksegese, kan ons Ricoeur sien as iemand wat dieselfde proses wil verfyn deur die Bybel te bevry van kultuur-gebonde subjektiewe interpretasies en van fundamentalistiese alle-geldende verstaan (Vos 2008:117). Daarom kan Vos (2008:117) Ricoeur se doel met die hermeneutiek van suspisie saamvat, dat dit gemik is om die Bybel self aan die woord te laat kom en alle vorme van buikspraak te ontmasker. 'n Hermeneutiek van suspisie is dus uiters belangrik en beskerm die een wat dit toepas teen selfmisleiding. Maar opsigself is dit nie voldoende nie, want 'n konsekwente deurvoering van die hermeneutiek van suspisie lei tot 'n suspisie oor suspisie wat aanleiding gee tot wat Ricoeur noem die moontlikheid van 'n tweede naïwiteit (Vos 2008:117). Die verkryging van hierdie tweede naïwiteit bring 'n nuwe hermeneutiek na vore om die hermeneutiek van suspisie aan te vul, die hermeneutiek van herwinning (Vos 2008:117) Wanneer 'n mens kyk na die positiewe bydrae wat die hermeneutiek van herwinning bring, dan is die hermeneutiek van herwinning 'n manier om na boodskappe wat innig verbonde is in die teks, te luister (Vos 2008:118). Vos (2008:118) vat dit so saam: *"Op hierdie manier kan die teks opnuut gehoor word omdat dit 'n stem of spreekbeurt gegun word. Dit help die leser op die pad na verwondering en om die varsheid en andersheid van die boodskap in al sy volheid te ontsluit."*

Die nuwe insigte in die hermeneutiek het die Bybelwetenskappe en die homiletiek ten goede gekom.

# 5. GEVOLGTREKKING

- Die feit dat die meer ortodoks gereformeerde tradisie onder druk gekom het as gevolg van ontwikkeling in die Bybelwetenskappe in die sewentigerjare (1970's), het veroorsaak dat die meer ortodoks gereformeerde tradisie as teenreaksie weer sterker begin staan het as die meer evangelies gereformeerde tradisie.
- Die optrede van die NG Kerk in hierdie tyd het self veroorsaak dat die hermeneutiese gesprek oor die verhouding tussen Skrifuitleg, gereformeerde belydenis en kerkleer binne die NG Kerk onder druk gekom het. Die wat buite die konserwatiewe gereformeerde model gedink het, is soms van dwaalleer aangekla.
- Die veranderinge in die wêreldbeeld wat besig was om plaas te vind (meer ortodoks gereformeerde teologie wat bedreig is deur die tendense van postmodernisme), en die onsekerhede wat daarmee gepaard gaan, het veroorsaak dat mense teruggegryp het na ou sekerhede. Dit wil sê: hoe groter die onsekerheid binne die spiraal van die nuwe wêreldbeeld, hoe meer word gesoek na die sekerheid wat geleë is in die teenoorstaande werklikheid.
- Dit is duidelik dat die meer ortodoks gereformeerdheid, en die meer evangelies gereformeerde tradisie in die NG Kerk se teologie en prediking voorkom in verskeie aksente.
- Daar word tot die slotsom gekom dat die tradisie van belewing en ervaring- en die soeke daarna tans- nie 'n charismatiese verskynsel in die eerste plek is nie, maar die meer evangelies gereformeerde tradisie is wat nog altyd deel was van die NG Kerk se tradisie.
- Daar word ook tot die slotsom gekom dat die twee tradisies, naamlik die meer ortodoks gereformeerd en meer evangelies gereformeerd, nog nooit

werklik in balans was in die prediking en lewe van die NG Kerk nie, omdat of die een tradisie of die ander een altyd sterker gestaan het.

Daarom word daar in hoofstuk vier van die proefskrif 'n teologiese beskrywing gegee van hoe geloof uiteenval in kennis en ervaring.

# HOOFSTUK VIER

# DIE VERHOUDING TUSSEN GELOOF AS KENNIS EN GELOOF AS ERVARING MET 'N ANALISE VAN PREKE IN DIE NG KERK

## 1. INLEIDING

In hoofstuk drie is daar tot die slotsom gekom, dat die meer ortodoks gereformeerde tradisie (kop spiritualiteit) weer sterker gestaan het teenoor die meer evangelies gereformeerde tradisie (hart spiritualiteit), en daarom is daar vandag so 'n soeke na ervaring en belewing. In die 1970's het die meer ortodoks gereformeerde tradisie weer sterker gestaan vanweë o.a. die ontbinding van die C.S.V. en 'n meer deduktiewe manier van prediking (vgl. Pieterse 1983:9). Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom in hoofstuk drie dat die twee tradisies, naamlik die meer ortodoks gereformeerde tradisie en meer evangelies gereformeerde tradisie nooit werklik in balans was nie, sodat die een of die ander altyd meer beklemtoon of onderbeklemtoon is.

Daarom word in hoofstuk vier 'n teologiese beskrywing gegee van geloof as kennis, en geloof as ervaring. Na die bespreking van geloof as kennis en geloof as ervaring, word daar gekyk na die verband tussen geloof as kennis en geloof as ervaring. Daarop volg 'n verslag van die analise van preke in die NG Kerk.

Die bespreking oor geloof fokus op geloof as kennis en geloof as ervaring in die lig van die probleem wat in hierdie proefskrif hanteer word. Dit is die wanbalans tussen 'n meer ortodoks gereformeerde en 'n meer evangelies gereformeerde spiritualiteit.

## 2. GELOOF AS KENNIS EN GELOOF AS ERVARING

ŉ Mens kry ŉ beter greep op geloof as dit semanties gesien word, omdat woorde se betekenisse semanties verstaan word in hulle verband. Louw en Nida se *Greek-English Lexicon of the New Testament* help ons hiermee. Volgens Louw en Nida (1988) kan die volgende betekenisse van die Griekse woord vir geloof, naamlik *pistis* semanties verstaan word:

- Geloof- dit wat volledig geglo kan word; dit wat waardig is om geglo te word; geloof waarvoor daar ŉ bewys is, soos byvoorbeeld in Handelinge 17:31 (Louw en Nida 1988:371).
- Geloof- om so te glo sodat ŉ mens volkome vertroue het in die Here, soos byvoorbeeld in Romeine 4:3 en Markus 11:22 (Louw en Nida 1988:376-377).
- Geloof waar die Here so getrou is dat iemand Hom volledig kan vertrou en op kan staatmaak. Die Here se getrouheid staan natuurlik in kontras met die mens wat nie vertrou kan word nie, soos byvoorbeeld in Romeine 3:3 (Louw en Nida 1988:377).
- Geloof waar ŉ mens glo in die goeie nuus van Jesus Christus, en as gevolg van daardie geloof in die goeie nuus ŉ volgeling van Jesus Christus word, soos byvoorbeeld in Handelinge 4:32; Romeine 1:8 en Efesiërs 2:8 ( Louw en Nida 1988:379).
- Geloof as die inhoud (leer) wat Christene geglo het, soos byvoorbeeld in Judas 1:3 en Galasiërs 1:23 (Louw en Nida 1988:379).
- Geloof as ŉ belofte om getrou te wees, soos byvoorbeeld in 1 Timoteus 5:12 (Louw en Nida 1988:421).

Ook Ricoeur sien betekenis in semantiese sin, dit wil sê, in volledige sinskonstruksie en dit is gebou op sy opvatting van taal as diskoers. Die sin is nie langer ŉ woord of ŉ ingewikkelder woord nie, maar ŉ nuwe eenheid. Die

sin of die frase is die uitgangspunt van die semantiek (Ricoeur 1976; vgl. ook Vos 1996 II:3). In 'n tekshermeneutiek waarmee die eksegese en die homiletiek werk, is die verstaan van die Christelike geloof in die Skrif binne hierdie semantiese siening uiters belangrik (vgl. Ricoeur 1991; Vos 1996 II: 1-119).

Op die vraag wat 'n ware geloof is, antwoord die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 21 soos volg: "'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net van ander nie, maar ook aan my uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het" (Heyns 1988:261). Geloof is dus nie leeg nie, maar gevul met 'n vasstaande kennis van God se Woord. Wie God nie in sy Woord leer ken nie, kan nie in Hom glo nie. Daar is ook 'n tweede inhoud van geloof, naamlik 'n vaste vertroue dat hierdie kennis die waarheid is en dat God wel bestaan. Ons kan dus sê dat geloof gevul is met 'n kennis en vertroue op God (Immink 2003:36-38). Elkeen wat met 'n vaste vertroue in Christus glo, word vrygespreek. Die dinge wat ons met die mond bely, dui op die kennisinhoud van geloof. Dan word ons verder verseker dat as ons, in geloof, ons vertroue op God rig, ons nooit teleurgestel sal word nie. Heyns (1978:306) onderstreep hierdie twee inhoudselemente van geloof, naamlik 'n vaste vertroue en 'n sekere kennis as volg: *"As geloof die mens se antwoord is op Gods handeling dan impliseer dit kennis van God.... Die vaste kennis van die geloof sluit die hartlike vertroue in en juis dit gee vrede en rus, wat alle verstand te bowe gaan."* Dan vat Heyns (1978:306) dit verder saam: *"Geloof is die sekerheid dat God betroubaar is. Geloof is die vertroue in Gods trou."*

## 2.1. Die bron van die verstaan van die Christelike geloof is die Skrif waarin ons die verhouding tussen geloof as kennis en geloof as ervaring vind

In die Reformatoriese geloofstradisie waarin die NG Kerk se teologie bedryf word, is die Skrif die enigste bron van ons kennis van God, kennis van onsself en die dinamiese boodskap van die teks wat ons aanspreek wanneer ons God ontmoet, en nuwe lewe en wêrelde vir ons geopen word (Calvyn 1956 I:1-71; vgl. Berkouwer 1966:83-138; Berkhof 1973:43-107; Heyns 1978:17-36; Wethmar 1977; Smit 2006:12-110, 182-187, 231-312). Die Skrif is die enigste rigsnoer van ons leer en lewe.

Die vraag vir die doel van hierdie proefskrif is nou: Hoe verstaan ons geloof as kennis en geloof as ervaring in die lig van die ooraksentuering van die een en dan weer die ander in die NG Kerk se spiritualiteitsgeskiedenis? (Vgl. Hoofstuk 3). 'n Ondersoek na wat geloof in hierdie sin is, laat blyk algou dat geloof as kennis en geloof as ervaring in 'n dialektiese spanning tussen die twee begrippe betrokke is. Dialektiese spanning word hier verstaan soos Ricoeur dit hanteer in byvoorbeeld sy diskussie oor die dialektiek tussen ideologie en utopia (vgl. Ricoeur 1991:308-324). Indien 'n mens die tradisie (in ons geval die teologie, prediking en liturgie) verhef tot die enigste regte manier verstar dit tot ideologie. Indien 'n mens vernuwing oorbeklemtoon as die enigste manier tot nuwe lewe vervlugtig die saak tot utopia. In die dialektiese spanning tussen die twee kan die balans gevind word. Op dieselfe wyse staan kennis en ervaring van geloof in die NG Kerk in 'n dialektiese spanning. Kuitert (1971:158-205) beskryf die geloof as *traditum*, die oorgelewerde geloof wat ons moet ontvang en leer ken. Hierdie aspek van die geloof verbind hy aan die reformatoriese formulering van die *fides quae*, die inhoud van die geloof (Kuitert 1971:205). *"Daarmee is dan in één adem een nieuw hermeneutisch uitgangspunt gegeven"* (Kuitert 1971:159). Maar daar is ook die inbring van die menslike subjek, die

antwoordende mens wat hy verbind met die reformatoriese *fides qua*, die toeëiening van die geloof, waaruit die ervaring van die heil vloei (Kuitert 1971:203-205). Belydenis van die Christelike geloof *"impliceert niet alleen fidaes qua maar ook fides quae"* (Kuitert 1971:205).

Dit is belangrik in ons benadering tot die verstaan van die verhouding tussen geloof as kennis en die geloof as ervaring om te let op Ricoeur se siening van Skrifinterpretasie binne 'n tekshermeneutiek (Ricoeur 1991). Bybelse hermeneutiek is 'n besondere geval binne die raam van die algemene hermeneutiek. Die Bybelse hermeneutiek gebruik die filosofiese hermeneutiek as haar eie *organon.*

Die verskillende genres in die Skrif vorm die diskoers in die Skrif wat in struktuur van die Skrif gesien word. So word die geloofsbelydenis oor God in die Skrif in verskillende dokumente uitgedruk soos die Pentateug en die evangelies en is onlosmaaklik verbonde met die vorme van die diskoers (Vaessen 1997:101). In die proses van oorlewering waarin die gesproke taal (die Woord) oorgelewer is en Skrif geword het, het die Woord in alle stadia met die Skrif betrekking onderhou (Vaessen 1997:102).

Ricoeur bring 'n belangrike insig na vore, naamlik dat: *"Het specifieke aan het bijbelse word en het bijbelse schrift zit niet in de wijze van overlevering, maar in de zaak van de tekst zelf"* (Vaessen 1997:103). Hierdie spesifieke saak van die Skrif is God en Christus. God as referent neem in die Skrif 'n sentrale plek in (Vaessen 1997). God en Christus behoort by die wêreld van die teks wat die Bybelse hermeneutiek aan ons ontvou (Vaessen 1997:106). Wanneer ons dus die Bybelse boodskap oor God se heil in Christus hoor en verstaan (geloof as kennis) en die heil toeëien, word hierdie gebeure 'n ervaring van die heil (geloof as ervaring). Vaessen vertaal Ricoeur se Franse teks in hierdie verband soos

volg: *"de tekst spreekt eers tot mijn verbeelding en stelt mij zo de verschillende beelden voor van mijn bevrijding"* (Vaessen 1997:107; vgl. Vos 2005:332-334 oor '*imaginative sermons*' in hierdie verband). In die lig van Ricoeur se insigte kan daar gepraat word van die hermeneutiese aard van die Bybelse geloof. In hierdie raam van verstaan kry 'n mens 'n greep op geloof.

Geloof as kennis en ervaring kan nie geskei word nie. Dit is 'n affektiewe kognitiwiteit (vgl. Van der Ven, Dreyer & Pieterse 2004:307-315). Hier word dit onderskei, maar nie geskei nie.

## 3. GELOOF AS KENNIS

Die woord kennis speel 'n belangrike rol in Calvyn se teologie. Die eerste en tweede dele van die Institusie gaan onderskeidelik oor ons kennis van God die Skepper en ons kennis van God die Verlosser- ook in die hoofstukopskrifte kom die woorde *"kennis van God"* dikwels voor (Calvyn 1956). Die rede hiervoor is eenvoudig: vir Calvyn het die lewe daaroor gegaan dat mense God reg sal ken. Hesselink (1997) wys daarop dat, in die oorspronklike Franse uitgawe van Calvyn se Eerste Kategismus, die titel gelui het: *"All men are born in order to know God."* Waar leer ons God reg ken? Hoewel ons (mens) 'n aangebore kennis van God het en heelwat van Hom kan leer uit sy skepping en werke in die natuur, vind ons in *die Skrif* die enigste betroubare weg na 'n regte kennis van God (Calvyn 1956). Ware kennis van God kan ons alleen verkry deur die lees van die Skrif onder die verligting van die Heilige Gees. Calvyn gebruik daarvoor die metafoor van die bril. Ons het die *"bril"* van die Skrif nodig en die verligting van die Gees om die Skrif te verstaan en om tot geloofskennis van die ware God te kan kom (Pieterse 2005:417). Daarom as ons oor geloof as kennis (vir Calvyn was hierdie kennis *soteriologies* van aard vgl. Baars 2004:670-673) praat, staan die Woord van die Here sentraal (Leith 1997:47).

Om die balans in ŉ geïntegreerde verstaan en praktyk van die Christelike geloofslewe, waarin geloof as kennis en geloof as ervaring soos twee kante van ŉ munt in gespanne verhouding staan te vind, moet dit dialekties benader word. Geloof as kennis volg op die prediking en onderrig van die Bybelse boodskap in die erediens en kategese wat op deeglike eksegese en Skrifverklaring gebou moet word. Geloof as kennis onstaan deur die verkondiging van Christus deur die kerk en grondige lerende kommunikasie oor Ou- en Nuwe Testamentiese tekste. Wanneer ŉ mens die boodskap van die Skrif leer ken, volg daar ŉ verandering in die gemoed deur die werk van die Gees waarin *vertroue* op God se beloftes in die Skrif by mense groei wat die boodskap as waar sien. By die toeëiening van die heil wat in Christus deur geloof aangebied word dat die kennis wat in die Skrif opgedoen word, betroubaar is, onstaan ŉ eksistensiële relasie tussen God en mens. Dan word geloof as ervaring beleef. Die breë Reformatoriese tradisie het steeds daarvoor gestaan dat *"naas die kenniselement ook die ervarings- en eksistensiële beslissingselement van die geloof"* beklemtoon word (Wethmar 2003:646). Die teologiese siening wat in hierdie paragraaf aangestip is, word deurgaans in die reformatoriese tradisie gehandhaaf (vgl. Calvyn 1956 I; Van Niftrik 1953:35-41; Berkhof 1973; Pannenberg 1998:136-172; Heyns 1978; Immink 2003:27-52; Grözinger 2008:116-122).

Hierdie opvatting van geloof as kennis waarin ŉ vertroue op God se beloftes oorgaan in geloof as ervaring is ook in navolging van Jesus. Jesus het sy absolute volle vetroue op God gevestig en Hom as teenwoordig beleef (Van Aarde (2001:44, 178). In die praktiese teologie het die benadering, in die raamwerk van bogaande teologiese siening, in die jongste tyd om geloof as geleefde geloof te bestudeer ontstaan (Immink & Pleizier 2005:80-81). Dit impliseer die geïntegreerde verband en verhouding tussen geloof as kennis en geloof as ervaring. Geleefde geloof word dan bestudeer by die persoonlike,

subjektiewe toewyding aan God; geloof soos dit in die daaglikse lewe en in ons lewenstyl gestalte kry; geloof in die instituut van die geloofsgemeenskap, en geloof se gestaltes in die openbare of publieke lewe (Immink & Pleizier 2005:80).

Die volgende sake is belangrik om die Bybel duidelik te verstaan om kennis te verkry vir ons geloofslewe:

Eerstens as die Bybel die boek is wat deur mense onder inspirasie van die Heilige Gees geskrywe is, spreek dit vanself dat die Bybel ook deur die Gees alleen verstaan kan word, want nadruklik verklaar Paulus: *"Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word"* (1 Korintiërs 2:14). Heyns (1976:159) beskryf dit so: *"Die Heilige Gees maak die Bybel duidelik, en dit doen Hy deur die mens tot omgang met die Bybel aan te spoor, en dan in sy omgang met die Bybel die saak waarom dit gaan, en die hart waarvoor die saak bedoel is, so op mekaar te betrek dat die hart spontaan en entoesiasties sal weet: dié saak is mý saak."*

Tweedens speel gebed 'n belangrike rol om ons harte oop te maak sodat ons die Woord kan verstaan. In die gereformeerde erediens noem ons die gebed, *die epiklese* – die gebed om die verligting deur die Heilige Gees en om die opening van die Woord (Barnard 1981:554). Om met die hoed in die hand te staan, word volgens Müller (1988:71) in teologiese taal - epiklese genoem. Die epiklese beteken dat daar gebid word dat die Heilige Gees die Skrif wat gelees gaan word en die verkondiging daarvan, so sal oopmaak, verlig en verstaanbaar duidelik word dat dit die mense hier en nou sal aanspreek (Barnard 1981:555). Müller (1988:71) wys ook daarop dat as die liturg die gebed voor die Skriflesing werklik as epiklese benader en nie maar net 'n ritueel wat doodgewoon

afgehandel moet word nie, sal dit ook so na die gemeente gekommunikeer word, en sal dit ook vir hulle epiklese wees.

Derdens in die mens se omgang met die Bybel om 'n duidelike boodskap en kennis te kry, speel Skrif ondersoek 'n baie belangrike rol. Johannes 5:39

sê juis: *"Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."*

Die volgende sake met betrekking tot Skrif ondersoek is hier van belang naamlik:

- Eerstens, die Bybel(teks) wil met die persoon wat dit ondersoek in *gesprek* tree, wat sal lei tot kennis, en 'n antwoord daarop, van ek glo dit, of ek glo dit nie (Lose 2003: 174).
- Tweedens, kan ons slegs in so 'n gesprek betrokke raak as ons die Bybel(teks) nie bloot as 'n objek sien nie, maar dat die Bybel(teks) ons nader trek om in 'n verhouding daarmee te staan (Lose 2003:174).
- Derdens, solank ek my vooropgestelde idees en vrae waarmee ek na die teks kom erken, kan die Bybel(teks) dit aanspreek, verander en my kennis gee oor my situasie (Lose 2003:174).

Heyns (1976:161) som die mens se omgang met die Bybel(teks) duidelik op as hy sê: *"Die Bybel is 'n spieël waarin die mens homself ontdek. Die duidelikheid van die Bybel lei dus tot 'n duidelikheid van die mens met betrekking tot homself."*

Let op die volgende: Ek weet dat 3+4 is 7; Ek weet dat Abraham Lincoln was 'n Amerikaanse president, maar ek glo dat dit gaan reën; ek glo ek gaan 'n sukses wees, en ek glo in marsmannetjies. Dit wil voorkom of mense omtrent enigiets

kan glo, maar nie almal weet, of het kennis van iets of iemand nie. Wat is dan die verhouding tussen geloof en kennis? Leslie Newbigin vat die verhouding tussen geloof en kennis saam as hy sê: *"There is no knowing without believing, and believing is the way to knowing"* (Newbigin 1989:33).

William James (1977; vgl. Lose 2003:36-37) sluit hierby aan, wanneer James die noodsaaklikheid van geloof beklemtoon. James beskryf dan die onvermydelike rol wat geloof speel in al ons teoretiese, logiese en praktiese voorstellings en konstruksies van die werklikheid. William James (1977) praat dan van die *"faith ladder"* en die geloofleer werk soos volg: *"A conception of the world arises in you somehow, no matter how. Is it true or not? you ask. It might be true somewhere, you say, for it is not self contradictory. It may be true, you continue, even here and now. It is fit to be true, it would be well if it were true, it ought to be true, you presently feel. It must be true, something persuasive in you whispers next; and then- as a final result- It shall be held true, you decide; it shall be as if true, for you."* William James se verstaan van die verhouding tussen geloof en kennis kom daarop neer dat geloof sentraal staan in 'n poging om te verstaan (tot kennis te kom) van dit wat ons ervaar. Ervaring kan dus nie losgemaak word van kennis nie, en 'n mens kan ook nie van kennis praat sonder dat ervaring ter sprake is nie (Lose 2003:37). William James se filosofiese siening is dus dat alle wetenskaplike teorieë vertrek vanuit 'n mate van geloof oor die saak en dat dit so behoort te wees op grond van vorige ervaringe.

## 4. GELOOF AS ERVARING

Uit die vorige afdeling is dit duidelik dat geloof nie net oor kennis gaan nie, maar ook oor 'n *belewing* van die heil in Christus. Tog leer die Bybel en die geskiedenis van die Christelike Kerk ons om ook versigtig te wees met ervaringe. Een ding waarteen gewaak moet word is dat persoonlike ervaring die geestelike rigsnoer of gids word van ons geestelike toestand. Wanneer dit

gedoen word sal daar in subjektivisme en in 'n teologie van ervaring of geestelike belewenisse beland (Runia 1992:99; vgl. Van der Bank (red.) 1984:49).

Ervaring is 'n belangrike deel van die meer evangelies gereformeerde tradisie. Sonder om te skei, word ervaring hier bespreek in onderskeiding van geloof as kennis.

## 4.1. Wat is ervaring?

Ervaring is 'n woord met 'n wye betekenisveld (Veldsman 1990). Tog blyk dit die mees werkbare woord, as aanduiding van ons interaksie met ons leefwêrelde, van ons verhouding met God te wees (Veldsman 2008:8). Geloofservaring is gevoelsbelewing wat binne 'n religieuse konsepsuele raamwerk verstaan moet word as herinnering, verbeelding en hoop (Veldsman 1990:323-344).

In die Nadere Reformasie het die woord *"ervaring"* die betekenis gekry as 'n aanduiding van die gelowige se innerlike reaksie op die werksaamhede van die Heilige Gees wanneer Hy ons laat deel in al Christus se weldade. Met ervaring word hier nie bedoel as iets ekstra wat moet bykom by die geloof nie, maar ervaring hier is geloof wat ervaar word (vgl. Steyn 2008:180-181). Maar ons doen eers kennis van God in die Skrif op en ervaar dan die belewenis van 'n geloofsontmoeting met Jesus Christus. Daar is dus 'n interaksie tussen Skrif en ervaring. Calvyn het van twee leermeesteresse (*magistrae*) of twee bronne (*fontes*), wat ons kennis van die drie-enige God verskaf, naamlik die Skrif en die ervaring gepraat (Calvyn I 1956:36-49; vgl. Baars 2004:674). Hiermee word nie bedoel dat daar naas die Skrif nog 'n bron van Godskennis is nie. Aan die Skrifkennis is die ervaring van die geloof onderworpe en is ook daarvan afhanklik. Die Skrifkennis van die drie-enige God word in die geloofsontmoeting in die preekgebeure kennis van die mens se bestaan (Pieterse 2005:418).

Ook uit hierdie beskrywing blyk die dialektiese, gespanne twee-eenheid van geloof as kennis en geloof as ervaring.

### 4.2. Wat is die oorsprong van ervaring?

Die oorsprong van ervaring is die gemeenskap (eenheid) met Jesus Christus (Runia 1992:100). Die vraag is egter: hoe kom hierdie gemeenskap na vore? Die antwoord wat die Bybel gee, is dat dit die werk van die Heilige Gees is. Ons lees byvoorbeeld daarvan in die volgende tekste: Johannes 4:14; Johannes 7:37, 38; Handelinge 1:4, en Handelinge 2:4. Dit beteken dat die leerstuk oor ervaring natuurlik deel is van die leerstuk oor die Heilige Gees. Daar moet selfs verder gegaan word deur te sê dat dit nie net 'n deel is nie, maar die kern van die leerstuk oor die Heilige Gees (Jonker 1981:50-68). Dit is daarom ook geen wonder nie dat kerkgroepe wat op die uitkyk was vir ervarings in die Christelike geloof hewig gekonsentreer het op die werk van die Heilige Gees (Veldsman 2008:7). Dit word gesien regdeur die Kerkgeskiedenis, vanaf die Montaniste in die tweede eeu na Christus (vgl. Dowley 1988:74) tot by die Pinkster en Charismatiese bewegings van die twintigste eeu.

Watter omstandighede dra vandag by tot die oplewing van die Pinksterteologie, die charismatiese beweging en die klem op 'n evangelistiese beweging wat lei tot groter behoefte aan geloofservaring? Veldsman (2008:7) is van mening dat die behoefte aan geloofservaring te danke is aan die eietydse ervaringswêreld in ons gemeenskap; die impak van die hermeneutiek waarin die lees van die Bybel in 'n sekere mate bepaal word deur die voorveronderstellings van die lesers, en die verwaarlosing in die hoofstroomkerke van die mens wat glo in sy of haar persoonlike, konkrete lewensomstandighede. Heitink toon aan dat ons eietydse kultuur gekenmerk word deur die deurwerking van die proses van individualisering en 'n groeiende aandag vir menslike selfekspressie in ervaring en belewing (Heitink 2007:233). Marcel Barnard stel dat die impak van die

kerkdienste van die evangeliese beweging uit Amerika op baie mense vandag, juis die gevolg is van die behoefte aan geloofservaring (Barnard 2006:44-53). Gewoonlik het die Pinkster bewegings in opstand gekom teen die koue doodsheid wat geheers het in die kerke. Hulle het dan probeer om al hulle aandag te fokus op die werk van die Heilige Gees, en so dikwels het dit gelei tot die volgende twee probleme. Eerstens het hierdie bewegings die werk van die Heilige Gees in die voorgrond geplaas van nuwe aksies en ervaringe wat ervaar moes word en tweedens het hulle te veel begin konsentreer op wat in die gelowige moes gebeur het. Dit het daartoe gelei dat Jesus Christus en Sy verlossingswerk al hoe meer op die agtergrond geskuif is (Jonker 1981:70-90; vgl. Runia 1992:101). Dit is in stryd met wat die Bybel leer oor die werk van die Heilige Gees. In die Nuwe Testament is die Heilige Gees altyd en oral die Gees van Christus (vgl. Jonker 1981). Daar is geen verwysing in die Nuwe Testament van enige aparte werk wat die Heilige Gees doen nie. Die werk van die Heilige Gees kan opgesom word dat Hy ons in gemeenskap bring met Christus, sodat ons in Christus is, maar dat Christus ook in ons is (Berkhof 1964:23). Dit bring ŉ mens by ŉ duidelike kriteria vir ervarings en die leerstuk oor ervaring. In beide gevalle is die volgende twee vrae belangrik:

- Eerstens, die ervaring wat ervaar word, verheerlik dit vir Christus? (bv. Johannes 15:26 en Johannes 16:13).
- Tweedens, word te veel op die mens gefokus. Christelike ervaring van die Heilige Gees wys altyd na Jesus Christus en Sy verlossingswerk (Runia 1992:102).

## 4.3. Wat ervaar die gelowige?

By die vorige punt is gestel dat die bron van ervaring, die gemeenskap met Jesus Christus is, maar wat word spesifiek ervaar in hierdie gemeenskap met Jesus Christus wat die Heilige Gees bewerk?

Gelowiges ervaar eerstens die *regverdigmaking van die geloof* in ons lewe (Immink 2003:85-88; Runia 1992:107). Deel van hierdie ervaring is dat gelowiges sal ervaar hoe die Heilige Gees ons oortuig van sonde in ons lewe. Dit lei daartoe dat die gelowige sy sonde bely voor die Here. Sy kop in skaamte sak voor die Here, en sy onwaardigheid bely voor die Here. Die belydenis van sonde is nie sonder geloof nie, want soos 1 Johannes 1:9 sê: *"Maar as ons ons sondes bely- Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."* As gevolg van hierdie geloof in Jesus Christus ervaar die gelowige die versekering dat God vergewe het.

Die gelowige ervaar tweedens die heiligmaking in sy lewe (Immink 2003:95-108; Jonker 1981:197-210). Die Nuwe Testament sê duidelik in 1 Korintiërs 1:30: *"Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing."* Wat ervaar die gelowige dan in die proses? Die gelowige ervaar hoe hy al hoe meer sonde haat, dit hom ongemaklik laat voel, en daarteen veg in sy lewe. Die gelowige ervaar verder die krag van die Heilige Gees in sy lewe en hoe dit hom in staat stel om vleeslike begeertes te oorwin (vgl. Smit 1998: 96). Die gelowige ervaar die vrugte van die Heilige Gees in sy lewe (Galasiërs 5:22-23), en die leiding van die Heilige Gees hoe God wil hê 'n gelowige moet lewe. Laastens ervaar die gelowige hier die behoefte om te bid, om te praat met die Here, en om behoeftes aan die Here te openbaar (Runia 1992:110).

Die gelowige ervaar derdens *die gawes van die Heilige Gees* in sy lewe (Jonker 1981:227-245; Runia 1992:111). Regverdigmaking en heiligmaking is nie al wat die gelowige ervaar nie. Hy ervaar ook in geloof die gawes van die Heilige Gees (Romeine 12:6-8; 1 Korintiërs 12:8-10; 12:28-30; Efesiërs 4:11, en 1Petrus 4:10,11). Die doel van die gawes is dat dit gegee is tot heil en voordeel van *alle* gelowiges

### 4.4. ’n Voorbeeld van hoe ervaring na vore kom in die lewe van die Emmausgangers (Lukas 24:13-35)

In die verhaal van die Emmausgangers word geloof as kennis (Jesus onderrig hulle) en geloof as ervaring (by die maaltyd) as één, verbandhoudende belewing van spiritualiteit aangebied.
In die ervaring wat die Emmausgangers met die opgestane Jesus Christus gehad het, leer ons vyf belangrike elemente van geestelike geloofservaringe (vgl. Grözinger 2005:1-6; Denaux 1999:272-275; Crossan 1991:398-416). Vir die basis van die spirituele interpretasie wat hier volg, vergelyk Scheffler 1989; Schmithals 1980 en Ellis 1974.

**Eerstens**, ervaring vind plaas binne tyd, plek en omstandighede. *“Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na ’n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af”* (Lukas 24:13). Die tyd was die derde dag, naamlik die opstanding van Jesus Christus. Die plek waar alles gebeur het was Jerusalem, en die omstandighede was die leë graf van Jesus Christus gewees. Hieruit kan ons verder aflei dat plek, tyd en omstandighede verskillende ervaringe na vore kan bring. Jerusalem simboliseer hier die plek van die dood. Die plek van hopeloosheid, en die ervaring van geen toekoms meer nie. Daarom het die twee Emmausgangers Jerusalem (plek van dooie ervarings) verlaat vir Emmaus opsoek na ’n nuwe, beter ervaring. Prediking moet daarom soek vir die plek, tyd en omstandighede waarin mense leef, en waardeur mense se ervarings gevorm word om dit deur die prediking aan te spreek. Hierdie belewing van spiritualiteit gebeur ook vandag en te alle tye en plekke (vgl. Crossan 1991:398-404; Borg 2006:44-48).

**Tweedens**, ervarings/belewenisse soek uitdrukking in woorde. *“Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het”* (Lukas 24:14). Die twee Emmausgangers het met mekaar gepraat oor hulle ervaringe. Ervarings

moet vertel word, en in die prediking moet die ervarings wat die geloofsgemeenskap ervaar gedeel, vertel en gehoor word (vgl. Crossan 1991:402-404).

**Derdens**, ervarings word verbind met die Woord en simbole (Oor die metaforiese taal in die narratiewe van die evangelies, ook in Lukas 24:13-35, vergelyk Borg 2006:52-54). Dit hou verband met geestelike ervaringe van Jesus se volgelinge en vandag se lesers en hoorders.
*"Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn"* (Lukas 24:27, 30-31). Ervarings word gekoppel aan tyd, plek en omstandighede, maar ervarings word geïnterpreteer deur die Woord en simbole. Vir die Emmausgangers was Jerusalem 'n plek van doodsheid, maar deurdat Jesus die Skrif vir hulle begin uitlê het, en die brood (simbool van lewe) voor hulle oë breek, het Jesus vir hulle 'n brug gebou van nuwe ervarings. Die Emmausgangers betree dan ook hierdie nuwe ervaring wanneer hulle terug na Jerusalem (oor die brug) stap. Prediking moet daarom brûe bou vir mense sodat hulle nuwe ervarings kan ervaar, van hulle doodsheid verlos kan word en dit word gedoen deur die Skrif en simbole vir mense helder te interpreteer in hul tyd, plek en omstandighede. Om dit te bereik, is grondige eksegese nodig binne die benadering van 'n tekshermeneutiek (Vos 1996 II: 1-119).

**Vierdens**, ervaring kan nie bewaar word nie. Dit moet gedeel word (Grözinger 2005:5). *"Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons harte nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie? Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander bymekaar, en die sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon*

*verskyn!" Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het"* (Lukas 24:32-35). Ervaring kan nie bewaar word nie. Dit moet weggegee word en die wyse waarop dit gebeur is om dit oor te vertel soos die Emmausgangers dit gedoen het. Deurdat die Emmausgangers vertel het van hulle ervaring met Jesus het hulle 'n brug geword van nuwe ervaring vir die dissipels. Prediking is daarom die herhaaldelike gebeure waar ons beweeg van ou ervaringe na nuwe ervaringe soos mense aangeraak word in hulle tyd, plek en omstandighede deur die Woord, simbole en die Heilige Gees.

**Laastens**, Jesus Christus moet die middel wees van ons geestelike ervarings (Grözinger 2005:5). Die groot rede hoekom hierdie Emmausgangers se dooie ervarings van die kruis en die opstanding verander is in nuwe hoop en vertroue, is as gevolg van die verskyning van Jesus Christus. Regdeur die hele verhaal is Jesus die middelpunt van die storie, en daarom as die prediking in die kerk mense se geestelike lewens positief wil verander, moet die belydenis van Jesus Christus as die opgestane Here weer die middelpunt van ons prediking in die kerk wees.

Die preekanalises wat volg se doel is om vas te stel in hoe 'n mate die bogaande teoretiese sieninge in die preke weerspieël word.

## 4.5. Samevatting

Geloof in Jesus Christus moet as 'n eenheidsgebeure verstaan word. Geloof as kennis en geloof as ervaring kan onderskei word, maar nie geskei word nie. Dit funksioneer in 'n dialektiese spanning en is op mekaar aangewese.

# 5. 'EMPIRIESE ANALISE VAN PREKE

Immink het die metode wat deur Pieterse en Wester gebruik is om die preke van Tutu te analiseer, aangepas sodat dit ook met die hand gedoen kan word en nie net op 'n rekenaarprogram nie. Vir die metode en die resultate van die analise van die preke van Desmond Tutu, sien Pieterse (1995 en 2001).

Die metode van preekanalise wat gebruik word om preke te ontleed in hierdie proefskrif staan bekend as die *"grounded theory"* metode ('n kwalitatiewe benadering) soos toegepas in die homiletiek (vgl. Immink & Verweij 2007). Hierdie metode stel 'n mens in staat om die sleutelwoorde en temas vanuit die materiaal self na die oppervlakte te bring. Die metode word kortliks verduidelik:

## 5.1. Teoretiese struktuur van die metode

### 5.1.1. Empiriese homiletiek

Empiriese homiletiese studies handel oor die praktyk van prediking, want prediking is 'n aksie wat oor menslike gesprek gaan. Tydens 'n erediens speel menslike kommunikasie 'n belangrike rol, veral in verbale en rituele interaksie van gelowiges met mekaar (vgl. Immink & Verweij 2007:141). Daarom is prediking ook 'n sosiale aksie, en gevolglik kan prediking beskryf en analiseer word as 'n sosiale praktyk. Prediking is ook 'n godsdienstige praktyk (vgl. Immink & Verweij 2007:141). Die rede daarvoor is dat godsdienstige gebruike deel van die sosiale en kulturele gebruike van die mens is. Met dit in gedagte, moet ons ook erken dat godsdienstige gebruike 'n "getuienis" karakter het: dit druk 'n spesifieke verhouding uit wat tussen die mens en God bestaan (vgl. Immink & Verweij 2007:142). Godsdienstige handelinge versorg, vier en versterk so 'n verhouding. Godsdiens is nie net 'n saak van geloof en 'n wêreldbeeld wat bestaan nie, maar ook 'n handeling wat plaasvind waarin die verhouding tussen God en mens uitgebou word. Dit is die spesifieke taak van

die teologie om hierdie verhouding (handelinge) te bestudeer in terme van die Christelike tradisies. Dit beteken dat empiriese homiletiek die taak het om ŉ teologiese teorie daar te stel om die prediker met die preekgebeure in die praktyk van prediking te help. Daarom word in empiriese homiletiek teologiese konsepte ontwikkel om ons te help verstaan wat in die praktyk van prediking besig is om te gebeur (vgl. Immink & Verweij 2007:142).

### 5.1.2. Teorie van die praktyk

Empiriese homiletiek is ŉ teorie vir/van die praktyk. Die doel is om empiriese data te versamel. Dit is data van die huidige tendense wat in die prediking aangaan. Vrae soos byvoorbeeld: Wat gaan regtig aan in die prediking? Hoe preek predikers oor die genade van God? Hoe word die luisteraars geraak? Predikers word goed opgelei en partykeer is daar suspisie oor wat so ŉ empiriese navorsing na vore kan bring. Dit is belangrik om te besef dat navorsing teorieë vir die praktyk, wat predikers help om die praktyk beter te kan verstaan genereer (vgl. Immink & Verweij 2007:142).

### 5.1.3. Die praktyk

Empiriese homiletiek aanvaar en erken dat die Christelike geloof oor die werklike lewe gaan (vgl. Immink & Verweij 2007:143). Daarmee word bedoel dat dit in die praktyk met dinge soos: werk; lyding; regstellende aksie; misdaad; dood ens. saamgaan. Die konteks waarbinne die dinge gebeur, en die verhouding tussen God en mens plaasvind, is daarom baie belangrik vir die empiriese ondersoek van die praktyk (vgl. Immink & Verweij 2007:143).

## 5.2. Navorsingsarea

### 5.2.1. Praktyk van prediking

Die navorsingsarea in praktiese teologie is oor ŉ spesifieke praktyk. In die geval van ŉ homileet is dit die prediking in die erediens. Die spesifieke navorsingsarea vir die proefskrif is preke wat gepreek is in die 10 sinodale gebiede van die NG Kerk.

### 5.2.2. Formulering van 'n teorie vir die praktyk

In die algemeen is dit so dat die teorie wat onstaan uit die preekontledings, afkomstig is vanaf die perspektief waarvan die preke ontleed word. Die perspektief waarvolgens ek hierdie aantal preke gaan ontleed word vervat in die navorsingsvraag. Die navorsingsvraag vir die proefskrif is as volg: *Hoe kan ons Jesus Christus as Heer en Verlosser bely in ŉ prediking as belydenis van Jesus Christus sodat die verweefdheid van Skrifprediking en gevolglike Skrifkennis (geloof as kennis), verstand, en die ervaring van die heil in die geloof (geloof as ervaring), emosies, hart en die opwekking van die wil tot dankbaarheid effektueer word?*

## 5.3. Empiriese Navorsing

Die empiriese navorsing vir die ontleding van preke in die NG Kerk met die oog daarop om ŉ praktykteorie te ontwikkel, bestaan uit die volgende stadiums:

### 5.3.1. Versameling van preke *(Sampling and coding)*

In die lig van die navorsingsvraag is preke gesoek in die 10 sinodale gebiede van die NG Kerk. Ongelukkig moet vermeld word, dat na e-posse wat ek aan predikante in die sinode van Noord-Kaap gestuur het, het nie een na my toe

teruggekom nie. Die preke verteenwoordig dus die 9 sinodale gebiede in die NG Kerk wat deelgeneem het.

### 5.3.2. Segmentverdeling

Die tweede fase behels om die preke in segmente te verdeel. ŉ Segment is ŉ selfstandige gedagte-eenheid.

### 5.3.3. Kodering van segmente

Die derde fase behels die kodering van die segmente. Daar word dus ŉ sleutelwoord (kode) aan elke gedagte-eenheid gegee. Kodering is ŉ manier om die teks van die preek sistematies te lees, terwyl ŉ mens deurvra na wat die prediker besig is om te doen in die preek (vgl. Immink & Verweij 2007:149).

### 5.3.4. Formulering van gedagte-eenhede

Die vierde fase behels die formulering van die gedagte-eenhede in ŉ sin wat weergee wat die prediker eintlik sê (vgl. Immink & Verweij 2007:149).

### 5.3.5. Spesifieke kategorieë

Die vyfde fase behels dat daar vanuit die sinne wat die gedagtes weergee in die preek onder ŉ spesifieke kategorie of tema tuisgebring word (vgl. Immink & Verweij 2007:152). Uiteindelik word die aantal kere wat dieselfde kategorie of tema vanuit die segmente na vore kom, aangeteken. Verbande word dan ook tussen die kategorieë gelê en getrek. Die vraag is dus: Welke kategorieë of temas kom uit die segmente na vore en hoeveel keer kom ŉ kategorie na vore sodat ons dit in ŉ orde van belangrikheid kan lys? Nadat hierdie inligting versamel is, kan ons dan oorgaan om ŉ gevolgtrekking te maak oor die prediking tans in die NG Kerk in interaksie met die literatuurondersoek om ŉ prakykteorie te vorm vir prediking in die NG Kerk in die huidige konteks.

## 5.4. Inhoudsanalise van preke in die NG Kerk

Die preke is ingedeel volgens die letters A tot I. By elke letter (aangedui deur letters A-I) word twee preke in 'n spesifieke sinodale gebied analiseer.

### 5.4.1. Ontleding van preke

Preke A uit die sinode van die Oranje-Vrystaat

Preek 1. Teks: 1 Johannes 4:7-17. Tema: Om te behoort.

Segment A.

Sekerlik een van die grootste behoeftes van die mens, is die aan sekuriteit en geborgenheid-die behoefte om te behoort. 'n Mens is nie gemaak om eensaam en alleen te wees nie. Jy soek lewe en ander mense rondom jou, al is dit dan soms ook net in die vorm van die musiek wat jy aanskakel om die stilte van die fisiese afwesigheid van ander mense te verdryf. Daarom dat vakansietye vir ons so belangrik is, want dit gee jou die geleentheid om tyd te maak om met jou familie en vriende bande te verstewig, en juis dit skep dan weer vir jou sekuriteit en bestendigheid in jou lewe.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Een van die grootste behoeftes van die mens is aan sekuriteit en om te behoort.
2. 'n Mens is nie gemaak om eensaam en alleen te wees nie.
3. Jy soek lewe.
4. Vakansietye is belangrik, want dit gee jou tyd om bande te verstewig met jou familie en vriende.
5. Dit skep sekuriteit en bestendigheid in jou lewe.

Segment B.

Tog doen dieselfde mense - wat so 'n geweldige behoefte aan mekaar het - soms ook die verskriklikste dinge met en teenoor mekaar, soos byvoorbeeld: die manier hoe ons met mekaar praat, die dinge wat ons mekaar soms toesnou in oomblikke van woede of frustrasie. Ons mishandel, misbruik en verwaarloos mekaar. 'n Mens is amper te bang om die koerant oop te maak of die radio en TV-nuus aan te skakel, want dan lees en hoor jy net van die allerverskriklikste misdaad en goed. En intussen bly een van die grootste behoeftes steeds om te behoort.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Mense met 'n behoefte aan mekaar, doen soms verskriklike dinge met en teenoor mekaar, soos hoe ons met mekaar praat en dinge wat ons doen in oomblikke van woede en frustrasie.
2. Ons mishandel, misbruik en verwaarloos mekaar.
3. Mense is bang om te hoor van al die misdaad.
4. Een van die grootste behoeftes bly steeds om te behoort.

Segment C.

Liefde is die hooftema van hierdie hele brief van Johannes. Johannes wil beklemtoon dat juis die liefde van God en die feit dat God in Sy wese Liefde is, die diepste grond vir ons geloofsekuriteit is. Dit het die Here konkreet aan ons bewys: *"Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes..."* (1 Johannes 4:9-10). Die Here gee Homself in 'n unieke verbonds-verhouding met ons as uitdrukking van Sy wesensliefde. Hierdie liefde bewys die Here vandag nog elke dag konkreet aan ons in al die seëninge wat Hy oor ons uitstort. Dan sê die bekende Johannes 3:16: *"God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal*

*hê.”* So wil Johannes aantoon dat ware liefde wat in verhoudinge geleef word- tot God en tot mekaar, die fondament van ons sekuriteit is - selfs tot in die ewigheid in.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Liefde is die hooftema van hierdie hele brief van Johannes.
2. Johannes wil beklemtoon dat juis die liefde van God en die feit dat God liefde is, die diepste grond vir ons geloofsekuriteit is.
3. Twee verse word aangehaal uit die teksgedeelte.
4. Die Here gee Homself in ’n unieke verbonds-verhouding as uitdrukking van Sy liefde.
5. Aanhaling van ’n teks uit die Bybel (Joh. 3:16).
6. Hierdie liefde bewys God vandag nog deur Sy seëninge wat Hy oor ons uitstort.
7. Johannes wil aantoon dat ware liefde wat in verhoudinge geleef word, die fondament van ons geloofsekuriteit is.

Segment D.

Die betekenis en implikasie van dit alles is duidelik dat die Here gee Homself uit liefde om ons vry te maak van enigiets anders wat ons verhinder om in ’n oop en onbevange verhouding met Hom te lewe. Hy wil dat ons in alle opsigte seker van Hom moet wees, en dat daar geen twyfel hieroor moet wees nie. Ons behoort aan God. Hy het ons Syne gemaak deur die gawe van Sy Seun en Sy Gees. Hiervan kan ons absoluut seker wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Die betekenis van die Here se liefde is om ons vry te maak van enigiets wat ons verhinder om in ’n oop verhouding met Hom te lewe.
2. Hy wil hê dat ons in alle opsigte seker van Hom moet wees, en dat daar geen twyfel sal wees nie.
3. Ons behoort aan God.
4. Hy het ons syne gemaak deur die gawe van Sy Seun en Gees.

5. Hiervan kan ons absoluut seker wees.

Segment E.

Maar die omgekeerde is en moet ook waar wees. Wanneer die Here kom besit neem van jou lewe, dan kom verander Hy jou hart en wese. Dan maak Hy jou so vol van Homself dat jy Hom moet uitleef in 'n verhouding.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Wanneer die Here kom besit neem van jou lewe, verander Hy jou hart en wese.
2. Dan maak Hy jou so vol van Homself, dat jy Hom moet uitleef in 'n verhouding.

Segment F.

Die wete en ervaring dat jy behoort in 'n verhouding bring vir jou rustigheid, vrede, lewensblydskap en sekuriteit in jou verhouding met die Here en in jou verhouding met die mense rondom jou. Wil u nie maar die oorblywende van hierdie vakansie maksimaal benut nie? En daarop fokus om tyd te maak om bande met jou familie en vriende te verstewig, sodat daar sekuriteit en bestendigheid in u lewe kan wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Die wete en ervaring dat jy behoort in 'n verhouding bring vir jou sekuriteit in jou verhouding met die Here en mense rondom jou.
2. Wil u nie fokus om tyd te maak om bande met familie en vriende te verstewig nie?
3. Dat daar sekuriteit en bestendigheid in u lewe kan wees.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Een van die grootste behoeftes van die mens is aan sekuriteit en om te behoort. Tog veroorsaak mense wat so 'n behoefte het om te behoort groot skade aan mekaar deur misdaad, en mekaar te mishandel, te misbruik en te verwaarloos. Die Here gee Homself egter in 'n unieke verbonds-verhouding as uitdrukking van sy liefde, en hierdie liefde is die diepste grond vir

ons geloofsekuriteit. Hierdie liefde van die Here wil ons kom vrymaak en ons harte verander om in 'n oop verhouding met Hom en ons naaste te lewe.

Preek 2. Teks: Matteus 15: 1-20. Tema: Luister na wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan - dit hou verband met jou verhouding met God.

Segment A

Kyk 'n mens na die spanning tussen Jesus en die Fariseërs in Matteus 15, dan lyk dit vir my dat ons die tema soos volg kan formuleer, naamlik: Luister na wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan - dit hou verband met jou verhouding met God.

Die volgende kode kom na vore in segment A.

1. Kyk 'n mens na die spanning tussen Jesus en die Fariseërs in Matteus 15, dan lyk dit vir my dat ons die tema soos volg kan formuleer, naamlik: Luister na wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan - dit hou verband met jou verhouding met God.

Segment B

Die eerste ding wat gesê moet word, is dat korrekte woorde sê nie noodwendig wat in jou hart aangaan nie. Die Fariseërs was baie streng
in die onderhouding van die bepalinge van die wet gewees. By die wet het hulle nog honderde tradisies bygevoeg wat hulle net so belangrik as die wet van God geag het. So was hulle dan "verblind" omdat hulle nie meer die werklike aard van elke wet of tradisie kon identifiseer nie. Hulle kon nie meer die werklike bedoeling van die wet verstaan nie en daarom kon hulle ook nie meer onderskei waarom dit regtig gaan nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Die eerste ding wat gesê moet word, is dat korrekte woorde sê nie noodwendig wat in jou hart aangaan nie.
2. Die Fariseërs was baie streng in die onderhouding van die bepalinge van die wet gewees.

3. By die wet het hulle nog honderde tradisies bygevoeg wat hulle net so belangrik as die wet van God geag het.
4. So was hulle dan "verblind" omdat hulle nie meer die werklike aard van elke wet of tradisie kon identifiseer nie.
5. Hulle kon nie meer die werklike bedoeling van die wet verstaan nie en daarom kon hulle ook nie meer onderskei waarom dit regtig gaan nie.

Segment C

Dit is 'n verskynsel wat vandag nog in die kerk van Jesus Christus voorkom. Die effek daarvan is dan dat ons besig raak met onbenullighede en selfs onbewustelik, besig is met die skending van God se evangelie.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Dit is 'n verskynsel wat vandag nog in die kerk van Jesus Christus voorkom.
2. Die effek daarvan is dan dat ons besig raak met onbenullighede en selfs onbewustelik, besig is met die skending van God se evangelie.

Segment D

God wil dus vir hulle en vir ons laat besef dat oorgelewerde gebruike ondergeskik is aan die wet van God. Oorgelewerde gebruike/tradisies moet altyd aan die wet van God getoets word. Wanneer daar oor sake geredeneer word, sal God se werklike bedoelinge altyd eers ondersoek moet word.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. God wil dus vir hulle en vir ons laat besef dat oorgelewerde gebruike ondergeskik is aan die wet van God.
2. Oorgelewerde gebruike/tradisies moet altyd aan die wet van God getoets word.
3. Wanneer daar oor sake geredeneer word, sal God se werklike bedoelinge altyd eers ondersoek moet word.

Segment E

Vir Jesus was die kern van die probleem by die Fariseërs, die feit dat hulle meer gesag aan hulle eie opvattings geheg het as aan God se bedoelinge daarmee. Daarom is sy verwyt teenoor hulle: *"Hulle hart is ver van My af."* Met ander woorde, dit was nooit die Fariseërs se suiwere bedoeling om God se wil te volg nie, maar om eerder hulle menslike tradisies te laat voortleef.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Vir Jesus was die kern van die probleem by die Fariseërs, die feit dat hulle meer gesag aan hulle eie opvattinge geheg het as aan God se bedoelinge daarmee.
2. Daarom is sy verwyt teenoor hulle: *"Hulle hart is ver van My af."*
3. Met ander woorde, dit was nooit die Fariseërs se suiwere bedoeling om God se wil te volg nie, maar om eerder hulle menslike tradisies te laat voortleef.

Segment F

Dit is eintlik onstellend en ontblotend. U en ek kan in ons oortuiginge ook hierdie fout maak. Ons kan dink dat ons God se eer beskerm en dat ons sy Naam verheerlik, om tog later te besef dat ons op die verkeerde sake gekonsentreer het. Ons kan tradisies en gewoontes so oor beklemtoon, dat ons die essensie van die evangelie aantas. Ons kan ook te laat ontdek, dat dit wat ons so wou beskerm, nie iets met die kern van die evangelie te doen het nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Dit is eintlik onstellend en ontblotend.
2. U en ek kan in ons oortuiginge ook hierdie fout maak.
3. Ons kan dink dat ons God se eer beskerm en dat ons sy Naam verheerlik, om tog later te besef dat ons op die verkeerde sake gekonsentreer het.
4. Ons kan tradisies en gewoontes so oor beklemtoon, dat ons die essensie van die evangelie aantas.

5. Ons kan ook te laat ontdek, dat dit wat ons so wou beskerm, nie iets met die kern van die evangelie te doen het nie.

Segment G

Nou sê die Here Jesus, julle eer My met die mond. Met julle monde klink dit asof dit om God en sy koninkryk gaan, maar julle besef nie dat julle harte ver van God is nie. Julle kom reg oor. Julle praat reg, maar julle het nie met My 'n verhouding nie. Julle wil My saak beskerm en bevorder, maar julle het nie met My 'n verhouding nie. Julle harte behoort nie aan My nie. Julle is besig met julle eie opvattinge.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Nou sê die Here Jesus, julle eer My met die mond.
2. Met julle monde klink dit asof dit om God en sy koninkryk gaan, maar julle besef nie dat julle harte ver van God is nie.
3. Julle kom reg oor.
4. Julle praat reg, maar julle het nie met My 'n verhouding nie.
5. Julle wil My saak beskerm en bevorder, maar julle het nie met My 'n verhouding nie.
6. Julle harte behoort nie aan My nie.
7. Julle is besig met julle eie opvattinge.

Segment H

Dit is so hartseer en teleurstellend. Tog motiveer dit elkeen van ons om voortdurend ondersoek in te stel, en alles in die lig van die Woord van die Here te evalueer. Alles wat mooi en reg klink, is nie noodwendig reg nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Dit is so hartseer en teleurstellend.
2. Tog motiveer dit elkeen van ons om voortdurend ondersoek in te stel, en alles in die lig van die Woord van die Here te evalueer.
3. Alles wat mooi en reg klink, is nie noodwendig reg nie.

Segment I

Maar in kontras hiermee, is die tweede ding wat ons moet sê dat verkeerde woorde wel sê wat in jou hart aangaan. Waar die Fariseërs die sogenaamde regte woorde gebruik het, sou ŉ mens kon dink dat dit uit opregte harte gekom het, maar dit was nie so gewees nie. Teenoor dit wil Jesus nou vir die dissipels leer dat reinheid/heiligheid nie bepaal word deur hande was en regte kos nie, maar deur dit wat uit jou mond kom.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Maar in kontras hiermee, is die tweede ding wat ons moet sê dat verkeerde woorde wel sê wat in jou hart aangaan.
2. Waar die Fariseërs die sogenaamde regte woorde gebruik het, sou ŉ mens kon dink dat dit uit opregte harte gekom het, maar dit was nie so gewees nie.
3. Teenoor dit wil Jesus nou vir die dissipels leer dat reinheid/heiligheid nie bepaal word deur hande was en regte kos nie, maar deur dit wat uit jou mond kom.

Segment J

Vir die Fariseërs was dit wat jy doen voor jy eet en dit wat jy eet, baie belangrik om rein te kon wees. Vir Jesus was dit wat uit jou mond kom belangrik, want wat uit jou mond kom, verraai wat in jou hart aangaan. Dit was juis hoekom Jesus Christus en die Fariseërs so oorhoops was met mekaar. Die Fariseërs het gekonsentreer op die wette, maar Jesus het gekonsentreer op die resultaat - die uitkoms van alles. Jesus sê dus vir die dissipels dat dit wat uit die mond kom, kom uit die hart. Wat uit die mond kom, verklap die toestand van jou hart. As die hart mooi en rein dinge na vore bring, behoort dit uit ŉ rein hart te kom.

Die volgende kodes kom na vore in segment J

1. Vir die Fariseërs was dit wat jy doen voor jy eet en dit wat jy eet, baie belangrik om rein te kon wees.
2. Vir Jesus was dit wat uit jou mond kom belangrik, want wat uit jou mond kom verraai wat in jou hart aangaan.
3. Dit was juis hoekom Jesus Christus en die Fariseërs so oorhoops was met mekaar.
4. Die Fariseërs het gekonsentreer op die wette, maar Jesus het gekonsentreer op die resultaat - die uitkoms van alles.
5. Jesus sê dus vir die dissipels dat dit wat uit die mond kom, kom uit die hart.
6. Wat uit die mond kom, verklap die toestand van jou hart.
7. As die hart mooi en rein dinge na vore bring, behoort dit uit 'n rein hart te kom.

Segment K

Ons is deesdae baie gesondheidsbewus en konsentreer baie op wat ons eet en drink - veral hier voor die komende somer. Maar kan ons met dieselfde passie sê dat ons ook konsentreer op wat in ons harte aangaan. Dit is die kant van elke mens wat jy maklik kan wegsteek. Tog sien God dit raak en hoor ons dikwels uit mekaar se monde wat hier binne aangaan. Ekself beleef dit dikwels dat as dit met my verhouding met God nie goed gaan nie, ontgeld my mense dit deur my tong.

Die volgende kodes kom na vore in segment K.

1. Ons is deesdae baie gesondheidsbewus en konsentreer baie op wat ons eet en drink - veral hier voor die komende somer.
2. Maar kan ons met dieselfde passie sê dat ons ook konsentreer op wat in ons harte aangaan.
3. Dit is die kant van elke mens wat jy maklik kan wegsteek.

4. Tog sien God dit raak en hoor ons dikwels uit mekaar se monde wat hier binne aangaan.
5. Ekself beleef dit dikwels dat as my verhouding met God nie goed gaan nie, ontgeld my mense dit deur my tong.

Segment L

Daarom luister na wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan- dit hou verband met jou verhouding met die Here. Ek glo die Here wil ons hierdeur help en motiveer om weer na ons eie standpunte te gaan kyk, en te gaan kyk hoe ons leef en praat.

Die volgende kodes kom na vore in segment L.

1. Daarom luister na wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan - dit hou verband met jou verhouding met die Here.
2. Ek glo die Here wil ons hierdeur help en motiveer om weer na ons eie standpunte te gaan kyk, en te gaan kyk hoe ons leef en praat.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin met die tema van sy preek, naamlik dat ons moet luister wat by jou mond uitkom en kyk na wat in jou hart aangaan, want dit hou verband met jou verhouding met God. Die eerste punt wat die prediker maak, is dat korrekte woorde sê nie noodwendig wat in jou hart omgaan nie. Die Fariseërs het by die wet nog honderde tradisies bygevoeg wat hulle net so belangrik as die wet van God geag het. Dit het hulle "verblind" omdat hulle nie meer die werklike aard van elke wet of tradisie kon identifiseer nie. Dit is volgens die prediker 'n verskynsel wat vandag nog in die kerk van Jesus Christus voorkom, en die effek daarvan is dat ons besig raak met onbenullighede. God wil dus vir hulle en vir ons laat besef dat oorgelewerde gebruike ondergeskik is aan die wet van God. Vir Jesus was die kern van die probleem by die Fariseërs, die feit dat hulle meer gesag aan hulle eie opvattings geheg het as aan God se bedoelinge daarmee. U en ek kan in ons oortuiginge ook die fout maak. Ons kan tradisies en gewoontes so oor beklemtoon, dat ons

die essensie van die evangelie aantas. Nou sê die Here Jesus, julle praat reg, maar julle harte behoort nie aan My nie. Julle is besig met julle eie opvattinge. Daarom moet die hoorders voortdurend gaan ondersoek instel, en alles in die lig van die Woord van die Here evalueer. Dan beklemtoon die prediker sy tweede punt, naamlik dat verkeerde woorde wel wys wat in jou hart aangaan. Vir Jesus was dit wat uit jou mond kom belangrik, want wat uit jou mond kom, verraai wat in jou hart aangaan. Daarom kom die oproep van die prediker aan die hoorders om te luister wat by jou mond uitkom en om te kyk na wat in jou hart aangaan, want dit hou verband met jou verhouding met die Here.

Preke B uit die sinode van Kwazulu-Natal

Preek 1. Teks: Filemon 1:1-25. Tema: Waarom ek Here?

Segment A

Dikwels kom ŉ mens in ŉ situasie waar jy die bitter vraag vra: "Waarom gebeur dit met my Here?" Ek glo nie dat daar vanoggend een persoon hier sit wat nog nie in so ŉ situasie was nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Dikwels kom ŉ mens in ŉ situasie waar jy die bitter vraag vra: "Waarom gebeur dit met my Here?"
2. Ek glo nie dat daar vanoggend een persoon hier sit wat nog nie in so ŉ situasie was nie.

Segment B

In hierdie brief is daar drie hoofkarakters, elkeen met ŉ groot probleem, en elkeen kon seker met reg vra: "Waarom ek Here?" Die eerste karakter is Paulus wat in die tronk sit. Hy is allesbehalwe ŉ misdadiger. Paulus is vir sy geloof in die tronk gestop.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. In hierdie brief is daar drie hoofkarakters, elkeen met ŉ groot probleem, en elkeen kon seker met reg vra: "Waarom ek Here?"

2. Die eerste karakter is Paulus wat in die tronk sit.
3. Hy is allesbehalwe ŉ misdadiger.
4. Paulus is vir sy geloof in die tronk gestop.

Segment C

Ons tweede karakter in die verhaal, Filemon, was ŉ Griekse grondeienaar wat in Kolosse gewoon het. Hy was ŉ baie welvarende man wat allerhande kommoditeite kon bekostig, soos byvoorbeeld slawe. Filemon het tot bekering gekom onder Paulus se bediening, en toe stel hy sy huis beskikbaar sodat die gemeente daar kan kerk hou.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Ons tweede karakter in die verhaal, Filemon, was ŉ Griekse grondeienaar wat in Kolosse gewoon het.
2. Hy was ŉ baie welvarende man wat allerhande kommoditeite kon bekostig, soos byvoorbeeld slawe.
3. Filemon het tot bekering gekom onder Paulus se bediening, en toe stel hy sy huis beskikbaar sodat die gemeente daar kan kerk hou.

Segment D

En toe tref die teenspoed vir Filemon. Die slaaf wat hy vir ŉ groot klomp geld gekoop het, dros. Op ŉ dag het die slaaf net sy goedjies gevat, en verdwyn. Filemon het sekerlik die weë van die Here bevraagteken: "Waarom moes dit met my gebeur Here? Hoekom my beste slaaf?"

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. En toe tref die teenspoed vir Filemon.
2. Die slaaf wat hy vir ŉ groot klomp geld gekoop het, dros.
3. Op ŉ dag het die slaaf net sy goedjies gevat, en verdwyn.
4. Filemon het sekerlik die weë van die Here bevraagteken: "Waarom moes dit met my gebeur Here? Hoekom my beste slaaf?"

Segment E

Die derde karakter in hierdie verhaal is Onesimus. Hy was Filemon se eiendom. Sy eienaar kon met hom maak net wat hy wou. Van so ŉ luukse soos ŉ salaris was daar vir Onesimus geen sprake nie. Maar die ergste is natuurlik dat Onesimus sy vryheid kwyt is. Hy is maar net ŉ stuk eiendom. Boonop is hy as slaaf beskou as die laagste van die sosiale klasse. Onesimus hoort nêrens in die samelewing nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Die derde karakter in hierdie verhaal is Onesimus.
2. Hy was Filemon se eiendom.
3. Sy eienaar kon met hom maak net wat hy wou.
4. Van so ŉ luukse soos ŉ salaris was daar vir Onesimus geen sprake nie.
5. Maar die ergste is natuurlik dat Onesimus sy vryheid kwyt is.
6. Hy is maar net ŉ stuk eiendom.
7. Boonop is hy as slaaf beskou as die laagste van die sosiale klasse.
8. Onesimus hoort nêrens in die samelewing nie.

Segment F

Uiteindelik kon Onesimus hierdie gebondenheid nie meer vat nie, en hy loop weg. Onesimus vat die pad na die groot stad Rome om daar sy geluk te soek. Daar kruis sy pad met die van Paulus wat die evangelieboodskap van bekering aan Onesimus verkondig.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Uiteindelik kon Onesimus hierdie gebondenheid nie meer vat nie, en hy loop weg.
2. Onesimus vat die pad na die groot stad Rome om daar sy geluk te soek.
3. Daar kruis sy pad met die van Paulus wat die evangelieboodskap van bekering aan Onesimus verkondig

Segment H

En skielik sit Onesimus met 'n dilemma. Hy besef dat hy sal moet regmaak waar hy verbrou het. Hy moet terug na sy baas toe. Maar dis nie so maklik nie, want sy baas het die volste reg om hom dood te slaan as hy by die huis opdaag. "Hoekom is die lewe tog so onregverdig?" Onesimus kon ook verder vra: "Hoekom moes hierdie dinge met my gebeur het?"

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. En skielik sit Onesimus met 'n dilemma.
2. Hy besef dat hy sal moet regmaak waar hy verbrou het.
3. Hy moet terug na sy baas toe.
4. Maar dis nie so maklik nie, want sy baas het die volste reg om hom dood te slaan as hy by die huis opdaag.
5. "Hoekom is die lewe tog so onregverdig?"
6. Onesimus kon ook verder vra: "Hoekom moes hierdie dinge met my gebeur het?"

Segment I

As ons kyk na hierdie drie karakters, dan sien ons dat Paulus in 'n tronk sit. Paulus kon verseker gekla het oor sy omstandighede. Maar hy gebruik sy verleentheid om geleenthede te skep. Hy skryf briewe aan gemeentes om hulle te vermaan en te bemoedig, omdat Paulus hulle nie self kon besoek nie. Hierdie briewe is deur baie miljoene mense gelees oor die afgelope tweeduisend jaar. As Paulus nie in die tronk beland het nie sou ons nooit hierdie wonderlike geskrifte kon beleef nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. As ons kyk na hierdie drie karakters, dan sien ons dat Paulus in 'n tronk sit.
2. Paulus kon verseker gekla het oor sy omstandighede.
3. Maar hy gebruik sy verleentheid om geleenthede te skep.

4. Hy skryf briewe aan gemeentes om hulle te vermaan en te bemoedig, omdat Paulus hulle nie self kon besoek nie.
5. Hierdie briewe is deur baie miljoene mense gelees oor die afgelope tweeduisend jaar.
6. As Paulus nie in die tronk beland het nie sou ons nooit hierdie wonderlike geskrifte kon beleef nie.

Segment J

Vir ons tweede karakter, Filemon het daar iets wonderlik bevrydend gebeur uit sy groot verlies. Paulus se brief het hom laat besef dat Onesimus nie maar net ŉ slaaf, ŉ stuk eiendom is nie, maar sy broer in Jesus Christus. Die slaaf wat eers net vir Filemon van materiële waarde was, het nou ook sielswaarde, menswaarde gekry.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Vir ons tweede karakter, Filemon het daar iets wonderlik bevrydend gebeur uit sy groot verlies.
2. Paulus se brief het hom laat besef dat Onesimus nie maar net ŉ slaaf, ŉ stuk eiendom is nie, maar sy broer in Jesus Christus.
3. Die slaaf wat eers net vir Filemon van materiële waarde was, het nou ook sielswaarde, menswaarde gekry.

Segment K

Ons derde karakter, Onesimus het die wonderlikste bevryding van almal ervaar. Hy was nie alleen ŉ slaaf van Filemon nie, maar ook ŉ slaaf van die sonde en die duiwel. Deur sy ontmoeting met Paulus word hy nou bevry van die kettings van sonde wat hom sy hele lewe lank gebind het. Gewapen met sy brief wat Paulus aan Filemon geskryf het, kan Onesimus met vrymoedigheid terugkeer na Kolosse.

Die volgende kodes kom na vore in segment K.

1. Ons derde karakter, Onesimus het die wonderlikste bevryding van almal ervaar.

2. Hy was nie alleen ŉ slaaf van Filemon nie, maar ook ŉ slaaf van die sonde en die duiwel.
3. Deur sy ontmoeting met Paulus word hy nou bevry van die kettings van sonde wat hom sy hele lewe lang gebind het.
4. Gewapen met sy brief wat Paulus aan Filemon geskryf het, kan Onesimus met vrymoedigheid terugkeer na Kolosse.

Segment L

Ek en jy loop vandag met baie vrae in ons binneste rond. Waarom is ŉ geliefde ontydig deur die dood van ons weggeruk? Waarom het ŉ spesifieke wrede plaasaanval gebeur? Waarom het my kind die pad byster geraak? Hoe kan God dit toelaat dat Robert Mugabe Zimbabwe so verwoes?

Die volgende kodes kom na vore in segment L.

1. Ek en jy loop vandag met baie vrae in ons binneste rond.
2. Waarom is ŉ geliefde ontydig deur die dood van ons weggeruk?
3. Waarom het ŉ spesifieke wrede plaasaanval gebeur?
4. Waarom het my kind die pad byster geraak?
5. Hoe kan God dit toelaat dat Robert Mugabe Zimbabwe so verwoes?

Segment M

Daar is nie maklike antwoorde vir sulke vrae nie. Dikwels is daar geen antwoorde nie. Ons moet egter nie dinge uit ŉ menslike oogpunt, gemeet aan menslike tyd sien nie. Maar uit ŉ Goddelike oogpunt. God het ŉ doel met dit wat Hy oor jou pad bring. Ons moet net leer om te berus by die wil van God.

Die volgende kodes kom na vore in segment M.

1. Daar is nie maklike antwoorde vir sulke vrae nie.
2. Dikwels is daar geen antwoorde nie.
3. Ons moet egter nie dinge uit ŉ menslike oogpunt, gemeet aan menslike tyd sien nie.
4. Maar uit ŉ Goddelike oogpunt.
5. God het ŉ doel met dit wat Hy oor jou pad bring.

6. Ons moet net leer om te berus by die wil van God.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker vergelyk die vraag wat ons ook dikwels vra in die lewe, naamlik: "Waarom Here?", met die drie karakters in die brief aan Filemon. Die eerste karakter, Paulus het in die tronk gesit. Die tweede krakter, Filemon was 'n Griekse grondeienaar wat sy huis beskikbaar gestel het sodat die gemeente daar kon kerk hou. En toe tref die teenspoed vir Filemon. Die slaaf wat hy gekoop het, loop eenvoudig weg. Die derde karakter, Onesimus was 'n slaaf met geen vryheid nie. Onesimus kon die gebondenheid nie meer vat nie, en vat die pad na die groot stad Rome toe waar sy pad met die van Paulus kruis wat die boodskap van bekering aan Onesimus verkondig.

Die prediker se boodskap kom daarop neer dat die drie karakters ook almal kon vra: "Waarom Here?" Maar Paulus gebruik sy verleentheid om briewe te skryf aan die gemeentes om hulle te vermaan en te bemoedig. As Paulus nie in die tronk beland het nie sou ons nooit hierdie wonderlike briewe kon lees nie. Filemon het ook iets bygekry deurdat Paulus se brief hom laat besef het dat Onesimus nie maar net 'n slaaf is nie, maar sy broer in Jesus Christus. Onesimus word daar in Rome in sy ontmoeting met Paulus, bevry van die kettings van sonde wat hom sy lewe lank gebind het. Die prediker sluit sy boodskap af, dat daar baie vrae is wat ook vandag kan vra. Ons moet egter verstaan dat God 'n doel het met dit wat Hy oor jou pad bring. Ons moet net leer om te berus by die wil van God.

Preek 2. Teks: Matteus 9:9-13. Tema: Menslike perspektiewe.

Segment A

Die tema van vanoggend se prediking gaan oor menslike perspektiewe. Wat het die Jode (Fariseërs) gedoen toe hulle sien dat Jesus saam met tollenaars en sondaars geëet het? Hulle het gevra: *"Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"*(Matteus 9:11). Met ander woorde: hoe kan Hy dit

doen? Weet Hy wie hierdie mense is? Weet Hy nie dat Hy nie met sulke mense mag omgaan nie?

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Die tema van vanoggend se prediking gaan oor menslike perspektiewe.
2. Wat het die Jode (Fariseërs) gedoen toe hulle sien Jesus eet saam met tollenaars en sondaars?
3. Hulle het gevra: *"Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"* (Matteus 9:11).
4. Hoe kan Hy dit doen? Weet Hy wie die mense is? Weet Hy nie dat Hy nie met sulke mense mag meng nie?

Segment B

Hierdie Jode gee dus vir ons baie duidelik ŉ menslike perspektief. ŉ Menslike perspektief wat vaskyk teen die gesig van die uiterlike. Onthou die algemene oortuiging van tollenaars was dat hulle skelms was. Hulle het geld uit mense gedwing wat nie geld gehad het nie. Dit is nie ŉ goeie persoon om naby jou te hê nie. En nou kom hierdie Jode met ŉ tipiese menslike ingesteltheid wat vaskyk teen hierdie menslike perspektiewe.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Hierdie Jode gee dus ŉ duidelike menslike perspektief.
2. Menslike perspektief wat vaskyk teen die uiterlike.
3. Algemene oortuiging was dat tollenaars skelms was.
4. Hulle het geld uit mense gedwing wat dit nie gehad het nie.
5. Tollenaars was nie goeie mense om naby jou te hê nie.
6. Nou kom die Jode met ŉ menslike ingesteltheid wat vaskyk teen hierdie menslike perspektiewe.

Segment C

ŉ Wonderlike beeld om dit te beskryf is ŉ fliek met die naam van *Patch Adams.* Patch Adams was ŉ versteurde jong man gewees wat homself in ŉ psigiatriese inrigting gaan inboek het. Daar het Patch Adams vir Arthur Mendelsohn

ontmoet. Mendelsohn het vir die mense in die inrigting vier vingers gewys en dan vra hy vir elkeen: *"hoeveel vingers sien julle?"*. Elke persoon sê dan vier vingers. Dan word Mendelsohn woedend kwaad en sê dan dat dit nie vier vingers is nie. Dit is nie die antwoord nie. Patch Adams vra dan op 'n dag vir Mendelsohn: *"Jy wys vir almal vier vingers en jy sê dit is nie die antwoord nie, maar wat is dan die antwoord?"*. En dan kom Mendelsohn se antwoord: *"Kyk verby die vier vingers."*

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. 'n Beeld om die menslike perspektiewe te beskryf is die fliek van Patch Adams.
2. Patch Adams was 'n versteurde jong man wat hom in 'n psigiatriese inrigting ingeboek het.
3. Daar het hy vir Arthur Mendelsohn ontmoet.
4. Mendelsohn het vir die mense vier vingers gewys en dan gevra: hoeveel vingers sien julle?
5. Elke persoon het gesê vier vingers.
6. Mendelsohn het dan woedend kwaad geword.
7. Patch Adams vra dan vir Mendelsohn die antwoord en dan sê Mendelsohn: *"Kyk verby die vier vingers."*

Segment D

Ons menslike ingesteltheid is om teen hierdie vier vingers vas te kyk. Na die uiterlike. Die ou se gesig, kleredrag, huis en beroep. En dan vorm ons 'n menslike opinie. Dit is presies wat Jesus nie gedoen het nie. Jesus het nie 'n tollenaar gesien en gedink hy is 'n skelm en is so 'n persoon nie. Jesus het verby die uiterlike gekyk na die persoon self. Na dit wat hier diep binne aan te gebeur is.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Ons menslike ingesteltheid is om teen hierdie vier vingers vas te kyk.
2. Na die uiterlike.

3. Die ou se gesig, kleredrag, huis en beroep.
4. Dan vorm ons 'n menslike opinie.
5. Dit is presies wat Jesus nie gedoen het nie.
6. Jesus het nie 'n tollenaar gesien en gedink hy is 'n skelm nie.
7. Jesus kyk verby die uiterlike na dit wat hier binne aan te gebeur is.

Segment E

Jesus Christus kom en Hy deurbreek alle sosiale grense. Hy verbreek al hierdie mensgemaakte wette. Hy verbreek hierdie vier-vinger teorie. Hy is bereid om saam met die tollenaar te eet. Hy is bereid om die tollenaar te aanvaar en lief te hê. God kyk na die mens. Na die mens wat Hy liefhet. Hy kyk verby die menslike maatstawwe. Hy kyk verby wette wat mense gemaak het vir hulleself

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Jesus Christus kom en deurbreek alle sosiale grense.
2. Hy verbreek al hierdie mensgemaakte wette.
3. Hy verbreek hierdie vier-vinger teorie.
4. Hy is bereid om saam met die tollenaar te eet.
5. Hy is bereid om die tollenaar te aanvaar en lief te hê.
6. God kyk na die mens.
7. Na die mens wat Hy liefhet.
8. Hy kyk verby menslike maatstawwe.
9. Hy kyk verby wette wat mense gemaak het vir hulleself.

Segment F

Hoe kyk ek en jy na die lewe rondom ons? Is ons so vasgevang deur wettisisme, deur mensegemaakte reëls van mag en nie-mag nie? Of kyk ons verby die probleem? Kyk ons ooit na die omstandighede van die mens? Raak ons hom of haar aan met die liefde en die teenwoordigheid van Christus? Leef ons die liefde wat Christus vir ons gegee het of hou ons eerder vas aan ons eie menslike perspektiewe? Laat ons dan die wêreld deurbreek met die liefde van Christus om ons medemens ook so lief te hê.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Hoe kyk ek en jy na die lewe rondom ons?
2. Is ons so vasgevang deur wettisisme, deur mensegemaakte reëls van mag en nie-mag nie?
3. Of kyk ons verby die probleem?
4. Kyk ons ooit na die omstandighede van die mens?
5. Raak ons hom of haar aan met die liefde en teenwoordigheid van Christus?
6. Leef ons die liefde wat Christus vir ons gegee het?
7. Laat ons dan die wêreld deurbreek met die liefde van Christus om ons medemens ook so lief te hê.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker wil vir sy hoorders wys, dat hoe ons mense baie keer sien en beoordeel, is volgens menslike perspektiewe en reëls van mag en nie mag nie. Uit Matteus 9:9-13 wys die skrywer dan hoe Jesus hierdie menslike perspektiewe kom deurbreek het deur saam met tollenaars en sondaars te eet. Die oproep van die preek is dan om menslike perspektiewe te deurbreek met die liefde van Christus.

Preke C uit die sinode van Hoëveld (Suid-Transvaal)

Preek 1. Teks: Kolossense 2: 6-12. Tema: Deure- nuwe vertrekke.

Segment A

ŉ Nuwe vertrek verras jou dikwels op ŉ aangename manier. ŉ Ander ding van vertrekke is dat hulle natuurlik ŉ manier het om jou gedrag te beïnvloed. Byvoorbeeld jy tree anders op in ŉ sitkamer as in die televisiekamer, of in die badkamer en slaapkamer. Dus as jy deur die deur na ŉ nuwe vertrek stap, kom jy dikwels by ŉ punt in jou lewe waar jou gedrag verander.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. ŉ Nuwe vertrek verras jou dikwels op ŉ aangename manier.

2. 'n Ander ding van vertrekke is dat hulle natuurlik 'n manier het om jou gedrag te beïnvloed.
3. Byvoorbeeld jy tree anders op in 'n sitkamer as in die televisiekamer, of in die badkamer en slaapkamer.
4. Dus as jy deur die deur na 'n nuwe vertrek stap, kom jy dikwels by 'n punt in jou lewe waar jou gedrag verander.

Segment B

Die beste manier vir gelowiges om in 'n nuwe vertrek in te stap, is om dit in geloof te doen. Dit is 'n geloofsdaad omdat ons nie weet wat aan die anderkant vir ons wag nie. Onsekerheid skep dikwels huiwering, en huiwering kweek weerstand. Weerstand kweek weer opstand en angstigheid.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Die beste manier vir gelowiges om in 'n nuwe vertrek in te stap, is om dit in geloof te doen.
2. Dit is 'n geloofsdaad omdat ons nie weet wat aan die anderkant vir ons wag nie.
3. Onsekerheid skep dikwels huiwering, en huiwering kweek weerstand.
4. Weerstand kweek weer opstand en angstigheid.

Segment C

Nou kom Paulus en hy nooi ons uit om saam met Christus deur hierdie vertrekke te stap. Paulus noem hierdie saamstap: Lewe in verbondenheid met Christus Jesus. Paulus beskryf verbondenheid as 'n vastigheid en op 'n ander plek noem hy dat ons in Christus geborge is. Verbondenheid dra ook die betekenis van enigheid. 'n Gebou het net een fondament en so ook het 'n plant net een wortelstelsel. Verbondenheid aan Christus is dus verbondenheid net aan Hom, want Christus is genoeg.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Nou kom Paulus en hy nooi ons uit om saam met Christus deur hierdie vertrekke te stap.

2. Paulus noem hierdie saamstap: Lewe in verbondenheid met Christus Jesus.
3. Paulus beskryf verbondenheid as ŉ vastigheid en op ŉ ander plek noem hy dat ons in Christus geborge is.
4. Verbondenheid dra ook die betekenis van enigheid.
5. ŉ Gebou het net een fondament en so ook het ŉ plant net een wortelstelsel.
6. Verbondenheid aan Christus is dus verbondenheid net aan Hom, want Christus is genoeg.

Segment D

Paulus verduidelik hierdie eksklusiwiteit in verse 8-11, en waarsku die gelowiges dat daar mense is wat sal sê Christus ja, maar jy moet ook dit doen. Paulus waarsku sy hoorders om nie toe te laat dat iemand hulle sal mislei deur teorieë en argumente nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Paulus verduidelik hierdie eksklusiwiteit in verse 8-11, en waarsku die gelowiges dat daar mense is wat sal sê Christus ja, maar jy moet ook dit doen.
2. Paulus waarsku sy hoorders om nie toe te laat dat iemand hulle sal mislei deur teorieë en argumente nie.

Segment E

Die eerste waarheid wat Paulus dus beklemtoon, is dat Christus is genoeg. Hierdie genoegsaamheid beklemtoon Paulus in verse 12-15. Christus het die oortredinge, die tekortkominge, die swakheid van mense aan die kruis vasgespyker, sodat dit vir eens en vir altyd uit die pad sal wees. Meer nog, Christus het ook al die bose magte wat ons in ons sondige lewe wil vashou oorwin. Dit gaan hier nie net oor geestelike magte nie, maar ook oor gewoontes. Daardie gewoontes soos ŉ afhanklike persoonlikheid, ŉ vurige humeur, en ongeduld, ook dit het Christus vir jou oorwin.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Die eerste waarheid wat Paulus dus beklemtoon, is dat Christus is genoeg.
2. Hierdie genoegsaamheid beklemtoon Paulus in verse 12-15.
3. Christus het die oortredinge, die tekortkominge, die swakheid van mense aan die kruis vasgespyker, sodat dit vir eens en vir altyd uit die pad sal wees.
4. Meer nog, Christus het ook al die bose magte wat ons in ons sondige lewe wil vashou oorwin.
5. Dit gaan hier nie net oor geestelike magte nie, maar ook oor gewoontes.
6. Daardie gewoontes soos 'n afhanklike persoonlikheid, 'n vurige humeur, en ongeduld, ook dit het Christus vir jou oorwin.

Segment F

Daarom kan jy die nuwe vertrek met moed binnegaan saam met Christus. In Jesus Christus is jy veilig en geborge. Ondanks die foute en swakhede waarmee jy worstel, word jy beskerm deur Christus. Dit is die verrassing aan die anderkant van die deur, naamlik Christus stap saam met jou.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Daarom kan jy die nuwe vertrek met moed binnegaan saam met Christus.
2. In Jesus Christus is jy veilig en geborge.
3. Ondanks die foute en swakhede waarmee jy worstel, word jy beskerm deur Christus.
4. Dit is die verrassing aan die anderkant van die deur, naamlik Christus stap saam met jou.

Segment G

Lewe dan elke dag so dat jou lewe wys dat jy saam met Christus stap.

Die volgende kode kom na vore in segment G.

1. Lewe dan elke dag so dat jou lewe wys dat jy saam met Christus stap.

Segment H

Die kruis wat ek om my nek dra, het ek begin dra toe ek 40 geword het om my te herinner dat ek in Christus veilig is. In Genesis 31:45 wanneer Jakob by Bet-El die engele sien op en af hardloop teen die leer, dan bou hy ŉ altaar. Later as hy weer by Bet-El kom, sit hy ŉ klip neer. In Josua 4:4 wanneer Israel deur die Jordaan trek, dan bou hulle ŉ klipstapel. Wanneer ons nagmaal vier, dan breek ons die brood en drink die wyn as herinnering wat Christus vir ons gedoen het. Wanneer sommige Christene vir ander bid, dan steek hulle kerse aan.

Monumente, kliptafels, kerse, brood en wyn herinner ons nie net aan Christus nie, dit herinner ons ook dat ons in Christus veilig is.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Die kruis wat ek om my nek dra, het ek begin dra toe ek 40 geword het om my te herinner dat ek in Christus veilig is.
2. In Genesis 31:45 wanneer Jakob by Bet-El die engele sien op en af hardloop teen die leer, dan bou hy ŉ altaar.
3. Later as hy weer by Bet-El kom, sit hy ŉ klip neer.
4. In Josua 4:4 wanneer Israel deur die Jordaan trek, dan bou hulle ŉ klipstapel.
5. Wanneer ons nagmaal vier, dan breek ons die brood en drink die wyn as herinnering wat Christus vir ons gedoen het.
6. Wanneer sommige Christene vir ander bid, dan steek hulle kerse aan.
7. Monumente, kliptafels, kerse, brood en wyn herinner ons nie net aan Christus nie, dit herinner ons ook dat ons in Christus veilig is.

Segment I

Daar is baie deure in die lewe. Baie deure wat ons moet deurgaan. Ons is baie keer bang vir wat aan die anderkant vir ons wag. Maar Jesus Christus is by ons. Hy is die deur. Stap in verbondenheid saam met Hom elke dag.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Daar is baie deure in die lewe.

2. Baie deure wat ons moet deurgaan.
3. Ons is baie keer bang vir wat aan die anderkant vir ons wag.
4. Maar Jesus Christus is by ons.
5. Hy is die deur.
6. Stap in verbondenheid saam met Hom elke dag.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker wil blykbaar sê om ŉ vertrek binne te gaan, moet gelowiges deur ŉ deur gaan. Die beste manier om hierdie nuwe vertrek binne te gaan, is om dit in geloof te doen. Die prediker gebruik nou Paulus se oproep in Kolossense 2:6 om hierdie nuwe vertrek saam met Christus binne te stap. Die prediker verduidelik dan dat Paulus hierdie saam-met-Christus-stap as ŉ lewe in verbondenheid beskryf. Verbondenheid aan Christus beteken verbondenheid aan Hom, want Christus is genoeg. Hierdie eksklusiwiteit, dat Christus genoeg is, word nou beklemtoon in verse 8-11. Die rede vir hierdie genoegsaamheid lê in verse 12-15, omdat Christus alles vir ons gedoen het. Daarom kan jy ook die nuwe vertrek met moed binnegaan, want in Jesus Christus is jy veilig en geborge. Dit is die verrassing aan die anderkant van die deur, naamlik Christus stap saam met jou. Dan kom die oproep van die prediker om elke dag so te lewe dat jou lewe wys jy stap saam met Christus. Stap in verbondenheid saam met Hom elke dag. Jesus Christus is by ons. Hy is die deur.

Preek 2. Teks: Johannes 16:16-33. Tema: Hou moed.

Segment A

Dit is so dat ek en jy waarskynlik in ons lewe dit al ervaar het dat iemand vir ons gesê het, hou moed, moenie moedeloos word nie. Miskien het dit te doen gehad met die eksamen wat nie so goed gegaan het nie. Miskien het dit te doen met ŉ siekte toestand waar mense jou kom bemoedig het om nie moed op te gee nie. Ek onthou nog as ek atletiek gehardloop het, en jy kom by die paviljoene

verbygehardloop, dan het die toeskouers geskreeu: *"Hou bene hou."* Ek het dit gehaat, want dit is my bene wat moeg is. Nie hulle s'n nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Dit is so dat ek en jy dit al ervaar het dat iemand vir ons gesê het, hou moed, moenie moedeloos word nie.
2. Miskien het dit te doen gehad met die eksamen wat nie so goed gegaan het nie.
3. Miskien het dit te doen met ŉ siekte toestand waar mense jou kom bemoedig het.
4. Ek onthou nog as ek atletiek gehardloop het, het die toeskouers geskreeu: *"Hou bene hou."*
5. Ek het dit gehaat, want dit is my bene wat moeg is. Nie hulle s'n nie.

Segment B

Ek weet nie waar jy jou vanaand bevind nie. Ek weet waarskynlik nie eers waarom jy hier is nie. Miskien uit gewoonte. Miskien ŉ soeke. Miskien is dit juis om op die vooraand van 2008 by die kerk ŉ boodskap te hoor van: *"Hou moed."*

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Ek weet nie waar jy jou vanaand bevind nie.
2. Ek weet waarskynlik nie eers waarom jy hier is nie.
3. Miskien uit gewoonte.
4. Miskien ŉ soeke.
5. Miskien is dit juis om op die vooraand van 2008 by die kerk ŉ boodskap te hoor van: *"Hou moed."*

Segment C

As ons vanaand eerlik met mekaar is, soos ons amper op die begin staan van 2008 wat oor 20 minute aanbreek, dan is dit so dat ek en jy in ŉ onseker wêreld leef. Dalk met ŉ nuwe president wat ek en jy nie weet wat om van te verwag nie. Ek en jy hoor van voorspellings wat mense maak vir 2008. Rentekoerse

wat gaan styg. Boere wat sit met grondeise, en nie weet wat gaan gebeur nie. Ja ons weet nie wat vir ons wag in 2008 nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. As ons vanaand eerlik met mekaar is, soos ons amper op die begin van 2008 staan, dan is dit so dat ek en jy in 'n onseker wêreld leef.
2. Dalk met 'n nuwe president wat ek en jy nie weet wat om van te verwag nie.
3. Ek en jy hoor van voorspellings wat mense maak vir 2008.
4. Rentekoerse wat gaan styg.
5. Boere wat sit met grondeise, en nie weet wat gaan gebeur nie.
6. Ja ons weet nie wat vir ons wag in 2008 nie.

Segment D

So staan die dissipels op die begin van 'n nuwe lewe. Hulle staan soos ek en jy op die drumpel van 2008 van 'n nuwe lewe wat voorlê. 'n Lewe waarin Jesus besig is om hulle te verlaat. Hy gaan weg. Hy gaan hulle alleen agterlaat. En amper nog erger as dit, is Hy ook die Een wat weet wat gaan met hulle gebeur (vers 33). Maar dan sê Jesus ook: *"Hou moed. Ek het die wêreld klaar oorwin"* (vers 33).

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. So staan die dissipels op die begin van 'n nuwe lewe.
2. Hulle staan soos ek en jy op die drumpel van 2008 van 'n nuwe lewe wat voorlê.
3. 'n Lewe waarin Jesus besig is om hulle te verlaat.
4. Hy gaan weg.
5. Hy gaan hulle alleen agterlaat.
6. En amper nog erger as dit, is Hy ook die Een wat weet wat gaan met hulle gebeur (vers 33).
7. Maar dan sê Jesus ook: *"Hou moed. Ek het die wêreld klaar oorwin"* (vers 33).

Segment E

Wat bedoel Jesus met *"die wêreld"* wat Hy klaar oorwin het? Wanneer Jesus sê dat Hy die wêreld oorwin het, dan praat Hy oor die wêreld wat vir my en jou op hierdie stadium moeilikheid gee. Hy sê dus: Ek het siektes oorwin. Ek het sondes oorwin. Ek het beproewings oorwin. Ek het vervolging oorwin. Ek het die dood oorwin. Dit waaraan ek en jy uitgelewer is en voor ons oë sien, het Jesus oorwin.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Wat bedoel Jesus met *"die wêreld"* wat Hy klaar oorwin het?
2. Wanneer Jesus sê dat Hy die wêreld oorwin het, dan praat Hy oor die wêreld wat vir my en jou op hierdie stadium moeilikheid gee.
3. Hy sê dus: Ek het siektes oorwin.
4. Ek het sondes oorwin.
5. Ek het beproewings oorwin.
6. Ek het vervolging oorwin.
7. Ek het die dood oorwin.
8. Dit waaraan ek en jy uitgelewer is en voor ons oë sien, het Jesus oorwin.

Segment F

Vanaand op die drumpel van 2008, wil ek vir u kom sê om moed te hou. Om moed te hou is om by die waarheid te staan en nie oor die gevolge bekommerd te wees nie. Die waarheid in 2008 sal jou vrymaak. Bly jy by die waarheid? Bly jy by Jesus?, want Hy is die weg, die waarheid en die lewe.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Vanaand op die drumpel van 2008, wil ek vir u sê om moed te hou.
2. Om moed te hou is om by die waarheid te staan en nie oor die gevolge bekommerd te wees nie.
3. Die waarheid in 2008 sal jou vrymaak.
4. Bly jy by die waarheid?
5. Bly jy by Jesus?

6. Hy is die weg, die waarheid en die lewe.

Segment G

Moed hou in 2008 is om nou reeds al, voordat 2008 begin, te triomfeer. As ek en jy vers 33 lees en Jesus sê: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin"*, dan het Jesus nog nie gesterf aan die kruis nie. En Hy het ook nog nie opgestaan uit die dood nie. Maar Jesus praat met Sy dissipels op so 'n wyse om te sê: *"Ek sal triomfeer."* Maak nie saak wat die omstandighede is waarin jy jou bevind nie, ek triomfeer, want Jesus het oorwin nog voor Hy begin het.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Moed hou in 2008 is om nou reeds al, voordat 2008 begin, te triomfeer.
2. As ek en jy vers 33 lees en Jesus sê: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin"*, dan het Jesus nog nie gesterf aan die kruis nie.
3. En Hy het ook nog nie opgestaan uit die dood nie.
4. Maar Jesus praat met Sy dissipels op so 'n wyse om te sê: *"Ek sal triomfeer."*
5. Maak nie saak wat die omstandighede is waarin jy jou bevind nie, ek triomfeer, want Jesus het oorwin nog voor Hy begin het.

Segment H

Wat is daar wat ek en jy vanaand twee minute voor 2008 vir die Here wil kom sê? Here ek gaan moed hou. Ek gaan aan u vashou. Mag die Here 2008 inderdaad vir jou 'n jaar maak waarin ons nie moed gaan opgee nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Wat is daar wat ek en jy vanaand twee minute voor 2008 vir die Here wil kom sê?
2. Here ek gaan moed hou.
3. Ek gaan aan u vashou.

4. Mag die Here 2008 inderdaad vir jou ŉ jaar maak waarin ons nie moed gaan opgee nie.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker wil sy hoorders op die vooraand van ŉ nuwe jaar kom bemoedig om moed te hou. Die prediker tref dan ŉ vergelyking met ons onsekere situasie en die dissipels se situasie. Hulle staan ook op die drumpel van ŉ nuwe lewe wat voorlê, omdat Jesus weggaan. Die prediker verduidelik dan wat Jesus met die woorde: *"Hou moed. Ek het die wêreld klaar oorwin"*, bedoel. Dat Jesus die wêreld wat vir my en jou op hierdie stadium moeilikheid gee, oorwin het. Om moed te hou beteken dus om by die waarheid te hou. By Jesus, want Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Ten slotte verduidelik die prediker vers 33, dat Jesus met die vers nog nie gesterf het en nog nie opgestaan het uit die dood nie. Jesus praat egter op so ŉ wyse om te sê: *"Ek sal triomfeer."* Daarom kan ons 2008 met moed binnegaan, omdat Jesus oorwin het nog voor Hy begin het.

Preke D uit die Noordelike sinode

Preek 1. Teks: Matteus 7:7-23. Tema: Lewe met ŉ doel.

Segment A

Wat is jou doel in die lewe? Thomas Carlyle het gesê: " ŉ Mens sonder ŉ doel is soos ŉ skip sonder ŉ stuur." Dit is nutteloos. Is jy besig met God se doel vir jou lewe? Is jy besig om God se wil uit te voer? Of is jy besig om

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Wat is jou doel in die lewe?
2. Thomas Carlyle het gesê: " ŉ Mens sonder ŉ doel is soos ŉ skip sonder ŉ stuur."
3. Dit is nutteloos.
4. Is jy besig met God se doel vir jou lewe?
5. Is jy besig om God se wil uit te voer?

6. Of is jy besig om jou eie kop te volg?

Segment B

Ons wil vandag in die preek kyk, hoe om God se doel vir jou lewe te ontdek, en die eerste ding wat jy moet doen is om te vra. Natuurlik wanneer ons vra, gee God nie altyd presies soos wat ons dit wil hê nie. God sê soms: Nee my kind. God sê soms: Wag eers my kind. Die belangrikste is egter dat jy aanhoudend sal vra na God se doel vir jou lewe.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Ons wil vandag in die preek kyk, hoe om God se doel vir jou lewe te ontdek, en die eerste ding wat jy moet doen is om te vra.
2. Natuurlik wanneer ons vra, gee God nie altyd presies soos wat ons dit wil hê nie.
3. God sê soms: Nee my kind.
4. God sê soms: Wag eers my kind.
5. Die belangrikste is egter dat jy aanhoudend sal vra na God se doel vir jou lewe.

Segment C

Tweedens moet jy gaan soek na jou doel in hierdie lewe. Matteus skryf dit so mooi: *"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is"* (Matteus 7:21). Jy moet dus aktief soek. Is jy aktief besig om te soek na God se spesifieke plan met jou lewe? Weet jy al waar die Here jou wil gebruik in die gemeente?

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Tweedens moet jy gaan soek na jou doel in hierdie lewe.
2. Matteus skryf dit so mooi: *"Nie elkeen wat vir my sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is"* (Matteus 7:21).
3. Jy moet dus aktief soek.

4. Is jy aktief besig om te soek na God se spesifieke plan met jou lewe?
5. Weet jy al waar die Here jou wil gebruik in die gemeente?

Segment D

Laastens moet jy soek na God se doel vir jou lewe, deur te klop. Klop beteken jy moet vra en vra, en ook reageer as die Here met jou praat. God hou aan klop in ons lewens. Hoeveel jare het God nie aan die deur van jou hart geklop voordat jy vir Hom oopgemaak het nie? God het 23 jaar aan my hart geklop. Klop die Here nie miskien nogsteeds aan jou hart nie? Die Here sal nie op hou nie. Die Here doen dit volhardend. Hy raak nie moeg en moedeloos vir ons nie. Net so moet ons ook volhardend klop om God se doel vir my lewe te ontdek.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Laastens moet jy soek na God se doel vir jou lewe, deur te klop.
2. Klop beteken jy moet vra en vra, en ook reageer as die Here met jou praat.
3. God hou aan klop in ons lewens.
4. Hoeveel jare het God nie aan die deur van jou hart geklop voordat jy vir Hom oopgemaak het nie?
5. God het 23 jaar aan my hart geklop.
6. Klop die Here nie miskien nogsteeds aan jou hart nie?
7. Die Here sal nie op hou nie.
8. Die Here doen dit volhardend.
9. Hy raak nie moeg en moedeloos vir ons nie.
10. Net so moet ons ook volhardend klop om God se doel vir my lewe te ontdek.

Segment E

As ons vandag sê jy moet lewe met 'n doel, God se doel vir jou lewe, wat bepaal tans daardie doel van jou lewe? Dalk is dit 'n skuldgevoel. Jy laat toe dat jou verlede, foute wat jy gemaak het jou toekoms bepaal. Dalk is dit woede. Woede omdat jy kwaad is vir God of die kerk, en op die ou einde vat dit net jou fokus weg om God se plan vir jou lewe te ontdek. Dalk is dit vrees. Vrees

omdat jy ŉ baie traumatiese ervaring gehad het. Vrees veroorsaak egter dat jy jou doel gaan mis in die lewe. As dit skuldgevoelens, woede, of vrees is wat jou weghou van God se doel vir jou lewe, gee dit vandag vir Hom.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. As ons vandag sê jy moet lewe met ŉ doel, God se doel vir jou lewe, wat bepaal tans daardie doel van jou lewe?
2. Dalk is dit ŉ skuldgevoel.
3. Jy laat toe dat jou verlede, foute wat jy gemaak het jou toekoms bepaal.
4. Dalk is dit woede.
5. Woede omdat jy kwaad is vir God of die kerk, en op die ou einde vat dit net jou fokus weg om God se plan vir jou lewe te ontdek.
6. Dalk is dit vrees.
7. Vrees omdat jy ŉ baie traumatiese ervaring gehad het.
8. Vrees veroorsaak egter dat jy jou doel gaan mis in die lewe.
9. As dit skuldgevoelens, woede, of vrees is wat jou weghou van God se doel vir jou lewe, gee dit vandag vir Hom.

Segment F

Ons moet laastens ook die vraag vra: Wat is die voordele van ŉ lewe wat sy doel saam met die Here ontdek het? Eerstens, jou lewe het betekenis. Ek meen as jy nie ŉ doel het nie, hoe gaan jy besluite neem hierdie jaar? Hoe gaan jy jou tyd spandeer hierdie jaar? As jy nie ŉ doel het nie, gaan dit net vir jou stres en konflik veroorsaak, en het jou lewe geen betekenis nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Ons moet laastens ook die vraag vra: Wat is die voordele van ŉ lewe wat sy doel saam met die Here ontdek het?
2. Eerstens, jou lewe het betekenis.
3. Ek meen as jy nie ŉ doel het nie, hoe gaan jy besluite neem hierdie jaar?
4. Hoe gaan jy jou tyd spandeer hierdie jaar?

5. As jy nie 'n doel het nie, gaan dit net vir jou stres en konflik veroorsaak, en het jou lewe geen betekenis nie.

Segment G

Tweedens, is jou lewe gefokus. Jy is soos 'n gholfspeler wat net daardie wit vlaggie voor oë het. Jy speel heeltyd na daardie vlaggie toe. Sonder 'n doel in die lewe het ons nie 'n teiken waarna ons mik in die lewe nie, en raak ons moeg en moedeloos vir alles.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Tweedens, is jou lewe gefokus.
2. Jy is soos 'n gholfspeler wat net daardie wit vlaggie voor oë het.
3. Jy speel heeltyd na daardie vlaggie toe.
4. Sonder 'n doel in die lewe het ons nie 'n teiken waarna ons mik in die lewe nie, en raak ons moeg en moedeloos vir alles.

Segement H

Laastens, as jy God se doel vir jou lewe ontdek en daarvolgens lewe, dan begin jou lewe na die ewigheid te wys. Moenie vir nou lewe nie, want jou bekers, jou grade gaan ook asblik toe. Ons lewe vir die toekoms. Ons lewe vir die ewigheid. Ons lewe vir die ewige lewe saam met God. Hierdie lewe is maar net 'n oefenlopie vir die lewe saam met God. Die Here gee ons 'n leeftyd om te oefen vir die hemel, vir die ewigheid.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Laastens, as jy God se doel vir jou lewe ontdek en daarvolgens lewe, dan begin jou lewe na die ewigheid te wys.
2. Moenie vir nou lewe nie, want jou bekers, jou grade gaan ook asblik toe.
3. Ons lewe vir die toekoms.
4. Ons lewe vir die ewigheid.
5. Ons lewe vir die ewige lewe saam met God.
6. Hierdie lewe is maar net 'n oefenlopie vir die lewe saam met God.
7. Die Here gee ons 'n leeftyd om te oefen vir die hemel, vir die ewigheid.

Segment I

Iewers in hierdie lewe gaan daar 'n oudit van jou lewe opgestel word, en niemand anders as God gaan dit doen nie. Elkeen van ons sal voor die regterstoel van Christus moet verskyn. God gee nou al die vrae vir ons vir daardie dag, en dit is net twee vrae. Eerstens, wat het jy met Jesus gemaak?, en tweedens: Het jy jou doel saam met My ontdek?

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Iewers in hierdie lewe gaan daar 'n oudit van jou lewe opgestel word, en niemand anders as God gaan dit doen nie.
2. Elkeen van ons sal voor die regterstoel van Christus moet verskyn.
3. God gee nou al die vrae vir ons vir daardie dag, en dit is net twee vrae.
4. Eerstens, wat het jy met Jesus gemaak?, en tweedens: Het jy jou doel saam met My ontdek?

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin sy boodskap met die vraag: Wat is jou doel in die lewe? Die prediker wil graag deur die boodskap bereik dat sy hoorders sal ontdek hoe om God se doel vir jou lewe te ontdek. Die prediker noem uit Matteus 7:7-23 drie maniere hoe jy God se doel vir jou lewe ontdek. Dit is om te vra, te soek en te klop. Die prediker vra ook die vraag: Wat bepaal tans daardie doel van jou lewe? Is dit skuldgevoelens? Is dit woede? Of is dit vrees? Laastens vra die prediker die vraag: Wat is die voordele van 'n lewe wat sy lewe saam met die Here ontdek het? Die prediker noem drie voordele, naamlik dat jou lewe betekenis het, dat jou lewe gefokus is, en laastens begin jou lewe na die ewigheid te wys. 'n Waarskuwing word ten slotte aan die hoorders gerig, dat ons almal eendag voor die regterstoel van Christus sal verskyn. God gee nou al vir ons die vrae vir daardie dag, en dit is die vrae: Wat het jy met Jesus gemaak?, en tweedens of jy jou doel saam met die Here ontdek het?

Preek 2. Teks: 1 Korintiërs 3: 10-21. Tema: Die kerk as God se familie.

Segment A

Ons praat vandag oor die kerk. Baie keer vra ons die volgende vrae, naamlik: Waar is daar 'n volmaakte kerk waarheen ek kan ontsnap? Waar gaan ons 'n kerk kry wat al die antwoorde het? Waar gaan ons 'n kerk kry wat al sy lidmate tevrede kan hou?

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Ons praat vandag oor die kerk.
2. Baie keer vra ons die volgende vrae, naamlik: Waar is daar 'n volmaakte kerk waarheen ek kan ontsnap?
3. Waar gaan ons 'n kerk kry wat al die antwoorde het?
4. Waar gaan ons 'n kerk kry wat al sy lidmate tevrede kan hou?

Segment B

Op hierdie vrae kan ons soos volg antwoord, dat daar nie 'n volmaakte kerk op aarde is nie, en daar is ook nie 'n kerk wat al die antwoorde het nie. Daar is baie kerke wat glo hulle het al die antwoorde. Die werklikheid is egter dat mense ontnugter raak met die kerke.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Op hierdie vrae kan ons soos volg antwoord, dat daar nie 'n volmaakte kerk op aarde is nie, en daar is ook nie 'n kerk wat al die antwoorde het nie.
2. Daar is baie kerke wat glo hulle het al die antwoorde.
3. Die werklikheid is egter dat mense ontnugter raak met die kerke.

Segment C

In die boek *'n Doelgerigte lewe* lees ek: "Om die hele tyd na die ideale kerk te verlang en die werklikheid (kerk) te kritiseer, is 'n teken van onvolwassenheid. Aan die anderkant, om die ideale te negeer en tot die werklikheid te konformeer is om ons roeping te versaak." Daarom kan ons eerstens sê dat die ware kerk nie 'n volmaakte kerk is nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. In die boek *'n Doelgerigte lewe* lees ek: "Om die hele tyd na die ideale kerk te verlang en die werklikheid (kerk) te kritiseer, is 'n teken van onvolwassenheid. Aan die anderkant, om die ideale te negeer en tot die werklikheid te konformeer is om ons roeping te versaak."
2. Daarom kan ons eerstens sê dat die ware kerk nie 'n volmaakte kerk is nie.

Segment D

Die ware kerk is die kerk waar ons opreg bou. Ons moet seker maak wat ons insette is. Ons moet seker maak dat ons op die fondament Jesus Christus bou. Elkeen moet duidelik let hoe ons op daardie fondament bou. Ons kan tog nie een soort mens buite die kerk wees en 'n ander soort mens binne die kerk wees nie. Of kan ons?

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Die ware kerk is die kerk waar ons opreg bou.
2. Ons moet seker maak wat ons insette is.
3. Ons moet seker maak dat ons op die fondament Jesus Christus bou.
4. Elkeen moet duidelik let hoe ons op daardie fondament bou.
5. Ons kan tog nie een soort mens buite die kerk wees en 'n ander soort mens binne die kerk wees nie.
6. Of kan ons?

Segment E

Iewers gaan ons ware kleure na vore kom. Ons gaan of vir die wêreld wys dat ons lewe in die oortuiging dat Jesus Koning van my lewe is. Of ons gaan vir die kerk moet sê: Jammer maar die maatstawwe van die wêreld is koning van my lewe. Elke mens is iewers in die lewe geanker en daardie anker bepaal jou ware kleure.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Iewers gaan ons ware kleure na vore kom.
2. Ons gaan of vir die wêreld wys dat ons lewe in die oortuiging dat Jesus Koning van my lewe is.
3. Of ons gaan vir die kerk moet sê: Jammer maar die maatstawwe van die wêreld is koning van my lewe.
4. Elke mens is iewers in die lewe geanker en daardie anker bepaal jou ware kleure.

Segment F

Ons sal dus moet seker maak waarop ons bou. Bou ons op die fondament Jesus Christus? Bou ons op liefde of op vrees? Bou ons op hoop of op wanhoop? Bou ons op vergifnis of op onvergifnis en geskinder? Bou ons op genade of op wrokke en bitterheid wat ons koester?

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Ons sal dus moet seker maak waarop ons bou.
2. Bou ons op die fondament Jesus Christus?
3. Bou ons op liefde of op vrees?
4. Bou ons op hoop of op wanhoop?
5. Bou ons op vergifnis of op onvergifnis en geskinder?
6. Bou ons op genade of op wrokke en bitterheid wat ons koester?

Segment G

Ek sal moet seker maak wat maak werklik vir my saak. Is ek oortuig dat die kerk vir my so belangrik is as Christus? Of wil ek eerder hê dat die kerk moet aanpas by my behoeftes? Ja, omdat dit eerder oor my ervaringe van kerkwees gaan as oor God vir wie ek kom aanbid.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Ek sal moet seker maak wat maak werklik vir my saak.
2. Is ek oortuig dat die kerk vir my so belangrik is as Christus?
3. Of wil ek eerder hê dat die kerk moet aanpas by my behoeftes?

4. Ja, omdat dit eerder oor my ervaringe van kerkwees gaan as oor God vir wie ek kom aanbid.

Segment H

Ons is egter geroep as God se familie om te bou op die fondament van Christus. Die fondament wat Hy gelê het is reg en stewig, en oor baie eeue heen is daar hierop gebou. Kom ons as die kerk, God se familie bou voort daarop in geloof, hoop en liefde.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Ons is egter geroep as God se familie om te bou op die fondament van Christus.
2. Die fondament wat Hy gelê het is reg en stewig, en oor baie eeue heen is daar hierop gebou.
3. Kom ons as die kerk, God se familie bou voort daarop in geloof, hoop en liefde.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker se boodskap gaan oor die kerk. Die prediker wil oor die kerk beklemtoon dat daar nie ŉ volmaakte kerk op aarde is nie, en ook nie ŉ kerk is wat al die antwoorde het nie. Die prediker se punt is dus, dat die ware kerk nie volmaak is nie. Die ware kerk is die kerk waar opreg gebou word. Daarom moet die hoorders seker maak hoe hulle bou. Bou hulle op die fondament Jesus Christus? Bou hulle op hoop of wanhoop? Dan kom die oproep dat ons geroep is as familie, as kerk om te bou op die fondament van Christus. Ons as kerk, as familie moet daarop voortbou in geloof, hoop en liefde.

Preke E uit die sinode van Wes-Transvaal

Preek 1. Teks: Lukas 14:15-24. Tema: Gelukkig is die wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem.

Segment A

Hoekom sal iemand wat saam met Jesus aan die tafel sit nou sê: *"Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem"* (Lukas 14:15)? Ek dink dit is omdat hulle die voorreg besef het om saam aan 'n tafel met Jesus te wees. Terwyl hulle daar aan die tafel sit dink hulle natuurlik terug aan die twee vermeerderings van die brood wat plaasgevind het. Die eerste vermeerdering van die brood was natuurlik baie interessant, want dit het plaasgevind in die woestyn. Daar was baie mense gewees. Dit het donker geword en boonop het die dissipels vir Jesus gesê om die mense huis toe te stuur.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Hoekom sal iemand wat saam met Jesus aan tafel sit nou sê: *"Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem"* (Lukas 14:15)?
2. Ek dink dit is omdat hulle die voorreg besef het om saam aan 'n tafel met Jesus te wees.
3. Terwyl hulle daar aan tafel sit dink hulle natuurlik terug aan die twee vermeerderings van die brood wat plaasgevind het.
4. Die eerste vermeerdering van die brood was natuurlik baie interessant, want dit het plaasgevind in die woestyn.
5. Daar was baie mense gewees.
6. Dit het donker geword en boonop het die dissipels vir Jesus gesê om die mense huis toe te stuur.

Segment B

Maar waarvoor het Jesus gekom? Om die alledaagse buitengewoon te maak. Jesus kom nie om die hongeriges weg te stuur om vir hulleself te gaan brood kry

nie. Selfs die opstandige volk in die woestyn het manna gekry. Soos die mense in groepies gesit het, en oorgenoeg kos gekry het daar in die woestyn, wil Jesus nou met die gelykenis in Lukas 14:16-20 vir ons kom verduidelik wie so gelukkig is om aan die tafel van die koninkryk te sit.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Maar waarvoor het Jesus gekom?
2. Om die alledaagse buitengewoon te maak.
3. Jesus kom nie om die hongeriges weg te stuur om vir hulleself te gaan brood kry nie.
4. Selfs die opstandige volk in die woestyn het manna gekry.
5. Soos die mense in groepies gesit het, en oorgenoeg kos gekry het daar in die woestyn, wil Jesus met die gelykenis in Lukas 14:16-20 vir ons kom verduidelik wie so gelukkig is om aan die tafel van die koninkryk te sit.

Segment C

Ek dink wat ons lees in die gelykenis wat Jesus vertel, is dat ek met alledaagse goed besig is. Ek het nie nou tyd om vir hierdie maaltyd in die koninkryk te kom aansit nie. Ek is met gewone goed besig, naamlik grond, osse, trou en kinders. Nie dat hierdie goed nie belangrik is nie, maar ek dink die Evangelie wil sê: Die mense is te besig met die alledaagse goed. Die alledaagse goed is belangriker en dit terwyl die koning hulle uitnooi om deel te hê aan die buitengewone. Om te kom sit aan die tafel in die koninkryk van God. Waar daar oorvloed is. Waar ek soveel kan kry as wat ek wil hê.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Ek dink wat ons lees in die gelykenis wat Jesus vertel, is dat ek met alledaagse goed besig is.
2. Ek het nie nou tyd om vir hierdie maaltyd in die koninkryk te kom aansit nie.
3. Ek is met gewone goed besig, naamlik grond, osse, trou en kinders.

4. Nie dat hierdie goed nie belangrik is nie, maar ek dink die Evangelie wil sê: Die mens is te besig met die alledaagse goed.
5. Die alledaagse goed is belangriker en dit terwyl die koning hulle uitnooi om deel te hê aan die buitengewone.
6. Om te kom sit aan die tafel in die koninkryk van God.
7. Waar daar oorvloed is.
8. Waar ek soveel kan kry as wat ek wil hê.

Segment D

En wat gebeur dan? Dan sê die koning: *"Ek sal nie daarmee vrede maak dat mense die alledaagse bo die buitengewone van my koninkryk verkies nie."* Dan stuur hy sy slawe uit om almal te gaan nooi. Die wat mens nie daar sou verwag het nie. Armes, kreupeles, lammes en blindes. Almal kom in en gaan sit by die tafel, maar die tafel is nog nie vol nie. Hy stuur weer sy slawe uit na die paaie en lanings en sê: *"dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis kan vol word"* (Lukas 14:23). Die buitengewone staan dus op die tafel, en dit is gereed.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. En wat gebeur dan?
2. Dan sê die koning: *"Ek sal nie daarmee vrede maak dat mense die alledaagse bo die buitengewone van my koninkryk verkies nie."*
3. Dan stuur hy sy slawe uit om almal te gaan nooi.
4. Die wat mens nie daar sou verwag het nie.
5. Die armes, kreupeles, lammes en blindes.
6. Almal kom in en gaan sit by die tafel, maar die tafel is nog nie vol nie.
7. Hy stuur weer sy slawe uit na die paaie en lanings en sê: *"dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis kan vol word"* (Lukas 14:23).
8. Die buitengewone staan dus op die tafel, en dit is gereed.

Segment E

Hulle praat nou nie in Lukas verder van die fees nie, maar ek kan my voorstel hoe gelukkig hierdie mense was. Dis hoekom hy niks verder oor hulle praat nie. Almal wat die Evangelies gelees het, wat daar aan die tafel was waar Jesus was, het mos nou saam met Jesus beleef hoe wonderlik dit was. Dis hoekom iemand kon sê: *"Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem."*

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Hulle praat nou nie in Lukas verder van die fees nie, maar ek kan my voorstel hoe gelukkig hierdie mense was.
2. Dis hoekom hy niks verder oor hulle praat nie.
3. Almal wat die Evangelies gelees het, wat daar aan die tafel was waar Jesus was, het mos nou saam met Jesus beleef hoe wonderlik dit was.
4. Dis hoekom iemand kon sê: *"Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem."*

Segment F

Ek dink die Here wil vanoggend vir ons sê: "Julle wat al gesmaak het hoe spesiaal dit aan My tafel in die koninkryk is, moenie toelaat dat die gewone dinge belangriker word as die buitengewone nie." En jy moes dit al ervaar het dat dinge waarvoor jy gesmeek het voor die Here. Gepleit het, dat die Here buitengewoon meer vir jou gegee het. Wil jy nie die Here vertrou vir die buitengewone nie, en om die alledaagse dinge nie belangriker as God se buitengewone dinge te laat word in jou lewe nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Ek dink die Here wil vanoggend vir ons sê: "Julle wat al gesmaak het hoe spesiaal dit aan My tafel in die koninkryk is, moenie toelaat dat die gewone dinge belangriker word as die buitengewone nie."
2. En jy moes dit al ervaar het dat dinge waarvoor jy gesmeek het voor die Here.

3. Gepleit het, dat die Here buitengewoon meer vir jou gegee het.
4. Wil jy nie die Here vertrou vir die buitengewone nie, en om die alledaagse dinge nie belangriker as God se buitengewone dinge te laat word in jou lewe nie.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker wil in die boodskap die vraag beantwoord, hoekom iemand as gelukkig beskou kan word wat aan die maaltyd in die koninkryk van God deelneem. Die prediker wys dat Jesus juis gekom het om die gewone dinge buitengewoon te maak. Die probleem is dat ons toegelaat het dat die gewone dinge belangriker geword het as die buitengewone. Die dinge van God se koninkryk. Mense is dus gelukkig aan die tafel van die Here, omdat hulle al gesmaak het dat die Here buitengewoon meer vir ons gee as waarvoor ons gevra het. Die opdrag is egter, om nie toe te laat dat die alledaagse dinge belangriker word as God se buitengewone dinge nie.

Preek 2. Teks: Filippense 4:2-9. Tema: Vrede.

Segment A

Dit is moeilik om in ons land in hierdie tye vrede in ons harte te hê. Elke moord wat gepleeg word. Elke motor wat gekaap word, laat ons daaraan dink dat dit ons kon gewees het. Of een van ons geliefdes. Is dit moontlik dat 'n Christen kan leef met vrede in sy hart? Dit is waaroor dit in hierdie gedeelte gaan. Die Here beloof vrede (Filippense 4:7).

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Dit is moeilik om in ons land in hierdie tye vrede in ons harte te hê.
2. Elke moord wat gepleeg word.
3. Elke motor wat gekaap word, laat ons daaraan dink dat dit ons kon gewees het.
4. Of een van ons geliefdes.
5. Is dit moontlik dat 'n Christen kan leef met vrede in sy hart?

6. Dit is waaroor dit in hierdie gedeelte gaan.
7. Die Here beloof vrede (Filippense 4:7).

Segment B

Die vrede waarvan hier gepraat word wat oor ons harte en gedagtes die wag hou, is die vrede wat God gee. Die mens wat nie met God in die regte verhouding staan nie, kan nie hierdie vrede en gemoedsrus ervaar nie. Hierdie vrede kan ook nie deur die verstand verklaar word nie. Dit beteken dat 'n mens op die slagveld of op sy sterfbed nog steeds hierdie vrede kan ervaar.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Die vrede waarvan hier gepraat word wat oor ons harte en gedagtes die wag hou, is die vrede wat God gee.
2. Die mens wat nie met God in die regte verhouding staan nie, kan nie hierdie vrede en gemoedsrus ervaar nie.
3. Hierdie vrede kan ook nie deur die verstand verklaar word nie.
4. Dit beteken dat 'n mens op die slagveld of op sy nog steeds hierdie vrede kan ervaar.

Segment C

Dit is 'n vrede in ons hart. Die Here wil die onrustigheid in ons harte wegneem. Wat is so dikwels die bron van ons onrus? Dit is die gedagtes wat ons dink en die gevoelens van haat en aggressie. Die Here wil dit rustig maak in ons hart en emosies. As jy vrede in jou lewe verloor het, dan flikker die rooi ligte. Dan is daar fout in jou verhouding met God. God wil jou vrede gee. Christus is ons vrede. Hy gee ons hierdie hemelse vrede uit die hemelse skatkamers.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Dit is 'n vrede in ons hart.
2. Die Here wil die onrustigheid in ons harte wegneem.
3. Wat is so dikwels die bron van ons onrus?
4. Dit is die gedagtes wat ons dink en die gevoelens van haat en onsekerheid.
5. Die Here wil dit rustig maak in ons hart en emosies.

6. As jy vrede in jou lewe verloor het, dan flikker die rooi ligte.
7. Dan is daar fout in jou verhouding met God.
8. God wil jou vrede gee.
9. Christus is ons vrede.
10. Hy gee ons hierdie hemelse vrede uit die hemelse skatkamers.

Segment D

Dit is interessant dat Paulus hierdie vrede aan 'n bepaalde lewenswyse verbind. Ons lees daarvan van vers 7 af. Ek word opgeroep om op so 'n wyse te leef dat vrede die resultaat sal wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Dit is interessant dat Paulus hierdie vrede aan 'n bepaalde lewenswyse verbind.
2. Ons lees daarvan van vers 7 af.
3. Ek word opgeroep om op so 'n wyse te leef dat vrede die resultaat sal wees.

Segment E

Kom ons kyk na die lewenswyse wat vrede bring. Eerstens moet jou verhouding met Jesus vir jou alles wees. Baiekeer is mense se verhouding met die Here vir hulle 'n las waaruit hulle min vreugde put. Dit moet egter vir ons lekker wees om gemeenskap elke dag met die Here te ervaar. Ook saam met medegelowiges. As ons verhouding met die Here so saam met mekaar groei, sal ons God se vrede in ons lewens ervaar.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Kom ons kyk na die lewenswyse wat vrede bring.
2. Eerstens moet jou verhouding met Jesus vir jou alles wees.
3. Baiekeer is mense se verhouding met die Here vir hulle 'n las waaruit hulle min vreugde put.
4. Dit moet egter vir ons lekker wees om gemeenskap elke dag met die Here te ervaar.

5. Ook saam met medegelowiges.
6. As ons verhouding met die Here so saam met mekaar groei, sal ons God se vrede in ons lewens ervaar.

Segment F

Tweedens moet jy werk aan jou menseverhoudinge. Jy moet in vrede leef met die mense rondom jou (vers 1). Paulus gebruik die woord eensgesind in vers 1, en die woord inskiklik in vers 5. Wees self bereid om nader aan mense te kom en hulle toe te laat om nader aan jou te kom. As jy aggressief is, sal jy aggressie terug ontvang. Wat jy saai sal jy maai in jou verhoudings.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Tweedens moet jy werk aan jou menseverhoudinge.
2. Jy moet in vrede leef met die mense rondom jou (vers 1).
3. Paulus gebruik die woord eensgesind in vers 1, en die woord inskiklik in vers 5.
4. Wees self bereid om nader aan mense te kom en hulle toe te laat om nader aan jou te kom.
5. As jy aggressief is, sal jy aggressie terug ontvang.
6. Wat jy saai sal jy maai in jou verhoudings.

Segment G

Derdens moet jy leer om bekommernisse reg te hanteer. Bekommernisse kan al jou vrede verdryf. Hoe hanteer ek bekommernisse reg? Jy moet naby aan die Here leef (vers 5), en jy sal bekommernisse reg hanteer.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Derdens moet jy leer om bekommernisse reg te hanteer.
2. Bekommernisse kan al jou vrede verdryf.
3. Hoe hanteer ek bekommernisse reg?
4. Jy moet naby aan die Here leef (vers 5), en jy sal bekommernisse reg hanteer.

Segment H

Laastens moet jy getrou wees in jou gebedslewe. Filippense 4:6 sê dan ook: *"maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."* Om al jou begeertes bekend te maak, beteken nie dat ons verkeerde begeertes aan God kan voorhou vir goedkeuring nie. As ek van God se teenwoordigheid bewus is, verdryf Sy teenwoordigheid my onrus. Dan kry ek rus in my hart.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Laastens moet jy getrou wees in jou gebedslewe.
2. Filippense 4:6 sê dan ook: *"maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."*
3. Om al jou begeertes bekend te maak, beteken nie dat ons verkeerde begeertes aan God kan voorhou vir goedkeuring nie.
4. As ek van God se teenwoordigheid bewus is, verdryf Sy teenwoordigheid my onrus.
5. Dan kry ek rus in my hart.

Segment I

Ja ek weet dat daar dinge is wat jou omkrap, maar onrus en onvrede hoef nie jou lewe te oorheers nie. Hou vas aan die Here. Werk aan jou menseverhoudinge. Moenie moedeloos en hulpeloos voel nie. Onthou die Here is naby. Bring al jou begeertes in gebed en smeking na die Here en God wat vrede gee sal met jou wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Ja ek weet dat daar dinge is wat jou omkrap, maar onrus en onvrede hoef nie jou lewe te oorheers nie.
2. Hou vas aan die Here.
3. Werk aan jou menseverhoudinge.
4. Moenie moedeloos en hulpeloos voel nie.
5. Onthou die Here is naby.

6. Bring al jou begeertes in gebed en smeking na die Here en God wat vrede gee sal met jou wees.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker wil die vraag beantwoord of dit moontlik is om vrede in ons harte te hê te midde van alles wat vandag in ons land gebeur. Aan die hand van Filippense 4:2-9 wil die prediker sy hoorders laat verstaan dat so ŉ vrede wel moontlik is. God gee die vrede. Christus is ons vrede. Dan verduidelik die prediker, dat hierdie vrede wat God gee in Filippense 4:7, gekoppel is aan ŉ bepaalde lewenswyse. Die lewenswyse word gekenmerk dat jou verhouding met Jesus Christus vir jou alles moet wees, dat jy moet werk aan jou menseverhoudinge, dat jy bekommernisse reg moet hanteer, en laastens moet jy getrou wees in jou gebedslewe. Die prediker wil dus vir sy hoorders sê, as ŉ mens so lewe, dan sal vrede die resultaat wees.

Preke F uit die Oostelike Sinode (Oos-Transvaal).

Preek 1. Teks: Efesiërs 4:25-32. Tema: Woede.

Segment A

Broers en Susters wanneer word ons regtig kwaad? Ons word dikwels kwaad wanneer ons nie kry wat ons wil hê nie of wat ons verdien nie. Ons word ook kwaad as iets van ons weggeneem word soos bv. my huwelik, my bevordering, my werk, my geluk, en dan kry ons seer in die proses.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Broers en susters wanneer word ons regtig kwaad? Ons word dikwels kwaad wanneer ons nie kry wat ons wil hê nie of wat ons verdien nie.
2. Ons word ook kwaad as iets van ons weggeneem word soos bv. my huwelik, my bevordering, my werk, my geluk, en dan kry ons seer in die proses.

Segment B

Daar gebeur altyd iets met ons woede. Omdat dit iets is wat in die hart broei, as jy dit toelaat, verloor ek maklik fokus. Dan dink jy later, almal skuld my. Dis dan wanneer ons 'n kwaai persoon kry wat sy woede op iemand uithaal.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Daar gebeur altyd iets met ons woede. Omdat dit iets is wat in die hart broei, as jy dit toelaat, verloor ek maklik fokus.
2. Dan dink jy later, almal skuld my.
3. Dis dan wanneer ons 'n kwaai persoon kry wat sy woede op iemand uithaal.

Segment C

Is jy dalk so iemand? Natuurlik het jy 'n verhaal om te vertel waarom jy so oorreageer en dinge sê waaroor jy later spyt is. Ja die verhaal verklaar jou woede, en jou onvoorspelbare reaksies. Jou verhaal regverdig mos jou optrede. Iemand wat soos jy swaar gehad het. Iemand wat verwerping en verwaarlosing ervaar het, het mos elke rede en reg soos jy om so te wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Is jy dalk so iemand?
2. Natuurlik het jy 'n verhaal om te vertel waarom jy so oorreageer en dinge sê waaroor jy later spyt is.
3. Ja die verhaal verklaar jou woede, en jou onvoorspelbare reaksies.
4. Jou verhaal regverdig mos jou optrede.
5. Iemand wat soos jy swaar gehad het.
6. Iemand wat verwerping en verwaarlosing ervaar het, het mos elke rede en reg soos jy om so te wees.

Segment D

Jy het die reg om so te wees, maar wil jy rêrig so bly? Jy het 'n keuse. Jy kan niks van die verlede ongedaan maak nie, maar jy hoef nie toe te laat dat die verlede jou toekoms beheer nie. Jy kan nie die verlede verander nie, maar jy

kan jou toekoms mooi en nuut maak deur te kies om te vergewe. Jou storie verduidelik dalk jou gedrag, maar verskoon dit nie. Jy is nie 'n slagoffer nie. 'n Slagoffer is magteloos en het nie beheer oor sy lewe nie. Jy het 'n keuse.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Jy het die reg om so te wees, maar wil jy rêrig so bly?
2. Jy het 'n keuse.
3. Jy kan niks van die verlede ongedaan maak nie, maar jy hoef nie toe te laat dat die verlede jou toekoms beheer nie.
4. Jy kan nie die verlede verander nie, maar jy kan jou toekoms mooi en nuut maak deur te kies om te vergewe.
5. Jou storie verduidelik dalk jou gedrag, maar verskoon dit nie.
6. Jy is nie 'n slagoffer nie.
7. 'n Slagoffer is magteloos en het nie beheer oor sy lewe nie.
8. Jy het 'n keuse.

Segment E

Paulus skryf nou in Efesiërs 4:31-32: *"Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het."* Paulus wil dus hê dat ons ontslae sal raak van woede. Watter negatiewe emosie jy ook al koester, raak ontslae daarvan.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Paulus skryf nou in Efesiërs 4:31-32: *"Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het."*
2. Paulus wil dus hê dat ons ontslae sal raak van woede. Watter negatiewe emosie jy ook al koester, raak ontslae daarvan.

Segment F

Ons moet ook oplet wie die woorde geskryf het. Dit was Paulus wat vir 'n jaar al onregverdig, verhoorafwagtend in die tronk sit. Paulus het alle rede gehad om kwaad te wees. En tog is hy nie. Paulus wil hê ons moet mekaar vergewe. As Paulus hier gestop het, sou ons nog kon aangaan met ons verskonings, maar hy gaan aan. Paulus sê ons moet mekaar vergewe soos God julle ook in Christus vergewe het (Efesiërs 4:32).

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Ons moet ook oplet wie die woorde geskryf het.
2. Dit was Paulus wat vir 'n jaar al onregverdig, verhoorafwagtend in die tronk sit.
3. Paulus het alle rede gehad om kwaad te wees.
4. En tog is hy nie.
5. Paulus wil hê ons moet mekaar vergewe.
6. As Paulus hier gestop het, sou ons nog kon aangaan met ons verskonings, maar hy gaan aan.
7. Paulus sê ons moet mekaar vergewe soos God julle ook in Christus vergewe het (Efesiërs 4:32).

Segment G

Hoeveel het God jou al vergewe? As jy 10 sondes per uur doen, vir 16 wakker ure, vir 365 dae per jaar, en jy word 74 jaar oud, het jy 4.3 miljoen maal in jou lewe gesondig. Kan jy God ooit betaal vir dit? Jy swem in die Atlantiese Oseaan vol skuld en tog vergewe God jou. Wanneer ander nou teenoor ons oortree, dan maak ons skielik asof ons nie so erg gesondig het nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Hoeveel het God jou al vergewe?
2. As jy 10 sondes per uur doen, vir 16 wakker ure, vir 365 dae per jaar, en jy word 74 jaar oud, het jy 4.3 miljoen maal in jou lewe gesondig.
3. Kan jy God ooit betaal vir dit?

4. Jy swem in die Atlantiese Oseaan vol skuld en tog vergewe God jou.
5. Wanneer ander nou teenoor ons oortree, dan maak ons skielik asof ons nie so erg gesondig het nie.

Segment H

Van ons kan gesien, het ons seker alle reg om nie te vergewe nie. Van God se kant gesien, is dit die mees self-vernietigende ding wat ons kan doen. Jou pyn is nie ŉ trofee om mee te spog nie. Dit is ook nie ŉ storie om te vertel nie. Dit is gif vir jou siel. Dit is ŉ giftige slang in jou lewe. Dit is die duiwel vir wie jy vatkans gee.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Van ons kant gesien, het ons seker alle reg om nie te vergewe nie.
2. Van God se kant gesien, is dit die mees self-vernietigende ding wat ons kan doen.
3. Jou pyn is nie ŉ trofee om mee te spog nie.
4. Dit is ook nie ŉ storie om te vertel nie.
5. Dit is gif vir jou siel.
6. Dit is ŉ giftige slang in jou lewe.
7. Dit is die duiwel vir wie jy vatkans gee.

Segment I

Doen vandag iets aan jou woede. Erken dit voor God. Laat Hom daardie deel van jou hart wat die woede huisves, binnekom en sagmaak. Sit jou woede en bitterheid neer by Jesus se voete. En gee dan ŉ klein treetjie van vergifnis. Hou dan op om die skuldige se naam te gebruik soos ŉ vloekwoord en bid vir hom.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Doen vandag iets aan jou woede.
2. Erken dit voor God.
3. Laat Hom daardie deel van jou hart wat die woede huisves, binnekom en sagmaak.
4. Sit jou woede en bitterheid neer by Jesus se voete.

5. En gee dan ŉ klein treetjie van vergifnis.
6. Hou dan op om die skuldige se naam te gebruik soos ŉ vloekwoord en bid vir hom.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker se boodskap handel oor woede, en die gevolge van woede. Mense met woede het ŉ verhaal om te vertel, hoekom hulle so is. Die prediker wil dan by sy hoorders daarop aandring dat elkeen ŉ keuse het. Deur die voorbeeld van Paulus te gebruik in Efesiërs 4:31-32, wil die prediker daarop wys dat ons ontslae moet raak van woede. Paulus wil ook hê dat ons mekaar sal vergewe, soos God julle in Christus vergewe het. Deur nie te vergewe nie, is dit soos gif vir ŉ mens se siel. ŉ Giftige slang in jou lewe. Dan kom die opdrag: Doen iets aan jou woede!

Preek 2. Teks: Markus 1:9-11. Tema: Jesus se doop.

Segment A

Die klimaks van vanoggend se gedeelte is Jesus se doop. Die eerste Sondag na Kerstyd vier ons altyd Jesus se doop. Daar is drie dinge waarna ons kan kyk vanoggend. Ons gaan eerstens kyk na die stem van sy Vader. Tweedens gaan ons kyk na die Gees wat soos ŉ duif neerdaal. En laastens gaan ons kyk na die feit dat Jesus se doop, sy roeping, en die begin van sy openbare bediening was.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Die klimaks van vanoggend se gedeelte is Jesus se doop.
2. Die eerste Sondag na Kerstyd vier ons altyd Jesus se doop.
3. Daar is drie dinge waarna ons kyk vanoggend.
4. Ons gaan eerstens kyk na die stem van sy Vader.
5. Tweedens gaan ons kyk na die Gees wat soos ŉ duif neerdaal.
6. En laastens gaan ons kyk na die feit dat Jesus se doop, sy roeping, en die begin van sy openbare bediening was.

Segment B

Aan die begin van die nuwe jaar is hierdie drie dinge iets wat ons moet hoor en in ons harte bewaar. Ons moet dit met ons saamdra as ons die uitdagings wat die nuwe jaar mag bring, wil aangryp.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Aan die begin van die nuwe jaar is hierdie drie dinge iets wat ons moet hoor en in ons harte bewaar.
2. Ons moet dit met ons saamdra as ons die uitdagings wat die nuwe jaar mag bring, wil aangryp.

Segment C

Ons lees in vers 11: *"Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."* Jesus het van kleins af waarskynlik 'n besondere band gehad met God. Maar ek dink dat hierdie gebeurtenis vir Jesus 'n baie besondere gebeurtenis moes wees. Hier kry Jesus klinkklare bevestiging dat sy Vader Hom liefhet en dat Hy bly is oor Hom.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Ons lees in vers 11: *"Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."*
2. Jesus het van kleins af waarskynlik 'n besondere band gehad met God.
3. Maar ek dink dat hierdie gebeurtenis vir Jesus 'n baie besondere gebeurtenis moes wees.
4. Hier kry Jesus klinkklare bevestiging dat sy Vader Hom liefhet en dat Hy bly is oor Hom.

Segment D

Nou hier is die belangrike: Dit wat met Jesus by sy doop gebeur, gebeur ook by ons doop. Net soos wat Jesus 'n stem hoor wat sê: *"Jy is my geliefde"*, hoor ons ook as't ware God wat vir ons sê: *"Jy is my geliefde."*

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Nou hier is die belangrike: Dit wat met Jesus by sy doop gebeur, gebeur ook by ons doop.

2. Net soos wat Jesus 'n stem hoor wat sê: *"Jy is my geliefde"*, hoor ons ook as't ware God wat vir ons sê: *"Jy is my geliefde."*

Segment E

Ons moet weer luister na hierdie stem. Daar is soveel dinge wat onseker is in hierdie wêreld. Soveel dinge wat gister daar was en vandag net nie meer bestaan nie. Daar is soveel mense wat in hulleself onseker is. Ons doop herinner ons aan hierdie een onveranderbare en seker feit dat God lief vir ons is. Dit is 'n liefde wat nooit verdwyn nie. Dit is 'n onvoorwaardelike, en seker liefde.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Ons moet weer luister na hierdie stem.
2. Daar is soveel dinge wat gister daar was en vandag net nie meer bestaan nie.
3. Daar is soveel mense wat in hulleself onseker is.
4. Ons doop herinner ons aan hierdie een onveranderbare en seker feit dat God lief vir ons is.
5. Dit is 'n liefde wat nooit verdwyn nie.
6. Dit is 'n onvoorwaardelike, en seker liefde.

Segment F

Tweedens kyk ons na die Gees wat soos 'n duif neerdaal. Die Gees is die teenwoordigheid van God in ons lewens. Die Gees het Jesus in staat gestel om baie dinge te doen. Deur die Gees het Jesus die storm stil gemaak, bose geeste uitgedryf en mense gesond gemaak. Deur die Gees het Jesus krag ontvang om ten spyte van teenstand en verwerping steeds gehoorsaam te bly aan sy roeping.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Tweedens kyk ons na die Gees wat soos 'n duif neerdaal.
2. Die Gees is die teenwoordigheid van God in ons lewens.
3. Die Gees het Jesus in staat gestel om baie dinge te doen.

4. Deur die Gees het Jesus die storm stil gemaak, bose geeste uitgedryf en mense gesond gemaak.
5. Deur die Gees het Jesus krag ontvang om ten spyte van teenstand en verwerping steeds gehoorsaam te bly aan sy roeping.

Segment G

Deur die Gees dan, kry ons ook die krag om die lewe met sy uitdagings tegemoet te gaan. Deur die Gees kry ons die krag om liefde te bring waar daar haat is, om vrede te bring waar daar konflik is, om vreugde te bring waar daar terneergedruktheid is, en om vriendelikheid te bring waar mense sonder glimlagte lewe. Deur die Gees kry ons die krag om geduldig te wees, en om goedhartig en getrou te wees. Die Gees help ons om te lewe in tye van hartseer en beproewinge en in tye van moedeloosheid en wanhoop.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Deur die Gees dan, kry ons ook die krag om die lewe met sy uitdagings tegemoet te gaan.
2. Deur die Gees kry ons die krag om liefde te bring waar daar haat is, om vrede te bring waar daar konflik is, om vreugde te bring waar daar terneergedruktheid is, en om vriendelikheid te bring waar mense sonder glimlagte lewe.
3. Deur die Gees kry ons die krag om geduldig te wees, en om goedhartig en getrou te wees.
4. Die Gees help ons om te lewe in tye van hartseer en beproewinge en in tye van moedeloosheid en wanhoop.

Segment H

Die derde ding van belang, is dat Jesus met sy doop sy roeping ontvang het, en toe begin het met sy openbare bediening. Direk na Jesus se doop lees ons dat Jesus veertig dae in die woestyn spandeer waar satan sy roeping uitdaag en probeer om Hom daarvan te laat afsien. In die woestyn klaar Jesus vir Homself sy prioriteite uit en kry Hy klarigheid oor sy roeping.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Die derde ding van belang, is dat Jesus met sy doop sy roeping ontvang het, en toe begin het met sy openbare bediening.
2. Direk na Jesus se doop lees ons dat Jesus veertig dae in die woestyn spandeer waar satan sy roeping uitdaag en probeer om Hom daarvan te laat afsien.
3. In die woestyn klaar Jesus vir Homself sy prioriteite uit en kry Hy klarigheid oor sy roeping.

Segment I

Net so ontvang ons ook ons roeping by ons doop. By ons doop kom God na ons toe en sê vir ons: Ek het iets wat Ek graag wil hê jy moet doen. Dis waarvoor Ek jou in jou ma se moederskoot aanmekaargeweef het.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Net so ontvang ons ook ons roeping by ons doop.
2. By ons doop kom God na ons toe en sê vir ons: Ek het iets wat Ek graag wil hê jy moet doen.
3. Dis waarvoor Ek jou in jou ma se moederskoot aanmekaargeweef het.

Segment J

Hou in die nuwe jaar vas aan hierdie drie gedagtes: Jou hemelse Vader se onmeetbare en oorweldigende liefde. Die Gees wat jou krag gee om voluit te kan leef, en laastens dat jy geskep is met 'n roeping.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Hou in die nuwe jaar vas aan hierdie drie gedagtes: Jou hemelse Vader se onmeetbare en oorweldigende liefde.
2. Die Gees wat jou krag gee om voluit te kan leef, en laastens dat jy geskep is met 'n roeping.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker vergelyk dit wat by Jesus se doop gebeur het, met ons doop. Net soos wat die Vader vir Jesus gesê het: *"Jy*

*is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My"*, moet ons ook hoor dat God dit vir ons sê. Ons doop herinner ons aan hierdie een onveranderbare en seker feit dat God lief vir ons is. Tweedens, soos wat die Gees in die gestalte van 'n duif op Jesus neergedaal het, is die Gees ook die teenwoordigheid van God in ons lewens. Soos wat die Gees vir Jesus in staat gestel het om wonders, genesings en bose geeste uit te dryf, kry ons ook deur die Gees die krag om die lewe met sy uitdagings tegemoet te gaan. Laastens het Jesus by die doop sy roeping ontvang, en net so ontvang ons ook ons roeping by die doop. Die prediker sluit sy boodskap af, dat gelowiges in die nuwe jaar aan hierdie drie gedagtes moet vashou: Jou hemelse Vader se onmeetbare en oorweldigende liefde. Die Gees wat jou krag gee om voluit te kan leef, en laastens dat jy geskep is met 'n roeping.

Preke G uit die sinode van Oos-Kaapland

Preek 1. Teks: Lukas 10:1-16. Tema: Wat is ons fokus?

Segment A

Ons tema vir vanoggend se boodskap is: wat is ons fokus? As julle moet sê, wat sou julle sê behoort ons fokus te wees? Dit lyk vir my die fokus is deurentyd die boodskap wat ons moet dra. Lukas 10:5 wys vir ons dat ons die hele tyd op pad moet wees met die boodskap in gedagte: *"As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: Vrede vir hierdie huis."*

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Ons tema vir vanoggend se boodskap is: wat is ons fokus?
2. As julle moet sê, wat sou julle sê behoort ons fokus te wees?
3. Dit lyk vir my die fokus is deurentyd die boodskap wat ons moet dra.
4. Lukas 10:5 wys vir ons dat ons die hele tyd op pad moet wees met die boodskap in gedagte: *"As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: Vrede vir hierdie huis."*

Segment B

As ek na Lukas 10:4 kyk, dan lyk dit vir my daar is twee goed wat jou fokus kan skuif. Die eerste is dat jy te veel met materiële goed besig kan wees. Sodra dit gebeur, dan is jou vertroue in elk geval nie meer op die Here nie. Jy bekommer jou dan oor klere, kos en geld. Dit is presies maar die alledaagse goed waaroor mense vandag nog bekommerd is. Sodra die petrolprys styg, dan styg die kospryse, inflasie is hoër en mense het minder geld in hulle sakke. Hierdie bekommernisse maak dat mense nie meer op die boodskap fokus nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. As ek na Lukas 10:4 kyk, dan lyk dit vir my daar is twee goed wat jou fokus kan skuif.
2. Die eerste is dat jy te veel met materiële goed besig kan wees.
3. Sodra dit gebeur, dan is jou vertroue in elk geval nie meer op die Here nie.
4. Jy bekommer jou dan oor geld, kos en geld.
5. Dit is presies maar die alledaagse goed waaroor mense vandag nog bekommerd is.
6. Sodra die petrolprys styg, dan styg die kospryse, inflasie is hoër en mense het minder geld in hulle sakke.
7. Hierdie bekommernisse maak dat mense nie meer op die boodskap fokus nie.

Segment C

Maar daar is 'n tweede ding wat ons fokus kan aftrek. Ons is nogal redelik bewus van die eerste saak waarteen die Here ons waarsku. Die tweede saak is nie altyd so duidelik nie. Wat is dit? Dit lyk vir my of dit iets te doen het met tradisie, en dit is hoekom Jesus sê: *"en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie"* (Lukas 10:4).

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Maar daar is 'n tweede ding wat ons fokus kan aftrek.

2. Ons is nogal redelik bewus van die eerste saak waarteen die Here ons waarsku.
3. Die tweede saak is nie altyd so duidelik nie.
4. Wat is dit?
5. Dit lyk vir my of dit iets te doen het met tradisie, en dit is hoekom Jesus sê: *"en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie"* (Lukas 10:4).

Segment D

Wanneer ons mekaar groet, doen ons dit baiekeer sommer in die verbyloop. Maar in hierdie mense se kultuur was dit baie ongeskik as jy iemand so sou groet. Hierdie mense se tradisie was om baie tyd aan mekaar te spandeer, wanneer jy mekaar groet. Jy was veral 'n goeie voorbeeld as jy die eerste persoon sou wees wat groet. En dan groet jy met 'n kus op albei wange. Nou sal julle verstaan dat daar baie tyd in so 'n groetery kan ingaan. Dit was die tradisie van daardie tyd. As jy dit nie so sou doen nie, was jy baie ongeskik gewees.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Wanneer ons mekaar groet, doen ons dit baiekeer sommer in die verbyloop.
2. Maar in hierdie mense se kultuur was dit baie ongeskik as jy iemand so sou groet.
3. Hierdie mense se tradisie was om baie tyd aan mekaar te spandeer, wanneer jy mekaar groet.
4. Jy was veral 'n goeie voorbeeld as jy die eerste persoon sou wees wat groet.
5. En dan groet jy met 'n kus op albei wange.
6. Nou sal julle verstaan dat daar baie tyd in so 'n groetery kan ingaan.
7. Dit was die tradisie van daardie tyd.
8. As jy dit nie so sou doen nie, was jy baie ongeskik gewees.

Segment E

Nou is die vraag: kan dit wees dat ons tradisies, ons fokus in so ŉ mate kan skuif dat ons nie meer fokus op wat belangrik is nie? Tradisie is die illusie dat iets permanent is. Tradisie is die rede waarom mense dinge doen sonder om te dink. Tradisie is die rede dat mense in die kerk sê, dit het al die jare so gewerk, nou hoekom kan dit nie meer so werk nie? Tradisie het gemaak dat mense vir ure in vergaderings sit en baklei, in plaas daarvan om te onthou dat daar ŉ dringende boodskap is wat moet uitgaan.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Nou is die vraag: kan dit wees dat ons tradisies, ons fokus in so ŉ mate kan skuif dat ons nie meer fokus op wat belangrik is nie?
2. Tradisie is die illusie dat iets permanent is.
3. Tradisie is die rede waarom mense dinge doen sonder om te dink.
4. Tradisie is die rede dat mense in die kerk sê, dit het al die jare so gewerk, nou hoekom kan dit nie meer so werk nie?
5. Tradisie het gemaak dat mense vir ure in vergaderings sit en baklei, in plaas daarvan om te onthou dat daar ŉ dringende boodskap is wat moet uitgaan.

Segment F

Die woord tradisie beteken eintlik om iets van bo af aan te gee vir die volgende geslag. Jy doen wat jou oupa gedoen het en bevraagteken of verander nie, want dit sal verkeerd wees. En daarom hou mense so van tradisie. Jy hoef nie energie te gebruik om te dink hoe goed moet verander nie. Dinge bly maar altyd dieselfde en dit laat mense veilig voel. As dinge volgens tradisie gebeur, dan voel dit vir jou soos jou plek.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Die woord tradisie beteken eintlik om iets van bo af aan te gee vir die volgende geslag.

2. Jy doen wat jou oupa gedoen het en bevraagteken of verander nie, want dit sal verkeerd wees.
3. En daarom hou mense so van tradisie.
4. Jy hoef nie energie te gebruik om te dink hoe goed moet verander nie.
5. Dinge bly maar altyd dieselfde en dit laat mense veilig voel.
6. As dinge volgens tradisie gebeur, dan voel dit vir jou soos jou plek.

Segment G

Dit was die kritiek op die *"kerkmense"* van daardie tyd gewees. Die Fariseërs was nie ongelukkig oor die dissipels se higiëne nie. Hulle was nie ongelukkig omdat die dissipels, die wet van Moses, nie onderhou het nie. Hulle was ongelukkig omdat hulle tradisies, hulle gebruike wat hulle begin het, nou verbreek word.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Dit was die kritiek op die *"kerkmense"* van daardie tyd gewees.
2. Die Fariseërs was nie ongelukkig oor die dissipels se higiëne nie.
3. Hulle was nie ongelukkig omdat die dissipels, die wet van Moses nie, onderhou het nie.
4. Hulle was ongelukkig omdat hulle tradisies, hulle gebruike wat hulle begin het, nou verbreek word.

Segment H

Presies dieselfde gebeur in ons Kerk. Dinge verander, en ons reaksie op verandering, is om dit teen te staan.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Presies dieselfde gebeur in ons Kerk.
2. Dinge verander, en ons reaksie op verandering, is om dit teen te staan.

Segment I

Daarom is dit belangrik om fokus te behou. Daarom kan ons nie tevrede wees met enige iets tradisioneel wat ons verhinder om te groei in ons verhouding met

God nie. Ons fokus moet wees om besig te wees met God se Woord, dan breek ons met tradisies.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Daarom is dit belangrik om fokus te behou.
2. Daarom kan ons nie tevrede wees met enige iets tradisioneel wat ons verhinder om te groei in ons verhouding met God nie.
3. Ons fokus moet wees om besig te wees met God se Woord, dan breek ons met tradisies.

Segment J

Daarom moet ons weet, tradisie is 'n geestelike binding. Dit is iets wat die duiwel gebruik om ons te verhinder om te kan groei. Dit verhinder ons om gehoorsaam te wees en om 'n verskil te maak. Dit verhinder ons om uit te gaan as gestuurdes op die pad. Ja, om by mense uit te kom met die boodskap: vrede vir hierdie huis.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Daarom moet ons weet, tradisie is 'n geestelike binding.
2. Dit is iets wat die duiwel gebruik om ons te verhinder om geestelik te kan groei.
3. Dit verhinder ons om gehoorsaam te wees en om 'n verskil te maak.
4. Dit verhinder ons om uit te gaan as gestuurdes op die pad.
5. Ja, om by mense uit te kom met die boodskap: vrede vir hierdie huis.

Segment K

Mag ons daarom nooit toelaat dat tradisies ons bind en vashou in die kerk nie.

Die volgende kode kom na vore in segment K.

1. Mag ons daarom nooit toelaat dat tradisies ons bind en vashou in die kerk nie.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin sy boodskap met 'n vraag: wat is ons fokus? Dan verduidelik die prediker dat daar twee dinge is wat

jou fokus kan skuif. Dit is eerstens dat jy te veel met materiële goed besig raak, en tweedens is dit tradisie. Dit is hoekom Jesus dan ook sê: *"en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie"* (Lukas 10:4). Hierdie mense se tradisie was om baie tyd aan mekaar te spandeer, wanneer jy mekaar gegroet het. Dan vra die prediker die vraag of ons tradisies nie ook ons fokus kan skuif, dat ons nie meer fokus op dit wat belangrik is nie? Tradisie beteken dan om iets van bo af aan te gee vir die volgende geslag. Jy doen wat jou oupa gedoen het en bevraagteken of verander dit nie. Dit is nou juis wat die dissipels van Jesus kom doen het. Hulle het die tradisies van die Fariseërs kom verander. Volgens die prediker is dieselfde aan te gebeur in ons Kerk. Dinge verander. Daarom is dit belangrik om fokus te behou, en hoe mens daardie fokus hou, is om besig te wees met God se Woord. Dan breek ons met tradisies. Ons moet ook besef dat tradisie iets is wat die duiwel gebruik om ons te verhinder om geestelik te kan groei. Daarom mag ons nooit toelaat dat tradisies ons bind en vashou in die kerk nie.

Preek 2. Teks: Matteus 5:6. Tema: Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Segment A

Ons praat vandag oor: Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. Die eerste gedagte wat vir my uitstaan in hierdie teks, is die woorde honger en dors. As ons praat oor honger en dors, glo ek die meeste van ons verstaan redelik goed wat die woorde beteken.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Ons praat vandag oor: Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.
2. Die eerste gedagte wat vir my uitstaan in hierdie teks, is die woorde honger en dors.

3. As ons praat oor honger en dors, glo ek die meeste van ons verstaan redelik goed wat die woorde beteken.

Segment B

Maar mense kan dit natuurlik ook verskillend verstaan. Een persoon kan dink aan iets om sy maag mee vol te maak. ŉ Ander persoon sal dink soos die mense in vetkoek paleis. In die storie is honger ŉ uitsien daarna om jou te ooreet aan ŉ olierige vetkoek. En as jy sê jy is dors sal party mense verstaan dat jy water of koeldrank wil hê.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Maar mense kan dit natuurlik ook verskillend verstaan.
2. Een persoon kan dink aan iets om sy maag mee vol te maak.
3. ŉ Ander persoon sal dink soos die mense in vetkoek paleis.
4. In die storie is honger ŉ uitsien daarna om jou te ooreet aan ŉ olierige vetkoek.
5. En as jy sê jy is dors sal party mense verstaan dat jy water of koeldrank wil hê.

Segment C

Honger en dors het vir die meeste mense net te make met die fisiese behoeftes van hul liggame. Die probleem daarmee is net dat as die lewe vir jou net oor jou fisiese behoeftes gaan, dan draai die lewe vir jou net rondom jouself. Om hierdie uitdrukking van honger en dors reg te verstaan, moet ons terugblaai na Psalm 42:1.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Honger en dors het vir die meeste mense net te make met die fisiese behoeftes van hul liggame.
2. Die probleem daarmee is net dat as die lewe vir jou net oor jou fisiese behoeftes gaan, dan draai die lewe vir jou net rondom jouself.
3. Om hierdie uitdrukking van honger en dors reg te verstaan, moet ons terugblaai na Psalm 42:1.

Segment D

Om na iets te smag, beteken jou hele wese, jou liggaam en gees skreeu uit om iets te kry. Dit is soos iemand wat geen water kan kry nie en besig is om te ontwater, en jy weet jou lewe hang van daardie water af. Dit is wat dit beteken om met jou hele wese na iets te smag.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Om na iets te smag, beteken jou hele wese, jou liggaam en gees skreeu uit om iets te kry.
2. Dit is soos iemand wat geen water kan kry nie en besig is om te ontwater, en jy weet jou lewe hang van daardie water af.
3. Dit is wat dit beteken om met jou hele wese na iets te smag.

Segment E

Die tweede gedagte wat jou aandag gryp, is die woord reg. Reg beteken dat jy regverdig moet wees. Hierdie woord wat ons met reg vertaal kom oorspronklik van die Griekse woord δικαιοσυνη af, wat beteken om in 'n toestand te wees voor God wat vir Hom aanvaarbaar is.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Die tweede gedagte wat jou aandag gryp, is die woord reg.
2. Reg beteken dat jy regverdig moet wees.
3. Hierdie woord wat ons met reg vertaal kom oorspronklik van die Griekse woord δικαιοσυνη af, wat beteken om in 'n toestand te wees voor God wat vir Hom aanvaarbaar is.

Segment F

Niemand is egter van nature in die regte toestand voor God nie. Daar staan immers geskrywe in Romeine 3:10: *"Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie."* Die toestand wat vir God aanvaarbaar is, is om vry te wees van sonde.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Niemand is egter van nature in die regte toestand voor God nie.

2. Daar staan immers geskrywe in Romeine 3:10: *"Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie."*
3. Die toestand wat vir God aanvaarbaar is, is om vry te wees van sonde.

Segment G

Daar behoort by jou en my 'n intense honger en dors (smag) daarna te wees om sonder sonde voor God te staan. Dit is vir Hom aanvaarbaar. Jy is aanvaarbaar, maar nie jou sonde nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Daar behoort by jou en my 'n intense honger en dors (smag) daarna te wees om sonder sonde voor God te staan.
2. Dit is vir Hom aanvaarbaar.
3. Jy is aanvaarbaar, maar nie jou sonde nie.

Segment H

Ek het netnou gesê dat niemand van ons, ons toestand voor die Here kan verander nie. Maar kyk bietjie wat sê die teks. Dit is die derde gedagte wat hier uitstaan vandag - as jy smag daarna om in die regte toestand voor die Here te wees (honger en dors), dan sal jy versadig word. Dit sal vir jou gedoen word, omdat jy dit nie self kan doen nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Ek het netnou gesê dat niemand van ons, ons toestand voor die Here kan verander nie.
2. Maar kyk bietjie wat sê die teks.
3. Dit is die derde gedagte wat hier uitstaan vandag - as jy smag daarna om in die regte toestand voor die Here te wees (honger en dors), dan sal jy versadig word.
4. Dit sal vir jou gedoen word, omdat jy dit nie self kan doen nie.

Segment I

Is dit nie waaroor ons getuig nie? Ons weet mos dat die Here ons toestand voor Hom verander het. Dit is wat Romeine 3:23-24 sê: *Almal het gesondig, en het*

*nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.*

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Is dit nie waaroor ons getuig nie?
2. Ons weet mos dat die Here ons toestand voor Hom vernader het.
3. Dit is wat Romeine 3:23-24 sê: *Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.*

Segment J

Nou kies ons nie meer om sonde te doen nie, maar om binne die wil van die Here te leef. En ons almal beleef dat sonde nog in ons alledaagse optrede deursluip. Maar die Woord leer vir ons dat ons berou genoeg rede is vir Jesus om ons sonde op Hom te neem, sodat ons sonder sonde voor God kan staan.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Nou kies ons nie meer om sonde te doen nie, maar om binne die wil van die Here te leef.
2. En ons almal beleef dat sonde nog in ons alledaagse optrede deursluip.
3. Maar die Woord leer vir ons dat ons berou genoeg rede is vir Jesus om ons sonde op Hom te neem, sodat ons sonder sonde voor God kan staan.

Segment K

Is jy honger en dors na wat reg is? Smag jy daarna om in die regte toestand voor die Here te wees? Daar sit dalk iemand langs jou wat daarna smag. Hier is dalk mense wat vandag voel, dit is vir hulle moeilik om opgewonde te wees, omdat hulle nog nie besef het dat God ook hulle toestand van verlorenheid wil verander nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment K.

1. Is jy honger en dors na wat reg is?

2. Smag jy daarna om in die regte toestand voor die Here te wees?
3. Daar sit dalk iemand langs jou wat daarna smag.
4. Hier is dalk mense wat vandag voel, dit is vir hulle moeilik om opgewonde te wees, omdat hulle nog nie besef het dat God ook hulle toestand van verlorenheid wil verander nie.

Segment L

Daarom moet jy getuig vanuit jou dankbaarheid en deel met hierdie mense wat die Here gedoen het. Laat hulle hoor dat God regtig mense se honger en dors versadig.

Die volgende kodes kom na vore in segment L.

1. Daarom moet jy getuig vanuit jou dankbaarheid en deel met hierdie mense wat die Here gedoen het.
2. Laat hulle hoor dat God regtig mense se honger en dors versadig.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin die boodskap met sy tema: Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. Dan verduidelik die prediker die eerste gedagte, naamlik dat honger en dors verskillend deur mense verstaan kan word, en dat honger en dors vir die meeste mense net oor hul fisiese behoeftes gaan. Om honger en dors reg te verstaan moet die hoorders Psalm 42:1 lees. Om na iets te smag, beteken jou hele wese, jou alles hang van daardie water af. Die prediker verduidelik dan die tweede gedagte, naamlik reg. Hierdie woord kom van die Griekse woord δικαιουσυνη af, wat beteken om in 'n toestand te wees voor God wat vir Hom aanvaarbaar is. Volgens Romeine 3:10 is niemand in die regte verhouding voor God nie. Ons kan ook nie ons toestand voor God verander nie. Dit is die derde gedagte, naamlik as jy smag daarna om in die regte toestand voor die Here te wees (honger en dors), sal jy versadig word. Romeine 3:23-24 word dan deur die prediker aangehaal. Laastens roep die prediker sy hoorders op, om te getuig

wat die Here in hulle lewe gedoen het teenoor die wat nog honger en dors is. Hulle moet hoor dat God regtig mense se honger en dors versadig.

Preke H uit die sinode van Wes-en-Suid-Kaapland

Preek 1. Teks: 1 Petrus 4:7-11. Tema: Geskep om te dien.

Segment A

Petrus stel twee vrae aan die orde: Die eerste is die vraag hoe dink ek oor myself? Die tweede vraag is: hoe dink ek ook oor ander mense?

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Petrus stel twee vrae aan die orde.
2. Die eerste vraag is hoe dink ek oor myself?
3. Die tweede vraag is: hoe dink ek ook oor ander mense?

Segment B

Hoe dink ons oor onsself? Twintig of dertig jaar gelede was dit die gebruik in die kerk, as 'n proponent beroep is en in 'n gemeente bevestig is, het sy ma tydens die bevestiging 'n toga om sy skouers gehang. In 'n aandoenlike oomblik het hy die kansel opgekom, 'n gebed gedoen, en die seën vir die eerste keer uitgespreek. Die tradisie is deur 'n sinode besluit gestop omdat togas oorspronklik akademiese drag was. Dit het nie uitdrukking gegee aan wie die dominee ten diepste is nie. Dominees is bedienaars en nie in die eerste plek geleerde mense nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Hoe dink ons oor onsself?
2. Twintig of dertig jaar gelede was dit die gebruik in die kerk, as 'n proponent beroep is en in 'n gemeente bevestig is, het sy ma tydens die bevestiging 'n toga om sy skouers gehang.
3. In 'n aandoenlike oomblik het hy die kansel opgekom, 'n gebed gedoen, en die seën vir die eerste keer uitgespreek.

4. Die tradisie is deur ʼn sinode besluit gestop omdat togas oorspronklik akademiese drag was.
5. Dit het nie uitdrukking gegee aan wie die dominee ten diepste is nie.
6. Dominees is bedienaars en nie in die eerste plek geleerde mense nie.

Segment C

Die vraag: wie is ons ten diepste?, speel binne elkeen van ons af. Is ek ʼn heer of ʼn meneer? Is ek ʼn mevrou of ʼn huisvrou? Of is ek iemand wat kan dien?

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Die vraag: wie is ons ten diepste?, speel binne elkeen van ons af. Is ek ʼn heer of ʼn meneer?
2. Is ek ʼn mevrou of ʼn huisvrou?
3. Of is ek iemand wat kan dien?

Segment D

Die tweede vraag is: hoe dink ons oor ander? Kan ons by hulle leer? Het ons ʼn rol om by mekaar te speel? In Afrikaans het ons mos ʼn gesegde wat lui: ander mense se doen en late staan my nie aan nie. Waarmee ons eintlik sê dat ons nie verantwoordelik vir mekaar is nie. Ons is ʼn klomp individue. Elkeen sit op sy eie houtjie.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Die tweede vraag is: hoe dink ons oor ander?
2. Kan ons by hulle leer?
3. Het ons ʼn rol om by mekaar te speel?
4. In Afrikaans het ons mos ʼn gesegde wat lui: ander mense se doen en late staan my nie aan nie.
5. Waarmee ons eintlik sê dat ons nie verantwoordelik vir mekaar is nie.
6. Ons is ʼn klomp individue.
7. Elkeen sit op sy eie houtjie.

Segment E

U sien, die spreekwoord - enkele woorde soos dit mag wees - verklap ’n hele verhaal. Dit vertel ons ’n hele lewensfilosofie. ’n Lewensfilosofie waarmee Matteus nogal ’n probleem gehad het. Matteus haal vir Jesus aan wat sê vir sover jy dit nie gedoen het aan die minste van die broers van my nie, het jy dit aan My (Jesus) nie gedoen nie. Daarmee sê Matteus dat mense wat hulle nie traak oor die wat honger en dors is nie, in die oordeel gaan kort kom.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. U sien, die spreekwoord - enkele woorde soos dit mag wees - verklap ’n hele verhaal.
2. Dit vertel ons ’n hele lewensfilosofie.
3. ’n Lewensfilosofie waarmee Matteus nogal ’n probleem gehad het.
4. Matteus haal vir Jesus aan wat sê vir sover jy dit nie gedoen het aan die minste van die broers van my nie, het jy dit aan My (Jesus) nie gedoen nie.
5. Daarmee sê Matteus dat mense wat hulle nie traak oor die wat honger en dors is nie, in die oordeel gaan kort kom.

Segment F

Dit is nie net Matteus wat hom oor die einde uitlaat nie. Ook Petrus doen dit. Hy doen dit op ’n positiewer manier. Hy sê die einde is naby. Dan bespeur ons ’n besorgdheid by Petrus oor die nabyheid van die einde. Dit is asof Petrus uit ondervinding weet dat dinge dan maklik verkeerd kan loop. Ja dat ons in die doodsnikke van die wedstryd vergeet wie ons is. Vergeet waaroor ons hier is.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Dit is nie net Matteus wat hom oor die einde uitlaat nie.
2. Ook Petrus doen dit.
3. Hy doen dit op ’n positiewer manier.
4. Hy sê die einde is naby.
5. Dan bespeur ons ’n besorgdheid by Petrus oor die nabyheid van die einde.

6. Dit is asof Petrus uit ondervinding weet dat dinge dan maklik verkeerd kan loop.
7. Ja dat ons in die doodsnikke van die wedstryd vergeet wie ons is.
8. Vergeet waaroor ons hier is.

Segment G

Wanneer Petrus nou beskrywe hoe ons die doodsnikke van die wedstryd moet benader, dan roep hy die gemeente op tot liefde, gasvryheid en diens. Gelowiges moet mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. Die liefde roep ons op om met sensitiwiteit betrokke te wees by die sonde wat daar in die geloofsgemeenskap voorkom. Die liefde skep die regte omgewing waar sonde hanteer kan word. Gelowiges is bedienaars van die liefde. Juis ons wat die liefde leer ken het, moet die beoefenaars, die bedienaars daarvan wees.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Wanneer Petrus nou beskrywe hoe ons die doodsnikke van die wedstryd moet benader, dan roep hy die gemeente op tot liefde, gasvryheid en diens.
2. Gelowiges moet mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.
3. Die liefde roep ons op om met sensitiwiteit betrokke te wees by die sonde wat daar in die geloofsgemeenskap voorkom.
4. Die liefde skep die regte omgewing waar sonde hanteer kan word.
5. Gelowiges is bedienaars van die liefde.
6. Juis ons wat die liefde leer ken het, moet die beoefenaars, die bedienaars daarvan wees.

Segment H

Petrus is ook baie daarvan bewus dat gelowiges bywoners en vreemdelinge is. Hy herinner gelowiges dat ons juis dit in hierdie wêreld is (1 Petrus 2:11). Hy weet daarom goed hoe afhanklik bywoners en vreemdelinge van ander se gasvryheid is. Daarom sê hy gelowiges moet gasvry wees sonder om te kla (1 Petrus 4:9). Omdat ons weet hoe dit voel om uitgesluit te wees. Omdat ons

weet hoe dit voel om nie in te wees nie. Daarom moet ons die gasvryheid bedien sonder om te kla. Gasvrye mense pas in 'n voorskoot met 'n vadoek om die arm.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Petrus is ook baie daarvan bewus dat gelowiges bywoners en vreemdelinge is.
2. Hy herinner gelowiges dat ons juis dit in hierdie wêreld is (1 Petrus 2:11).
3. Hy weet daarom goed hoe afhanklik bywoners en vreemdelinge van ander se gasvryheid is.
4. Daarom sê hy gelowiges moet gasvry wees sonder om te kla (1 Petrus 4:9).
5. Omdat ons weet hoe dit voel om uitgesluit te wees.
6. Omdat ons weet hoe dit voel om nie in te wees nie.
7. Daarom moet ons die gasvryheid bedien sonder om te kla.
8. Gasvrye mense pas in 'n voorskoot met 'n vadoek om die arm.

Segment I

In die beskrywing wie ons ten diepste is, wys Petrus dat ons dienaars is. *"Diakonein"* is 'n algemene woord wat tafelbediende kan aandui, maar wys ook op mense wat eenvoudige take verrig. Nie altyd lekker werkies nie, maar werk wat nodig is.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. In die beskrywing wie ons ten diepste is, wys Petrus dat ons dienaars is.
2. *"Diakonein"* is 'n algemene woord wat tafelbediende kan aandui, maar wys ook op mense wat eenvoudige take verrig.
3. Nie altyd lekker werkies nie, maar werk wat nodig is.

Segment J

Ons is goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God. God gee so baie. Hy gee so 'n bonte verskeidenheid. Hy gee aan elkeen. Namate ons ontvang het, moet ons mekaar dien. Wat ons het, het ons ontvang uit die Vaderhand.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Ons is goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God.
2. God gee so baie.
3. Hy gee so ŉ bonte verskeidenheid.
4. Hy gee aan elkeen.
5. Namate ons ontvang het, moet ons mekaar dien.
6. Wat ons het, het ons ontvang uit die Vaderhand.

Segment K

So ontdek ons wie ons is en wie elke ander is. Deur met mekaar te deel wat ons ontvang het as bedienaars, gee ons dit aan God terug. So word die sirkel voltooi: uit God, tot mekaar en tot God. En word sy Naam verheerlik.

Die volgende kodes kom na vore in segment K.

1. So ontdek ons wie ons is en wie elke ander is.
2. Deur met mekaar te deel wat ons ontvang het as bedienaars, gee ons dit aan God terug.
3. So word die sirkel voltooi: uit God, tot mekaar en tot God.
4. En word sy Naam verheerlik.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker stel aan die begin van sy boodskap twee vrae aan sy hoorders. Die eerste vraag is: hoe dink ek oor myself? En die tweede vraag is: hoe dink ek ook oor ander mense? In die beantwoording van die vrae, neem die prediker sy hoorders na 1 Petrus 4:7-11. Hy wys die hoorders dat ons houding teenoor mekaar, die van liefde, gasvryheid en diens moet wees. Gelowiges is bedienaars van liefde. Gelowiges moet mekaar ook met gasvryheid bedien. Gasvrye mense pas in ŉ voorskoot met ŉ vadoek om die arm. Maar wie ons ten diepste is, is dat ons dienaars is. Die woord *"diakonein"* dui op ŉ tafelbediende, maar wys ook op mense wat eenvoudige take verrig. Ons is bedienaars van die veelvoudige genade van God. God gee hierdie genade aan elkeen. Wanneer ons hierdie genade met ander deel

ontdek ons wie ons is, en ook wie ander is. So word die sirkel voltooi: uit God, tot mekaar en tot God. So word sy Naam ook verheerlik.

Preek 2. Teks: Johannes 15:1-9. Tema: Hoe leef 'n mens die Christelike lewe?

Segment A

Ons praat tot vervelens toe oor wat dit beteken om 'n Christen te word, maar ons praat selde oor hoe mens die Christelike lewe leef. Op hierdie vraag gee die Bybel 'n absoluut skokkende antwoord: geen mens kan enigsins die Christelike lewe leef nie. Dit is totaal onmoontlik volgens die Woord. Dit lê hoegenaamd nie binne die gevalle mens se vermoë nie. Die Christelike geloof is iets absoluut bonatuurliks. Geen mens is daartoe in staat om dit uit te leef nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Ons praat tot vervelens toe oor wat dit beteken om 'n Christen te word, maar ons praat selde oor hoe mens die Christelike lewe leef.
2. Op hierdie vraag gee die Bybel 'n absoluut skokkende antwoord: geen mens kan enigsins die Christelike lewe leef nie.
3. Dit is totaal onmoontlik volgens die Woord.
4. Dit lê hoegenaamd nie binne die gevalle mens se vermoë nie.
5. Die Christelike geloof is iets absoluut bonatuurliks.
6. Geen mens is daartoe in staat om dit uit te leef nie.

Segment B

By die Christelike geloof werk dit nie soos by al die duisende ander godsdienste nie. Daar word 'n voorgeskrewe moralistiese en wettiese paadjie presies aangedui en elkeen moet dit probeer nastreef na die beste van hul vermoë en inspanning. Die Christelike geloof bestaan egter nie uit 'n voorgeskrewe morele kode wat mens moet probeer nastreef en verder hoop vir die beste nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. By die Christelike geloof werk dit nie soos by al die duisende ander godsdienste nie.

2. Daar word ŉ voorgeskrewe moralistiese en wettiese paadjie presies aangedui en elkeen moet dit probeer nastreef na die beste van hul vermoë en inspanning.
3. Die Christelike geloof bestaan egter nie uit ŉ voorgeskrewe morele kode wat mens moet probeer nastreef en verder hoop vir die beste nie.

Segment C

Om die Christelike lewe te leef, is iets wat slegs die Here self kan doen. Indien Hy self sy eie lewe deur my kom leef, dan alleen kan ek in gehoorsame beweging kom en reageer en doen.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Om die Christelike lewe te leef, is iets wat slegs die Here self kan doen.
2. Indien Hy self sy eie lewe deur my kom leef, dan alleen kan ek in gehoorsame beweging kom en reageer en doen.

Segment D

Die beeld wat die Heiland gebruik om dit te illustreer, is die beeld van die loot en die wingerdstok. Die loot besit geen eie vermoë om vrug te dra nie, en is opsigself totaal leweloos. Die loot kan alleenlik vrug dra vanuit ŉ posisie van rus in die wingerdstok. Indien die loot in die wingerdstok rus, vloei die wingerdstok se lewenssappe spontaan deur die loot en produseer die loot outomaties vrug.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Die beeld wat die Heiland gebruik om dit te illustreer, is die beeld van die loot en die wingerdstok.
2. Die loot besit geen eie vermoë om vrug te dra nie, en is opsigself totaal leweloos.
3. Die loot kan alleenlik vrug dra vanuit ŉ posisie van rus in die wingerdstok.
4. Indien die loot in die wingerdstok rus, vloei die wingerdstok se lewenssappe spontaan deur die loot en produseer die loot outomaties vrug.

Segment E

Daar is slegs een manier om die Christelike lewe te lewe, en dit is vanuit ŉ posisie van rus. ŉ Rus wat gehoorsaam vasgesement lê in die groot dade wat die Here aan ons gedoen het, en steeds doen. Ek kan ervaar dat Hy my gekry het. Ek kan ontdek dat my naam nog voor die grondlegging van die wêreld in die boek van die lewe staan (Openbaring 13:8). Ek mag baai in die onsterflike son van God se ewige liefde vir my in Christus. Ek mag rus in hoe Hy deur sy Woord en Gees voortdurend na my toe kom. Ek verlustig my verder in die onafgebroke teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Daar is slegs een manier om die Christelike lewe te lewe, en dit is vanuit ŉ posisie van rus.
2. ŉ Rus wat gehoorsaam vasgesement lê in die groot dade wat die Here aan ons gedoen het, en steeds doen.
3. Ek kan ervaar dat Hy my gekry het.
4. Ek kan ontdek dat my naam nog voor die grondlegging van die wêreld in die boek van die lewe staan (Openbaring 13:8).
5. Ek mag baai in die onsterflike son van God se ewige liefde vir my in Christus.
6. Ek mag rus in hoe Hy deur sy Woord en Gees voortdurend na my toe kom.
7. Ek verlustig my verder in die onafgebroke teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees.

Segment F

ŉ Mens leef dus die Christelike lewe deur te rus in die werk wat die Here besig is om te doen. Jy fokus nie op jou eie potensiaal om vroom te probeer wees, en soos ŉ Christen te probeer leef nie. Ook nie deur te roem op allerlei uiterlike dinge wat jy vir die koninkryk probeer doen nie. Ook nie deur gedurig jou eie onvermoë en skuld raak te sien en daardeur moedeloos en depresief te word nie.

Sodoende verwyder die loot homself van die wingerdstok deur op homself te fokus.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. ŉ Mens leef dus die Christelike lewe deur te rus in die werk wat die Here besig is om te doen.
2. Jy fokus nie op jou eie potensiaal om vroom te probeer wees, en soos ŉ Christen te probeer leef nie.
3. Ook nie deur te roem op allerlei uiterlike dinge wat jy vir die koninkryk probeer doen nie.
4. Ook nie deur gedurig jou eie onvermoë en skuld raak te sien en daardeur moedeloos en depressief te word nie.
5. Sodoende verwyder die loot homself van die wingerdstok deur op homself te fokus.

Segment G

Die dinamika van Christenwees lê juis in die teenoorgestelde. Ek leef gehoorsaam aan Hom omdat Hy Hom permanent aan my geknoop het deur sy verbond met my toe ek nog glad nie aan Hom geknoop wou wees nie. Verbond beteken tog juis om verbind te wees. Ek het dus sekerheid omdat die Here se beloftewoord vas en seker is. Dit gaan oor die sekerheid van sy verbond aan my. Daaraan klou ek vas, soos die loot aan die wingerdstok vashou.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Die dinamika van Christenwees lê juis in die teenoorgestelde.
2. Ek leef gehoorsaam aan Hom omdat Hy Hom permanent aan my geknoop het deur sy verbond met my toe ek nog glad nie aan Hom geknoop wou wees nie.
3. Verbond beteken tog juis om verbind te wees.
4. Ek het dus sekerheid omdat die Here se beloftewoord vas en seker is.
5. Dit gaan oor die sekerheid van sy verbond aan my.
6. Daaraan klou ek vas, soos die loot aan die wingerdstok vashou.

Segment H

Hierdie gehoorsame geloofsrus het 'n besliste uitwerking binne my. Dit bring egte belewenisse en aktiwiteite by my na vore. En dit alles slaag omdat dit Hy is wat die Christelike lewe deur my leef. Dit is die geheim van die Christelike lewe.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Hierdie gehoorsame geloofsrus het 'n besliste uitwerking binne my.
2. Dit bring egte belewenisse en aktiwiteite by my na vore.
3. En dit alles slaag omdat dit Hy is wat die Christelike lewe deur my leef.
4. Dit is die geheim van die Christelike lewe.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin sy boodskap, dat ons te min praat oor hoe 'n mens die Christelike lewe behoort te lewe. Dan verduidelik hy dat die Christelike geloof nie soos al die ander duisende godsdienste werk nie. Daar is 'n voorgeskrewe moralistiese en wettiese paadjie wat mense moet probeer nastreef na die beste van hul vermoë. Die Christelike geloof bestaan egter nie uit 'n voorgeskrewe morele kode nie. Om die Christelike lewe te leef, is iets wat slegs die Here self kan doen. Die beeld wat die Here gebruik om dit te illustreer, is die beeld van die loot en die wingerdstok. Die loot kan alleenlik vrug dra vanuit 'n posisie van rus in die wingerdstok. Dan verduidelik die prediker dat daar net een manier is om die Christelike lewe te leef, en dit is vanuit hierdie posisie van rus. 'n Rus wat gehoorsaam vasgesement lê in die groot dade wat die Here aan ons gedoen het, en steeds doen. Dan sluit die prediker sy boodskap af dat hierdie gehoorsame geloofsrus 'n besliste uitwerking binne my het. Dit bring egte belewenisse en aktiwiteite by my na vore. En dit alles slaag omdat dit Hy is wat die Christelike lewe deur my leef. Dit is dan die geheim van die Christelike lewe.

Preke I uit die sinode van Namibië

Preek 1. Teks: Johannes 3:16-21. Tema: God het die wêreld so liefgehad.

Segment A

God het die wêreld so liefgehad. Watter wêreld? Dit moes seker die wêreld gewees het waarin Jesus gebore was. Dit kan sekerlik nie ons wêreld van vandag wees wat God liefgehad het nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. God het die wêreld so liefgehad.
2. Watter wêreld?
3. Dit moes seker die wêreld gewees het waarin Jesus gebore was.
4. Dit kan sekerlik nie ons wêreld van vandag wees wat God liefgehad het nie.

Segment B

Kyk maar net hoe lyk ons wêreld vandag. Daar is natuurrampe. Daar is oorloë en misdaad. Daar is armoede en vigs wat besig is om hand uit te ruk. Daar is politieke korrupsie onder ons leiers. Daar is water tekorte, oorbevolking, globalisasie en oorverhitting. Die ergste vir ons is sekerlik, dat daar geen wet en orde meer is nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Kyk maar net hoe lyk ons wêreld vandag.
2. Daar is natuurrampe.
3. Daar is oorloë en misdaad.
4. Daar is armoede en vigs wat besig is om hand uit te ruk.
5. Daar is politieke korrupsie onder ons leiers.
6. Daar is water tekorte, oorbevolking, globalisering en oorverhitting.
7. Die ergste vir ons is sekerlik, dat daar geen wet en orde meer is nie.

Segment C

ʼn Mens kan tog nie so ʼn wêreld liefhê nie. Ons teks verwys seker na hoe die wêreld gelyk het voor Jesus gebore is. Maar is dit so?

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. ŉ Mens kan tog nie so ŉ wêreld liefhê nie.
2. Ons teks verwys seker na hoe die wêreld gelyk het voor Jesus gebore is.
3. Maar is dit so?

Segment D

Kom ons kyk net hoe het die wêreld gelyk voor en waarin Jesus gebore is. Daar was moord. Babas is doodgemaak. Daar was oorloë en siektes soos blindheid, doofheid en melaatsheid. Daar was apartheid en diskriminasie tussen die Jode en Samaritane gewees. En verder is daar ook gediskrimineer teen vroue. Daar was armoede (bedelaars). Daar was onreg en korrupsie soos die Tollenaars wat te veel belasting ingevorder het van hulle eie volksgenote. Daar was ŉ siek wet en orde stelsel gewees, omdat Jesus onregverdig veroordeel is. Dit is nou nie asof die wêreld waarin Jesus gebore was beter daaraan toe was as ons s'n vandag nie.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Kom ons kyk net hoe het die wêreld gelyk voor en waarin Jesus gebore is.
2. Daar was moord.
3. Babas is doodgemaak.
4. Daar was oorloë en siektes soos blindheid, doofheid en melaatsheid.
5. Daar was apartheid en diskriminasie tussen die Jode en die Samaritane gewees.
6. En verder is daar ook gediskrimineer teen vroue.
7. Daar was armoede (bedelaars).
8. Daar was onreg en korrupsie soos die Tollenaars wat te veel belasting ingevorder het van hulle eie volksgenote.
9. Daar was ŉ siek wet en orde stelsel gewees, omdat Jesus onregverdig veroordeel is.
10. Dit is nou nie asof die wêreld waarin Jesus gebore was beter daaraan toe was as s'n vandag nie.

Segment E

En tog verlaat God sy wêreld en kom na ons morsagtige wêreld toe. Kom word Hy (Woord) vlees en kom woon onder ons en in ons wêreld. Hoekom? Omdat Hy dit liefgehad het. Daarom kom Hy na die wêreld toe. Daarom kom Hy vandag na jou toe, omdat Hy vir jou lief is.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. En tog verlaat God sy wêreld en kom na ons morsagtige wêreld toe.
2. Kom word Hy (Woord) vlees en kom woon onder ons en in ons wêreld.
3. Hoekom? Omdat Hy dit liefgehad het.
4. Daarom kom Hy na die wêreld toe.
5. Daarom kom Hy vandag na jou toe, omdat Hy vir jou lief is.

Segment F

Rittalin is 'n middel wat vir kinders gegee word om beter te konsentreer. Ek wonder of ons nie geestelike Rittalin nodig het omdat ons so kan sukkel om te konsentreer op dit waaroor die lewe gaan, naamlik liefde. Hoe verloor ons nie fokus op kritieke oomblikke in die spel van die lewe en wat ons moet doen nie. Naamlik om God en mekaar lief te hê.

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Rittalin is 'n middel wat vir kinders gegee word om beter te konsentreer.
2. Ek wonder of ons nie geestelike Rittalin nodig het omdat ons so kan sukkel om te konsentreer op dit waaroor die lewe gaan, naamlik liefde.
3. Hoe verloor ons nie fokus op kritieke oomblikke in die spel van die lewe en wat ons moet doen nie.
4. Naamlik om God en mekaar lief te hê.

Segment G

Deur mekaar lief te hê en vir God sal ons gefokus wees en bly op die taak voor hande, naamlik om heel te maak wat stukkend is. Om reg te maak wat verkeerd is. Om te vergewe waar te na gekom is. En om te help waar daar pyn, nood, armoede, hartseer en siekte is.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Deur mekaar lief te hê en vir God sal ons gefokus wees en bly op die taak voor hande, naamlik om heel te maak wat stukkend is.
2. Om reg te maak wat verkeerd is.
3. Om te vergewe waar te na gekom is.
4. En om te help waar daar pyn, nood, armoede, hartseer en siekte is.

Segment H

Kom laat ons begin fokus om van die wêreld 'n beter plek te maak. Ja om van die wêreld 'n gesonder, mooier en skoner plek te maak. Dit moet ons fokus wees, omdat ons die wêreld liefhet.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Kom laat ons begin fokus om van die wêreld 'n beter plek te maak.
2. Ja om van die wêreld 'n gesonder, mooier en skoner plek te maak.
3. Dit moet ons fokus wees, omdat ons die wêreld liefhet.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker begin sy boodskap deur te vra: Watter wêreld God so liefgehad het? Dit moes seker die wêreld gewees het waarin Jesus gebore is. Dit kan nie ons wêreld wees nie. Dan beskryf die prediker hoe ons wêreld lyk. Dit is 'n wêreld van misdaad, korrupsie, natuurrampe ens. Dan beskryf die prediker hoe die wêreld gelyk het toe Jesus gebore is, en as mens die twee wêrelde vergelyk, lyk hulle presies dieselfde. Die prediker wil dus sê dat God nie vlees geword het, omdat die wêreld van Jesus beter was as ons s'n vandag nie. God het na die wêreld gekom omdat Hy vir die wêreld lief is. Ons fokus moet nou in hierdie wêreld wees om vir God en mekaar lief te wees, want so sal ons gefokus wees op die taak voor hande. Dit is om heel te maak wat stukkend is. En om te help waar daar pyn, nood, armoede, hartseer en siekte is. Dit moet ons fokus wees, omdat ons die wêreld liefhet.

Preek 2: Teks: Matteus 20:17-19: Tema: Derde dag mense!

Segment A

Ons praat vandag oor derde dag mense. Drie is die mees heiligste en volkome getal in die geskiedenis. Binne die Joodse tradisie is dit die simbool van eenheid, kompleetheid, volmaaktheid en perfeksie. Alles in die wêreld beweeg in drieë: verlede, hede en toekoms. Ook kry ons, gister vandag en môre. Oggend, middag en aand. Jy bestaan uit siel, liggaam en gees. Die hele lewe kom in drieë: goeie dinge, slegte dinge, geluk en ongeluk.

Die volgende kodes kom na vore in segment A.

1. Ons praat vandag oor derde dag mense.
2. Drie is die mees heiligste en volkome getal in die geskiedenis.
3. Binne die Joodse tradisie is dit die simbool van eenheid, kompleetheid, volmaaktheid en perfeksie.
4. Alles in die wêreld beweeg in drieë: verlede, hede en toekoms.
5. Ook kry ons, gister, vandag en môre.
6. Oggend, middag en aand.
7. Jy bestaan uit siel, liggaam en gees.
8. Die hele lewe kom in drieë: goeie dinge, slegte dinge, geluk en ongeluk.

Segment B

Die hele Bybel is ook vol drieë. God skep lewe op die derde dag. Noag het drie seuns gehad. Moses moet drie maande weggesteek word. God verskyn aan Moses op die berg na drie dae. Bileam slaan die donkie drie keer. Dawid het drie dappermanne gehad wat hul lewens in gevaar gestel het om vir hom water in Bethlehem te gaan haal. Jona was drie dae in die vis se maag. Daar is drie prominente vroue in Israel se geskiedenis, naamlik Naomi, Orpa en Rut.

Die volgende kodes kom na vore in segment B.

1. Die hele Bybel is ook vol drieë.
2. God skep lewe op die derde dag.
3. Noag het drie seuns gehad.

4. Moses moet drie maande weggesteek word.
5. God verskyn aan Moses op die berg na drie dae.
6. Bileam slaan die donkie drie keer.
7. Dawid het drie dapper manne gehad wat hul lewens in gevaar gestel het om vir hom water in Bethlehem te gaan haal.
8. Jona was drie dae in die vis se maag.
9. Daar is drie prominente vroue in Israel se geskiedenis, naamlik Naomi, Orpa en Rut.

Segment C

Wanneer ons kom by Jesus Christus, dan bring die wyse manne vir Hom drie geskenke. Jesus word drie keer in die woestyn versoek deur die duiwel. Jesus doen op die derde dag sy eerste wonder by 'n bruilof te Kana. Jesus vertel drie gelykenisse in Lukas 15 oor die koninkryk, naamlik die gelykenis van die verlore penning, skaap en seun. Drie keer kry Jesus die dissipels aan die slaap, terwyl hulle vir Hom moes waak. Daar is altesaam drie kruise op Golgota en Jesus sterf op die derde uur, waarna daar vir drie ure duisternis is. Die opskrif dat Jesus die koning van die Jode is, word in drie tale geskryf. En Jesus staan op die derde dag op uit die dood.

Die volgende kodes kom na vore in segment C.

1. Wanneer ons kom by Jesus Christus, dan bring die wyse manne vir Hom drie geskenke.
2. Jesus word drie keer in die woestyn versoek deur die duiwel.
3. Jesus doen op die derde dag sy eerste wonder by 'n bruilof te Kana.
4. Jesus vertel drie gelykenisse in Lukas 15 oor die koninkryk, naamlik die gelykenis van die verlore penning, skaap en seun.
5. Drie keer kry Jesus die dissipels aan die slaap, terwyl hulle vir Hom moes waak.
6. Daar is altesaam drie kruise op Golgota en Jesus sterf op die derde uur, waarna daar vir drie ure duisternis is.

7. Die opskrif dat Jesus die koning van die Jode is, word in drie tale geskryf.
8. En Jesus staan op die derde dag op uit die dood.

Segment D

Sielkundiges het bevind dat daar 11 woorde is wat mense gereeld op hul sterfbed sê: *"Dankie. Ek is jammer. Sal jou mis. Ek het jou lief."* Van hierdie 11 woorde is daar drie woorde waarna ons smag om te hoor, en dit is die woorde: Ek lief jou. Ons wil hoor dat ons geliefd is, en dat iemand my sal mis.

Die volgende kodes kom na vore in segment D.

1. Sielkundiges het bevind dat daar 11 woorde is wat mense gereeld op hul sterfbed sê: *"Dankie. Ek is jammer. Sal jou mis. Ek het jou lief."*
2. Van hierdie 11 woorde is daar drie woorde waarna ons smag om te hoor, en dit is die woorde: Ek lief jou.
3. Ons wil hoor dat ons geliefd is, en dat iemand my sal mis.

Segment E

Maar terselfdertyd is daar ook drie woorde wat ons die meeste vrees: Ek wil skei. Dit is verby. Los my uit. Ek haat jou. Jy is skuldig . Jy het gedruip. Jy het kanker. Ek gebruik dwelms, en hy is dood. Ja elke mens leef sy lewe in een van drie dae, en hierdie drie dae kan vergelyk word met Paasfees, wat soos volg beskryf kan word.

Die volgende kodes kom na vore in segment E.

1. Maar terselfdertyd is daar ook drie woorde wat ons die meeste vrees: Ek wil skei.
2. Dit is verby.
3. Los my uit.
4. Ek haat jou.
5. Jy is skuldig.
6. Jy het gedruip.
7. Jy het kanker.
8. Ek gebruik dwelms, en hy is dood.

9. Ja elke mense leef sy lewe in een van drie dae, en hierdie drie dae kan vergelyk word met Paasfees, wat soos volg beskryf kan word.

Segment F

Die eerste dag, Vrydag, die dag waarop Jesus aan die kruis gesterf het, is die dag van slegte dinge, verliese, dood, teleurstelling, skokke en pyn. Die eerste dag is die dag van die hartaanval, die afdanking, die hofsaak, die depressie, en die kanker. Die eerste dag se gesprekke, is gewoonlik die volgende drie woorde: Dis nie regverdig. God straf my. Dis sy skuld. Ek is sleg. Ek kan nie. Alles is verkeerd. Hoekom altyd ek?

Die volgende kodes kom na vore in segment F.

1. Die eerste dag, Vrydag, die dag waarop Jesus aan die kruis gesterf het, is die dag van slegte dinge, verliese, dood, teleurstelling, skokke en pyn.
2. Die eerste dag is die dag van die hartaanval, die afdanking, die hofsaak, die depressie en die kanker.
3. Die eerste dag se gesprekke, is gewoonlik die volgende drie woorde: Dis nie regverdig.
4. God straf my.
5. Dis sy skuld.
6. Ek is sleg.
7. Ek kan nie.
8. Alles is verkeerd.
9. Hoekom altyd ek?

Segment G

Die tweede dag, Saterdag, die dag waar Jesus diep in die aarde ingaan en dit donker op aarde is, is jou emosies gewoonlik donker. Dit is 'n donker dag van negatiwiteit, moedeloosheid, pessimisme en sarkasme. Dit is die dag waar jy ander blameer. Dit is die dokter, die onderwyser, die dominee, die regering ensovoorts se skuld. Dit is die dag waar jy jou die slegste voorstel en verbeel.

Die tweede dag se gesprekke bevat die volgende drie woorde: Ek is moedeloos. Ek is negatief. Dis my skuld. God is weg. Almal haat my. Ek is verlore.

Die volgende kodes kom na vore in segment G.

1. Die tweede dag, Saterdag, die dag waar Jesus diep in die aarde ingaan en dit donker op aarde is, is jou emosies gewoonlik donker.
2. Dit is 'n donker dag van negatiwiteit, moedeloosheid, pessimisme en sarkasme.
3. Dit is die dag waar jy ander blameer.
4. Dit is die dokter, die onderwyser, die dominee, die regering ensovoorts se skuld.
5. Dit is die dag waar jy jou die slegste voorstel en verbeel.
6. Die tweede dag se gesprekke bevat die volgende drie woorde: Ek is moedeloos.
7. Ek is negatief.
8. Dis my skuld.
9. God is weg.
10. Almal haat my.
11. Ek is verlore.

Segment H

Die derde dag, Sondag, die dag wanneer die lig die donkerte wegskuif en Jesus uit die dood opstaan, is die dag van hoop, geloof en dat dinge sal verander. Derde dag mense glo aan verandering op grond van hul geloof en hulle hoop in God. Derde dag mense se woorde bevat die volgende drie woorde: Ek het hoop. Dinge gaan verander. Ek sien kans. Ek is positief. God sal help.

Die volgende kodes kom na vore in segment H.

1. Die derde dag, Sondag, die dag wanneer die lig die donkerte wegskuif en Jesus uit die dood opstaan, is die dag van hoop, geloof en dat dinge sal verander.

2. Derde dag mense glo aan verandering op grond van hul geloof en hulle hoop in God.
3. Derde dag mense se woorde bevat die volgende drie woorde: Ek het hoop.
4. Dinge gaan verander.
5. Ek sien kans.
6. Ek is positief.
7. God sal help.

Segment I

Derde dag mense is mense wat lewe met hoop. ʼn Lewende hoop geanker in ʼn lewende persoon Jesus Christus, wat mense en situasies verander. Derde dag mense is mense wat glo dat die huwelik gaan herstel, dat die siekte sal verdwyn, en dat die finansies en skuld sal verbeter.

Die volgende kodes kom na vore in segment I.

1. Derde dag mense is mense wat lewe met hoop.
2. ʼn Lewende hoop geanker in ʼn lewende persoon Jesus Christus, wat mense en situasies verander.
3. Derde dag mense is mense wat glo dat die huwelik gaan herstel, dat die siekte sal verdwyn en dat die finansies en skuld sal verbeter.

Segment J

Kies vandag om ʼn derde dag mens te word wie se lewe, huwelik, kinders, finansies en gesondheid in die lig van die derde dag sal funksioneer. Kies vir ʼn derde dag gesindheid: Ek het hoop. Dinge gaan verander. Ek sien kans. So kan jy lewe in die verwagting: Vandag is die dag wat ek my verslawing gaan oorwin. Vandag gaan ek die kontrak kry. Vandag gaan ek begin om die waarheid te praat. Vandag gaan ek my huweliksmaat ontmoet. Hoekom?, want vandag is die derde dag.

Die volgende kodes kom na vore in segment J.

1. Kies vandag om ʼn derde dag mens te word wie se lewe, huwelik, kinders, finansies en gesondheid in die lig van die derde dag sal funksioneer.

2. Kies vir 'n derde dag gesindheid: Ek het hoop.
3. Dinge gaan verander.
4. Ek sien kans.
5. So kan jy lewe in die verwagting: Vandag is die dag wat ek my verslawing gaan oorwin.
6. Vandag gaan ek die kontrak kry.
7. Vandag gaan ek begin om die waarheid te praat.
8. Vandag gaan ek my huweliksmaat ontmoet.
9. Hoekom?, want vandag is die derde dag.

Formulering van gedagte-eenhede (wat sê die prediker nou eintlik?). Uit die kodes het die volgende na vore gekom: Die prediker se boodskap handel oor derde dag mense. Eers gee die prediker voorbeelde uit die alledaagse lewe hoe die getal drie in ons lewe funksioneer. Dan gee hy voorbeelde uit die Bybel hoe die getal na vore kom. Die prediker gee ook voorbeelde uit die lewe van Jesus Christus hoe die getal drie in sy lewe funksioneer. Die prediker kom tot die slotsom, dat elke mens sy lewe bevind in een van drie dae. Dan vergelyk die prediker die mens se lewe in een van hierdie drie dae met die kruis en opstanding van Jesus Christus (Paasfees). Die eerste dag, Vrydag, die dag waarop Jesus aan die kruis gesterf het, is die dag van slegte dinge, verliese, skokke en die dood. Die tweede dag, Saterdag, die dag waar Jesus diep in die aarde ingaan, is die dag van moedeloosheid, pessimisme en sarkasme. Die dag wanneer jy ander blameer. Die derde dag, Sondag, is egter die dag wanneer Jesus uit die dood opstaan en dinge verander. Derde dag mense is mense wat lewe in die hoop van die derde dag, want dit is geanker in 'n lewende persoon Jesus Christus. Daarom kom die oproep om 'n derde dag mens te word. So kan jy lewe in die verwagting: Vandag is die dag. Hoekom?, want vandag is die derde dag.

## 5.5. Kategorieë

Die volgende 21 kategorieë (temas) het vanuit die ontleding van die preke na die oppervlak gekom. Die temas word in kategorieë gelys volgens die gedagte-eenhede wat die meeste en die wat die minste voorgekom het.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Individualisme | 357 |
| 2 | Die emosionele wat gaan oor ervaring en belewing | 149 |
| 3 | Menseverhoudinge | 67 |
| 4 | Blyke van grondige eksegese | 35 |
| 5 | Heiligheid (hoe ons behoort te lewe) | 32 |
| 6 | Aanhaling en verwysing na Skrifgedeeltes | 29 |
| 7 | Omstandighede in ons land | 20 |
| 8 | Die liefde van die Here | 19 |
| 9 | Troos in preke | 18 |
| 10 | Kerk | 17 |
| 11 | Toe –einde van preek afsluiting | 17 |
| 12 | Waar in die begin gesê waaroor gepreek word | 11 |
| 13 | Belydenis oor Jesus Christus | 8 |
| 14 | Teenwoordigheid van die Here | 6 |
| 15 | Die wet van die Here | 6 |
| 16 | Gehoorsaamheid | 5 |
| 17 | Die duiwel | 4 |
| 18 | Verbond | 3 |
| 19 | Die wil van die Here | 2 |
| 20 | Afhanklikheid aan die Here | 2 |
| 21 | Sonde | 1 |

## 5.6. Verbande

Die volgende verbande sou tussen sekere kategorieë gelê kon word:

Kategorieë 1-3 vertoon ŉ baie sterk individualistiese en emosionele gerigtheid.

Kategorieë 4 en 6 toon verband, omdat dit hier oor die Skrif gaan.

Kategorieë 5, 15-16 en 19-21 toon verband, omdat dit hier gaan oor hoe ons behoort te lewe, nie te lewe nie (sonde), gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Here.

Kategorieë 7-9 en 18 toon verband, omdat dit hier gaan oor die omstandighede in ons land, die troos wat ons nodig het en die liefde van die Here wat beklemtoon word in die verbond van die Here.

Kategorieë 10, 13 toon verband, omdat dit hier oor die belydenis van Jesus Christus as Hoof van die kerk gaan.

Kategorieë 11-12 hou verband, omdat dit hier oor die inleiding en slot van die preek gaan.

## 5.7. Gevolgtrekking

- Dit is duidelik dat die emosionele (ervaring en belewing) tans te veel klem in die prediking kry, terwyl Skrifverklaring onderbeklemtoon word.
- Die hart (emosionele) het vier keer meer aandag gekry as die kop (Skrifverklaring). 149 teenoor 35.
- Dit moet vermeld word, dat hierdie sterk emosionele element natuurlik ʼn kenmerk van die meer evangelies gereformeerde tradisie is.
- Dit is duidelik dat die twee (hart en kop) tans nie in die prediking van die NG Kerk, in balans is nie.
- Dit is duidelik dat daar ʼn geweldige individualistiese element in die prediking van die NG Kerk is. ʼn Ongelooflike 357 keer het dit na vore gekom. Net by een van die 18 preke was daar nie ʼn sterk individualistiese element teenwoordig nie, naamlik by preek 2 van die sinode van Kwazulu-Natal. Die grootste voorkoms van die individualistiese element in die prediking, was by die sinode van die Noorde gewees. Daar het dit ʼn ongelooflike 67 keer voorgekom in die twee preke wat ontleed is.

- Dit moet vermeld word, dat hierdie sterk individualistiese element in die prediking tans nog ŉ kenmerk van die meer evangelies gereformeerde tradisie is, veral binne die huidige tydsgees.
- ŉ Verdere bevinding van die ondersoek is dat die omstandighede in ons land, of verwysing daarna, net by 6 van die 18 preke na vore gekom het.
- ŉ Verdere bevinding is dat in 11 van die 18 preke daar reeds aan die begin gesê word waaroor gepreek gaan word. Dit is deel van die deduktiewe manier van prediking wat in ŉ moderne konteks goed gewerk het, maar ons leef nou in ŉ postmoderne konteks. Die nadeel van hierdie wyse van prediking is dat die hoofgedagte sommer aan die begin van die preek gegee word, voordat dit in die preek ontwikkel word. ŉ Verdere nadeel om die hooftema aan die begin te gee, is dat die hoorder totaal passief is, wat glad nie goed is in ŉ postmoderne konteks nie, want die hoorder soek gesprek en deelname.
- Nog ŉ punt is dat in 17 van die preke wat ontleed is, ŉ toe- einde gehad het. Met ander woorde, die hoorder het glad nie die geleentheid gekry om die preek vir haarself/homself te interpreteer nie. So ŉ wyse van kommunikasie sluit die postmoderne hoorder uit. Craddock (1981:65) som dit soos volg op: *"Nothing is more disgusting than some religious art that is so exhaustively complete, so overwhelmingly obvious, that the viewer has no room to respond."* Net een preek, preek 1 van die sinode van die Noorde het nie ŉ toe-einde gehad nie.
- Laastens, maar nie die minste nie - wat uit die ontleding van die 18 preke na vore gekom het - is die min kere dat belydenis van Jesus Christus in die preke voorgekom het. Dit het net 8 keer voorgekom. Slegs in 3 van die 18 preke (17%) het daar ŉ belydenis van Jesus Christus voorgekom, en in 15 preke glad nie. Dit behoort ŉ groot bekommernis te wees, want belydenis oor Jesus Christus kondig juis aan wat die kerk (NG Kerk) oor Jesus Christus glo. Die verband en balans tussen geloof as kennis en

geloof as ervaring lê juis in Christusverwantskap, ŉ belydenis oor Jesus Christus wat die kop en hart met mekaar verbind en die gelowige tot aktiewe deelname, vertroue, gehoorsaamheid, hoop en dankbaarheid aan die gemeenskap van gelowiges verbind.

ŉ Mens sou kon konkludeer dat die min voorkoms van belydenisse oor Jesus Christus in die prediking volgens ons teologiese verstaan juis bydra tot die identiteitskrisis waarin die NG Kerk huidiglik verkeer.

## 6. SAMEVATTING

Uit bogenoemde data wat uit die ontleding van die 18 preke na vore gekom het, word daar in hoofstuk vyf van die proefskrif gepoog om ŉ praktykteorie te formuleer en voorstel hoe die NG Kerk tans in hierdie postmoderne klimaat sy prediking op die beste moontlike manier kan inrig.

# HOOFSTUK VYF

# ŉ PRAKTYKTEORIE VIR ŉ VERBETERDE PREEKPRAKTYK

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk moet ŉ praktykteorie ontwikkel word wat voortvloei uit die teorie (hoofstuk vier) en die bevindinge van die empiriese ondersoek na preke wat gedoen is in die res van hoofstuk vier van die proefskrif. Daar is ŉ bipolêre spanning tussen teorie en praktyk wat beteken dat dit heen en weer in ŉ kritiese interaksie met mekaar in verhouding staan. Dit beteken dat die teorie krities na die praktyk kyk, en praktyk krities op die teorie inspeel. Uit hierdie kritiese interaksie kan dan ŉ praktykteorie vir die huidige konteks formuleer word (vgl. Zerfass 1974:164-177; Heyns en Pieterse 1990). Uit die kritiese interaksie kom die volgende sake na vore.

## 2. TEORIE NA PRAKTYK

Die volgende leemtes word deur die teorie geïdentifiseer in die praktyk:

### 2.1. Individualisme

Die preek vind altyd plaas in ŉ geloofsgemeenskap en daarom is die hoë voorkoms van individualisme in die prediking nie gesond nie (357 keer). Dit is so dat die preek die enkeling aanspreek, maar dan altyd in verband met die groep (geloofsgemeenskap). Regdeur die Nuwe Testament word die geloofsgemeenskap dan ook as ŉ groep voorgestel, soos byvoorbeeld as liggaam (Efesiërs 1:22-23), huisgesin (Efesiërs 2:19), en as kudde (Hebreërs 13:20). Die gevaar van die individualisme is dat dit hierdie unieke verhouding van die geloofsgemeenskap totaal opbreek, en dan word die stryd om selfhandhawing en

prestasie vir die mens net te veel. Die versugting is dan om êrens in die geloofsgemeenskap net ŉ veilige hawe te vind waarin mense kan oorgee aan God en hul medegelowiges waar mense nie teen mekaar hoef te kompeteer nie, maar vir mekaar kan omgee. Daarom dan ook die hoë voorkoms van menseverhoudinge in die preke wat ontleed is (67 keer). In die lig hiervan is die groot klem in die prediking op individualisme ŉ teenstrydigheid in die preke.

Die gevaar van individualisme bring ook onbetrokkenheid na vore, want die fokus het nou van die *ons* na die *ek* toe verskuif. As iets dus nie vir my is nie en nie in my smaak val nie, gaan ek nie betrokke wees nie. Individualisme lei dus tot die fragmentasie van die Christelike lewe waar Kerke verskillende dienste en programme moet aanbied om in die enkeling se smaak te voldoen.

Veel meer sal in die prediking gedoen moet word (binne die breë bediening) om gesonde, sterk geloofsgemeenskappe in die kerk te vorm.

## 2.2. Gebrek aan lering in die preke

Die emosionaliteit (ervaring en belewing) wat baie sterker as die rede beklemtoon word, wys dat daar tans nie genoeg eksegese (Skrifverklaring) in die prediking van die NG Kerk plaasvind nie (35 keer). Die teorie wys dat die gebrek aan behoorlike eksegese tot die volgende probleme in die praktyk aanleiding gee (vgl. hoofstuk 4.3. geloof as kennis).

- Eerstens, dat mense vandag sukkel om God reg te ken. Ons leer God in die Skrif ken en dit gee vir ons belangrike kennis oor wie en wat God regtig is.
- Tweedens lei ŉ gebrek aan eksegese daartoe dat mense, en ook predikante, vandag nie meer die Bybel ken nie. Verbonsonderrig waar ouers hul kinders moet vertel en leer oor die belangrikheid van Bybelverhale en Bybelgeskiedenis kan dan ook nie meer plaasvind nie. Ouers kan ook nie meer vir hul kinders ŉ voorbeeld wees in die uitlewing van die geloof nie, omdat hulle self nie meer die Bybel ken nie.

- Derdens veroorsaak 'n gebrek aan eksegese en Skrifkennis, dat ons ook nie meer met God kan praat (bid) soos ons wil doen nie. Is dit dalk een van die redes hoekom bidure, wat in die verlede in die NG Kerk so goed bygewoon is, vandag so sukkel om mense bymekaar te kry om te bid?
- Vierdens veroorsaak 'n gebrek aan eksegese en Skrifkennis dat 'n belydenis oor Jesus Christus in die prediking nie juis voorkom nie (8 keer). Gebrek aan goeie eksegese is juis die rede hoekom daar so min belydenisse oor Jesus Christus in die ontleding van die preke na vore gekom het. Skrifkennis en behoorlike eksegese van 'n Bybelgedeelte veroorsaak tog dat die prediker belydenis-prediking kan preek en hoorders 'n belydenis kan maak oor Jesus Christus, wat lei tot versterking van die geloofsgemeenskap.
- Vyfdens veroorsaak 'n gebrek aan eksegese en Skrifverklaring dat gelowiges nie meer die belydenisskrifte van die NG Kerk ken nie. Belydenisskrifte gee juis 'n samevatting van die essensiële inhoud van die Christelike geloof, en die huidige gebrek aan eksegese en Skrifverklaring in die prediking wil juis kom wys waarom gelowiges nie meer die belydenisskrifte ken nie.
- Laastens veroorsaak 'n gebrek aan eksegese en Skrifverklaring dat die prediking nie aktueel is nie, soos dit ook juis na vore gekom het in die min aktualiteit wat na vore gekom het in die ontleding van die 18 preke (20 keer). Prediking waar die Bybelteks verklaar en uitgelê word is nie net dorre leerredes en slegs kognitief nie, maar is 'n uitleg van die Skrif op so 'n wyse dat die Bybelse boodskap verstaan word in konteks met sy implikasies vir die lewe van die gelowige.

In die lig van die vermindering van geletterdheid in die Bybel en die groeiende gebrek aan kennis van die Bybel, wys die teorie uit dat die praktyk

onderrigtende prediking verwaarloos het, en meer klem sal op onderrigtende prediking gelê moet word.

## 2.3. Gebrek aan prediking as belydenis van Jesus Christus

Soos ons gesien het by punt 2.2, is die gebrek aan behoorlike eksegese in preke juis verantwoordelik vir die min belydenis-prediking oor Jesus Christus (slegs 8 keer). Die teorie wys verder dat die min voorkoms hiervan in die preke, die volgende gevare vir die preekpraktyk inhou:

- Belydenis oor Jesus Christus verwoord wat die kerk (gelowiges) glo en bely oor Jesus Christus. Belydenis oor Jesus Christus kondig dus aan wat die kerk glo en bely oor Jesus Christus. 'n Gebrek aan belydenis oor Jesus Christus dan daartoe lei dat die wêreld nie meer weet wat die kerk oor Jesus Christus nie glo en bely nie. Die kerk se sendingtaak aan die hand van Jesus Christus se groot opdrag in Matteus 28:19-20, sal al hoe meer verwaarloos word.
- Belydenis oor Jesus Christus verskaf aan die kerk sy identiteit. Belydenis oor Jesus Christus help die kerk om ons te herinner wie ons is en deur wie ons bestaan. 'n Gebrek aan belydenis oor Jesus Christus veroorsaak dat die kerk sy identiteit verloor, dat die kerk verval in vergeetagtigheid, omdat ons nie meer weet wat ons identiteit is nie.
- Belydenis oor Jesus Christus toon dat die kerk aanvaar dat die Bybel God se Woord dra. Jesus Christus is immers die vleesgeworde Woord wat God se onvoorwaardelike liefde aan die kruis kom wys het. Belydenis oor Jesus Christus toon juis die intieme verhouding wat die kerk met God se Woord het en nog steeds begeer. Die teorie leer ons dat 'n gebrek aan belydenis oor Jesus Christus sal lei tot die verskraling van die belangrikheid van God se Woord in mense se lewens en in die kerk vandag.

Indien die voorstel van Lose (2003) oor prediking as belydenis van Jesus Christus in ŉ postmoderne tydsgees ernstig opgeneem word, kan die probleme in die prediking van die NG Kerk soos uit hierdie ondersoek blyk meer doeltreffend aangespreek word.

## 3. INSIGTE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK WAT KRITIES TEENOOR DIE TEORIE IS

Die volgende leemtes word deur die praktyk geïdentifiseer in die teorie van prediking soos in hoofstuk vier beskryf is:

### 3.1. Ervaring

Die groot klem wat tans op ervaring en belewing in die prediking van die NG Kerk gelê word (149 keer) is juis omdat die meer ortodoks gereformeerde (geloof as kennis) stroom sedert die 1950's meer beklemtoon is as die meer evangelies gereformeerde (ervaring, en belewing) stroom in die prediking van die NG Kerk, en daarom staan ervaring en belewing tans weer so sterk in die prediking. Hierdie sterk klem wat tans op ervaring en belewing in die prediking van die NG Kerk is, kan teruggevoer word na die piëtisme. Die piëtisme was ŉ reaksie teen die ortodoksie (vanaf die 17 de eeuse reformasie tot en met die 18de eeuse *Aufklärung*) waarin die klem meer geval het op die geloof as kennis (verstand). Die Nederlandse Piëtisme was in die prediking van die NG Kerk werksaam gewees tot diep in die negentiende eeu, en hierdie invloed het onstaan as ŉ reaksie op die formaliteit, rasionalisme en verwêreldliking wat ingetree het in die NG Kerk, en het die klem laat val op die gevoel, die innerlike geestestoestand van die gelowige en ŉ mistieke belewing van die geloof. Die praktyk wys die wanbalans uit wat onstaan as die een stroom meer klem kry.

Hieruit blyk dit weer eens dat ʼn mens beide geloof as kennis (verstand) en geloof as ervaring (gevoel en belewing) in ʼn dialektiese spanning in die prediking moet hanteer en nie van mekaar geskei kan word nie.

## 3.2. Preekinleiding

Die praktyk toon dat preekinleidings aandag nodig het om werklik aanklank te vind by die postmoderne gehoor in die kerk (vgl. kategorie 12). Die preekinleiding moet werklik van so ʼn hoë gehalte wees, sodat dit die hoorders op die punte van hul stoele sal hou om verder na die boodskap te luister. Die vraag is dus: Waarom is die predikers wie se preke ondersoek is nie bewus in hul preekpraktyk van die nuutste homiletiese insigte nie? Die predikers wie se preke ondersoek is ken beslis nie eietydse werke in die homiletiek nie. Aandag sal in die program van die VBO (voortgesette bedieningsonderrig) gegee moet word.

## 3.3. Toe-einde van preekafsluiting

Die praktyk toon laastens aan dat predikers ook nie regtig weet hoe om hul boodskappe sinvol en treffend af te sluit nie. Soos met die preekinleiding, is die preekafsluiting net so belangrik om hoorders met iets weg te stuur waaraan hulle vir ʼn week lank kan herkou. Sewentien van die agtien preke wat ontleed is, het ʼn toe-einde gehad. Met ander woorde, die hoorders het nie die geleentheid gehad om die boodskap vir hulleself te interpreteer nie, omdat die boodskap vir hulle reeds voltooi is. Daar is dus klaar gepraat oor die tema. Daar sal beslis in die teorie en praktyk van die opleiding en die voortgesette opleiding nagedink moet word hoe om predikers te help dat die preek ʼn oop einde in plaas van ʼn geslote afsluiting het.

# 4. PREEKMODEL

Die model wat ek vir prediking tans in die NG Kerk voorstel, is belydenisgerigte prediking waar 'n belydenis van Jesus Christus as grondslag in die preek deurkom. 'n Belydenis van Jesus Christus in die prediking is nie maar net om sy Naam te noem of te verwys na sy Naam nie. 'n Belydenis is byvoorbeeld dat Jesus Here is in hierdie spesifieke konteks. Binne hierdie model is dit moontlik om geloof as kennis en geloof as ervaring in 'n dialektiese spanning in hul twee-eenheid te verenig.

## 4.1. Kritiek op die model van Lose se belydenisgerigte prediking

Die model van David Lose (2003:145-242) moet aan *kritiek* onderwerp word. Dit is 'n voorstel wat slegs vir die prediking van Nuwe Testamentiese tekste geld. Daarom is die beperking van die praktykteorie, wat hier aangebied word, dat sy reikwydte slegs die prediking uit tekste van die Nuwe Testament raak. In die lig van die situasie tans in die preekpraktyk van die NG Kerk, is ek egter van mening dat, ten spyte van die beperking van hierdie model, dit behulpsaam is om ten opsigte van die basis, die teneur van die preek, 'n balans kan bring in die eensydighede van die huidige prediking. (Vir 'n riglyn oor Christelike prediking van tekste uit die Ou Testament, sien Vos 2005:299-304). Dit lê nie op die pad van hierdie studie om daarop in te gaan nie. Daarom word die beperktheid van hierdie model krities erken.


'n Verdere punt van kritiek is dat Lose in die proses van preekvoorbereiding van die geloofsgemeenskap na die teks en terug na die preek in die gemeente nie 'n hermeneutiese aanpak uitspel nie (Lose 2003:191). Hy werk eintlik slegs met retoriese insigte. Dit is uiters belangrik vir hierdie model. Vir die interpretasieprosesse in die beweging van teks na preek word aangesluit by die toepassing van die hermeneutiek vir die homiletiek soos Vos (2008:111-120) die hermeneutiek van suspisie by Ricoeur uitspel; die belang van die verstaan van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die tradisie en die ontmoeting van die verstaanshorisonne by Gadamer soos Steyn (2008:143-177) en Pieterse (2001:79-83) dit interpreteer.

Met hierdie kritiek as voorwaardes vir die gebruik van hierdie model is die ondersoeker van mening dat hierdie model die probleem wat in hierdie proefskrif ondersoek is, tog in ons prediking kan hanteer.

## 4.2. Voorstelling van die preekmodel van Lose vir belydenisgerigte prediking en soos dit in fases verloop




Die interpretasie in hierdie model behoort soos volg te verloop. By die blokkie regs bo in die model (Gemeenskap van gelowiges) sal die hermeneutiek van suspisie selfkrities moet inspeel op die prediker en op sy gemeente se idees en opvatting soos Vos (2008) dit in Ricoeur se hermeneutiek aangetoon het. Eers dan kan 'n mens met 'n oop gemoed die teks met die gemeente se situasie benader. Tydens die eksegese sal die insigte van Gadamer in 'n dialoog van vraag en antwoord in die verstaan van die wetenskaplike eksegetiese materiaal 'n rol speel. Ook die rol van die tradisie en die historiese gebondenheid van prediker en teks speel hier 'n rol (vgl. Steyn 2008: 150-175). By die beweging van die teks na die preek sal die kritiese oordeel van die boodskap van die teks na die gemeente van kritiese belang wees (vgl. Steyn 2008:170). Die teks kom krities in op die gemeente se verstaan, maar bied ook 'n uitnodiging om Jesus

Christus op 'n *nuwe manier* in hul konteks te bely. Naas die beskrywing van die hermeneutiese proses hierbo, word die fases van die proses kortliks volgens die model beskryf.

Die eerste fase is waar die prediker na die Bybelse teks toe kom. Die teks word benader met ons eie belydenisse wat gevorm is deur:

- Pastorale omstandighede (dinge soos siekte; hartseer; vreugdes en dood).
- Teologiese agtergrond. Die teologiese agtergrond is belangrik, want dit verbind die prediker aan die tradisie van hoe daardie Kerk se predikers die teks sal interpreteer, watter tipe belydenisse hulle in die teks sal identifiseer.
- Vorige ervaring wat ons met die teks gehad het toe daaroor gepreek is.
- Laastens, die rol wat die betrokke Bybelteks al in die liturgie gespeel het (byvoorbeeld doop; nagmaal; hervormingsondag ens.) (Joubert 2005:33-34)

Hierdie vier bronne (pastoraal; teologies; persoonlik en liturgies) help predikers om in 'n gesprek met die Bybelteks te kan tree, en dat ons verwagtinge deur die Bybelteks aangespreek kan word (Joubert 2005:34).

Die tweede fase behels dat die prediker na die belydenis wat die spesifieke Bybelteks maak luister. Dit behels die lees en weer lees van die betrokke Bybelteks.

Die derde fase behels die eksegetiese interpretasie van die Bybelteks. Vir die prediker in sy eksegetiese omgang met die teks, is die volgende vrae nuttig:

- Waarvan probeer die teks die leser van oortuig?
- Wat probeer die teks sê oor die mens en oor God?
- Wat is die argument en die opbou in die teks om my van die belydenis te oortuig?

- Wat weet ek van die teks se historiese agtergrond, wat my kan help om die uitsprake wat die teks maak, te verstaan?
- Wat vra die teks van my om te glo, te bely, en te doen?
- Aanvaar ek dit wat die teks van my vra, sodat ek dit vir ander kan sê om hulle op te roep om dit te gaan uitleef? (Joubert 2005:31-32).

Dit is belangrik om daarop te wys dat, gedurende die prediker se eksegetiese soektog na die belydenis in die teks, ŉ mens waaksaam is vir die lewendige ontmoeting wat die Bybelteks met die prediker wil hê. Met dit in gedagte, is dit verder belangrik om daarop te wys dat die Bybelteks nie *"dood"* is nie. Dit soek bevestiging, oordeel, en goedkeuring oor die belydenis wat dit maak oor die wêreld waarin ons leef, ons situasie, en baie belangrik oor die Here (Joubert 2005:31). Die interpretasie van subjek tot subjek geskied in hierdie dialoog omgeef deur die werk van die Heilige Gees.

Die vierde fase behels hoe om dit wat die teks bely, vir die gemeente te sê sodat die gemeente (geloofsgemeenskap) in die ontmoeting met die Woord en Heilige Gees dit sal aanvaar, gehoorsaam en uitleef. In die verwoording van die preek is die volgende retoriese strategieë belangrik

- **Retoriek van belydenis.** Ons sit hier met ŉ spanning. God se Woord aan ons, maar ons interpreteer en verwoord dit in mensetaal. Aan die een kant het ons dus die menslike en aan die ander kant die Goddelike kant. Predikers wat baie klem lê op retoriek (menslike element van redenering) neem wel hulle hoorders baie ernstig op, maar laat aan die ander kant min ruimte vir die Goddelike kant. Daarom val die hele gewig op hoe goed die prediker die boodskap kan bring. Op die ou einde sal daar aandag gegee word aan albei sake in die prediking, sodat die een nie verwaarloos of oorbeklemtoon word nie (Joubert 2005:37-38).

- **Die omgekeerde retoriek van kruis en opstanding.** Dit gaan hier om ŉ *self-uitwissing* van die eie ek van die prediker en hoorder. Hierdie self-uitwissing van die eie ek word vervang met die *Logos* (Woord) van die gekruisigde Jesus. Die kruis van Jesus daag alle mense uit om te besef dat hulle sondaars is, maar die opstanding van Jesus bring die nuwe lewe na vore. Die kruis en opstanding van Jesus veroorsaak dus dat twee wêrelde mekaar ontmoet, die oue van die vlees en die nuwe moontlik gemaak deur die opstanding van Jesus Christus (Joubert 2005:38-40).
- **'n Uitnodigende retoriek.** Die retoriek van uitnodiging kom daarop neer dat die prediker moeite maak met die opinies en oortuigings van die hoorders, en dit selfs ernstig opneem al verskil dit van die prediker s'n. Die retoriek van uitnodiging kom daarop neer dat die prediker sy insigte aanbied en die hoorders uitnooi, eerder as om dit op die hoorders af te dwing en te sê: "Julle moet dit doen." Verder kom die retoriek van uitnodiging daarop neer om tydens die erediens ŉ atmosfeer te skep van veiligheid, waarde en vryheid (Joubert 2005:40-41).
- **Retoriek van Kenosis (leegmaak).** Predikers moet ook bereid wees om hulle net soos by die omgekeerde retoriek van kruis en opstanding leeg te maak van die eie ek. Retoriek van belydenis kom verder daarop neer dat die predikers ook bereid moet wees om die belydenis wat hulle uit die teks kry baie eenvoudig oor te dra (Joubert 2005:42-43).
- **Die beweging in die preek.** ŉ Preek moet in opeenvolgende bewegings plaasvind wat die hoorder betrokke sal hou soos die bedrywe in ŉ toneelstuk op mekaar volg. Dit is die *"moves"* in die vorm van die preek. Die beweging kom ook daarop neer om die nodige plek aan te wys om die belydenis wat die teks maak oor Jesus Christus, te bely in die boodskap (Joubert 2005:43-46).
- **Die taal van die belydenis.** Die taal van die belydenis wat die teks maak oor Jesus Christus moet die volgende vyf kenmerke dra. Dit moet

*beslissend* wees. Dit moet *dringend* wees. Dit moet *verhoudend* wees. Dit moet *metafories* wees (vgl. Vos 2005). Die taal van die belydenis moet laastens *kwesbaar* wees. Die taal is kwesbaar omdat dit daarmee te kenne wil gee dat ons dit wat bely is, nie kan bewys nie. Dit impliseer nie dat ons twyfel, of dit wat ons bely waar is nie. Dit wil egter sê dat ons nie in die versoeking verval om die geldigheid van die belydenis te probeer bewys nie (Joubert 2005:46-48). In vandag se konteks leef gelowiges weer van die geloof alleen.

## 5. DIE VOORDEEL VAN BELYDENISGERIGTE PREDIKING

Belydenisgerigte prediking in die NG Kerk bring die volgende voordele:

- Belydenisgerigte prediking in die NG Kerk veroorsaak dat die twee strome, naamlik die meer ortodoks gereformeerde stroom (kop) en die meer evangelies stroom (hart), in balans sal wees. Geloof as kennis kom tot volle verwesenliking in Jesus Christus, en dieselfde beginsel geld vir geloof as ervaring wat sy krag in Jesus Christus vind.
- Belydenisgerigte prediking veroorsaak juis dat behoorlike eksegese plaasvind, omdat ŉ belydenis van Jesus Christus in die teks nie sonder behoorlike eksegese opgespoor kan word nie. En saam met die kennis wat deur die eksegese opgedoen word, gaan ook die ervaring van die kennis. Kennis oor die belydenis van Jesus Christus.
- Belydenisgerigte prediking gaan oor die belydenis van Jesus Christus. Dit gaan dus om ŉ verhouding, en omdat dit oor ŉ verhouding gaan, betrek dit die hele mens (kop en emosies).
- Omdat belydenisgerigte prediking oor ŉ verhouding gaan, ŉ verhouding tussen ons en die Here en ons en ons naaste, verbind tot ons tot gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan God en ons naaste volgens die wil van die Here.

- Belydenisgerigte prediking, omdat dit uitkom by gehoorsaamheid aan die wil van die Here, lei die tipe prediking tot dankbaarheid. Dankbaarheid teenoor die Here Jesus Christus en sy heil wat ook 'n *etiese* opdrag vir ons gee.
- Belydenisgerigte prediking sal die NG Kerk help met die identiteitskrisis waarin die kerk haar tans bevind, omdat belydenisgerigte prediking juis die inhoud van die kerk se verstaan van Jesus Christus verskaf.
- Laastens, verskaf belydenisgerigte prediking die beste moontlike manier om ons Christelike geloof in die postmoderne tydsgees te verwoord. Die belangrikheid van die postmoderne konteks vir die Christelike geloof, is dat dit om 'n verduideliking van die kern (wese) van ons geloof vra. Daardie verduideliking van ons geloof kan nie meer op objektiewe empiriese, bewysbare formules soos in modernisme rus nie. Die Christelike geloof kan alleen sy geloof verduidelik deur dit te bely. Belydenisgerigte prediking van Jesus Christus gee ons 'n belangrike kans om dit suksesvol te kan doen.

## 6. SAMEVATTING

In hierdie studie is die volgende probleem ondersoek:

Te veel klem word in die prediking gelê op belewing en ervaring van die heil (geloof as ervaring), terwyl die goeie eksegese en Skrifkennis (geloof as kennis) verwaarloos of afgeskeep word.

Die doel van die studie was: Hoe kan die preek as belydenis van Jesus Christus reg laat geskied aan die verkondiging van God se Woord as geloofskennis, die eksistensiële ervaring van daardie kennis, die gehoorsame antwoord van die mens as waar vir my situasie waarin ek lewe, en 'n uitlewing van daardie geloof? Die doel was verder om vas te stel of Lose (2003) se prediking as belydenis van

Jesus Christus in ŉ postmoderne tydsgees in die preke wat analiseer is, voorkom?

Die volgende metode is gevolg om die probleem te ondersoek: Hoofstuk twee: Die identiteitskrisis in die NG Kerk en die gevolge vir die kerk en haar prediking is beskryf. Hoofstuk drie: In hoofstuk drie word ŉ beskrywing gegee van die twee strome in die NG Kerk, soms die groot klem op geloof as ervaring in die prediking en soms weer op geloof as kennis, en hoe dit deel is van die NG Kerk se Gereformeerde erfenis. Hoofstuk vier: Hoofstuk vier is ŉ beskrywing gegee van geloof as kennis en geloof as ervaring, en dit is opgevolg deur die verslag van die empiriese ondersoek van 18 preekanalises van prediking in die NG Kerk. Hoofstuk vyf: In hoofstuk vyf is die interaksie tussen teorie en praktyk beskryf en is Lose (2003) se model vir prediking in ŉ postmoderne konteks wat die dialektiese spanning tussen geloof as kennis en geloof as ervaring in ŉ prediking van ŉ belydenis van Jesus Christus waarin hierdie spanning hanteer kan word na kritiese oorweging voorgestel as die gewensde manier tans vir prediking in die NG Kerk ten opsigte van die probleem van die losmaking van geloof as kennis en geloof as ervaring.

# BIBLIOGRAFIE

Agenda 2007. *Deel I: Dokumentebundel vir die dertiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Birchwood Konferensiesentrum: Boksburg.

Baars, A 2004. *Om Gods verhevenheid en Zijn nabijheid: De Drie-eenheid by Calvijn*. Kampen: Kok.

Bakker, J.T. 1956. *Coram Deo*. Kampen: Kok.

Barnard, A.C. 1981. *Die Erediens*. N.G. Kerkboekhandel: Transvaal Pretoria.

Barnard, A.C. 1994. *In die kragveld van die Woord en Gees*. Etoile: T. Fourie en M. von Malitz.

Barnard, M. 2006. *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging*. Zoetermeer: Meinema.

Basson, L.M. 1990. *'n Kritiese analise van verlossing en spiritualiteit in die prediking van Andrew Murray*. Pretoria: Unisa, MTh Verhandeling.

Berkhof, H. 1964. *The Doctrine of the Holy Spirit*. Richmond.

Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof. Tweede Druk.* Nijkerk: Callenbach.

Berkhouwer, G.C. 1966. *Dogmatische Studiën. De Heilige Schrift I.* Kampen: Kok.

Besluite van die 2007 Algemene Sinode, http://www.lytteltonoos.org.za/algsinode 2007.pdf.

Boesak, A. 1977. *Afscheid van de onschuld. Een sociaal-etische studie over zwarte theologie en zwarte macht.* Kampen: Kok.

Borg, Marcus J. 2006. *Jesus. Uncovering the life, teachings, and the relevance of a religious revolutionary*. New York, NY: Harper San Fransisco.

Botha, P.H. 2005. *The Bible and Homosex. Sexual truths for a modern society*. Khanya Press: (PTY) Ltd.

Bright, J. 1967. *The Auhority of the Old Testament*. Bakser Book House: Grand Rapids, Michigan.

Britz, R.M. 2002. Twee standpunte oor die Skrif….. en 'n dilemma vir die NG Kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 43 (3&4), 354-367.

Calvyn, J. 1956. *Institutie Deel I & Deel II.* Derde druk. Vertaal deur A. Sizoo. Delft: Meinema.

Carson, D.A. 1996. *The gagging of God. Christianity confronts pluralism.* Grand Rapids Mi: Zondervan.

Cilliers, A. 2001. *Wat's die storie met die kerk?* Wellington: Lux Verbi BM.

Cilliers, J. 1999. *In die greep van God*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmatskappy.

Cilliers, J. 2000. *Die genade van gehoorsaamheid*. Lux Verbi:BM.

Claasen, J.W. 1990. *Die Kerklik- Godsdienstige agtergrond en invloed van die eerste Skotse Leraars in Suid-Afrika.* Doctor Divinitasis in die Fakulteit Teologie (Afdeling B). Universiteit van Pretoria.

Conradie, B. 1951. *Andrew Murray Na Honderd Jaar*. Die Christen-StudenteVerenigingsmaatskappy van Suid-Afrika: Stellenbosch.

Conway, M. 1981. *First draft* for meeting of DEA Board: The Evangelical and Ecumenical Concern. Unpublished.

Coppedge, A 1991, in: J.D. Woodbridge & T.E. McComiskey (eds.) *Doing theology in today's world. Essays in honor of Kenneth. S. Kantzer*. Grand Rapids, Mi: Zondervan, bl. 267-289.

Craddock,F.B. 1981. *As one without Authority.* 3 rd ed. Nashville: Abingdon Press.

Crossan, J.D. 1991. *The historical Jesus: The life of a Mediterranean Jewish peasant*. Edinburgh: T & T Clark.

Deist, F.E. 1994. *Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg*. 'n Wetenskaphistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990. Sigma-Pers (Edms) Bpk: Pretoria.

Demo, D.H., Allen KR & Fine MA 2000. *"Handbook of family diversity"*. USA: Oxford University Press.

Denaux, D. 1999. The theme of divine visits and human (in)hospitality in Luke-Acts, in: J. Verheyden (ed.). *The unity of Luke-Acts*. Leuven: Peeters, 255-279.

Derksen, L.D. 1983. *On Universal Hermeneutics. A study in the Philosophy of Hans-Georg Gadamer*. Amsterdam:VU Boekhandel/Uitgeverij.

Derrida, J 1982. *"Signature Event Context,"* in his Margins of Philosophy, trans. A. Bass Chicago: University of Chicago Press.

De Villiers, D.E. 1996. *'n Christelike gesinsethos*, in Praktiese Teologie in Suid-Afrika 11 (2).

De Villiers, G. 2008. *Fundamentalisme*, http://www.teo.co.za

De Villiers, I.L. *Opwekkingsdiens*, in Opperman, D.J. 1988. Senior Verseboek. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

De Vries, M 1994. *Family-based Youth Ministry: Reaching the been-there, done- that generation*. Illinois: Intervarsity Press.
Die Nuwe Hervorming, 2002. Pretoria: Protea Boekhuis.

Dingemans, G.D.J. 1986. *In de Leerschool van het geloof*. Kampen: J.H. Kok.

Dowley, T 1988. *Die geskiedenis van die Christendom.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Dreyer, Y 2008. A pastoral response to the unhealed wound of gays exacerbated by indecision and inarticulacy. *HTS* 64(3) bl. 1-20.

Du Plessis, J. 1920. *Het leven van Andrew Murray*. Kaapstad: Uitgave Van De Zuid Afrikaanse Bijbel Vereniging.

Du Preez, A.B. 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens*. Kaapstad-Pretoria: H.A.U.M.

Durand, J 2002. *Ontluisterde Wêreld. Die Afrikaner en sy Kerk in 'n veranderde Suid-Afrika*. Lux Verbi: BM.

Durand, J. 2005. *Doodloopstrate van die geloof: 'n Perspektief op die Nuwe Hervorming*. Stellenbosch: African Sun.

Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Du Toit, B 2005. *Sprakeloos oor God. Hoe bly ek glo in 'n vreemde wêreld.* Lux Verbi: BM.

Du Toit, H.D.A. 1947. *Predikers en hul Prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.* 'n Historiese-homiletiese studie (1652-1860) Band I. Doctor Divinitatis in die Fakulteit Teologie (Afdeling B). Universiteit van Pretoria.

Du Toit F, Hofmeyr H, Strauss P, Van der Merwe J 2002. *Moeisame pad na vernuwing*. Bloemfontein:Barnabas.

Du Toit, S.J. 1977. Totius Versamelde Werke deel 6. *Strominge.* Tafelberg: Kaap.

Ellis, E.E. 1974. *The Gospel of Luke*. London: Oliphants.

Engelbrecht, B.J. 1979. *Temas rondom die Reformasie*. Kaapstad: HAUM Uitgewery.

Evangeliese Inisiatief, 2008.

Ferguson, B.S, Wright, D.F, Packer, J.I. 1988. *New Dictionary of Theology*. Leicester, England: Inter- Varsity Press.

Gadamer, H.G. 1979. *Truth and Method*, in Glen-Doepel, W (trans) 2nd ed. London: Sheed and Ward Ltd.

Gadamer, H.G. 1994. *Truth in the Human Sciences*, in Wachterhauser, BR (trans & ed), *Hermeneutics and Truth*. United States of America: Northwestern University Press.

Gerrish, B.A. 1999. *Saving and Secular Faith: An Invitation to Systematic Theology*. Minneapolis: Augsburg Press.

Goleman, D 1996. *Emotional Intelligence*. London: Bloomsbury Publishing.

Grözinger A. in Soon K.H. (ed.) 2005. *Preaching as shaping Experience in a world of conflict.* Studia Homiletica 5.

Grözinger, A. 2008. *Homiletik.* Gütersloh: Gütersloher Verlag.

Habermas, J. 2006. Religion in the private sphere. *European Journal of Philosophy* 14 (91), 1-25.

Hall, D.J. 1996. *Confessing the Faith*, vol. 3 of Christian Theology in a North American Context. Minneapolis: Fortress Press.

Handboek vir die erediens 1988. NG Kerk-Uitgewes: Kaapstad.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis. Theorie en Handelingsvelden*. Kok: Kampen.

Heitink, G. 2007. *Een kerk met karakter. Tijd voor heroriëntatie*. Kampen: Kok.

Helberg, J.L. 1983. *Verklaring en prediking van die Ou Testament*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Hesselink, I.J. 1997. *Calvin's first catechism- A commentary*. Louisville: WJKP.

Heyns, J.A. 1969. *Sterwende Christendom?* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Heyns, J.A. 1976. *Brug tussen God en Mens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heyns, J.A. 1988. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, L.M. en Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste tree in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

Hofmeyr, G (red) 2002. *N.G. Kerk 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse gereformeerde kerk 1652-2002*. Kaapstad: Lux Verbi. BM.

Hofmeyr, J.W. 1989. *Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente.* Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Immink, F.G. 2003. *In God geloven*. Meinema: Zoetermeer.

Immink, G. & Pleizier, T. 2005. Research in homiletics, in: A. Grözinger & kang Ho soon (eds.). *Preaching as shaping experience in a world of conflict.* Studia Homiletica 5, 80-89.

Immink, F.G. and Verweij, A 2007. *Dealig with the Sufferings of Jesus in the Context of a Suffering World. An Example of Empirical Homiletics*. Paper read at the Conference of the *Societas Homiletica* in Pretoria.

James, W. 1977. *A pluralistic universe.* Cambridge, Mass: Harvard University Press.

Jameson, F 1991. *Postmodernism, or the Cultural Logic of Late Capitalism.* London:Verso.

Johnston, G.J. 2001. *Preaching to a Postmodern World.* Grand Rapids Michigan: Baker Books.

Jonker, W.D. 1976. *Die woord as opdrag*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Jonker, W.D. 1981. *Die Gees van Christus.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *NGTT* 30, 3:288-299.

Jonker, W.D. 1989a. *Uit vrye guns alleen*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

Jordaan, W. 2002. *Jou meditasiemat of my feng shui-bed?* Lesing gelewer as deel van Die Burger se lesingreeks tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn, op 2 April 2002.

Joubert, P 2005. *Prediking in 'n Postmoderne Konteks*. MA Verhandeling: Universiteit van Pretoria.

Koornof, H. 1996. *Sal ek kan aanhou glo?* Kaapstad: Lux Verbi.

Kotzé, J.C.G. 1951. *The divine charge to the christian in the church. An historico-dogmatic study in the Reformed conception of the universal priesthood of believers with special reference to evangelism.* Stellenbosch: SCA.

Kritzinger, J.N. 2005. *Die Rol van die Evangeliese Groepering in die Sending van die NG Kerk.* Pretoria: Ongepubliseerde Magister Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Kuitert, H.M. 1971. *De realiteit van het geloof*. Kampen: Kok.

Landman, C. 1994. *The piety of Afrikaans women*. Pretoria: University of South Africa.

Landman, W.A. 1968. *A Plea for understanding. A reply to the Reformed Church in America*. Kaapstad: Ned Gerf. Kerk-Uitgewers.

Lategan, L.O.K. 2005. *Die Plek en Roeping van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 'n Postmoderne Wêreld: Riglyne vir Kerklike Hernuwing*: NGTT (3&4), 231-243.

Leith, J.H. 1997. *Crisis in the Church. The Plight of Theological Education*. Louisville Kentucky: Westminister John Knox Press.

Lose, David J. 2003. *Confessing Jesus Christ. Preaching in a Postmodern World.* Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Louw, J.P. and Nida, E.A. 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains Volume 1*. Goodwood, Cape: United Bible Societies.

Lutzer, E.W. 1994. *Christ among the gods. A Defence of Christ in an Age of Tolerance*. Chicago: Moody Press.

Marais, B.J. , Hofmeyr, J.W. 1985. *Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis*, in Marais, B.J., Stoop, J.A., Viljoen, A.C., Hofmeyr, J.W. Kerkgeskiedenis. Studiegids 1 vir KGA 100-K. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, bladsy 264-300.

McGrath, A.E. 1994. *Christian Theology. An Introduction*. Oxford: Blackwell.

McGrath, A.E. 1997. *Studies in Doctrine*. Grand Rapids Michigan: Zondervan.

Meijer, G.J. 1995. *Ratifikasie (ratificatie) in die gereformeerde kerkreg*, http://www.kerkrecht.nl/main.asp?Page type=onderdeel&item=104&subitem=298%page.

Meiring, P.G.J. 1977. *Kronieke van 'n Kerk*. Pretoria: P.M.P.

Misgeld, D & Nicholson, G (eds) 1992. *Hans-Georg Gadamer on Education, Poetry, and History*, in Schmidt, L & Reuss, M (trans), *Applied Hermeneutics*. United States of America: State University of New York Press, Albany.

Müller, J. 1988. *Die Erediens as Fees.* NG Kerkboekhandel: (Edms) Bpk.

Müller, J 2007. *'n Nuwe verstaan van God vir 'n nuwe tyd?,* http://www.news24.com/Beeld/In-Diepte/0,,3-67_2200909,00.html

Muller, P(red.) 2002. *Die Nuwe Hervorming*. Protea Boekhuis: Pretoria.

Muller, P 2006. *Die Nuwe Hervorming*, http://www.oulitnet.co.za/god/hervorming.asp

Nel, A 2003. *Op soek na God….. buite die kerk?* Lux Verbi: BM.

Newbigin, L 1989. *The gospel in a Pluralist Society*. Grand Rapids: Eerdmans.

NG Kerk 350 2002. George Hofmeyr (red.). *Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*, Wellington: Lux Verbi: BM.

Nicol, W 2000. *Godsdiens wat werk*. Lux Verbi:BM.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Olivier, A.R. 1990. *Die Kerk en die Du Plessis saak met besondere verwysing na die ekklesiologiese situasie*. Ongepubliseerde DTh-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

Opstand in die NG Kerk 2005, http://vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=288

Pannenberg, W. 1998. *Systematic Theology. Volume 3.* Translated by Geoffrey W. Bromley. Edinburgh: T&T Clark.

Pelser, P.J. 2005. *NG Kerk: Reformeer of disintegreer*. Bybeldenke Uitgewers: Stellenbosch.

Peters, T 1996. For the love of children. Genetic technology and the future of family. Louisville: Westminister John Knox.

Peterson, G.W. et al 2000. Gender and parent-child relationships, in Demo et al (eds.) 2000:82-104.

Pieterse, H.J.C. 1978. Enkele gedagtes oor die implikasies van G. Ebeling se hermeneutiek vir die homiletiek. *NGTT,* 19(4):272-287.

Pieterse, H.J.C. 1979. *Skrifverstaan en prediking. Die verhouding van Woordgebeure en verstaansgebeure by Gerhard Ebeling as antwoord op die nood van die prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1983. 'n Evaluering van ondersoekmetodes vir die prediking as kommunikasieveld. *Theologia Evangelica*, Volume XVII, No 2.

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en Prediking*. Pretoria: NGKB.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie.* Pretoria: RGN- Uitgewers.

Pieterse, H.J.C. (ed.) 1995. *Desmond Tutu's Message. A qualitative analysis.* Weinheim/ Kampen: Deutscher Studien Verlag/ Kok.

Pieterse, H.J.C. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede.* Universiteit van Suid-Afrika: Unisa Uitgewers.

Pieterse, H.J.C. (ed.) 2001. *Desmond Tutu's Message. A qualitative analysis*. Leiden-Boston-Köln: Brill.

Pieterse, H.J.C. 2005. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig*, 39(3): 409-422.

Pieterse, H.J.C. 2007. Prediking wat God ter sprake bring in die Suid-Afrikaanse konteks van Regstellende aksie, in F. Gerrit Immink en Cas J.A. Vos (red.). *God in 'n kantelende wêreld*. Pretoria: Protea (In proses van publikasie).

Pieterse, H.J.C.; Dreyer J.S. and Van der Ven JA 1999. *Images of Jesus among South African Youth*, Praktiese Teologie in Suid- Afrika/ Practical Theology in South Africa, 2 (14).

Raubenheimer, O.S.H. 1997. *A profile of South African*, in Kitching & Robbins bl. 27-41.

Ricoeur, P. 1976. *Interpretation theory: Discourse and the surplus of meaning*: Fort Worth, TX: Texas Christian University Press.

Ricoeur, P. 1991. *Tekst en betekenis. Opstellen over de interpretatie van literatuur*. Baaren: Ten Have.

Ricoeur, P. 1991. *From text to action. Essays in hermeneutics, II.* Evanston, Illinois: Northwestern University Press.

Ruhbach, G 1977. *"Theologie und Frommigkeit," in WuD* 14. p 115-126.

Runia, K 1992. *In Het Krachtenveld Van De Geest*: J.H. Kok. Kampen.

Saayman, C. 2006. Die invloede wat die afgelope 300 jaar op die NG Kerk ingewerk het, http://www.tafelbergkerk.co.za/web/bybelskool-view.php?pid=29

Scheffler, E.H. 1989. Emmaus. A historical perspective. *Neotestamentica* 23, 251-267.

Schmidt, L.K. 2006. *Understanding Hermeneutics*. United Kingdom: Acumen.

Schmithals, W. 1980. *Das Evangelium nach Lukas*. Zürcher Bibelkommentare. Zürich: Theologischer Verlag.

Schoeman, K. 1995. *Die wêreld van Susanna Smit, 1799-1863*. Kaapstad, Johannesburg, Pretoria: Human & Rousseau.

Schulze, L.F. 1978. *Geloof deur die eeue*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel.

Sell, C.M. 1995. *Family ministry.* Grand Rapids: Zondervan.

Smit, D.J. 2006. *Neem, Lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan.* Wellington: Lux Verbi. BM.

Smit, J 1998. *Om naby God te leef.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Steyn, C.S. 2008. *Persoonlikheidstyle by erediensgangers. 'n Prakties-teologiese ondersoek na uitdagings wat aan die liturgy gestel word om erediensgangers van alle MBTI persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.* Universiteit van Pretoria: PhD proefskrif.

Steyn, G.J. 2005. *Die NG Kerk se identiteitskrisis Deel 1: Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies*: NGTT 46 (3&4), 550-559.

Steyn, G.J. 2007. *Riglyne vir die verstaan van homoseksualiteit binne die konteks van die Nuwe Testament* in: Vos, C.J.A. & Human D. 2007. *Liefde is die grootste*. Pretoria: Protea Boekhuis, bladsy 172-204.

Sweet, L.I. 2000. *Postmodern Pilgrims. First Century Passion for the 21 Century World.* Nashville, Tennessee: Broadman & Holman.

Theron, P.F. 2005. *In sonde ontvang en gebore, sê wie?* NGTT 46 (3&4) 576- 586.

Vaessen, J.C. 1997. *Tussen schrift en preek.* Kampen: Kok.

Van Aarde, A. 2001. *Fatherless in Galilee. Jesus as child of God.* Harrisburg, Penn: Trinity Press International.

Van der Bank, J.H. (red.) 1984. *Ervaren Waarheid*. Nijkerk: Callenbach.

Van der Merwe, W.J. 1936. *The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa. A Thesis*. Cape Town: Nasionale Pers.

Van der Ven, J.A. 1988. Practical theology: from applied to empirical theology. *Journal of Empirical Theology*, 1(1): 7-27.

Van der Ven, J.A, Dreyer, J.S. & Pieterse, H.J.C. 2004. Is there a God of human rights? Leiden-Boston: Brill

Van der Walt, I.J. 1985. *Die Evangelie Aan Afgedwaaldes*. Potchefstroom: Universum.

Van der Watt, J 2005. *Huidige uitdagings vir die Ned Geref Kerk rakende fasette van Skrifhantering*. NGTT 46 (1&2) 247-259.

Van der Watt, J; Joubert, S; Du Rand, J en Naudé, P 2002. *Hoe lees ons die Bybel?*. Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging.

Van der Watt, P.B. 1979. *John Murray 1826-1882*. N.G. Kerkboekhandel: Pretoria.

Van der Watt, P.B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975*. Deel 4. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Van der Watt, P.B. 1988. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1905*. Deel 1-3. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Van Huyssteen, J.W.V. 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording.* RGN Studies in Navorsingsmetodologie No 2. Pretoria: RGN.

Van Niftrik, G.C. 1953. *Kleine dogmatiek.* Vierde druk. Nijkerk: Callenbach.

Van Zyl, A.H. 1975. *Gods Woord in mensetaal*. Deel I. Durban: Butterworths.

Veldsman, D.P. 1990. Religieuse ervaring: Aspoestertjie van teologiese besinning. *Hervormde Teologiese Studies* 46 (3), 323-344.

Veldsman, D.P. 2008. *Oor verwondering en vervreemding van teologiese nadenke: 'n Ervaringsperspektief.* Johan Heyns Gedenklesing, 27 Mei 2008.

Verhoef, P.A. 1973. *Metodiek van die Eksegese*. N.G. Kerk-Uitgewes: Kaapstad.

Verhoef, P.A. 2002. *Teologiese temas. So het ek geglo en glo ek nog.* Stellenbosch: Stellenoord 33, Stellenbosch. 7600. (Verkrygbaar by die skrywer.)

Viljoen, A.C. 1985. *Breë oorsig oor die kerkgeskiedenis*, in Marais, B.J., Stoop, J.A., Viljoen, A.C., Hofmeyr, J.W. Kerkgeskiedenis Studiegids 1 vir KGA 100-K. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, bladsy 56-164.

Volf, M. 1998. *After Our Likeness: The Church as the Image of the Trinity.* Grand Rapids: Eerdmans.

Vos, C.J.A. 1995. *Die Blye Tyding*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Vos, C.J.A. 1996. *Die Volheid Daarvan 1 en II. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: RGN- Uitgewery.

Vos, C.J.A. 2000. *Kerk en teologie in die jaar nul*, http://www.up.ac.za/academic/theology/news/skrvos.htm

Vos, C.J.A. 2005. *Theopoetry in the Psalms.* Pretoria: Protea Book House.

Vos, C.J.A. 2008. Om die horison te verken: Op soek na 'n eietydse homiletiese hermeneutiek. *HTS* 64(1), 11-120.

Vos, C.J.A, Hogan, L.L. & Cilliers, J.H. (eds.) 2007. *Preaching as a Language of Hope*. Pretoria: Protea Bookhouse.

Ward, G (ED) 1997. *The Postmodern God.* Oxford: Blackwell Publishers.

Weber, H.C. 1929. *Evangelism*. New York: MacMillan.

Wethmar, C.J. 1977. *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopi.

Wethmar, C.J. 2003. Teologiekroniek: Die "Nuwe Hervorming" en die Ortodoksie. *Verbum et Ecclesia* 24 (2), 644-649.

Zerfass, Rolf 1974. Praktische Theologie als Handelungswissenschaft, in: F. Klostermann & R. Zerfass. *Praktische Theologie heute.* München: Kaiser/ Grünewald.